# DIE EVANGELIES

AFRIKAANS
1983

**DIE EVANGELIES**
Matteus • Markus • Lukas • Johannes

Eerste digitale uitgawe 2014

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992, 2014

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

**Aanhalingsregte vir hierdie Bybelteks**
Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika verleen graag toestemming aan outeurs en uitgewers om tot vyf honderd (500) verse van hierdie Bybelteks in enige formaat (geskrewe, visueel, elektronies of oudio) aan te haal. Die aangehaalde verse mag egter nie meer as vyftig persent (50%) van ’n volledige boek van die Bybel, of meer as vyf en twintig persent (25%) van die totale teks van die werk waarin hulle aangehaal word, uitmaak nie, anders moet voorafgaande skriftelike toestemming verkry word. Erkenning van kopiereg moet op die titel- of kopieregblad verskyn.

Aansoeke vir voorafgaande skriftelike verlof vir die gebruik van aanhalings wat die bogenoemde beperkings oorskry, moet aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gerig word. copyright@biblesociety.co.za

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville www.bybelgenootskap.co.za

ISBN 978-0-7982-1842-9 (ePub)
ISBN 978-0-7982-1843-6 (Mobi)
ISBN 978-0-7982-1844-3 (PDF)

DIE EVANGELIE VOLGENS

# MATTEUS

Die Evangelie bring die blye boodskap dat Jesus die beloofde Verlosser is. Met aanhalings uit die Ou Testament word aangetoon dat die Ou-Testamentiese beloftes in vervulling gegaan het met die geboorte van Jesus en dat Hy die Christus is, die Seun van die lewende God.

In die Evangelie word die verhaal van Jesus beskryf van sy geboorte af tot sy laaste opdrag aan sy dissipels. Dit is egter nie ’n lewensbeskrywing van Jesus nie, maar eerder ’n getuienis oor wat Hy gedoen en geleer het. Die verhaal word afgewissel deur vyf lang uitsprake van Jesus oor die koninkryk van die hemel: (1) die bergrede (5 – 7); (2) die opdrag aan die twaalf dissipels (10); (3) die gelykenisse oor die koninkryk (13); (4) die betekenis van dissipelskap (18); (5) die koms van die koninkryk (24 – 25).

**Die hooftrekke van die boek**

Die geslagsregister en geboorte van Jesus 1 – 2
Doop en versoeking van Jesus 3 – 4
Die bergrede 5 – 7
Wonders deur Jesus 8 – 9
Die sendingopdrag 10
Gesprekke met teenstanders 11 – 12
Gelykenisse oor die koninkryk 13
Wonders en gesprekke met die Fariseërs 14 – 17
Die betekenis van dissipelskap 18
Van Galilea af tot in Jerusalem 19 – 23
Die koms van die koninkryk 24 – 25
Jesus se lyding, dood en opstanding 26 – 28

**Die geslagsregister van Jesus Christus**
(Luk. 3:23-38)

**1** Die geslagsregister van Jesus Christus,
die Seun van Dawid, die seun van
Abraham:
2 Abraham was die vader van Isak, Isak
van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers;
3 Juda was die vader van Peres en Serag by
Tamar, Peres van Gesron, en Gesron van
Ram; 4 Ram was die vader van Amminadab,
Amminadab van Nagson, en Nagson van
Salmon; 5 Salmon was die vader van Boas
by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van
Isai; 6 Isai was die vader van koning Dawid.
Dawid was die vader van Salomo by die
vrou van Urija; 7 Salomo was die vader van
Rehabeam, Rehabeam van Abia en Abia
van Asa; 8 Asa was die vader van Josafat,
Josafat van Joram, en Joram van Ussia;
9 Ussia was die vader van Jotam, Jotam van
Agas, en Agas van Hiskia; 10 Hiskia was die
vader van Manasse, Manasse van Amon,
en Amon van Josia; 11 Josia was die vader
van Jojagin en sy broers. Toe is die volk
weggevoer na Babilonië toe.
12 En na die Babiloniese ballingskap was
dit so: Jojagin was die vader van Sealtiël,
en Sealtiël van Serubbabel; 13 Serubbabel
was die vader van Abihud, Abihud van



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Eljakim, en Eljakim van Asor; 14 Asor was
die vader van Sadok, Sadok van Agim, en
Agim van Elihud; 15 Elihud was die vader
van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan
van Jakob; 16 Jakob was die vader van
Josef, die man van Maria uit wie gebore is
Jesus wat Christus genoem word.

17 Altesaam was daar dus veertien
geslagte van Abraham af tot by Dawid,
veertien van Dawid af tot by die
Babiloniese ballingskap en veertien van die
Babiloniese ballingskap af tot by Christus.

### Die geboorte van Jesus Christus

(Luk. 2:1-7)

18 Hier volg nou die geskiedenis van die
geboorte van Jesus Christus.

Toe sy moeder Maria nog aan Josef
verloof was, het dit geblyk dat sy swanger
is sonder dat hulle gemeenskap gehad het.
Die swangerskap het van die Heilige Gees
gekom. 19 Haar verloofde, Josef, wat aan
die wet van Moses getrou was maar haar
tog nie in die openbaar tot skande wou
maak nie, het hom voorgeneem om die
verlowing stilweg te verbreek. 20 Terwyl hy
dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel
van die Here in 'n droom aan hom verskyn
en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie
bang wees om met Maria te trou nie, want
wat in haar verwek is, kom van die Heilige
Gees. 21 Sy sal 'n Seun in die wêreld bring,
en jy moet Hom Jesus[a] noem, want dit is
Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."

22 Dit het alles gebeur sodat die woord
wat die Here deur sy profeet gesê het,
vervul sou word:

23 "Die maagd sal swanger word
en 'n Seun in die wêreld bring,
en hulle sal Hom Immanuel noem."[b]

Die naam beteken God by ons.

24 Toe Josef uit die slaap wakker word,
het hy gemaak soos die engel van die Here
hom beveel het en met haar getrou. 25 Hy
het egter nie met haar omgang gehad
voordat sy haar Seun in die wêreld gebring
het nie. En Josef het Hom Jesus genoem.

### Besoek uit die ooste

2 Jesus is in Betlehem in Judea gebore
tydens die regering van koning
Herodes. Na Jesus se geboorte het daar
sterrekykers uit die ooste in Jerusalem
aangekom 2 en gevra: "Waar is Hy wat as
koning van die Jode gebore is? Ons het sy
ster sien opkom en ons het gekom om aan
Hom hulde te bewys."

3 Toe koning Herodes hiervan hoor,
was hy, en die hele Jerusalem saam met
hom, hewig ontsteld. 4 Hy het toe die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes van
die volk bymekaar geroep en hulle uitgevra
oor waar die Christus gebore sou word.
5 Hulle het hom geantwoord: "In Betlehem
in Judea, want so is dit deur 'n profeet
geskrywe:

6 "En jy, Betlehem, gebied van Juda,
jy is beslis nie die kleinste onder die
leiers van Juda nie.
Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my
volk Israel 'n herder sal wees.[c]"

7 Daarna het Herodes die sterrekykers in
die geheim ontbied en noukeurig by hulle
vasgestel wanneer die ster verskyn het. 8 Hy
het hulle na Betlehem toe gestuur met die
woorde: "Gaan doen noukeurig ondersoek
na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat
my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan
gaan bewys."

9 Nadat hulle die koning aangehoor
het, het hulle vertrek; en kyk, die ster
wat hulle sien opkom het, het hulle gelei
totdat dit gaan staan het bo die plek waar
die Kindjie was. 10 Toe hulle die ster sien,
was hulle baie bly. 11 Hulle het in die huis
ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy
moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan
Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle
reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke
uitgehaal: goud, wierook en mirre. 12 En
omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het
om nie na Herodes toe terug te gaan nie,
het hulle met 'n ander pad na hulle land toe
teruggegaan.

**a** Daar is 'n verband tussen die naam Jesus en die Hebreeuse woord vir "verlos". **b** Jes. 7:14; vgl. 8:8 **c** Vgl. Miga 5:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Die vlug na Egipte toe

13 Nadat hulle vertrek het, het daar ’n
engel van die Here in ’n droom aan Josef
verskyn en gesê: “Staan op, neem die
Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte
toe en bly daar totdat ek jou sê om terug
te kom, want Herodes is van plan om die
Kindjie te soek en Hom dood te maak.”
14 Josef het toe opgestaan en in die nag
die Kindjie en sy moeder geneem en na
Egipte toe vertrek 15 en daar gebly tot die
dood van Herodes. So is vervul wat die
Here deur ’n profeet gesê het: “Uit Egipte
het Ek my Seun geroep.”[d]

### Die kindermoord

16 Toe Herodes agterkom dat die
sterrekykers hom in die steek gelaat het,
het hy woedend geword. Hy stuur toe
soldate en laat in Betlehem en die hele
omgewing al die seuntjies van twee jaar
en jonger doodmaak, ooreenkomstig die
tyd wat hy noukeurig by die sterrekykers
uitgevra het. 17 Toe is die woord vervul wat
die Here deur die profeet Jeremia gesê het:

18 “’n Gekerm word op Rama gehoor,
’n gehuil en groot gejammer:
Ragel treur oor haar kinders
en wil nie getroos word nie,
omdat hulle nie meer daar is nie.”[e]

### Die terugkoms uit Egipte

19 Na die dood van Herodes verskyn daar
’n engel van die Here in ’n droom aan Josef
in Egipte 20 en sê: “Staan op, neem die
Kindjie en sy moeder en gaan terug na die
land van Israel toe, want die mense wat die
Kindjie se lewe gesoek het, is dood.”
21 Josef het toe opgestaan, die Kindjie en
sy moeder geneem en na die land van Israel
toe teruggegaan. 22 Toe hy egter verneem
dat Argelaos in die plek van sy vader
Herodes oor Judea regeer, was Josef bang
om daarheen te gaan. Nadat God hom in ’n
droom ’n aanwysing gegee het, is hy na die
landstreek Galilea toe. 23 Daar aangekom,
het hy gaan woon in ’n dorp met die naam
Nasaret. So is vervul wat deur die profete
gesê is: Hy sal Nasarener genoem word.

### Johannes die Doper en sy prediking

(Mark. 1:1-8; Luk. 3:1-9,15-17; Joh. 1:19-28)

**3** In daardie tyd het Johannes die Doper
in die woestyn van Judea begin preek
2 en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk
van die hemel het naby gekom.” 3 Hy is die
een wat die profeet Jesaja bedoel het toe hy
gesê het:

“Iemand roep in die woestyn:
Maak die pad vir die Here gereed,
maak die paaie vir Hom reguit.”[f]

4 Hierdie Johannes het klere van kameelhaar
gedra met ’n leerband om sy heupe, en hy het
van sprinkane en veldheuning gelewe. 5 In
dié dae het Jerusalem en die hele Judea en
die hele omgewing van die Jordaan na hom
toe gestroom. 6 Hulle het hulle sondes bely en
hulle deur hom in die Jordaanrivier laat doop.
7 Toe hy merk dat baie van die Fariseërs
en die Sadduseërs kom om deur hom gedoop
te word, sê hy vir hulle: “Julle slange, wie
het julle wysgemaak dat julle die dreigende
toorn kan ontvlug? 8 Dra liewer vrugte wat
bewys dat julle bekeer is. 9 Julle moet julle
nie verbeel dat julle by julleself kan sê: ‘Ons
het Abraham as voorvader’ nie. Dit sê ek vir
julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir
Abraham verwek. 10 Die byl lê klaar teen
die wortel van die bome. Elke boom wat nie
goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die
vuur gegooi. 11 Ek doop julle wel met water
omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná
my kom, is my meerdere, en ek is nie eers
werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle
met die Heilige Gees en met vuur doop. 12 Hy
het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer
deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na
die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met
’n onblusbare vuur verbrand.”

### Die doop van Jesus

(Mark. 1:9-11; Luk. 3:21-22; Joh. 1:31-34)

13 In daardie tyd het Jesus van Galilea
af na Johannes toe by die Jordaan gekom

**d** Hos. 11:1 **e** Vgl. Jer. 31:15 **f** Vgl. Jes. 40:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

om deur hom gedoop te word. **14** Maar
Johannes het dit probeer verhinder deur te
sê: "Ek moet eintlik deur U gedoop word,
en U kom na my toe?"
**15** Jesus het hom geantwoord: "Nogtans
moet jy dit nou doen, want op hierdie manier
moet ons aan die wil van God voldoen."
Daarna het Johannes ingestem. **16** Jesus
is toe gedoop en het dadelik daarna uit
die water gekom. Meteens het die hemel
bokant Hom oopgegaan, en Hy het die
Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en
op Hom kom. **17** Daar was ook 'n stem uit
die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde
Seun. Oor Hom verheug Ek My."

#### Die versoeking in die woestyn

(Mark. 1:12-13; Luk. 4:1-13)

**4** Toe is Jesus deur die Gees die woestyn
in gelei om deur die duiwel versoek te
word. **2** Veertig dae en veertig nagte het Hy
niks geëet nie en naderhand het Hy honger
geword.
**3** Die versoeker het toe gekom en vir Hom
gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie
klippe moet brood word."
**4** Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe:

> "'n Mens leef nie net van brood nie
> maar van elke woord
> wat uit die mond van God kom.[g]"

**5** Daarna neem die duiwel Hom na die
heilige stad toe en laat Hom op die hoogste
punt van die tempel staan **6** en sê vir Hom:
"As U die Seun van God is, spring af! Daar
staan mos geskrywe:

> "Hy sal sy engele oor jou opdrag gee[h]

"en:

> "Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat
> jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp
> nie.[i]"

**7** Jesus sê vir hom: "Daar staan ook
geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op
die proef stel nie.[j]"

**8** Toe neem die duiwel Hom na 'n baie
hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke
van die wêreld met hulle prag **9** en sê
vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U
neerval en my aanbid."
**10** Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg,
Satan, want daar staan geskrywe:

> "Die Here jou God moet jy aanbid en
> Hom alleen dien.[k]"

**11** Daarna het die duiwel Hom met rus
gelaat, en daar het engele gekom en Hom
versorg.

#### Die eerste optrede van Jesus

(Mark. 1:14-15; Luk. 4:14-15)

**12** Toe Jesus hoor dat Herodes vir
Johannes in die tronk laat opsluit het, het
Hy na Galilea toe gegaan. **13** Hy het nie in
Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig
in Kapernaum by die see, in die gebied van
Sebulon en Naftali. **14** So moes vervul word
wat deur die profeet Jesaja gesê is:

> **15** "Jy, gebied van Sebulon en gebied
> van Naftali, aan die seekant
> en oorkant die Jordaan,
> Galilea waar die heidene woon!
> **16** Die volk wat in duisternis woon,
> het 'n groot lig gesien;
> hulle wat in die skemerland
> van die dood lewe,
> vir hulle het die lig opgegaan."[l]

**17** Van toe af het Jesus begin preek en
gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van
die hemel het naby gekom."

#### Die roeping van die eerste dissipels

(Mark. 1:16-20; Luk. 5:1-11)

**18** Eendag toe Jesus langs die See van
Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon,
wat ook Petrus genoem word, en sy broer
Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in
die see uit te gooi, want hulle was vissers
van beroep. **19** Hy sê toe vir hulle: "Kom
hier! Kom saam met My, en Ek sal julle
vissers van mense maak."

**g** Deut. 8:3 **h** Vgl. Ps. 91:11 **i** Ps. 91:12 **j** Deut. 6:16 **k** Vgl. Deut. 6:13 **l** Vgl. Jes. 8:23 – 9:2

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

20 Hulle het dadelik die nette gelos en
Hom gevolg.
21 Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien
Hy twee ander broers: Jakobus 'n seun van
Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was
in 'n skuit saam met hulle pa besig om hulle
nette reg te maak. Jesus het hulle geroep,
22 en hulle het dadelik die skuit en hulle pa
verlaat en vir Jesus gevolg.

### Weldade aan baie mense

(Luk. 6:17-19)

23 Hy het toe in die hele Galilea
rondgegaan en die mense in hulle sinagoges
geleer, die evangelie van die koninkryk
verkondig en elke soort siekte en kwaal
onder die volk gesond gemaak. 24 En
berigte oor Hom het deur die hele provinsie
Sirië versprei. Die mense het toe die siekes
met allerhande kwale en pyne, dié wat in
die mag van bose geeste was, geestelik
versteurdes en verlamdes na Hom toe
gebring, en Hy het hulle gesond gemaak.
25 Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis,
Jerusalem, Judea en van oorkant die
Jordaan af het Hom gevolg.

### Die bergrede

(Matt. 5 – 7)

**5** Toe Jesus die menigte mense sien, het
Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy
gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe
gekom, 2 en Hy het hulle geleer en gesê:

### Die werklik gelukkiges

(Luk. 6:20-23)

3 "Geseënd is dié wat weet hoe
afhanklik hulle van God is, want aan
hulle behoort die koninkryk van die
hemel.
4 Geseënd is dié wat treur, want hulle
sal vertroos word.
5 Geseënd is die sagmoediges, want
hulle sal die nuwe aarde ontvang.
6 Geseënd is dié wat honger en dors na
wat reg is, want hulle sal versadig word.
7 Geseënd is dié wat barmhartig is,
want aan hulle sal barmhartigheid
bewys word.
8 Geseënd is dié wat rein van hart is,
want hulle sal God sien.
9 Geseënd is die vredemakers, want
hulle sal kinders van God genoem word.
10 Geseënd is dié wat vervolg word
omdat hulle doen wat reg is, want aan
hulle behoort die koninkryk van die
hemel.

11 "Geseënd is julle wanneer die mense
julle ter wille van My beledig en vervolg en
valslik al wat sleg is van julle sê. 12 Wees
bly en verheug, want julle loon is groot in
die hemel. Hulle het immers die profete
voor julle net so vervolg."

### Die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld

(Mark. 9:50; Luk. 14:34-35)

13 "Julle is die sout vir die aarde. Maar
as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit
weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit
word buitekant weggegooi, en die mense
vertrap dit.
14 "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad
wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek
word nie; 15 ook steek 'n mens nie 'n lamp
op en sit dit onder 'n emmer nie maar op
'n lampstaander, en dit gee lig vir almal
in die huis. 16 Laat julle lig so voor die
mense skyn, dat hulle julle goeie werke
kan sien en julle Vader wat in die hemel is,
verheerlik."

### Die vervulling van die wet

17 "Moenie dink dat Ek gekom het om die
wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek
het nie gekom om hulle ongeldig te maak
nie, maar om hulle hulle volle betekenis te
laat kry. 18 Dit verseker Ek julle: Die hemel
en die aarde sal eerder vergaan as dat een
letter of letterstrepie van die wet sal wegval
voordat alles voleindig is.
19 "Wie dan ook een van die geringste van
hierdie gebooie ongeldig maak en die mense
so leer, sal die minste geag word in die
koninkryk van die hemel. Maar wie die wet
gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag
word in die koninkryk van die hemel. 20 Ek
sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet
nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes
en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die
koninkryk van die hemel ingaan nie."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Versoening

21 "Julle het gehoor dat daar van die ou
tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie
moord pleeg nie;[m] en elkeen wat moord
pleeg, is strafbaar voor die regbank'.
22 Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy
broer kwaad is, is al strafbaar voor die
regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel
vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse
Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is
strafbaar met die helse vuur.
23 "As jy dus jou gawe na die altaar toe
bring en dit jou daar byval dat jou broer
iets teen jou het, 24 laat staan jou gawe daar
by die altaar en gaan maak eers vrede met
jou broer en kom dan en bring jou gawe.
25 "As iemand 'n regsaak teen jou begin,
kom betyds tot 'n skikking solank jy nog
saam met hom op pad hof toe is, sodat hy
jou nie voor die regter bring en die regter
jou aan die polisie oorgee en dié jou in die
tronk sit nie. 26 Dit verseker Ek jou: Jy sal
sekerlik nie daar uitkom voordat jy die
laaste sent betaal het nie."

### Kuisheid

27 "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy
mag nie egbreuk pleeg nie.'[n] 28 Maar Ek
sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en
haar begeer, het reeds in sy hart met haar
egbreuk gepleeg.
29 "As jou regteroog jou laat struikel,
haal hom uit en gooi hom van jou af weg;
want dit is vir jou beter dat net een van
jou ledemate verlore gaan as dat jou hele
liggaam in die hel gegooi word. 30 Of as
jou regterhand jou laat struikel, kap hom
af en gooi hom van jou af weg; want dit is
vir jou beter dat net een van jou ledemate
verlore gaan as dat jou hele liggaam in die
hel beland."

### Egskeiding

(Matt. 19:9; Mark. 10:11-12; Luk. 16:18)

31 "Daar is gesê: 'Elkeen wat van sy vrou
skei, moet aan haar 'n skeibrief gee.'[o]
32 Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy
vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat
sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die
geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk."

### Die aflê van 'n eed

33 "Verder het julle gehoor dat daar van
die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy
mag nie jou eed verbreek nie, en 'n eed in
die Naam van die Here moet jy nakom.'[p]
34 Maar Ek sê vir julle: Moet glad nie 'n eed
aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is
die troon van God; 35 nie by die aarde nie,
want dit is die rusplek vir sy voete; nie by
Jerusalem nie, want dit is die stad van die
groot Koning. 36 Jy moet ook nie jou kop
op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want
jy kan nie een haar wit of swart maak nie.
37 Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle
'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom
van die Bose."

### Vergelding

38 "Julle het gehoor dat daar gesê is:
''n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.'[q]
39 Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle
nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie.
As iemand jou op die regterwang slaan,
draai ook die ander wang na hom toe.
40 As iemand jou hof toe wil vat om jou
onderklere te eis, gee hom ook jou boklere.
41 As iemand jou dwing om sy goed een
kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee
kilometer. 42 Gee aan hom wat iets van jou
vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie
afwys nie."

### Liefde vir die vyand

(Luk. 6:27-28,32-36)

43 "Julle het gehoor dat daar gesê is:
'Jou naaste moet jy liefhê[r] en jou vyand
moet jy haat.' 44 Maar Ek sê vir julle: Julle
moet julle vyande liefhê[s], en julle moet
bid vir dié wat vir julle vervolg, 45 sodat
julle kinders kan wees van julle Vader in
die hemel. Hy laat immers sy son opkom
oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor
dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd
doen. 46 As julle net dié liefhet wat vir

**m** Eks. 20:13; Deut. 5:17 **n** Eks. 20:14; Deut. 5:18 **o** Vgl. Deut. 24:1 **p** Vgl. Lev. 19:12; Num. 30:2; Deut. 23:21
**q** Vgl. Eks. 21:24; Lev. 24:20; Deut. 19:21 **r** Lev. 19:18 **s** Sommige manuskripte voeg net na die woord "liefhê" die volgende sinsnede in: "seën dié wat vir julle vervloek, doen goed aan dié wat vir julle haat", vgl. Luk. 6:27-28.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

julle liefhet, watter loon kan julle dan nog
verwag? Maak die tollenaars nie ook maar
net so nie? 47 En as julle net julle broers
groet, wat doen julle meer as ander? Maak
die heidene nie ook maar net so nie?
48 "Wees julle dan volmaak soos julle
hemelse Vader volmaak is."

**As julle armes help**

6 "Moenie julle godsdienstige pligte in
die openbaar nakom om deur mense
gesien te word nie, want dan kry julle geen
beloning van julle Vader wat in die hemel
is nie.
2 "As jy byvoorbeeld armes help, moet dit
nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges
in die sinagoges en op straat, sodat mense
met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek
julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.
3 Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou
linkerhand nie weet wat jou regterhand
doen nie, 4 sodat jou goeie daad verborge
kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is,
sal jou beloon."

**As julle bid**

(Luk. 11:2-4)

5 "Verder, as julle bid, moet julle nie
soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou
daarvan om in die sinagoges en op die
straathoeke te staan en bid sodat die mense
hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle
het hulle beloning klaar weg. 6 Nee, as jy
bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur
toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien
nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal
jou beloon.
7 "Wanneer julle bid, moet julle nie
soos die heidene 'n stortvloed van woorde
gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle
gebede sal verhoor word omdat hulle
baie woorde gebruik. 8 Moet dan nie soos
hulle maak nie, want julle Vader weet wat
julle nodig het, nog voordat julle dit van
Hom vra.
9 "So moet julle bid:

"Ons Vader wat in die hemel is, laat u
Naam geheilig word;
10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op
die aarde geskied, net soos in die hemel.
11 Gee ons vandag ons daaglikse brood;
12 en vergeef ons ons oortredings soos ons
ook dié vergewe wat teen ons oortree;
13 en laat ons nie in versoeking kom nie
maar verlos ons van die Bose.[t]

14 "As julle ander mense hulle oortredings
vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook
vergewe. 15 Maar as julle ander mense nie
vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie
julle oortredings vergewe nie."

**As julle vas**

16 "As julle vas, moet julle nie soos
skynheiliges met lang gesigte rondloop
nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die
mense kan sien dat hulle vas. Dit verseker
Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar
weg. 17 Nee, as jy vas, versorg jou hare en
was jou gesig 18 sodat niemand kan sien dat
jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan
sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge
is, sal jou beloon."

**Skatte in die hemel**

(Luk. 12:33-34)

19 "Moenie vir julle skatte op aarde
bymekaarmaak waar mot en roes dit
verniel en waar diewe inbreek en dit steel
nie. 20 Maak vir julle skatte in die hemel
bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel
nie en waar diewe nie inbreek en dit steel
nie. 21 Waar jou skat is, daar sal jou hart
ook wees."

**Die lig van die liggaam**

(Luk. 11:34-36)

22 "Die lamp van die liggaam is die oog. As
jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê.
23 Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam
sonder lig wees. As die lig in jou donker is,
hoe donker moet dit dan nie wees nie!"

**God en Mammon**

(Luk. 16:13)

24 "Niemand kan vir twee base tegelyk
werk nie. Hy sal óf die een minder ag en

**t** Sommige manuskripte bevat ook die afsluitingsformule: "Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die ander een hoër, óf vir die een meer
oorhê en die ander een afskeep. Julle kan
nie God én Mammon dien nie.”

### Die sorge van die lewe

(Luk. 12:22-34)

25 “Daarom sê Ek vir julle: Moet julle
nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle
moet eet of drink nie, of oor julle liggaam,
oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe
nie belangriker as kos en die liggaam as
klere nie? 26 Kyk na die wilde voëls: hulle
saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie
in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader
sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd
as hulle nie? 27 Trouens, wie van julle kan
deur hom te bekommer sy lewe met een
enkele uur verleng? 28 En wat bekommer
julle julle oor klere? Let op hoe groei die
veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak
nie klere nie. 29 Maar Ek sê vir julle: Selfs
Salomo in al sy prag was nie geklee soos
een van hulle nie. 30 As God dan die gras
van die veld, wat vandag nog daar is en
môre verbrand word, so versier, hoeveel te
meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle
kleingelowiges?

31 “Julle moet julle dus nie bekommer
en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons
drink of wat moet ons aantrek?’ nie. 32 Dit
is alles dinge waaroor die ongelowiges
begaan is. Julle hemelse Vader weet tog
dat julle dit alles nodig het. 33 Nee, beywer
julle allereers vir die koninkryk van God en
vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al
hierdie dinge gee.

34 “Moet julle dus nie oor môre
bekommer nie, want môre bring sy eie
bekommernis. Elke dag bring genoeg
moeilikheid van sy eie.”

### Moenie oor ander oordeel nie

(Luk. 6:37-38,41-42)

7 “Moenie oordeel nie, sodat oor julle
nie geoordeel word nie; 2 met dieselfde
oordeel waarmee julle oor ander oordeel,
sal oor julle geoordeel word, en met
dieselfde maat waarmee julle vir ander
meet, sal vir julle gemeet word.

3 “Waarom sien jy die splinter raak wat in
jou broer se oog is, maar die balk in jou eie
oog merk jy nie op nie? 4 Of hoe kan jy vir
jou broer sê: ‘Wag, laat ek die splinter uit
jou oog uithaal,’ en intussen is daar ’n balk
in jou eie oog? 5 Huigelaar! Haal eers die
balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan
sien om die splinter uit jou broer se oog uit
te haal.

6 “Moenie wat heilig is, vir die honde
gooi nie: hulle sal omspring en julle
verskeur; en moenie julle pêrels voor die
varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote
vertrap.”

### Gebedsverhoring

(Luk. 11:9-13)

7 “Vra, en vir julle sal gegee word; soek,
en julle sal kry; klop, en vir julle sal
oopgemaak word, 8 want elkeen wat vra,
ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir
elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

9 “Watter mens onder julle sal vir sy seun
’n klip gee as hy brood vra, 10 of ’n slang as
hy vis vra? 11 As julle wat sleg is, dan weet
om vir julle kinders goeie dinge te gee,
hoeveel te meer sal julle Vader wat in die
hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit
van Hom vra?

12 “Alles wat julle wil hê dat die mense
aan julle moet doen, moet julle ook aan
hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom
in die wet en die profete.”

### Twee paaie

(Luk. 13:24)

13 “Gaan deur die nou poort in. Die
poort wat na die verderf lei, is wyd en die
pad daarheen breed, en dié wat daardeur
ingaan, is baie. 14 Maar die poort wat na
die lewe lei, is nou en die pad daarheen
smal, en dié wat dit kry, is min.”

### Vals profete

(Luk. 6:43-44)

15 “Pas op vir die vals profete. Hulle
kom na julle toe in skaapsklere, maar in
werklikheid is hulle verskeurende wolwe.
16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry
’n mens dan druiwe aan doringstruike of
vye aan dissels? 17 Elke goeie boom dra
tog goeie vrugte, maar ’n slegte boom dra
slegte vrugte. 18 ’n Goeie boom kan tog nie

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom
nie goeie vrugte nie. 19 Elke boom wat nie
goeie vrugte dra nie, word uitgekap en
in die vuur gegooi. 20 So sal julle die vals
profete dan aan hulle vrugte ken."

### Hoor en doen

(Luk. 13:25-27)

21 "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here,
Here,' sal in die koninkryk van die hemel
ingaan nie, maar net hy wat die wil doen
van my Vader wat in die hemel is. 22 Baie
sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het
ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur
u Naam bose geeste uitgedryf en deur u
Naam baie wonders gedoen nie?' 23 Dan sal
Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit
geken nie. Gaan weg van My af, julle wat
die wet van God oortree."

### Die twee fondamente

(Luk. 6:47-49)

24 "Elkeen dan wat hierdie woorde
van My hoor en daarvolgens handel, kan
vergelyk word met 'n verstandige man wat
sy huis op rots gebou het. 25 Die stortreën
het geval, vloedwaters het afgekom, winde
het teen daardie huis gewaai en daaraan
geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want
die fondament was op rots. 26 En elkeen
wat hierdie woorde van My hoor en nie
daarvolgens handel nie, kan vergelyk word
met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou
het. 27 Die stortreën het geval, vloedwaters
het afgekom, winde het teen daardie huis
gewaai en daaraan geruk, en die huis het
ingestort en is heeltemal verwoes."

28 Toe Jesus klaar gepraat het, was die
skare verbaas oor sy onderrig, 29 want Hy
het hulle geleer soos 'n man met gesag en
nie soos hulle skrifgeleerdes nie.

### Die genesing van 'n melaatse

(Mark. 1:40-45; Luk. 5:12-16)

**8** Jesus het afgekom van die berg af, en
'n groot menigte mense het saam met
Hom gegaan. 2 'n Melaatse man kom kniel
toe voor Hom en sê: "Here, as U wil, kan U
my gesond maak."

3 Toe steek Jesus sy hand uit, raak
hom aan en sê: "Ek wil. Word gesond!"
En sy melaatsheid was onmiddellik weg.
4 Jesus sê toe vir hom: "Jy moet dit vir
niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir
die priester en bring die offer wat Moses
voorgeskryf het. Dit sal vir die mense die
bewys wees dat jy rein geword het."

### Die genesing van die offisier se slaaf

(Luk. 7:1-10; vgl. Joh. 4:43-54)

5 Nadat Jesus in Kapernaum aangekom
het, het 'n offisier by Hom hulp kom vra
6 en gesê: "Here, my slaaf lê by my huis
verlam en verduur baie pyn."

7 En Jesus antwoord hom: "Ek sal hom
kom gesond maak."

8 Maar die offisier sê: "Here, ek is nie
werd dat U onder my dak inkom nie. Sê
maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond
word. 9 Ek is ook 'n mens wat onder gesag
staan en ek het soldate onder my. Vir een
sê ek: 'Gaan daarheen!' en hy gaan; en vir
'n ander: 'Kom!' en hy kom; en vir my slaaf:
'Doen dit!' en hy doen dit."

10 Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor,
en Hy sê vir die mense wat agter Hom aan
gekom het: "Dit verseker Ek julle: Ek het
nog by niemand in Israel so 'n groot geloof
teëgekom nie. 11 Ek sê vir julle: Baie sal
van die ooste en die weste af kom en saam
met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan
in die koninkryk van die hemel. 12 Maar
mense vir wie die koninkryk bedoel is, sal
in die diepste duisternis daarbuite gegooi
word, waar hulle sal huil en op hulle tande
sal kners."

13 Jesus sê toe vir die offisier: "Gaan
terug, en wat jy geglo het, sal gebeur."

En sy slaaf het op daardie oomblik
gesond geword.

### Die genesing van Petrus se skoonmoeder

(Mark. 1:29-34; Luk. 4:38-41)

14 Toe Jesus in die huis van Petrus kom,
sien Hy Petrus se skoonmoeder siek lê met
'n hoë koors. 15 Hy het haar hand gevat, en
die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan
en Hom bedien.

16 Toe dit aand word, het hulle baie wat
in die mag van bose geeste was, vir Hom
gebring. Hy het die geeste met 'n woord
uitgedryf en al die siekes gesond gemaak.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

17 So is vervul wat deur die profeet Jesaja
gesê is:

“Hy het ons lyding op Hom geneem,
ons siektes het Hy gedra.”[u]

**Hoe Jesus gevolg moet word**

(Luk. 9:57-62)

18 Toe Jesus die menigte mense rondom
Hom sien, het Hy opdrag gegee om na die
oorkant toe te vertrek. 19 ’n Skrifgeleerde
kom toe nader en sê vir Hom: “Meneer, ek
sal u volg waar u ook al gaan.”
20 Jesus sê vir hom: “Jakkalse het gate
en voëls het neste, maar die Seun van die
mens het nie eens ’n rusplek vir sy kop nie.”
21 Iemand anders, een van sy dissipels, sê
vir Hom: “Here, laat my toe om eers terug
te gaan en my pa te begrawe.”
22 Maar Jesus antwoord hom: “Volg
My, en laat die dooies hulle eie dooies
begrawe.”

**Jesus maak die storm stil**

(Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25)

23 Toe Jesus in die skuit klim, het sy
dissipels Hom gevolg. 24 Skielik het daar ’n
hewige storm op die see losgebars, sodat
die golwe oor die skuit geslaan het. Maar
Jesus het geslaap.
25 Hulle kom toe en maak Hom wakker
en sê: “Here, red ons! Ons vergaan!”
26 Hy sê vir hulle: “Waarom is julle bang,
kleingelowiges?”
Daarna het Hy opgestaan en die wind
en die see hard aangespreek, en dit het
doodstil geword. 27 Die mense het hulle
verwonder en gesê: “Watter soort mens
is hy dat selfs die wind en die see hom
gehoorsaam?”

**Die genesing van die besetenes in Gadara**

(Mark. 5:1-20; Luk. 8:26-39)

28 Toe Jesus aan die oorkant in die land
van die Gadareners kom, het twee mense
wat in die mag van bose geeste was, Hom
van die grafte af tegemoet gekom. Hulle
was baie gevaarlik, sodat niemand dit langs
daardie pad kon waag nie. 29 Skielik het
hulle begin skreeu: “Wat het U met ons
te doen, Seun van God? Het U hierheen
gekom om ons voor die tyd te pynig?”
30 ’n Hele ent van hulle af het ’n groot
trop varke geloop. 31 Die bose geeste het
Hom gesoebat: “As U ons uitdryf, stuur ons
tog in die trop varke in.”
32 “Gaan!” het Hy vir hulle gesê.
Hulle is toe uit die mense uit en het in die
varke ingevaar. Die hele trop het meteens
op loop gesit teen die hang af, die see in, en
het in die water versuip. 33 Die wagters het
weggehardloop dorp toe en alles daar gaan
vertel, ook wat met die besetenes gebeur het.
34 Die hele dorp het Jesus tegemoet gegaan,
en toe hulle Hom sien, het hulle Hom ernstig
versoek om hulle gebied te verlaat.

**Die genesing van ’n verlamde man**

(Mark. 2:1-12; Luk. 5:17-26)

9 Jesus het toe in die skuit geklim,
die see oorgesteek en in sy eie dorp
aangekom. 2 Daar het hulle ’n verlamde
man wat bedlêend was, na Hom toe
gebring. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy
vir die verlamde: “Vriend, wees gerus; jou
sondes word vergewe.”
3 Party van die skrifgeleerdes het by
hulleself gesê: “Hy praat godslasterlik.”
4 Maar Jesus het geweet wat hulle dink,
en Hy sê vir hulle: “Waarom het julle
sulke slegte gedagtes in julle harte? 5 Wat
is makliker? Om te sê: ‘Jou sondes word
vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op en loop’?
6 Maar Ek gaan nou vir julle die bewys
lewer dat die Seun van die mens volmag
het om op aarde sondes te vergewe.”
Hy sê toe vir die verlamde man: “Staan
op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.”
7 Hy het opgestaan en huis toe gegaan;
8 en toe die menigte mense dit sien, het
hulle God, wat sulke mag aan mense gee,
met eerbiedige vrees geprys.

**Die roeping van Matteus**

(Mark. 2:13-17; Luk. 5:27-32)

9 Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan,
het Hy ’n man met die naam Matteus by die
tolhuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My!”

**u** Jes. 53:4

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.
10 Jesus het by hom in sy huis gaan eet,
en baie tollenaars en sondaars het saam
met Jesus en sy dissipels kom eet. 11 Toe die
Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels:
“Waarom eet julle leermeester saam met
tollenaars en sondaars?”
12 Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié
wat gesond is, het nie ’n dokter nodig nie,
maar dié wat siek is. 13 Gaan leer wat dit
beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie
offers nie.’[v] Ek het nie gekom om mense
te roep wat op die regte pad is nie, maar
sondaars.”

#### Die vastyd

(Mark. 2:18-22; Luk. 5:33-39)

14 In dié tyd het die volgelinge van
Johannes na Jesus toe gekom en gevra:
“Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels,
maar u dissipels vas glad nie?”
15 Jesus antwoord hulle: “Kan die
bruilofsgaste dan treur solank die
bruidegom nog by hulle is? Maar daar kom
’n tyd wanneer die bruidegom van hulle
weggeneem sal word, en dan sal hulle vas.
16 “Niemand lap tog ou klere met
ongekrimpte materiaal nie, want die nuwe
lap skeur die klere nog verder, en die gat
word net groter.
17 “’n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou
velsakke nie. As jy dit doen, bars die sakke,
die wyn loop uit en die sakke is daarmee
heen. Nee, ’n mens gooi nuwe wyn in nuwe
sakke en so behou jy altwee.”

#### Die dogtertjie van die Joodse raadslid. Die vrou met bloedvloeiing

(Mark. 5:21-43; Luk. 8:40-56)

18 Jesus was nog besig om dit vir die
mense te sê toe daar ’n raadslid van die
sinagoge voor Hom kom kniel en sê: “My
dogter het nou net gesterwe, maar kom lê u
hand op haar en sy sal weer lewe.”
19 Jesus het opgestaan, en Hy en sy
dissipels het saam met die man gegaan.
20 ’n Vrou wat al twaalf jaar lank aan
bloedvloeiing gely het, het nader gekom
en van agter af aan die soom van sy klere
geraak. 21 Sy het vir haarself gesê: “As
ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek
gesond word.”
22 Jesus het omgedraai, haar gesien en
gesê: “Wees gerus, dogter, jou geloof het
jou gered.”
Van daardie oomblik af was die vrou
gesond.
23 Daarna het Jesus by die huis van die
raadslid gekom. Toe Hy die fluitspelers sien
en die klomp mense wat te kere gaan, 24 sê
Hy: “Gaan weg, want die dogtertjie is nie
dood nie, sy slaap net.”
Maar hulle het Hom uitgelag. 25 Nadat
die mense uitgejaag was, het Hy in die huis
ingegaan, die dogtertjie se hand gevat en sy
is uit die dood opgewek.
26 Berigte hieroor het deur daardie hele
omgewing versprei.

#### Die genesing van twee blindes

(Vgl. Matt. 20:29-34)

27 Terwyl Jesus daarvandaan verder
gaan, het twee blindes Hom gevolg. Hulle
het aanhoudend geskreeu: “Ontferm U tog
oor ons, Seun van Dawid!”
28 Jesus het in die huis ingegaan, en die
blindes het daar na Hom toe gekom. Hy vra
toe vir hulle: “Glo julle dat Ek dit kan doen?”
“Ja, Here,” antwoord hulle Hom.
29 Toe raak Hy aan hulle oë en sê: “Wat
julle glo, sal gebeur.”
30 Hulle kon toe sien, maar Jesus het
hulle baie streng beveel: “Hiervan moet
niemand hoor nie.”
31 Maar toe hulle daar weg is, het hulle in
daardie hele omgewing van Hom vertel.

#### Die genesing van ’n stom man

32 Nadat die twee blindes die huis verlaat
het, het die mense ’n man na Hom toe
gebring wat stom was omdat hy in die mag
van ’n bose gees was. 33 Nadat die bose gees
uitgedryf is, het die stom man begin praat.
Die menigte het hulle verwonder en gesê:
“So iets het nog nooit in Israel gebeur nie.”
34 Maar die Fariseërs het gesê: “Dit is met
die hulp van die aanvoerder van die bose
geeste dat hy die bose geeste uitdryf.”

**v** Vgl. Hos. 6:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Die groot oes

35 Jesus het al die dorpe en klein plekkies
besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges
geleer, die evangelie van die koninkryk
verkondig en elke soort siekte en kwaal
gesond gemaak.
36 Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle
innig jammer gekry, want hulle was moeg
en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter
het nie. 37 Hy sê toe vir sy dissipels: "Die
oes is groot, maar die arbeiders min. 38 Bid
dan die Here aan wie die oes behoort, om
arbeiders uit te stuur vir sy oes."

### Jesus stuur die twaalf uit

(Mark. 3:13-19; Luk. 6:12-16)

**10** Jesus het sy twaalf dissipels nader
geroep en hulle mag gegee om
onrein geeste uit te dryf en om elke soort
siekte en kwaal gesond te maak.
2 Die name van die twaalf apostels
was: in die eerste plek Simon, wat ook
Petrus genoem word, en sy broer Andreas;
3 Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer
Johannes; Filippus en Bartolomeus; Tomas
en Matteus die tollenaar; Jakobus seun van
Alfeus, en Taddeus; 4 Simon die Kananeër,
en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.

### Jesus gee opdragte aan die twaalf

(Mark. 6:7-13; Luk. 9:1-6)

5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en
die volgende opdragte aan hulle gegee:
"Moenie met 'n pad na die heidennasies
toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die
Samaritane ingaan nie. 6 Gaan liewer na die
verlore skape van die volk Israel toe. 7 Gaan
verkondig: 'Die koninkryk van die hemel
het naby gekom.' 8 Maak siekes gesond, wek
dooies op, reinig melaatses en dryf bose
geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee
dit ook verniet.
9 "Moenie vir goud of silwer of koper in
julle beursies sorg nie 10 en moenie vir die
pad 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk
of skoene of 'n stok nie. 'n Arbeider is tog
geregtig op onderhoud.
11 "As julle in 'n stad of dorp kom,
stel dan vas by wie julle daar kan tuis
gaan en bly by hom totdat julle die reis
voortsit. 12 As julle in die huis kom, wens
die mense vrede toe. 13 As die huismense
se gesindheid goed is, handhaaf julle
vredewens vir die huis. Maar as hulle nie
goedgesind is nie, trek julle vredewens dan
terug. 14 As iemand julle nie ontvang nie en
nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy
huis of uit daardie dorp uit en skud die stof
van julle voete af. 15 Dit verseker Ek julle:
Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied
Sodom en Gomorra draagliker wees as vir
daardie dorp."

### Vervolginge wat voorlê

(Mark. 13:9-13; Luk. 10:3; 21:12-17)

16 "Onthou: Ek stuur julle soos skape
tussen wolwe in. Wees dus versigtig
soos slange en opreg soos duiwe. 17 Pas
op vir die mense. Hulle sal julle aan
die geregshowe uitlewer, en in hulle
sinagoges sal hulle julle gesel. 18 Ook
voor goewerneurs en konings sal julle
gebring word ter wille van My. Dit sal julle
geleentheid wees om voor hulle en voor die
heidennasies van My te getuig. 19 Wanneer
hulle julle uitlewer, moet julle julle nie
bekommer oor hoe of wat julle moet sê
nie, want op daardie oomblik sal God aan
julle gee wat julle moet sê. 20 Dan is dit nie
julle wat praat nie, maar die Gees van julle
Vader wat deur julle praat.
21 "Die een broer sal die ander uitlewer
om doodgemaak te word, en selfs 'n pa
sy kind; kinders sal teen hulle ouers in
opstand kom en hulle doodmaak. 22 Julle
sal ter wille van my Naam deur almal
gehaat word. Maar wie tot die einde toe
volhard, sal gered word. 23 As hulle julle in
een dorp vervolg, vlug na 'n ander een toe.
Dit verseker Ek julle: Julle sal sekerlik nie
klaar wees met die dorpe van Israel voordat
die Seun van die mens kom nie.
24 "'n Leerling is nie hoër as sy
leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy
eienaar nie. 25 'n Leerling moet tevrede
wees as dit met hom gaan soos met sy
leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan
soos met sy eienaar. As hulle die hoof van
die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het,
sal hulle dan nie sy huisgenote met baie
erger name uitskel nie?"

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Wie gevrees moet word
(Luk. 12:2-7)

26 “Moet dus nie vir mense bang wees
nie. Daar is niks bedek wat nie openbaar
gemaak sal word nie, en niks geheim wat
nie bekend sal word nie. 27 Wat Ek vir julle
in die donker sê, moet julle in die daglig
sê, en wat in julle oor gefluister word,
moet julle van die dakke af uitbasuin.
28 Moenie bang wees vir dié wat die
liggaam doodmaak, maar die siel nie kan
doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat
sowel die liggaam as die siel in die hel kan
laat vergaan.
29 “Is twee mossies nie vir ’n sent te koop
nie? En tog sal nie een van hulle op die
grond val sonder die wil van julle Vader
nie. 30 Van julle is selfs die hare op julle
kop almal getel. 31 Moet dan nie bang wees
nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

### Aansporing om Christus te bely
(Luk. 12:8-9)

32 “Elkeen wat hom voor die mense
openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek
My ook openlik uitspreek voor my Vader
wat in die hemel is. 33 Maar hom wat My
voor die mense verloën, sal Ek ook verloën
voor my Vader wat in die hemel is.”

### Jesus bring nie vrede nie maar die swaard
(Luk. 12:51-53; 14:26-27)

34 “Moenie dink dat Ek gekom het om
vrede op die aarde te bring nie. Ek het
nie gekom om vrede te bring nie maar die
swaard. 35 Ek het gekom om tweedrag te
bring

“ ‘tussen ’n man en sy vader
en tussen ’n dogter en haar moeder,
tussen ’n skoondogter en haar
skoonmoeder;
36 ja, ’n man se huismense sal sy vyande
wees.’[w]

37 “Hy wat sy vader of moeder liewer
het as vir My, is nie werd om aan My te
behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer
het as vir My, is nie werd om aan My te
behoort nie. 38 Hy wat nie sy kruis opneem
en My volg nie, is nie werd om aan My te
behoort nie.
39 “Hy wat sy lewe wil behou, sal dit
verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My
verloor, sal dit vind.”

### Beloning
(Mark. 9:41)

40 “Wie julle ontvang, ontvang My; en
wie My ontvang, ontvang Hom wat My
gestuur het. 41 Wie ’n profeet ontvang
omdat hy ’n profeet is, sal ’n profeet se
beloning ontvang; en wie ’n goeie mens
ontvang omdat hy goed is, sal ’n goeie mens
se beloning ontvang. 42 Wie aan een van
hierdie geringstes net ’n beker koue water
gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning
kry. Dit verseker Ek julle.”

**11** Toe Jesus klaar was met die
opdragte aan sy twaalf dissipels,
het Hy daarvandaan weggegaan om die
mense in hulle dorpe te leer en vir hulle te
preek.

### Jesus en die vraag van Johannes die Doper
(Luk. 7:18-35)

2 Johannes het in die tronk gehoor wat
Christus alles gedoen het, en het toe deur
sy volgelinge ’n boodskap aan Hom gestuur
om te vra: 3 “Is U die Een wat sou kom, of
moet ons ’n ander een verwag?”
4 Jesus antwoord hulle: “Gaan vertel vir
Johannes wat julle hoor en sien: 5 Blindes
sien, lammes loop, melaatses word gereinig,
dowes hoor, dooies word opgewek, en aan
armes word die evangelie verkondig. 6 En
gelukkig is elkeen wat nie aan My begin
twyfel nie.”
7 Toe hulle weggaan, het Jesus met die
mense oor Johannes begin praat en gesê:
“Waarna het julle in die woestyn gaan
kyk? Na ’n riet wat deur die wind heen en
weer gewaai word? 8 Nee? Maar wat het
julle dan uitgegaan om te sien? ’n Man met
deftige klere aan? Nee, kyk, dié wat deftig
aantrek, kry ’n mens in koninklike paleise.

**w** Vgl. Miga 7:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

9 Maar wat het julle dan uitgegaan om te
sien? 'n Profeet? Ja, Ek verseker julle, nog
meer as 'n profeet. 10 Dit is hy van wie daar
geskrywe staan:

" 'Kyk, Ek stuur my boodskapper voor
jou uit;
hy sal die pad vir jou regmaak.'[x]

11 "Dit verseker Ek julle: Onder die mense
op aarde is niemand gebore wat groter is
as Johannes die Doper nie, en tog is die
geringste in die koninkryk van die hemel
groter as hy. 12 Sedert die dae van Johannes
die Doper tot nou toe breek die koninkryk
van die hemel vir homself 'n pad oop, en
mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in
besit. 13 Al die profete en die wet het tot op
Johannes geprofeteer, 14 en as julle dit wil
aanvaar: Johannes is die Elia wat sou kom.
15 Wie ore het, moet luister.
16 "Waarmee moet Ek hierdie geslag
vergelyk? Hulle is net soos kinders wat op
die markpleine vir mekaar sit en roep:

17 " 'Ons het vir julle op die fluit gespeel,
en julle het nie gedans nie!
Ons het 'n treurlied gesing,
en julle het nie gehuil nie!'

18 "Johannes het gekom en nie geëet of
gedrink nie, en hulle sê: 'Hy is van die
duiwel besete.' 19 Die Seun van die mens
het gekom en geëet en gedrink, en hulle
sê: 'Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n
vriend van tollenaars en sondaars.' Maar
God tree met wysheid op, en sy werke
bewys dit."

### Die onboetvaardige dorpe

(Luk. 10:13-15)

20 Toe het Jesus die dorpe waarin Hy die
meeste van sy wonderdade gedoen het,
begin verwyt omdat hulle hulle nie bekeer
het nie:
21 "Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende
wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon
die wonderdade plaasgevind het wat in
julle plaasgevind het, sou hulle hulle lankal
in sak en as bekeer het. 22 Maar Ek sê
vir julle: Vir Tirus en Sidon sal dit in die
oordeelsdag draagliker wees as vir julle.
23 En jy, Kapernaum, dink jy

" 'jy sal tot die hemel toe
verhoog word?
Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal.'[y]

"As in Sodom die wonderdade plaasgevind
het wat in jou plaasgevind het, sou hy tot
vandag toe nog bly staan het. 24 Maar Ek sê
vir julle: Vir die land van Sodom sal dit in
die oordeelsdag draagliker wees as vir jou."

### Die uitnodiging van Jesus

(Luk. 10:21-22)

25 Daardie tyd het Jesus gesê: "Ek prys
U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U
hierdie dinge vir slim en geleerde mense
verberg het en dit aan eenvoudiges bekend
gemaak het. 26 Ja, Vader, so was dit u
genadige bedoeling.
27 "My Vader het alles aan My toevertrou,
en niemand ken die Seun nie, behalwe die
Vader; en ook ken niemand die Vader nie,
behalwe die Seun en elkeen aan wie die
Seun Hom wil bekend maak.
28 "Kom na My toe, almal wat uitgeput en
oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem
my juk op julle en leer van My, want Ek is
sagmoedig en nederig van hart, en julle sal
rus kry vir julle gemoed. 30 My juk is sag en
my las is lig."

### Jesus is die Here oor die sabbat

(Mark. 2:23-28; Luk. 6:1-5)

**12** In dié tyd het Jesus op 'n sabbatdag
deur gesaaides geloop. Sy dissipels
het honger geword en are begin pluk en
van die koring geëet. 2 Toe die Fariseërs
dit sien, sê hulle vir Hom: "Kyk daar! U
dissipels doen iets wat op die sabbatdag nie
gedoen mag word nie."
3 Maar Hy sê vir hulle: "Het julle nie
gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy
manne honger geword het nie? 4 Hy het
in die huis van God ingegaan en van die
offerbrood geëet, wat hy en sy manne nie

**x** Vgl. Mal. 3:1 **y** Vgl. Jes. 14:13,15

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

mag gedoen het nie, maar net die priesters.
5 Of het julle nie in die wet van Moses
gelees dat die priesters op die sabbatdag
in die tempel diens moet doen nie? Hulle
oortree dus die sabbatsgebod, en tog is
hulle nie skuldig nie.
6 "Ek sê vir julle: Hier is Een wat groter
is as die tempel. 7 As julle begryp het wat
dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid
en nie offers nie,'[z] dan sou julle nie mense
wat onskuldig is, veroordeel het nie. 8 Die
Seun van die mens is immers Here oor die
sabbat."

#### Die man met die gebreklike hand

(Mark. 3:1-6; Luk. 6:6-11)

9 Jesus het daarvandaan verder gegaan
en in hulle sinagoge gekom. 10 Daar was
juis 'n man met 'n gebreklike hand. Hulle
vra Hom toe: "Mag 'n mens iemand op die
sabbatdag gesond maak?"

Hulle bedoeling daarmee was om 'n klag
teen Hom te kry.
11 Hy sê toe vir hulle: "Wie van julle sal
nie die een skaap wat hy het en wat op 'n
sabbatdag in 'n sloot val, dadelik uithaal
nie? 12 Hoeveel is 'n mens nie meer werd as
'n skaap nie? Dan mag 'n mens mos op die
sabbatdag goed doen."
13 Toe sê Hy vir die man: "Steek jou
hand uit."

Hy het dit gedoen, en sy hand was reg
soos die ander een.
14 Die Fariseërs het toe uitgegaan en
planne beraam om Jesus om die lewe te
bring.

#### Jesus die Dienaar van die Here

15 Toe Jesus dit hoor, het Hy daarvandaan
weggegaan. Baie mense het saam met
Hom gegaan, en Hy het hulle almal gesond
gemaak, maar 16 hulle belet om in die
openbaar oor Hom te praat. 17 So is vervul
wat die Here deur die profeet Jesaja gesê
het:

18 "Hier is my Dienaar wat Ek
aangestel het,
my Geliefde oor wie Ek My verheug;
Ek sal my Gees op Hom laat kom,
en Hy sal die wil van God aan die
nasies bekend maak.
19 Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie,
en niemand sal sy stem op die strate
hoor nie.
20 'n Riet wat geknak is, sal Hy nie
afbreek nie
en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie;
Hy sal die wil van God laat seëvier.
21 En op Hom sal die nasies hulle hoop
vestig."[a]

#### Jesus en Beëlsebul

(Mark. 3:20-30; Luk. 11:14-23; 12:10)

22 Hulle het toe 'n man wat in die mag
van 'n bose gees was, na Jesus toe gebring.
Die man was blind en stom. Jesus het sy
gebrek genees, sodat hy weer kon praat
en sien. 23 En die hele menigte mense was
verslae en het gesê: "Is Hy nie miskien die
Seun van Dawid nie?"
24 Die Fariseërs het hiervan gehoor en
gesê: "Hy dryf bose geeste uit alleen met
die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van
die bose geeste."
25 Jesus het egter geweet wat hulle dink,
en Hy het vir hulle gesê: "Elke koninkryk
wat onderling verdeeld is, gaan te gronde,
en geen stad of huis wat onderling verdeeld
is, sal bly staan nie. 26 As die Satan dan die
Satan uitdryf, is hy teen homself verdeeld;
hoe kan sy ryk dan bly staan? 27 En as Ek met
Beëlsebul se hulp die bose geeste uitdryf, met
wie se hulp doen julle volgelinge dit dan?
Julle eie volgelinge sal as julle regters optree
en wys dat julle verkeerd is.
28 "Aangesien Ek deur die Gees van God
die bose geeste uitdryf, het die koninkryk
van God inderdaad tot by julle gekom.
29 "Hoe kan iemand tog by die huis van 'n
sterk man ingaan en sy goed vat as hy nie
vooraf die sterk man vasbind nie? Eers dan
sal hy sy huis kan beroof.
30 "Wie nie aan my kant is nie, is teen
My; en wie nie saam met My die skape
bymekaarmaak nie, jaag hulle uitmekaar.
31 "Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde
en lastering kan die mense vergewe word,

**z** Vgl. Hos. 6:6 **a** Vgl. Jes. 42:1-4; 11:10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

maar die lastering teen die Heilige Gees
kan nie vergewe word nie. 32 As iemand iets
teen die Seun van die mens sê, kan dit hom
vergewe word; maar as iemand iets teen die
Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe
word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook
nie in die toekomstige nie."

### 'n Boom word aan sy vrugte geken

(Luk. 6:43-45; vgl. Matt. 7:17-27)

33 "As julle sê 'n boom is goed, moet julle
ook sê sy vrugte is goed; en as julle sê hy is
sleg, moet julle ook sê sy vrugte is sleg. 'n
Boom word tog aan sy vrugte geken.
34 "Julle slange! Hoe kan julle wat sleg is,
iets goeds sê? Waar die hart van vol is, loop
die mond van oor. 35 Die goeie mens bring
die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie
dinge in sy hart; die slegte mens bring die
slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte
dinge in sy hart.
36 "Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige
woord wat die mense sê, sal hulle
rekenskap moet gee op die oordeelsdag.
37 Op grond van jou eie woorde sal jy
vrygespreek of veroordeel word."

### Die teken van Jona

(Mark. 8:11-12; Luk. 11:29-32; vgl. Matt. 16:1-4)

38 Party van die skrifgeleerdes en die
Fariseërs sê toe vir Hom: "Meneer, ons wil
'n wonderteken van u sien."
39 Maar Hy antwoord hulle: "'n Slegte en
afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken
sal aan hulle gegee word nie, behalwe die
teken van die profeet Jona. 40 Soos Jona
drie dae en drie nagte in die maag van
'n groot vis was, so sal die Seun van die
mens drie dae en drie nagte binne-in die
aarde wees. 41 Die mense van Nineve sal op
die oordeelsdag saam met die mense van
vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle
het hulle immers op die prediking van Jona
bekeer. En hier staan Een wat groter is as
Jona! 42 Die koningin van die Suide sal op
die oordeelsdag saam met die mense van
vandag opstaan en teen hulle getuig. Sy het
immers van die uithoeke van die aarde af
gekom om na die wysheid van Salomo te
luister. En hier staan Een wat groter is as
Salomo!"

### Die terugkoms van die onrein gees

(Luk. 11:24-26)

43 "Wanneer 'n onrein gees uit 'n mens
weggaan, swerf hy deur dor streke op soek
na 'n rusplek. As hy dit nie kry nie, 44 sê
hy: 'Ek gaan terug na my huis waaruit
ek weggegaan het.' Hy kom dan terug en
kry dit onbewoon, skoon en aan die kant.
45 Dan gaan haal hy sewe ander geeste, nog
slegter as hy self, en hulle trek saam met
hom in en gaan woon daar. Aan die einde
is so 'n mens slegter daaraan toe as aan die
begin. So sal dit ook gaan met die slegte
mense van vandag."

### Die moeder en die broers van Jesus

(Mark. 3:31-35; Luk. 8:19-21)

46 Terwyl Jesus nog besig was om met
die mense te praat, het sy moeder en broers
buite gestaan, en hulle wou met Hom praat.
47 Iemand sê toe vir Hom: "U moeder
en u broers staan daar buite en wil met U
praat."
48 Maar Hy sê vir die man wat dit vir
Hom gesê het: "Wie is my moeder, en wie is
my broers?"
49 Toe wys Hy met sy hand na sy dissipels
en sê: 50 "Daar is my moeder en my broers!
Elkeen wat die wil doen van my Vader
wat in die hemel is, dié is my broer en my
suster en my moeder."

### Die gelykenis van die saaier

(Mark. 4:1-9; Luk. 8:4-8)

**13** Dieselfde dag het Jesus van die
huis af gegaan en by die see gaan
sit. 2 'n Groot menigte het so om Hom
saamgedrom dat Hy in 'n skuit geklim en
daarin gaan sit het, maar die mense het
almal op die strand bly staan. 3 Hy het hulle
baie dinge in gelykenisse vertel en onder
andere gesê:
"'n Saaier het eendag gaan saai. Met die
saai het 'n deel van die saad op die pad geval,
en 4 die voëls het gekom en dit opgepik. 5 'n
Ander deel daarvan het op klipbanke geval,
waar daar nie baie grond was nie, en dit het
gou opgekom omdat die grond nie diep was
nie. 6 Maar toe die son warm word, is dit
verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

het nie, het dit verdroog. 7 ’n Ander deel het
tussen die onkruid geval, en die onkruid het
opgekom en dit laat verstik. 8 Die ander saad
het in goeie grond geval en ’n oes gelewer,
party honderdvoudig, ander sestigvoudig en
ander dertigvoudig.
9 “Wie ore het, moet luister!”

### Die doel van die gelykenisse
(Mark. 4:10-12; Luk. 8:9-10)

10 Die dissipels het vir Jesus kom vra:
“Hoekom gebruik U gelykenisse as U met
die mense praat?”
11 Hy het hulle geantwoord: “Aan julle
is dit gegee om die geheime van die
koninkryk van die hemel te ken, maar aan
hulle is dit nie gegee nie. 12 Wie het, vir
hom sal nog meer gegee word, en hy sal
oorvloed hê; maar wie nie het nie, van hom
sal ook die bietjie wat hy het, weggevat
word. 13 Om hierdie rede praat Ek met
hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk maar
nie sien nie, en hoor maar nie luister en
verstaan nie. 14 In hulle geval word die
profesie van Jesaja vervul wat sê:

“ ‘Julle sal hoor en hoor en tog niks
verstaan nie, en kyk en kyk en tog
niks sien nie.
15 Hierdie volk se verstand is afgestomp:
hulle het hulle ore toegedruk en
hulle oë toegemaak
sodat hulle nie met hulle oë kan sien en
met hulle ore kan hoor
en met hulle verstand kan verstaan
en hulle bekeer, en Ek hulle gesond
maak nie.’[b]

16 “Maar julle oë is bevoorreg dat hulle
sien, en julle ore dat hulle hoor. 17 Dit
verseker Ek julle: Baie profete en gelowiges
wou graag sien wat julle sien, maar het dit
nie gesien nie, en wou graag hoor wat julle
hoor, maar het dit nie gehoor nie.”

### Jesus verklaar die gelykenis van die saaier
(Mark. 4:13-20; Luk. 8:11-15)

18 “Luister julle dan na wat die gelykenis
van die saaier beteken: 19 Die Bose kom by
elkeen wat die woord van die koninkryk
hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan
weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by
wie daar op die pad gesaai is. 20 Die man
weer by wie daar op die klipbanke gesaai
is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik
met blydskap aanneem. 21 Hy laat dit egter
nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie
lank uit nie. As hy ter wille van die woord
verdruk en vervolg word, word hy gou
afvallig. 22 Die man by wie daar tussen die
onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor,
maar die bekommernis van die lewe en
die verleidelikheid van rykdom verstik die
woord, en dit bly sonder vrug. 23 Die man
by wie daar op goeie grond gesaai is, is
hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy
dra inderdaad vrug en lewer ’n oes: soms
honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms
dertigvoudig.”

### Die gelykenis van die onkruid tussen die koring

24 Hy het nog ’n gelykenis aan hulle
voorgehou en gesê: “Die koninkryk van die
hemel kan vergelyk word met ’n man wat goeie
saad op sy land gesaai het. 25 Een nag, toe die
mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid
tussen die koring gesaai en verdwyn. 26 Toe
die groen koring opskiet en in die aar begin
kom, het die onkruid ook sigbaar geword.
27 Die slawe van die boer kom sê toe vir hom:
‘Meneer, het u nie goeie saad op u land gesaai
nie? Waar kom die onkruid dan vandaan?’
28 Hy antwoord hulle: ‘Dit is ’n vyand se werk.’
Die slawe sê toe vir hom: ‘Wil u hê ons moet
dit gaan uittrek?’ 29 ‘Nee,’ sê hy, ‘as julle die
onkruid nou bymekaarmaak, sal julle die
koring saam uittrek. 30 Laat altwee saam groei
tot met die oes. In die oestyd sal ek vir dié wat
oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en
bind dit in bondels om dit te verbrand, maar
bring die koring na my skuur toe.’ ”

### Die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg
(Mark. 4:30-32; Luk. 13:18-21)

31 Hy het nog ’n gelykenis aan hulle
voorgehou en gesê: “Die koninkryk van die

**b** Vgl. Jes. 6:9-10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand
gevat en in sy land geplant het. 32 Dit is
die kleinste van al die soorte saad, maar
as dit uitgegroei het, is dit groter as die
tuinplante en word dit 'n boom, sodat die
voëls in sy takke kom nes maak."
33 Hy het hulle nog 'n gelykenis vertel:
"Die koninkryk van die hemel is soos
suurdeeg wat 'n vrou gevat en in 'n groot
skottel meel ingewerk het totdat dit
heeltemal deursuur was."

### Die gebruik van gelykenisse

(Mark. 4:33-34)

34 Al hierdie dinge het Jesus vir die
mense in gelykenisse geleer, en sonder 'n
gelykenis het Hy hulle niks geleer nie. 35 So
moes vervul word wat die Here deur 'n
profeet gesê het:

"Ek sal gelykenisse gebruik as Ek praat;
Ek sal bekend maak wat geheim gebly
het van die skepping af."[c]

### Verklaring van die gelykenis van die onkruid

36 Daarna het Jesus van die mense af
weggegaan huis toe. Sy dissipels kom toe
by Hom en vra: "Verduidelik tog vir ons die
gelykenis van die onkruid in die land."
37 Jesus antwoord: "Hy wat die goeie
saad saai, is die Seun van die mens. 38 Die
saailand is die wêreld. Die goeie saad, dit is
die mense van die koninkryk; die onkruid
is die aanhangers van die Bose; 39 die
vyand wat die onkruid saai, is die duiwel.
Die oes is die voleinding van die wêreld;
dié wat oes, is die engele.
40 "Soos die onkruid bymekaargemaak
en met vuur verbrand word, so sal dit by
die voleinding van die wêreld wees. 41 Die
Seun van die mens sal sy engele stuur, en
hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal
wat ander mense in sonde laat val, en almal
wat die wet van God oortree, 42 en sal hulle
in die brandende oond gooi. Daar sal hulle
huil en op hulle tande kners. 43 Dan sal die
gelowiges in die koninkryk van hulle Vader
skitter soos die son.
"Wie ore het, moet luister."

### Drie kort gelykenisse

44 "Met die koninkryk van die hemel
gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand
onder die grond lê. Wanneer iemand dit
kry, maak hy dit weer toe; en omdat hy
baie in sy skik is, gaan verkoop hy alles wat
hy het, en hy koop daardie land.
45 "Met die koninkryk van die hemel
gaan dit soos met 'n handelaar wat op
soek is na goeie pêrels. 46 As hy 'n baie
waardevolle pêrel raakloop, gaan verkoop
hy alles wat hy het, en koop die pêrel.
47 "Verder gaan dit met die koninkryk
van die hemel soos met 'n treknet wat in
die see gegooi is en allerhande soorte vis
vang. 48 As dit vol geword het, sleep hulle
dit op die strand uit en gaan sit om die
goeie vis in mandjies bymekaar te maak,
maar die onbruikbares gooi hulle weg.
49 So sal dit by die voleinding van die
wêreld wees. Die engele sal uitgaan en die
slegtes skei van die goeies 50 en hulle in die
brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en
op hulle tande kners."

### Ou en nuwe skatte

51 "Verstaan julle al hierdie dinge?"
"Ja," antwoord hulle Hom.
52 Hy sê toe vir hulle: "So is elke
skrifgeleerde wat 'n leerling word in
die koninkryk van die hemel, soos 'n
huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou
dinge te voorskyn bring."

### Jesus word in Nasaret misken

(Mark. 6:1-6; Luk. 4:16-30)

53 Toe Jesus hierdie gelykenisse klaar vertel
het, het Hy daarvandaan weggegaan. 54 Hy
het in die dorp gekom waar Hy grootgeword
het, en Hy het die mense in hulle sinagoge
so geleer dat hulle verstom was en gesê het:
"Waar kry hy hierdie wysheid vandaan en die
vermoë om die kragtige dade te doen? 55 Is
hy dan nie die timmerman se seun nie? Is sy
ma nie Maria en sy broers Jakobus, Josef,
Simon en Judas nie? 56 En sy susters, is hulle
nie almal hier by ons nie? Waar kry hy dan al
hierdie dinge vandaan?"

**c** Vgl. Ps. 78:2

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

57 En hulle wou niks van Hom weet nie.
Jesus sê toe vir hulle: "'n Profeet word
oral erken behalwe in die plek waar hy
grootgeword het, en in sy familiekring."
58 Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie
baie wonderwerke gedoen nie.

### Die dood van Johannes die Doper

(Mark. 6:14-29; Luk. 9:7-9)

**14** Daardie tyd het Herodes,
die heerser, gehoor wat van
Jesus vertel word, 2 en hy het vir sy
paleispersoneel gesê: "Maar dit is mos
Johannes die Doper! Hy is uit die dood
opgewek, daarom werk die kragte in hom!"
3 Vroeër het Herodes vir Johannes laat
vang, laat boei en in die tronk laat opsluit.
Dit het hy gedoen oor Herodias die vrou
van sy broer Filippus, 4 want Johannes
het vir Herodes gesê: "U mag haar nie as
vrou vat nie." 5 Herodes wou hom daaroor
doodmaak maar was tog bang vir die
mense, omdat hulle hom as 'n profeet
beskou het.
6 Met Herodes se verjaarsdagviering het
die dogter van Herodias voor die gaste
gedans. Herodes was so in sy skik met
haar 7 dat hy 'n eed afgelê het dat hy vir
haar sal gee net wat sy vra. 8 Haar ma het
haar voorgesê en sy het gevra: "Gee vir my
hier in 'n skottel die kop van Johannes die
Doper."
9 Hieroor het die koning baie sleg gevoel,
maar vanweë die eed wat hy voor die
gaste afgelê het, het hy opdrag gegee dat
aan haar versoek voldoen moet word.
10 Hy het iemand gestuur en Johannes in
die tronk laat onthoof. 11 Hulle het sy kop
in 'n skottel ingebring en aan die meisie
gegee, wat dit na haar ma toe gevat het.
12 Sy dissipels het sy liggaam kom haal en
begrawe; en hulle het dit vir Jesus gaan
vertel.

### Die eerste vermeerdering van die brood

(Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-14)

13 Toe Jesus dit hoor, het Hy met 'n skuit
daarvandaan weggegaan na 'n stil plek
om alleen te wees. Die mense het hiervan
gehoor en Hom van die dorpe af te voet
gevolg. 14 Toe Hy uit die skuit klim, het Hy
die groot menigte mense daar gesien. Hy
het hulle innig jammer gekry en die siekes
onder hulle gesond gemaak.
15 Toe dit al aand begin word, het sy
dissipels vir Hom kom sê: "Dit is 'n afgeleë
plek en dit het al laat geword. Stuur die
mense terug dat hulle vir hulle kan gaan
kos koop in die dorpe."
16 Maar Jesus sê vir hulle: "Hulle hoef nie
weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om
te eet."
17 Hulle sê toe vir Hom: "Ons het hier net
vyf brode en twee visse."
18 "Bring dit vir My hier," sê Hy.
19 Hy het die menigte beveel om op die
groen gras te gaan sit om te eet. Toe neem
Hy die vyf brode en die twee visse, kyk op
na die hemel en vra die seën. Daarna het
Hy die brood gebreek en dit aan sy dissipels
gegee, en hulle het dit aan die mense
gegee. 20 Al die mense het geëet en genoeg
gekry, en hulle het nog twaalf mandjies
vol bymekaargemaak van die stukke brood
wat oorgebly het. 21 Daar was omtrent vyf
duisend mans wat geëet het, afgesien van
die vrouens en kinders.

### Jesus loop op die see

(Mark. 6:45-52; Joh. 6:15-21)

22 Net daarna het Jesus sy dissipels in die
skuit laat klim om solank voor Hom uit te
vaar na die oorkant toe terwyl Hy nog eers
die mense huis toe laat gaan. 23 Nadat Hy
die mense weggestuur het, het Hy alleen na
die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand
word, was Hy daar alleen.
24 Die skuit was reeds 'n paar kilometer
van die kus af en is deur die golwe
geteister, want die wind was van voor.
25 Met dagbreek die volgende môre het Hy
op die see na hulle toe aangeloop gekom.
26 Toe sy dissipels Hom op die see sien
loop, het hulle groot geskrik en gesê: "Dis
'n spook!" Van angs het hulle hard begin
skreeu.
27 Maar Jesus het dadelik met hulle
gepraat en gesê: "Wees gerus, dit is Ek.
Moenie bang wees nie."
28 Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit
regtig U is, beveel my om op die water na U
toe te kom."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

29 “Kom!” sê Hy.
Petrus het uit die skuit geklim, op die
water begin loop en naby Jesus gekom.
30 Maar toe Petrus sien hoe sterk is die
wind, het hy bang geword en begin sink en
uitgeroep: “Here, red my!”
31 Dadelik het Jesus sy hand
uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê:
“Kleingelowige, waarom het jy begin
twyfel?”
32 Hulle het toe in die skuit geklim, en
die wind het gaan lê. 33 Die manne in die
skuit het voor Jesus gekniel en gesê: “U is
waarlik die Seun van God.”

**Jesus genees mense in die landstreek Gennesaret**

(Mark. 6:53-56)

34 Hulle het toe land toe gevaar en by
Gennesaret aan wal gegaan. 35 Net toe die
mense van daardie plek agterkom wie Hy
is, het hulle boodskappers deur daardie
hele omgewing gestuur, en die mense
het almal wat ongesteld was, na Hom toe
gebring. 36 Hulle het Hom gevra dat die
siekes tog maar net aan die soom van sy
klere mag raak. En almal wat dit gedoen
het, het gesond geword.

**Die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte**

(Mark. 7:1-13)

**15** In dié tyd het daar Fariseërs en
skrifgeleerdes van Jerusalem af
by Jesus gekom en Hom gevra: 2 “Hoekom
verontagsaam u dissipels die oorgelewerde
gebruike van die voorgeslagte? As hulle
gaan eet, was hulle nie hulle hande nie.”
3 “Waarom verontagsaam julle self
die gebod van God ter wille van julle
oorgelewerde gebruike?” het Jesus
geantwoord. 4 “God het tog gesê: ‘Eer
jou vader en jou moeder’[d] en: ‘Wie sy
vader of sy moeder vloek, moet sekerlik
doodgemaak word.’[e] 5 Maar julle bepaal:
‘As iemand vir sy pa of sy ma sê: Die hulp
wat u van my sou kon kry, maak ek ’n
offergawe vir God, 6 dan hoef hy nie meer
sy plig teenoor sy pa na te kom nie.’ So
ontneem julle die woord van God sy gesag
ter wille van julle oorgelewerde gebruike.
7 Huigelaars! Die profeet Jesaja het julle
mooi opgesom toe hy gesê het:

8 “Hierdie volk eer My met hulle mond,
maar hulle hart is ver van My af.
9 Dit help niks dat hulle My probeer dien
deur leerstellings van mense
as gebooie van God voor te hou nie.[f]”

**Wat ’n mens onrein maak**

(Mark. 7:14-23)

10 Toe het Jesus die menigte nader geroep
en vir hulle gesê: “Julle moet nou luister
en mooi verstaan! 11 Dit is nie wat by die
mond ingaan wat die mens onrein maak
nie. Maar wat by die mond uitkom, dit
maak ’n mens onrein.”
12 Daarna het die dissipels na Hom toe
gekom en gesê: “Weet U dat die Fariseërs
hulle vererg het toe hulle gehoor het wat
U sê?”
13 Maar Jesus antwoord: “Elke plant wat
my hemelse Vader nie geplant het nie, sal
uitgetrek word. 14 Laat staan hulle maar;
hulle is blinde leiers van blindes. As ’n
blinde ’n blinde lei, val altwee in die sloot.”
15 Petrus sê toe vir Hom: “Verduidelik tog
vir ons die beeldspraak.”
16 “Verstaan ook julle dit nog nie?”
antwoord Jesus. 17 “Begryp julle nie dat
alles wat by die mond ingaan, na die
maag toe gaan en daarna uit die liggaam
uitgaan nie? 18 Maar wat by die mond
uitkom, kom uit die hart, en dít is die
dinge wat die mense onrein maak. 19 Uit
die hart kom slegte gedagtes: moord,
owerspel, onkuisheid, diefstal, vals
getuienis, kwaadpratery. 20 Dít is die dinge
wat ’n mens onrein maak, maar om met
ongewaste hande te eet, maak ’n mens nie
onrein nie.”

**Die Kanaänitiese vrou**

(Mark. 7:24-30)

21 Jesus het daarvandaan weggegaan
en na die streke van Tirus en Sidon toe
vertrek. 22 ’n Kanaänitiese vrou wat in

**d** Eks. 20:12; Deut. 5:16 **e** Vgl. Eks. 21:17; Lev. 20:9 **f** Vgl. Jes. 29:13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

daardie gebied gewoon het, het onverwags
by Hom aangekom. Sy het aanhoudend
geroep: “Ontferm U oor my, Here, Seun van
Dawid! My dogter is in die mag van ’n bose
gees, en dit gaan sleg.”
23 Maar Hy het haar niks geantwoord nie.
Sy dissipels kom toe by Hom en vra:
“Stuur haar weg, want sy hou aan met
skreeu hier agter ons.”
24 Jesus antwoord: “Ek is net na die
verlore skape van die volk Israel toe
gestuur.”
25 Maar die vrou kom kniel voor Hom en
sê: “Here, help my!”
26 Hy sê vir haar: “Dit is nie mooi om die
kinders se brood te vat en vir die hondjies
te gooi nie.”
27 “Dit is waar, Here,” sê sy, “maar die
hondjies eet darem van die krummels wat
van hulle base se tafels afval.”
28 “Mevrou,” sê Jesus vir haar, “jou
geloof is groot. Jou wens word vervul.”
Van daardie oomblik af was die dogter
gesond.

### Jesus maak baie siekes gesond

29 Jesus het daarvandaan vertrek en
by die See van Galilea gekom. Hy het
teen die berg opgegaan en daar gaan sit.
30 Baie mense het na Hom toe gekom met
verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes
en nog baie ander, en hulle voor Hom
neergesit. Hy het hulle gesond gemaak,
31 sodat die menigte hulle verwonder
het toe hulle sien dat stommes praat,
gebreklikes herstel is, verlamdes loop en
blindes sien. En hulle het die God van Israel
geprys.

### Die tweede vermeerdering van die brood

(Mark. 8:1-10)

32 Jesus het sy dissipels nader geroep en
vir hulle gesê: “Ek kry hierdie mense innig
jammer, want hulle is nou al drie dae lank
hier by My en hulle het niks om te eet nie.
En Ek wil hulle ook nie sonder kos huis toe
stuur nie, want hulle kan miskien op pad
beswyk.”
33 Sy dissipels sê vir Hom: “Waar sal ons
in hierdie verlate plek genoeg brood kry om
so baie mense kos te gee?”
34 “Hoeveel brood het julle?” vra Hy vir
hulle.
“Sewe,” antwoord hulle, “en ’n paar
vissies.”
35 Hy het gesê die mense moet op die
grond gaan sit. 36 Toe neem Hy die sewe
brode en die visse en dank God daarvoor.
Daarna het Hy die brood gebreek en dit
aan die dissipels gegee, en hulle het dit
aan die mense gegee. 37 Almal het geëet en
genoeg gekry. En die dissipels het nog sewe
mandjies vol bymekaargemaak van die
stukke wat oorgebly het. 38 Daar was vier
duisend mans wat geëet het, afgesien van
die vrouens en kinders.
39 Daarna het Hy die mense huis toe
gestuur, in die skuit geklim en na die
gebied van Magadan vertrek.

### ’n Tweede versoek om ’n teken afgewys

(Mark. 8:11-13; Luk. 12:54-56;
vgl. Matt. 12:38-42)

**16** Die Fariseërs en die Sadduseërs het
gekom om Jesus op die proef te
stel. Hulle het Hom gevra om vir hulle as
teken uit die hemel ’n wonder te doen.
2 Maar Hy antwoord hulle: “In die aand
sê julle: ‘Daar kom mooi weer, want die lug
is rooi;’ 3 in die môre sê julle: ‘Vandag sal
dit onweer wees, want die lug is dynserig
rooi.’ Julle weet hoe om die voorkoms van
die lug te beoordeel, maar die tekens van
die tye kan julle nie onderskei nie. 4 ’n
Slegte en afvallige geslag wil ’n teken hê,
en geen teken sal aan hulle gegee word nie
behalwe die teken van Jona.”
Hy het hulle daar gelaat en weggegaan.

### Die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs

(Mark. 8:14-21)

5 Die dissipels het na die oorkantste oewer
toe gegaan, maar vergeet om brood saam
te neem. 6 Jesus het vir hulle gesê: “Pas op
en wees op julle hoede vir die suurdeeg van
die Fariseërs en die Sadduseërs.”
7 Hulle het toe met mekaar daaroor
gepraat en gesê: “Dit is omdat ons nie
brood saamgebring het nie.”
8 Jesus het geweet wat hulle praat, en
Hy sê vir hulle: “Kleingelowiges! Hoekom

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

praat julle met mekaar daaroor dat julle
nie brood het nie? 9 Verstaan julle nog
nie en onthou julle nie die vyf brode vir
die vyf duisend en hoeveel mandjies vol
julle bymekaargemaak het nie? 10 En die
sewe brode vir die vier duisend en hoeveel
mandjies vol julle bymekaargemaak het
nie? 11 Hoe is dit dan dat julle nie verstaan
dat Ek nie met julle oor brood gepraat het
nie? Ek het gesê: Pas op vir die suurdeeg
van die Fariseërs en die Sadduseërs."

12 Toe het hulle verstaan dat Hy nie
bedoel het dat hulle vir gewone suurdeeg
op hulle hoede moet wees nie maar vir die
leer van die Fariseërs en die Sadduseërs.

### Die belydenis van Petrus

(Mark. 8:27-30; Luk. 9:18-21)

13 Toe Jesus in die streke van Sesarea-
Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra:
"Wie, sê die mense, is die Seun van
die mens?"

14 Hulle antwoord: "Party sê Johannes
die Doper, party Elia, party Jeremia of een
van die profete."

15 "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê
julle, is Ek?"

16 Simon Petrus het geantwoord: "U is die
Christus, die Seun van die lewende God."

17 "Gelukkig is jy, Simon Barjona," het
Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens
wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar
my Vader wat in die hemel is. 18 En Ek
sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots
sal Ek my kerk bou, en die magte van die
doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19 Ek
sal aan jou die sleutels van die koninkryk
van die hemel gee, en wat jy op die aarde
toesluit, sal in die hemel toegesluit bly;
en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die
hemel oopgesluit bly."

20 Toe het Jesus sy dissipels beveel om vir
niemand te sê dat Hy die Christus is nie.

### Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan

(Mark. 8:31-33; Luk. 9:22)

21 Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels
duidelik begin stel dat Hy Jerusalem
toe moet gaan en baie moet ly onder die
familiehoofde, die priesterhoofde en die
skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak
moet word, en die derde dag uit die dood
opgewek moet word.

22 Petrus het Hom toe opsy geneem en
Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed,
Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie."

23 Maar Jesus het na Petrus toe gedraai
en vir hom gesê: "Moenie in my pad staan
nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok,
want jy dink nie aan wat God wil hê nie,
maar aan wat die mense wil hê."

### Om Jesus te volg

(Mark. 8:34 – 9:1; Luk. 9:23-27)

24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As
iemand agter My aan wil kom, moet hy
homself verloën, sy kruis opneem en My
volg, 25 want wie sy lewe wil behou, sal
dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van
My verloor, sal dit terugkry. 26 Wat sal dit
'n mens help as hy die hele wêreld as wins
verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n
mens gee in ruil vir sy lewe? 27 Die Seun van
die mens gaan saam met sy engele kom. Hy
sal beklee wees met dieselfde heerlikheid
as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade
vergeld. 28 Dit verseker Ek julle: Daar is
party van dié wat hier staan wat beslis nie
sal sterwe voordat hulle die Seun van die
mens in sy koninkryk sien kom het nie."

### Die verheerliking op die berg

(Mark. 9:2-8; Luk. 9:28-36)

**17** Ses dae later het Jesus vir Petrus
en Jakobus en sy broer Johannes
saamgeneem en hulle op 'n hoë berg
gebring waar hulle alleen was. 2 Daar het
sy voorkoms voor hulle oë verander: sy
gesig het begin straal soos die son, en sy
klere het wit geword soos die lig. 3 Skielik
het Moses en Elia aan hulle verskyn en met
Jesus gepraat.

4 Toe sê Petrus vir Jesus: "Here, dit is
goed dat ons hier is. As U wil, sal ek hier
drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en
een vir Elia."

5 Terwyl hy nog praat, het 'n helderligte
wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi,
en 'n stem uit die wolk het gesê: "Dit is
my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.
Luister na Hom."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

6 Toe sy dissipels dit hoor, het hulle baie
bang geword en op die grond neergeval.
7 Maar Jesus het na hulle toe gekom, hulle
aangeraak en gesê: “Staan op en moenie
bang wees nie.”
8 Toe hulle opkyk, het hulle niemand
gesien nie, net Jesus alleen.

**Die koms van Elia**

(Mark. 9:9-13)

9 Terwyl hulle van die berg afkom, het
Jesus hulle beveel: “Wat julle gesien het,
moet julle vir niemand vertel voordat die
Seun van die mens uit die dood opgewek
is nie.”
10 Die dissipels vra Hom toe: “Waarom
sê die skrifgeleerdes dan dat Elia eers
moet kom?”
11 “Elia kom wel om alles weer reg te
maak,” antwoord Hy, 12 “maar Ek sê vir
julle Elia het al gekom, maar hulle het hom
nie herken nie en met hom gemaak net
wat hulle wou. So sal ook die Seun van die
mens deur hulle mishandel word.”
13 Toe het die dissipels verstaan dat
Hy met hulle van Johannes die Doper
gepraat het.

**Jesus maak ’n seun gesond**

(Mark. 9:14-29; Luk. 9:37-43)

14 Toe hulle weer by die mense kom, het
’n man voor Hom kom kniel 15 en gesê:
“Here, ontferm U tog oor my seun, want hy
is geestelik versteurd en hy ly verskriklik.
Hy val dikwels in die vuur en dikwels in
die water. 16 Ek het hom al na u dissipels
toe gebring, en hulle kon hom nie gesond
maak nie.”
17 “Ongelowige en ontaarde geslag,” het
Jesus gesê, “hoe lank moet Ek nog saam
met julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog
verdra? Bring hom hier vir My!”
18 Jesus het die bose gees skerp
aangespreek, en die bose gees het van die
seun af weggegaan. Van daardie oomblik af
het die seun gesond geword.
19 Die dissipels het toe alleen na Jesus toe
gekom en gevra: “Waarom kon ons hom nie
uitdryf nie?”
20 “Omdat julle geloof te klein is,” sê
Hy vir hulle. “Dit verseker Ek julle: As
julle maar geloof het so groot soos ’n
mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê:
‘Gaan staan daar anderkant!’ en hy sal gaan.
Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”[g]

**Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan**

(Mark. 9:30-32; Luk. 9:43-45)

22 Toe die dissipels weer in Galilea
bymekaar was, het Jesus vir hulle gesê:
“Die Seun van die mens gaan oorgelewer
word in die hande van mense, 23 en hulle
sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal
Hy uit die dood opgewek word.”
Hieroor het hulle baie bedroef geword.

**Die tempelbelasting**

24 By hulle aankoms in Kapernaum het
die amptenare wat die tempelbelasting
invorder, na Petrus toe gegaan en gesê:
“Wat van julle leermeester? Betaal hy dan
nie tempelbelasting nie?”
25 “Ja, natuurlik,” antwoord hy.
Toe hy in die huis kom, was Jesus hom
voor met die vraag: “Simon, hoe dink jy:
Van wie vorder die konings van die wêreld
tol of belastings in? Van hulle seuns of van
ander mense?”
26 Toe Petrus antwoord: “Van ander
mense,” sê Jesus vir hom: “Dan is die seuns
mos vrygestel. 27 Maar ons moenie hierdie
mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en
gooi hoek in, en die eerste vis wat byt,
moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak,
sal jy ’n silwermuntstuk daarin kry. Vat
dit en betaal hulle die belasting vir My en
vir jou.”

**Die belangrikste in die koninkryk**

(Mark. 9:33-37; Luk. 9:46-48)

**18** In daardie tyd het die dissipels by
Jesus gekom met die vraag: “Wie
is die belangrikste in die koninkryk van die
hemel?”
2 Hy het ’n kindjie nader geroep en hom
tussen hulle laat staan 3 en gesê: “Dit
verseker Ek julle: As julle nie verander en

**g** Sommige manuskripte voeg by: 21 “Maar hierdie goed kan net deur gebed en vas uitgedryf word.”, vgl. Mark. 9:29.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

soos kindertjies word nie, sal julle beslis
nie in die koninkryk van die hemel kom
nie. 4 Wie homself gering ag soos hierdie
kindjie, hy is die belangrikste in die
koninkryk van die hemel. 5 En wie so 'n
kindjie in my Naam ontvang, ontvang My."

### Aanleiding tot afvalligheid

(Mark. 9:42-48; Luk. 17:1-2)

6 "Elkeen wat een van hierdie kleintjies
wat in My glo, van My afvallig maak,
vir hom is dit beter as hy met 'n groot
meulsteen aan sy nek in die diep see
verdrink. 7 Hoe jammer tog vir die wêreld
dat daar dinge is wat die mens afvallig
maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar
wee die mens deur wie dit kom.

8 "As jou hand of jou voet jou van My
afvallig maak, kap hom af en gooi hom van
jou af weg. Dit is vir jou beter om vermink
of kreupel die lewe in te gaan as om met
altwee jou hande of voete in die ewige vuur
gegooi te word. 9 En as jou oog jou van My
afvallig maak, ruk hom uit en gooi hom van
jou af weg. Dit is vir jou beter om met een
oog die lewe in te gaan as om met altwee oë
in die vuur van die hel gegooi te word."

### Die gelykenis van die verlore skaap

(Luk. 15:3-7)

10 "Julle moet nooit een van hierdie
kleintjies minag nie, want Ek verseker julle
dat hulle engele in die hemel gedurigdeur
by my hemelse Vader is.[h]

12 "Hoe dink julle? As iemand honderd
skape het en een van hulle raak weg, sal
hy nie die nege en negentig daar in die
bergveld laat staan en die een wat weg
is, gaan soek nie? 13 En as hy hom kry,
verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as
oor die nege en negentig wat nie weggeraak
het nie. 14 So is dit ook nie die wil van julle
Vader in die hemel dat een van hierdie
kleintjies verlore moet gaan nie."

### 'n Broer wat sondig

(Luk. 17:3)

15 "As jou broer verkeerd opgetree het
teen jou, gaan wys hom tereg waar julle
eenkant alleen is. As hy na jou luister, het
jy jou broer teruggewen. 16 Maar as hy nie
luister nie, neem nog een of twee met jou
saam, sodat alles wat gesê word, deur die
woord van twee of drie getuies bevestig
kan word. 17 En as hy na hulle nie luister
nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na
die gemeente nie luister nie, moet jy hom
as 'n heiden en 'n tollenaar behandel.

18 "Dit verseker Ek julle: Wat julle ook
al op die aarde toesluit, sal in die hemel
toegesluit bly; en wat julle ook al op die
aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit
bly. 19 Verder verseker Ek julle: As twee van
julle op aarde oor enige saak saamstem en
daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel
is, hulle dit laat kry, 20 want waar twee of
drie in my Naam saam is, daar is Ek by
hulle."

### Die plig om te vergewe

21 Daarna het Petrus na Jesus toe gekom
en gevra: "Here, hoeveel keer moet ek my
broer vergewe as hy iets verkeerds teen my
doen? Selfs sewe keer?"

22 Jesus antwoord hom: "Ek sê vir jou,
nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal
sewe keer. 23 Daarom kan die koninkryk
van die hemel vergelyk word met 'n koning
wat besluit het om saam met sy amptenare
hulle boeke na te gaan. 24 Toe hy daarmee
begin, is een amptenaar na hom toe gebring
wat miljoene rand geskuld het. 25 Hy kon
dit nie betaal nie, en daarom het die koning
beveel dat hy en sy vrou en sy kinders
en alles wat hy het, verkoop en die skuld
betaal moet word. 26 Die man het voor hom
neergeval en gesoebat: 'Gee my tog uitstel;
ek sal u alles terugbetaal.' 27 Die koning het
hom jammer gekry, hom laat gaan en sy
skuld afgeskryf.

28 "Toe daardie man buite kom, het hy
een van sy medeamptenare raakgeloop wat
hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het
hom gegryp en gewurg, en gesê: 'Betaal
wat jy skuld!' 29 Sy medeamptenaar het
voor hom neergeval en hom gesmeek: 'Gee
my tog uitstel, ek sal jou betaal.' 30 Maar
hy wou nie en hy is daar weg om hom in

**h** Sommige manuskripte voeg by: 11 "Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is.", vgl. Matt. 9:13; Luk. 19:10.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die tronk te laat gooi totdat hy die skuld
betaal het.
31 "Toe sy medeamptenare sien wat
gebeur het, was hulle diep teleurgesteld,
en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle
koning gaan vertel. 32 Die koning het hom
laat haal en vir hom gesê: 'Jou skurk! Al
daardie skuld het ek vir jou afgeskryf
omdat jy my gesoebat het. 33 Moes jy nie
ook jou medeamptenaar jammer gekry het
soos ek jou jammer gekry het nie?' 34 Die
koning was woedend en het hom oorgegee
om gemartel te word totdat hy al die skuld
betaal het.
35 "So sal my Vader wat in die hemel is,
ook met julle maak as julle nie elkeen sy
broer van harte vergewe nie."

#### Gesprek oor egskeiding

(Mark. 10:1-12)

**19** Nadat Jesus klaar gepraat het, het
Hy uit Galilea vertrek en in die
gebied van Judea anderkant die Jordaan
gekom. 2 Groot menigtes het agter Hom
aan gegaan, en Hy het hulle daar gesond
gemaak.
3 Daar was Fariseërs wat Hom op die
proef wou stel, en hulle kom toe by Hom
met die vraag: "Mag 'n man sommer oor
enige ding van sy vrou skei?"
4 Hy het hulle geantwoord: "Het julle nie
gelees dat die Skepper hulle van die begin
af man en vrou gemaak het nie?[i] 5 Daarby
het Hy gesê: 'Daarom sal 'n man sy vader
en moeder verlaat en saam met sy vrou
lewe en hulle twee sal een wees.'[j] 6 Hulle
is dus nie meer twee nie, maar een. Wat
God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie
skei nie."
7 Hulle vra Hom toe: "Waarom het Moses
dan bepaal dat, as iemand sy vrou 'n
skeibrief gee, hy van haar kan skei?"[k]
8 Hy antwoord hulle: "Dit is oor die
hardheid van julle harte dat Moses julle
toegelaat het om van julle vrouens te skei,
maar dit was nie van die begin af so nie.
9 Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou
skei, behalwe oor owerspel, en met 'n ander
een trou, pleeg egbreuk."
10 Sy dissipels sê toe vir Hom: "As dit is
hoe die saak met man en vrou staan, is dit
beter om nie te trou nie."
11 Maar Hy sê vir hulle: "Wat julle nou
sê, is nie vir almal moontlik nie, net vir
dié aan wie dit gegee is. 12 Daar is mense
wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle
geboorte af so is, ander is deur mense so
gemaak, en ander het self so gekies ter
wille van die koninkryk van die hemel.
"Wie dit kan doen, laat hy dit doen."

#### Jesus seën die kindertjies

(Mark. 10:13-16; Luk. 18:15-17)

13 Die mense het kindertjies na Hom toe
gebring dat Hy hulle die hande moet oplê
en vir hulle moet bid. Sy dissipels het met
hulle daaroor geraas.
14 Maar Jesus het gesê: "Laat staan die
kindertjies en moet hulle nie verhinder om
na My toe te kom nie, want die koninkryk
van die hemel is juis vir mense soos hulle."
15 Nadat Hy hulle die hande opgelê het,
het Hy daarvandaan weggegaan.

#### Die ryk jongman

(Mark. 10:17-31; Luk. 18:18-30)

16 Daar het iemand na Hom toe gekom en
gesê: "Meneer, watter goeie daad moet ek
doen om die ewige lewe te verkry?"
17 Hy het vir hom gesê: "Waarom vra jy
My uit oor wat goed is? Daar is net Een
wat goed is. Maar as jy die ewige lewe wil
ingaan, onderhou die gebooie."
18 "Watter gebooie bedoel u?" het hy vir
Hom gevra.
Jesus het gesê: "Dit: Jy mag nie moord
pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy
mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis
aflê nie, 19 eer jou vader en jou moeder[l] en:
jy moet jou naaste liefhê soos jouself.[m]"
20 "Dit alles het ek nagekom," het die
jongman gesê. "In watter opsig skiet ek nog
te kort?"
21 Jesus het hom geantwoord: "As jy
volmaak wil wees, gaan verkoop jou
besittings en gee die geld vir die armes,
en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan
terug en volg My."

**i** Vgl. Gen. 1:27 **j** Gen. 2:24 **k** Vgl. Deut. 24:1 **l** Eks. 20:12-16; Deut. 5:16-20 **m** Lev. 19:18

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

22 Toe die jongman dit hoor, het hy
bedruk weggegaan, want hy het baie
besittings gehad.
23 Jesus het toe vir sy dissipels gesê: "Dit
verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik
in die koninkryk van die hemel kom. 24 Ek
stel dit nog sterker: Dit is makliker vir 'n
kameel om deur die oog van 'n naald te
kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van
God te kom."
25 Toe die dissipels dit hoor, het dit hulle
geweldig ontstel, en hulle het gesê: "Wie
kan dan gered word?"
26 Jesus het reguit na hulle gekyk en
gesê: "Vir mense is dit onmoontlik, maar
vir God is alles moontlik."
27 Toe sê Petrus vir Hom: "Kyk, ons
het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons
daarvoor kry?"
28 Jesus antwoord hulle: "Dit verseker
Ek julle: Wanneer alles nuut gemaak word,
as die Seun van die mens op sy koninklike
troon sit, sal ook julle wat My gevolg
het, op twaalf trone sit en oor die twaalf
stamme van Israel regeer. 29 En elkeen
wat ter wille van my Naam afgesien het
van huise of broers of susters of vader of
moeder of kinders of grond, sal honderd
maal soveel ontvang en die ewige lewe as
erfenis kry.
30 "Maar baie wat eerste is, sal laaste
wees, en wat laaste is, eerste."

### Gelykenis van die arbeiders in die wingerd

20 "Met die koninkryk van die hemel
gaan dit soos met die eienaar van
'n wingerd wat vroeg in die môre uitgegaan
het om arbeiders vir sy wingerd te huur.
2 "Nadat hy met die arbeiders
ooreengekom het om hulle die gewone
dagloon te betaal, stuur hy hulle om in sy
wingerd te gaan werk. 3 Teen nege-uur gaan
hy weer uit en sien ander werkloos op die
mark rondstaan, 4 en hy sê vir hulle: 'Gaan
werk julle ook in my wingerd, en wat billik
is, sal ek julle betaal.' 5 Hulle is toe soontoe.
Teen twaalfuur en teen drie-uur het hy weer
uitgegaan en dieselfde gedoen. 6 Omtrent
vyfuur gaan hy uit en kry ander wat daar
rondstaan, en hy sê vir hulle: 'Waarom
staan julle heeldag werkloos hier rond?'
7 Hulle antwoord hom: 'Omdat niemand ons
gehuur het nie.' 'Gaan werk julle ook in my
wingerd,' sê hy toe vir hulle.
8 "Toe dit aand word, sê die eienaar van
die wingerd vir sy voorman: 'Roep die
arbeiders en betaal hulle hulle loon. Begin
by die laastes en eindig by die eerstes.'
9 "Dié wat teen vyfuur gehuur is, kom toe
en kry elkeen die gewone dagloon. 10 Die
mense wat eerste gehuur is, het gedink
hulle sou meer kry, maar toe hulle aan die
beurt kom, kry hulle ook elkeen die gewone
dagloon. 11 Hulle vat toe die geld maar begin
by die eienaar kla 12 en sê: 'Hierdie laastes
het net een uur gewerk, en nou betaal u
hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele
dag hard gewerk het in die warm son.'
13 "Maar hy antwoord een van hulle:
'Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie.
Het jy nie met my ooreengekom vir die
gewone dagloon nie? 14 Vat jou geld en
gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een
dieselfde gee as vir jou. 15 Mag ek dan nie
met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy
afgunstig omdat ek goed is?'
16 "So sal die laastes eerste wees, en die
eerstes laaste."

### Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan

(Mark. 10:32-34; Luk. 18:31-34)

17 Terwyl Jesus na Jerusalem toe op pad
was, neem Hy die twaalf dissipels opsy, en
so in die loop sê Hy vir hulle: 18 "Kyk, ons
gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun
van die mens aan die priesterhoofde en
skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal
Hom tot die dood veroordeel. 19 Hulle sal
Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal
bespot en gesel en kruisig. En op die derde
dag sal Hy uit die dood opgewek word."

### Die versoek van Jakobus en Johannes

(Mark. 10:35-45; Luk. 22:24-30)

20 Toe kom die vrou van Sebedeus met
haar twee seuns by Jesus en kniel voor
Hom om Hom 'n guns te vra.
21 "Wat kan Ek vir u doen?" vra Hy
vir haar.
Sy sê vir Hom: "Belowe my dat hierdie
twee seuns van my in u koninkryk langs U

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

mag sit, een aan u regterhand en die ander
een aan u linkerhand."
22 Toe antwoord Jesus: "Julle weet nie
wat julle vra nie. Kan julle die lydensbeker
drink wat Ek gaan drink?"
"Ons kan," antwoord hulle.
23 Jesus sê toe vir hulle: "Ja, my beker sal
julle drink. Maar om aan my regter- en my
linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie;
dit is vir dié vir wie my Vader dit gereed
gemaak het."
24 Toe die tien ander dissipels dit hoor,
was hulle kwaad vir die twee broers.
25 Jesus roep hulle toe nader en sê: "Julle
weet dat dit by die nasies so is dat die
regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot
manne die mag oor hulle misbruik. 26 Maar by
julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in
julle kring groot wil word, moet julle dienaar
wees; 27 en elkeen wat onder julle die eerste
wil wees, moet julle slaaf wees. 28 So is dit ook
met die Seun van die mens: Hy het nie gekom
om gedien te word nie maar om te dien en sy
lewe te gee as losprys vir baie mense."

### Jesus maak twee blindes gesond

(Mark. 10:46-52; Luk. 18:35-43)

29 Toe hulle uit Jerigo uitgaan, het 'n groot
menigte Jesus gevolg. 30 Twee blinde mans
wat langs die pad gesit het, het gehoor dat
Jesus verbykom. Toe roep hulle uit: "Here,
Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!"
31 Die mense het met hulle geraas en
gesê hulle moet stilbly, maar hulle het al
hoe harder geroep: "Here, Seun van Dawid,
ontferm U tog oor ons!"
32 Jesus het gaan staan, hulle geroep
en gevra: "Wat wil julle hê moet Ek vir
julle doen?"
33 Hulle sê toe vir Hom: "Here, dat ons oë
oopgaan."
34 Jesus het hulle innig jammer gekry en
hulle oë aangeraak. Dadelik kon hulle sien
en het hulle Hom gevolg.

### Die intog van Jesus in Jerusalem

(Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-38; Joh. 12:12-19)

21 Toe hulle naby Jerusalem kom en
Betfage aan die Olyfberg bereik,
het Jesus twee dissipels vooruit gestuur 2 en
vir hulle gesê: "Gaan na die dorpie daar reg
voor julle, en net soos julle inkom, sal julle
daar 'n donkie kry wat vasgemaak is, en 'n
vul by haar. Maak haar los en bring hulle
vir My. 3 En as iemand vir julle iets daaroor
sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig,
en Hy sal hulle gou weer terugstuur."
4 Dit het gebeur sodat die uitspraak van
die profeet vervul sou word:

5 "Sê vir Sion:
Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is
nederig en Hy ry op 'n donkie, op
die vul van 'n pakdier."[n]

6 Die twee dissipels het toe vooruit
gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel
het. 7 Hulle het die donkie en die vul
gebring, van hulle klere op die diere gesit,
en Jesus het opgeklim. 8 Die grootste deel
van die skare het van hulle klere op die pad
oopgegooi, en ander het takkies van die
bome afgebreek en dit op die pad gestrooi.
9 Die mense wat voor Jesus geloop het en
dié wat agter Hom aan gekom het, het
begin uitroep:

"Prys die Seun van Dawid!
Loof Hom wat in die Naam van die
Here kom![o]
Prys Hom in die hoogste hemel!"

10 Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het
die hele stad in beroering gekom en gevra:
"Wie is hierdie man?"
11 Die skare het geantwoord: "Dit is die
profeet Jesus van Nasaret in Galilea!"

### Die reiniging van die tempel

(Mark. 11:15-19; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-22)

12 Jesus het tempel toe gegaan en al
die mense wat op die tempelplein koop
en verkoop, daar uitgejaag. Die tafels van
die geldwisselaars en die stoele van die
duiweverkopers het Hy omgegooi 13 en vir
hulle gesê: "Daar staan geskrywe: 'My huis
sal 'n huis van gebed wees,'[p] maar julle
maak dit 'n rowersnes."

**n** Sag. 9:9. Vgl. Jes. 62:11 **o** Vgl. Ps. 118:26 **p** Jes. 56:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

14 Blindes en kreupeles het daar in die
tempel na Hom toe gekom, en Hy het
hulle gesond gemaak. 15 Maar toe die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes die
wonderlike dinge sien wat Hy doen, en
ook die kinders wat in die tempel aanhou
uitroep: "Prys die Seun van Dawid!" was
hulle verontwaardig. 16 Hulle sê toe vir
Hom: "Hoor jy wat sê hulle daar?"
"Ja," antwoord Jesus. "Het julle nooit
gelees nie: U het daarvoor gesorg dat
kinders en suigelinge u lof sing[q]?"
17 Toe het Hy hulle verlaat en uit die stad
uitgegaan na Betanië toe, waar Hy die nag
gebly het.

**Jesus vervloek die vyeboom**

(Mark. 11:12-14,20-24)

18 Vroeg die môre op pad terug stad
toe het Jesus honger gekry. 19 Toe Hy 'n
alleenstaande vyeboom langs die pad sien,
gaan Hy daarheen, maar Hy het niks anders
as blare daaraan gekry nie. Hy sê toe vir
die boom: "Jy sal in der ewigheid nooit
weer vrugte dra nie."
En die vyeboom het dadelik verdroog.
20 Toe die dissipels dit sien, was hulle
verbaas en het hulle gevra: "Hoe het die
vyeboom dan so skielik verdroog?"
21 Daarop antwoord Jesus hulle: "Dit
verseker Ek julle: As julle geloof het en nie
twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan
die vyeboom gedoen het. Meer nog: Julle
sal vir hierdie berg kan sê: 'Lig jou op en
val in die see!' en dit sal gebeur. 22 As julle
glo, sal julle alles ontvang wat julle in die
gebed vra."

**Die vraag oor Jesus se gesag**

(Mark. 11:27-33; Luk. 20:1-8)

23 Jesus het na die tempel toe gegaan,
en terwyl Hy besig was om die mense
te leer, kom die priesterhoofde en die
familiehoofde van die volk na Hom toe
en vra: "Met watter gesag doen u hierdie
dinge? En wie het u hierdie gesag gegee?"
24 Toe antwoord Jesus hulle: "Ek gaan
julle een ding vra, en as julle My daarop
antwoord, sal Ek vir julle sê met watter
gesag Ek hierdie dinge doen. 25 Die doop
van Johannes, waar het dit vandaan
gekom: van God, of van mense af?"
Hulle redeneer toe onder mekaar: "As ons
sê: 'Van God af,' sal hy vir ons sê: 'Waarom
het julle hom dan nie geglo nie?' 26 Maar
as ons sê: 'Van mense af,' kom ons by die
mense in die moeilikheid, want almal
beskou Johannes as 'n profeet."
27 Toe antwoord hulle vir Jesus: "Ons
weet nie."
En Hy sê vir hulle: "Dan sê Ek ook nie
vir julle met watter gesag Ek hierdie dinge
doen nie."

**Die gelykenis van die twee seuns**

28 "Wat sê julle hiervan? Daar was 'n man
met twee seuns. Hy het vir die een gaan sê:
'Seun, gaan werk vandag in die wingerd.'
29 'Ek wil nie!' antwoord hy, maar later het
hy spyt gekry en tog gegaan. 30 Die man
het toe na die ander seun toe gegaan en vir
hom dieselfde gesê. Hy het geantwoord:
'Goed, Pa,' maar hy het nie gegaan nie.
31 Wie van die twee het gedoen wat hulle
pa wou hê?"
Hulle sê: "Die eerste."
Toe sê Jesus vir hulle: "Dit verseker Ek
julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder
as julle in die koninkryk van God in.
32 Johannes het gekom om julle die regte
pad te wys, en julle het hom nie geglo
nie, maar tollenaars en prostitute het hom
geglo. Maar selfs toe julle dit sien, het julle
nie agterna berou gekry en hom geglo nie."

**Die gelykenis van die boere en die wingerd**

(Mark. 12:1-12; Luk. 20:9-19)

33 "Luister na nog 'n gelykenis," het
Jesus gesê. "Daar was 'n grondbesitter wat
'n wingerd geplant en 'n klipmuur daar
rondom gebou het. Hy het daarin ook 'n
parskuip uitgekap en 'n wagtoring opgerig.
Toe het hy dit aan boere verhuur en op
reis gegaan. 34 Toe dit tyd geword het vir
die druiweoes, het hy van sy slawe na die
boere toe gestuur om sy deel van die oes te
gaan haal. 35 Maar die boere het sy slawe

**q** Vgl. Ps. 8:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

gevang, die een geslaan, en 'n ander een
doodgemaak en 'n ander een gestenig.
36 Die eienaar het toe weer ander slawe
gestuur, meer as die eerstes, maar die boere
het met hulle net so gemaak. 37 Heel laaste
het hy sy seun na hulle toe gestuur met
die gedagte: hulle sal tog my seun ontsien.
38 Maar toe die boere die seun sien, sê
hulle vir mekaar: 'Dit is die erfgenaam dié.
Kom ons maak hom dood en vat sy erfenis.'
39 Hulle het hom toe gegryp en hom uit die
wingerd uitgegooi en doodgemaak.

40 "As die eienaar van die wingerd
terugkom, wat sal hy met daardie
boere doen?"

41 Hulle antwoord Hom: "Hy sal daardie
slegte mense 'n vreeslike dood laat sterwe
en die wingerd aan ander boere verhuur
wat hom op die regte tyd sy deel van die
oes sal gee."

42 Toe sê Jesus vir hulle: "Julle het tog al
in die Skrif gelees:

> "Die klip wat deur die bouers
> afgekeur is,
> juis hy het die belangrikste klip in die
> gebou geword.
> Dit is deur die Here gedoen en is 'n
> wonder in ons oë.[r]

43 "Daarom sê Ek vir julle dat die
koninkryk van God van julle weggeneem
sal word en aan 'n volk gegee sal word wat
die vrugte daarvan sal lewer.

44 "Wie op hierdie klip val, sal verpletter
word, en die een op wie hy val, sal hy
vermorsel."

45 Toe die priesterhoofde en die Fariseërs
Jesus se gelykenisse hoor, het hulle besef
dat Hy op hulle sinspeel. 46 Daarom wou
hulle Hom gevange neem, maar hulle was
bang vir die skare, omdat dié Hom as 'n
profeet beskou het.

### Die gelykenis van die bruilof
(Luk. 14:15-24)

**22** Jesus het weer in gelykenisse met
die mense gepraat. 2 Hy het gesê:
"Met die koninkryk van die hemel gaan
dit soos met 'n koning wat vir sy seun 'n
bruilofsfees voorberei het. 3 Hy het sy slawe
uitgestuur om die genooides na die bruilof
te roep, maar hulle wou nie kom nie. 4 Toe
stuur hy weer ander slawe met die opdrag:
'Sê vir die genooides: Die maaltyd is reg;
my beeste en vetgemaakte vee is geslag, en
alles is gereed. Kom na die bruilof toe.'

5 "Maar die genooides het hulle nie
daaraan gesteur nie, en die een het na sy
stuk grond en 'n ander een na sy werkplek
toe gegaan. 6 En party het sy slawe gegryp
en mishandel en doodgemaak. 7 Die koning
het kwaad geword en sy leër gestuur om
daardie moordenaars dood te maak en
hulle stad aan die brand te steek.

8 "Toe sê hy vir sy slawe: 'Alles staan
klaar vir die bruilofsfees, maar die
genooides was dit nie werd nie. 9 Gaan nou
uit na die straathoeke en nooi soveel mense
as wat julle teenkom, na die bruilofsfees
toe.' 10 Toe het daardie slawe uitgegaan op
die strate en almal wat hulle gekry het,
bymekaargemaak, slegtes sowel as goeies.
So het die feessaal vol gaste geword.

11 "Toe die koning ingaan om na die
gaste te kyk, sien hy daar 'n man wat nie
bruilofsklere aanhet nie, 12 en hy sê vir
hom: 'Vriend, hoe het jy hier ingekom
sonder bruilofsklere aan?' Maar die man
kon niks antwoord nie. 13 Toe sê die
koning vir sy dienaars: 'Bind sy hande en
sy voete vas en gooi hom uit in die diepste
duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en
op hulle tande kners.'

14 "Baie is immers geroep, maar min is
uitverkies."

### Die vraag oor die betaal van belasting
(Mark. 12:13-17; Luk. 20:20-26)

15 Toe het die Fariseërs gaan besluit om
Jesus met 'n vraag in 'n val te lok. 16 Hulle
stuur toe van hulle volgelinge saam met
'n aantal Herodiane om vir Hom te sê:
"Meneer, ons weet dat u iemand is wat u
mening eerlik uitspreek en getrou aan die
waarheid die wil van God bekend maak
sonder om mense in aanmerking te neem,
want u let nie op die aansien van persone

**r** Vgl. Ps. 118:22-23

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

nie. 17 Sê vir ons wat dink u: Is dit reg om
aan die keiser belasting te betaal, of is
dit nie?”
18 Maar Jesus het deur hulle valsheid
gesien en vir hulle gesê: “Huigelaars!
Waarom stel julle vir My ’n strik? 19 Wys
vir My die muntstuk waarmee die belasting
betaal word.”
Hulle bring toe die muntstuk vir Hom,
20 en Hy vra vir hulle: “Wie se kop en naam
is hierop?”
21 “Die keiser s’n,” antwoord hulle.
Jesus sê vir hulle: “Gee dan aan die
keiser wat aan die keiser behoort, en aan
God wat aan God behoort.”
22 Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas
en het hulle Hom met rus gelaat en
weggegaan.

### Die vraag oor die opstanding uit die dood

(Mark. 12:18-27; Luk. 20:27-40)

23 Op dieselfde dag het daar Sadduseërs
by Jesus gekom. Dit is hulle wat beweer
dat daar nie ’n opstanding is nie. Hulle vra
Hom toe: 24 “Meneer, Moses het gesê: ‘As
iemand sterwe sonder om kinders te hê,
moet sy broer met die weduwee trou en ’n
nageslag vir sy broer verwek.’[s] 25 Nou was
daar by ons sewe broers. Die oudste het
getrou en gesterwe. Omdat daar nie kinders
was nie, het sy broer met die weduwee
getrou. 26 Dieselfde het gebeur met die
tweede en die derde broer en uiteindelik
met al sewe. 27 En heel laaste van almal
het die vrou ook gesterwe. 28 Met die
opstanding dan, wie se vrou sal sy wees? Al
sewe het haar mos as vrou gehad.”
29 Maar Jesus antwoord hulle: “Julle dwaal
omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag
van God ken nie. 30 Met die opstanding
trou die mense nie meer nie, maar is hulle
soos die engele in die hemel. 31 En wat die
opstanding van die dooies betref, het julle
dan nie gelees wat God vir julle gesê het nie:
32 ‘Ek is die God van Abraham, die God van
Isak, en die God van Jakob’[t]? Hy is nie die
God van dooies nie maar van lewendes.”
33 Toe die skare dit hoor, was hulle
verslae oor sy leer.

### Die vraag oor die grootste gebod

(Mark. 12:28-34; Luk. 10:25-28)

34 Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die
Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle
bymekaargekom, 35 en een van hulle, ’n
wetgeleerde, het Hom met ’n vraag probeer
vastrek. 36 “Meneer,” vra hy, “wat is die
grootste gebod in die wet?”
37 Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die
Here jou God liefhê met jou hele hart en
met jou hele siel’[u] en met jou hele verstand.
38 Dit is die grootste en die eerste gebod.
39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan,
is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’[v]
40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en
die profete saamgevat.”

### Die vraag oor die Seun van Dawid

(Mark. 12:35-37; Luk. 20:41-44)

41 Toe die Fariseërs bymekaar was, vra
Jesus vir hulle: 42 “Wat dink julle van die
Christus? Wie se seun is Hy?”
“Dawid s’n,” antwoord hulle Hom.
43 Hy sê toe vir hulle: “Waarom het
Dawid deur die ingewing van die Gees Hom
dan ‘Here’ genoem? Hy sê tog:

44 “ ‘Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand totdat Ek jou
vyande aan jou onderwerp het.’[w]

45 “As Dawid self Hom ‘Here’ noem, hoe
kan Hy dan Dawid se seun wees?”
46 Niemand kon Hom daarop iets
antwoord nie. Van dié dag af het niemand
dit meer gewaag om Hom ’n vraag te
stel nie.

### Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes en die Fariseërs

(Mark. 12:38-39; Luk. 11:43-46; 20:45-46)

**23** Toe het Jesus die menigte en sy
dissipels toegespreek 2 en gesê:
“Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het die
gesag om die wet van Moses te vertolk.
3 Julle moet alles doen en onderhou wat
hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld
moet julle nie navolg nie, want hulle doen

s Vgl. Deut. 25:5; Gen. 38:8 t Eks. 3:6,15,16 u Vgl. Deut. 6:5 v Lev. 19:18 w Vgl. Ps. 110:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

self nie wat hulle sê nie. 4 Hulle bind swaar
en ondraaglike laste saam en sit dit op die
mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n
vinger verroer om dit te dra nie. 5 Alles wat
hulle doen, doen hulle net om deur mense
gesien te word. Hulle maak die gebedsband
om hulle voorkop breed, en die tossels
aan hulle klere groot. 6 Hulle hou van die
ereplekke by die feesmaaltye, en van die
voorste plekke in die sinagoges 7 en om op
straat deur die mense begroet en as 'rabbi'
aangespreek te word.

8 "Maar julle moet julle nie 'rabbi' laat
noem nie; net Een is julle Leermeester en
julle is almal broers. 9 Moet niemand hier
op aarde as 'vader' aanspreek nie, want
Een is julle Vader: die Vader in die hemel.
10 Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie,
want Een is julle Leier: die Christus.

11 "Maar die grootste onder julle moet
bereid wees om die ander te dien. 12 Wie
hoogmoedig is, sal verneder word, en wie
nederig is, sal verhoog word."

**Jesus veroordeel huigelary**

(Mark. 12:40; Luk. 11:39-42; 20:47)

13 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die
deur van die koninkryk in die mense se
gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle
verhinder dié wat wel wil ingaan.[x]

15 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see
en land rond om een bekeerling te maak,
en as hy dit word, maak julle hom twee
maal so ryp vir die hel as wat julle self is.

16 "Ellende wag vir julle, julle wat
ander wil lei en self blind is. Julle sê: 'As
iemand by die tempel 'n eed aflê, is hy
nie aan sy eed gebind nie, maar as hy by
die goud van die tempel 'n eed aflê, moet
hy die eed nakom.' 17 Blinde dwase! Wat
is belangriker: die goud of die tempel
waardeur die goud geheilig word? 18 Julle
sê ook: 'As iemand by die altaar 'n eed
aflê, is hy nie aan sy eed gebind nie, maar
as hy by die offergawe bo-op die altaar 'n
eed aflê, moet hy die eed nakom.' 19 Julle
blindes! Wat is belangriker: die offergawe
of die altaar waardeur die offergawe
geheilig word? 20 Wie by die altaar 'n eed
aflê, lê 'n eed af by die altaar en by alles
wat daarop is. 21 Wie by die tempel 'n eed
aflê, lê 'n eed af by die tempel en by God
wat daarin woon. 22 En wie by die hemel 'n
eed aflê, lê 'n eed af by die troon van God
en by God wat daarop sit.

23 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes
van kruisement, anys en koljander,
maar wat volgens die wet van God die
swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid,
barmhartigheid en betroubaarheid. Juis
hierdie dinge moet 'n mens doen en die
ander nie nalaat nie. 24 Blinde leiers! Julle
skep die muggie uit julle beker uit, maar
julle sluk die kameel in.

25 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! Julle maak die
buitekant van die beker en die skottel
skoon, maar binne is hulle vol hebsug en
onmatigheid. 26 Blinde Fariseër, maak eers
die binnekant van die beker skoon, dan sal
sy buitekant ook skoon wees.

27 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! Julle is soos
witgeverfde grafte, wat van buite mooi
lyk maar daarbinne vol doodsbene en
allerhande onsuiwerheid is. 28 So is julle
ook: van buite lyk julle vir mense vroom,
maar van binne is julle vol huigelary en
minagting van die wet."

**Jesus kondig hulle straf aan**

(Luk. 11:47-51)

29 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes
en Fariseërs, huigelaars! Julle hou die
grafte van die profete in stand en versier die
gedenktekens van die vromes, 30 en julle sê:
'As ons in die dae van ons voorvaders gelewe
het, sou ons nie medepligtig gewees het aan
die vergieting van die bloed van die profete
nie.' 31 Op dié manier erken julle self dat
julle nakomelinge is van die moordenaars
van die profete. 32 Gaan maar aan, maak
klaar wat julle voorvaders begin het!

33 "Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle
ontkom aan die straf in die hel? 34 Luister

**x** Sommige manuskripte voeg by: 14 "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle palm die huise van die weduwees in en sê vir die skyn lang gebede op. Daarom sal julle swaarder straf ontvang.", vgl. Mark. 12:40; Luk. 20:47.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

dus goed! Ek stuur profete, wyse manne
en leraars na julle toe. Julle sal party van
hulle doodmaak en kruisig, en party in
julle sinagoges gesel en hulle van die een
dorp na die ander vervolg. 35 So sal julle
verantwoordelik wees vir die bloed van al
die vromes wat op die aarde uitgestort is,
van die bloed van die onskuldige Abel af tot
by die bloed van Sagaria seun van Berekja,
vir wie julle tussen die tempel en die altaar
vermoor het. 36 Dit verseker Ek julle: Die
straf vir al hierdie dinge sal op die mense
van vandag neerkom."

**Klag oor Jerusalem**

(Luk. 13:34-35)

37 "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die
profete doodmaak en die boodskappers
stenig wat na jou toe gestuur is, hoe
dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak
soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke
bymekaarmaak, maar julle wou nie! 38 Kyk,
nou word julle stad as puinhoop aan julle
oorgelaat. 39 Maar Ek sê vir julle: Julle sal
My van nou af sekerlik nie sien nie totdat
die dag kom wanneer julle sal uitroep: Loof
Hom wat in die Naam van die Here kom![y]"

**Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word**

(Mark. 13:1-2; Luk. 21:5-6)

**24** Toe Jesus van die tempel af
weggaan, het sy dissipels nader
gekom en sy aandag op die tempelgeboue
gevestig. 2 Maar Hy antwoord hulle: "Julle
sien al hierdie dinge? Dit verseker Ek julle:
Hier sal nie een klip op die ander bly nie;
alles sal afgebreek word."

**Die profetiese rede: rampe en vervolging**

(Mark. 13:3-13; Luk. 21:7-19)

3 Nadat Jesus op die Olyfberg gaan sit
het, kom die dissipels alleen na Hom toe en
vra: "Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge
gebeur en wat sal die teken van u koms en
van die einde van hierdie wêreld wees?"

4 Jesus antwoord hulle: "Pas op dat
niemand julle mislei nie. 5 Baie sal onder
my Naam kom en sê: 'Ek is die Christus,' en
hulle sal baie mense mislei. 6 Julle sal die
rumoer van oorloë en gerugte van oorloë
hoor. Pas op, moenie verskrik word nie.
Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde
nie. 7 Die een nasie sal teen die ander te
staan kom en die een koninkryk teen die
ander; daar sal op baie plekke hongersnode
en aardbewings wees. 8 Al hierdie dinge is
geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.

9 "Die mense sal julle oorlewer om
mishandel te word, en hulle sal julle
doodmaak. Julle sal deur al die nasies
gehaat word omdat julle my Naam bely.
10 In daardie tyd sal baie mense van die
geloof afvallig word, en hulle sal mekaar
verraai en mekaar haat.

11 "Daar sal baie vals profete kom, en
hulle sal baie mense mislei. 12 Omdat
die minagting van die wet van God sal
toeneem, sal die liefde by baie verkoel.
13 Maar wie tot die einde volhard, sal
gered word. 14 En hierdie evangelie van die
koninkryk sal in die hele wêreld verkondig
word, sodat al die nasies die getuienis kan
hoor. Eers dan sal die einde kom."

**Die profetiese rede: die groot verdrukking**

(Mark. 13:14-23; Luk. 21:20-24)

15 "Wanneer julle ooreenkomstig die
woord van die profeet Daniël die ding wat
'n gruwel is vir God en wat verwoesting
aanrig, in die heilige plek sien staan – wie
dit lees, moet dit goed begryp – 16 dan moet
dié wat in Judea is, die berge in vlug. 17 Die
man wat op die dakstoep sit, moet nie
ingaan om sy goed uit die huis te gryp nie,
18 en die man wat op die land is, moet nie
omdraai om sy klere te gaan haal nie.

19 "Dit sal bitter swaar gaan met die
vrouens wat in daardie tyd swanger is en met
dié wat nog klein kindertjies het. 20 Bid dat
julle nie in die winter of op 'n sabbatdag hoef
te vlug nie, 21 want in daardie tyd sal daar so
'n groot verdrukking wees soos daar van die
begin van die wêreld af nie was nie en ook
nie weer sal wees nie. 22 En as dit nie was dat
God daardie tyd ingekort het nie, sou geen
mens dit oorleef nie; maar ter wille van die
uitverkorenes sal God daardie tyd inkort.

**y** Ps. 118:26

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

23 “As iemand in daardie tyd vir julle sê:
‘Kyk, hier is die Christus!’ of: ‘Kyk, daar is
Hy!’ moet julle dit nie glo nie. 24 Daar sal
vals christusse en vals profete na vore kom,
en hulle sal groot tekens en wonderwerke
doen om, as dit moontlik was, selfs die
uitverkorenes te mislei. 25 Kyk, Ek het dit
vir julle vooruit gesê. 26 En as die mense vir
julle sê: ‘Kyk, Hy is in die woestyn!’ moet
julle nie daarheen gaan nie; of as hulle sê:
‘Hy is in die slaapkamer!’ moet julle dit nie
glo nie. 27 Die koms van die Seun van die
mens sal wees soos ’n weerligstraal wat in
die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in
die weste verlig.
28 “Waar die aas ook al lê, daar sal die
aasvoëls bymekaarkom.”

### Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens

(Mark. 13:24-27; Luk. 21:25-28)

29 “Kort na die verdrukking van
daardie tyd
sal die son verduister word, en die
maan sal nie skyn nie;
die sterre sal uit die ruimte val, en
die kragte van die hemelruim sal
ontwrig word.

30 “Dan sal die teken van die Seun van die
mens in die hemelruim verskyn, en al die
volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal
die Seun van die mens op die wolke van die
hemel sien kom met groot krag en majesteit.
31 Die groot trompet sal weerklink, en Hy
sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes
bymekaar te maak uit die vier windstreke,
van elke uithoek van die aarde af.”

### Die profetiese rede: die voorbeeld van die vyeboom

(Mark. 13:28-31; Luk. 21:29-33)

32 “Leer dit van die vyeboom as
voorbeeld: wanneer sy takke begin sag
word en hy blare kry, weet julle die somer
is naby. 33 So moet julle ook wanneer julle
al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby
is, voor die deur. 34 Dit verseker Ek julle:
Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit
alles gebeur. 35 Die hemel en die aarde sal
vergaan, maar my woorde nooit.”

### Die profetiese rede: die dag en die uur van die wederkoms

(Mark. 13:32-37; Luk. 17:26-30,34-35)

36 “Maar niemand weet wanneer daardie
dag en uur kom nie, nie die engele in die
hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die
Vader weet dit. 37 Soos dit in die dae van
Noag was, sal dit ook wees by die koms van
die Seun van die mens. 38 In daardie dae
voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik
geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat
Noag in die ark ingegaan het. 39 Hulle het nie
besef wat aan die gang was nie, totdat die
sondvloed gekom en hulle almal weggesleur
het. Net so sal dit gaan by die koms van die
Seun van die mens. 40 Dan sal twee mense
op die land werk, die een sal saamgeneem
en die ander een agtergelaat word. 41 Twee
vroue sal by die meul koring maal, die een
sal saamgeneem en die ander een agtergelaat
word. 42 Bly dus waaksaam, omdat julle nie
weet watter dag julle Here kom nie.
43 “Onthou dit: as die huiseienaar geweet
het watter tyd van die nag die dief kom,
sou hy wag gehou het en nie toegelaat het
dat daar in sy huis ingebreek word nie.
44 Om dieselfde rede moet julle ook altyd
gereed wees, want die Seun van die mens
kom op ’n uur dat julle dit nie verwag nie.”

### Die profetiese rede: die getroue en die ontroue slaaf

(Luk. 12:41-48)

45 “Wie is eintlik die getroue en
verstandige slaaf vir wie sy eienaar oor
sy ander slawe aangestel het om hulle op
tyd kos te gee? 46 Dit is die slaaf vir wie sy
eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal
kry. Gelukkig is hy! 47 Dit verseker Ek julle:
Hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit.
48 “Maar as dit ’n slegte slaaf is, sal hy
by homself dink: my eienaar bly lank weg.
49 Dan sal hy die ander slawe begin slaan
en saam met die dronkaards eet en drink.
50 Die eienaar van daardie slaaf sal op ’n
dag kom dat hy dit nie verwag nie, en op ’n
uur wat hy nie vooraf weet nie. 51 Dan sal
sy eienaar hom laat doodmaak en hom die
lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle
huil en op hulle tande kners.”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Die profetiese rede: die gelykenis van die tien meisies

25 “Dan sal dit met die koninkryk
van die hemel gaan soos met tien
meisies wat hulle lampe gevat het om die
bruidegom te gaan inwag. 2 Vyf van hulle
was onverstandig en vyf verstandig. 3 Die
onverstandiges het hulle lampe gevat maar
nie ekstra olie met hulle saamgevat nie,
4 terwyl die verstandiges saam met hulle
lampe ook nog olie in houers gevat het.
5 Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle
almal vaak geword en aan die slaap geraak.
6 “In die middel van die nag was daar
’n geroep: ‘Hier kom die bruidegom!
Gaan hom tegemoet!’ 7 Toe staan al die
meisies op en maak hulle lampe reg. 8 Die
onverstandiges sê toe vir die verstandiges:
‘Gee vir ons van julle olie, want ons
lampe gaan dood.’ 9 Maar die verstandiges
antwoord: ‘Nee, daar is nie genoeg vir ons
en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en
koop vir julle olie.’
10 “Terwyl die onverstandiges olie
gaan koop het, het die bruidegom gekom.
Dié wat gereed was, het saam met hom
ingegaan na die bruilof toe, en die deur is
gesluit.
11 “Later kom die ander meisies ook daar
aan en roep: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons
oop!’ 12 Maar die bruidegom antwoord: ‘Ek
sê vir julle: Ek ken julle nie!’
13 “Waak dan, omdat julle nie weet op
watter dag en uur dit sal gebeur nie.”

### Die profetiese rede: die gelykenis van die muntstukke

(Luk. 19:11-27)

14 “Verder gaan dit soos met ’n man
wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe
bymekaargeroep en sy besittings aan hulle
toevertrou. 15 Vir een het hy vyf goue
muntstukke gegee, vir ’n ander twee, en vir
’n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy
bekwaamheid gegee en toe op reis gegaan.
16 “Die een wat vyf goue muntstukke
ontvang het, het dadelik daarmee gaan
werk en ’n wins gemaak van nog vyf. 17 So
ook die een wat twee gekry het: hy het ’n
wins gemaak van nog twee. 18 Maar die
slaaf wat een gekry het, het ’n gat in die
grond gaan grawe en sy eienaar se geld
daarin weggesteek.
19 “Na ’n lang tyd het die eienaar van
daardie slawe teruggekom en van hulle
rekenskap gevra. 20 Die een wat vyf goue
muntstukke ontvang het, kom toe en bring
die ander vyf saam, en sê: ‘Meneer, vyf
goue muntstukke het u aan my toevertrou.
Hier is dit met vyf ander wat ek wins
gemaak het.’ 21 Toe sê sy eienaar vir hom:
‘Mooi so! Jy is ’n goeie en getroue slaaf.
Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou
aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’
22 “Toe kom die een met die twee goue
muntstukke en sê: ‘Meneer, twee goue
muntstukke het u aan my toevertrou. Hier
is dit met twee ander wat ek wins gemaak
het.’ 23 Sy eienaar sê toe vir hom: ‘Mooi so!
Jy is ’n goeie en getroue slaaf. Oor min was
jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom
in en deel in my vreugde!’
24 “Toe kom die een wat een goue
muntstuk ontvang het, en sê: ‘Meneer, ek
ken u en weet dat u ’n harde man is, wat
oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar
u nie geplant het nie. 25 Omdat ek bang
was, het ek u muntstuk in die grond gaan
begrawe. Hier het u u geld terug.’ 26 Toe sê
sy eienaar vir hom: ‘Jy is ’n slegte en ’n lui
slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie
gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant
het nie. 27 Dan moes jy my geld in die bank
gesit het, en ek sou dit by my koms met
rente teruggekry het. 28 Vat die muntstuk
van hom af weg en gee dit aan die een wat
die tien het. 29 Aan elkeen wat het, sal meer
gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar
van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie
wat hy het, weggevat word. 30 En gooi die
nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis
daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle
tande kners.’ ”

### Die profetiese rede: die laaste oordeel

31 “Wanneer die Seun van die mens in
majesteit kom en al die engele saam met
Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan
sit. 32 Al die volke sal voor Hom bymekaar
gebring word, en Hy sal die mense van
mekaar skei soos ’n wagter die skape van

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die bokke skei. 33 Die skape sal Hy regs en
die bokke links van Hom laat staan.

34 “Dan sal die Koning vir dié aan sy
regterkant sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader
geseën is! Die koninkryk is van die skepping
van die wêreld af vir julle voorberei. Neem
dit as erfenis in besit, 35 want Ek was
honger, en julle het My iets gegee om te eet;
Ek was dors, en julle het My iets gegee om
te drink; Ek was ’n vreemdeling, en julle
het My gehuisves; 36 Ek was sonder klere,
en julle het vir My klere gegee; siek, en julle
het My verpleeg; in die tronk, en julle het
My besoek.’ 37 Dan sal dié wat die wil van
God gedoen het, Hom vra: ‘Here, wanneer
het ons U honger gesien en U gevoed, of
dors en U iets gegee om te drink? 38 En
wanneer het ons U ’n vreemdeling gesien en
U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere
gegee? 39 Wanneer het ons U siek gesien of
in die tronk en U besoek?’ 40 En die Koning
sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle:
Vir sover julle dit aan een van die geringste
van hierdie broers van My gedoen het, het
julle dit aan My gedoen.’

41 “Dan sal die Koning vir dié aan sy
linkerkant sê: ‘Gaan weg van My af, julle
vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat
vir die duiwel en sy engele voorberei is,
42 want Ek was honger, en julle het My niks
gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle
het My niks gegee om te drink nie; 43 Ek
was ’n vreemdeling, en julle het My nie
gehuisves nie; sonder klere, en julle het My
nie klere gegee nie; siek en in die tronk,
en julle het My nie versorg nie.’ 44 Dan sal
hulle ook antwoord: ‘Here, wanneer het
ons U honger of dors of ’n vreemdeling of
sonder klere of siek of in die tronk gesien
en U nie gehelp nie?’ 45 En Hy sal hulle
antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover
julle dit aan een van hierdie geringstes nie
gedoen het nie, het julle dit aan My ook
nie gedoen nie.’ 46 En hierdie mense sal die
ewige straf ontvang, maar dié wat die wil
van God gedoen het, die ewige lewe.”

### Jesus se dood word beplan

(Mark. 14:1-2; Luk. 22:1-2; Joh. 11:45-53)

**26** Nadat Jesus oor al hierdie dinge
klaar gepraat het, het Hy vir sy
dissipels gesê: 2 “Julle weet dat dit oor twee
dae paasfees is. Dan word die Seun van die
mens oorgelewer om gekruisig te word.”

3 In daardie tyd het die priesterhoofde
en die familiehoofde van die volk
bymekaargekom in die woning van Kajafas,
die hoëpriester. 4 Hulle het daar saam
planne gemaak om Jesus op ’n slinkse
manier gevange te neem en dood te maak.
5 Hulle het egter gesê: “Nie op die fees
nie, sodat daar nie oproer onder die volk
kom nie.”

### Jesus word in Betanië gesalf

(Mark. 14:3-9; Joh. 12:1-8)

6-7 Terwyl Jesus in Betanië in die huis
van Simon die melaatse aan tafel was,
het ’n vrou by Jesus gekom met ’n albaste
fles baie kosbare reukolie en dit op sy kop
uitgegiet.

8 Toe die dissipels dit sien, was hulle
verontwaardig. “Waarom so ’n verkwisting?”
vra hulle. 9 “’n Mens kon die reukolie vir baie
geld verkoop het en dit vir armes gegee het.”

10 Jesus het dit gemerk en vir hulle
gesê: “Waarom maak julle dit vir die vrou
moeilik? Sy het ’n goeie daad aan My
gedoen. 11 Die armes het julle altyd by julle,
maar vir My het julle nie altyd nie. 12 Deur
hierdie reukolie op my liggaam uit te giet,
het sy My voorberei vir my begrafnis.
13 Dit verseker Ek julle: Oral waar hierdie
evangelie in die hele wêreld verkondig
word, sal daar ook vertel word wat sy
gedoen het, tot ’n herinnering aan haar.”

### Judas onderneem om Jesus te verraai

(Mark. 14:10-11; Luk. 22:3-6)

14 Toe het een van die twaalf dissipels,
die een wat Judas Iskariot genoem is, na
die priesterhoofde toe gegaan 15 en gesê:
“Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in
julle hande kom?” Hulle het hom toe dertig
silwermuntstukke betaal. 16 Van toe af was
hy op die uitkyk na ’n geskikte geleentheid
om Jesus te verraai.

### Die paasmaaltyd word voorberei

(Mark. 14:12-21; Luk. 22:7-14)

17 Op die eerste dag van die fees van die
ongesuurde brood kom die dissipels na Jesus

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

toe en vra: “Waar wil U hê moet ons gaan
regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet?”
18 Jesus het geantwoord: “Gaan in die
stad na so en so toe en sê vir hom: ‘Ons
Leermeester sê: My tyd is naby. In jou
huis wil Ek saam met my dissipels die
paasmaaltyd hou.’ ”
19 Die dissipels het gemaak soos Jesus
aan hulle opgedra het, en die paasmaaltyd
voorberei.

#### Jesus wys sy verraaier aan

(Mark. 14:17-21; Luk. 22:21-23; Joh. 13:21-27)

20 Toe dit aand geword het, het Jesus
sy plek aan die tafel ingeneem saam met
die twaalf. 21 Terwyl hulle eet, sê Hy: “Dit
verseker Ek julle: Een van julle sal My
verraai.”
22 Hulle was baie onthuts en een na die
ander het Hom begin vra: “Dit is tog nie ek
nie, Here?”
23 Hy antwoord toe: “Die een wat saam
met My sy brood in die skottel insteek,
dit is hy wat My sal verraai. 24 Die Seun
van die mens gaan inderdaad sterwe soos
daar oor Hom geskrywe staan; maar wee
die man deur wie die Seun van die mens
verraai word. Dit sou vir daardie man beter
gewees het as hy nooit gebore was nie.”
25 Toe sê Judas, sy verraaier: “Is dit
miskien ek, Rabbi?”
Jesus antwoord: “Dit is soos jy sê!”

#### Die instelling van die nagmaal

(Mark. 14:22-26; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25)

26 En terwyl hulle eet, het Jesus brood
geneem en die seën gevra. Daarna het Hy
dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die
woorde: “Neem, eet; dit is my liggaam.”
27 Toe neem Hy ’n beker, en nadat Hy
die dankgebed uitgespreek het, gee Hy
dit vir hulle en sê: “Drink almal daaruit,
28 want dit is my bloed, die bloed waardeur
die verbond beseël word en wat vir baie
vergiet word tot vergewing van sondes.
29 Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer
van hierdie wyn drink nie tot op die dag
wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn
in die koninkryk van my Vader sal drink.”
30 Nadat hulle die lofsang gesing het, het
hulle uitgegaan Olyfberg toe.

#### Petrus sal Jesus verloën

(Mark. 14:27-31; Luk. 22:31-34; Joh. 13:36-38)

31 Toe sê Jesus vir hulle: “Julle almal sal
My vannag nog in die steek laat. Daar staan
immers geskrywe:

“ ‘Ek sal die herder doodmaak,
en die skape van sy kudde sal
uitmekaar gejaag word.’[z]

32 “Maar nadat Ek uit die dood opgewek is,
sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe.”
33 Daarop het Petrus vir Hom gesê: “Al
sal hulle U ook almal in die steek laat, ék
sal U nooit in die steek laat nie.”
34 Toe sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek
jou: Vannag nog, voordat die haan kraai,
sal jy My drie maal verloën.”
35 Petrus sê vir Hom: “Al moet ek
saam met U sterwe, ek sal U beslis nie
verloën nie!”
Al die ander dissipels het ook so gesê.

#### Jesus in Getsemane

(Mark. 14:32-42; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1-2)

36 Daarna kom Jesus met sy dissipels
by ’n plek met die naam Getsemane, en
Hy sê vir hulle: “Sit hier terwyl Ek daar
gaan bid.”
37 Hy het vir Petrus en die twee seuns van
Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef
en beangs geword 38 en vir hulle gesê: “Ek
voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam
met My.”
39 Hy het ’n entjie verder gegaan en daar
gekniel met die gesig teen die grond en
gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat
hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet
nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar
soos U wil.”
40 Daarna kom Hy na die dissipels toe
terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe
vir Petrus: “Kon julle nie eens een uur lank
saam met My waak nie? 41 Waak en bid,
sodat julle nie in versoeking kom nie. Die
gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

**z** Vgl. Sag. 13:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

42 ’n Tweede keer het Hy gaan bid en
gesê: “My Vader, as hierdie lydensbeker
nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit
drink nie, laat u wil geskied.”
43 Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer
aan die slaap, want van die vaak kon hulle
nie hulle oë oophou nie.
44 Hy het hulle weer alleen laat bly en ’n
derde keer gaan bid en dieselfde woorde
gesê. 45 Toe kom Hy na die dissipels toe
terug en sê vir hulle: “Slaap en rus julle
nog? Die uur het gekom. Die Seun van
die mens word in die hande van sondaars
oorgegee. 46 Staan op, kom ons loop. Kyk,
die man wat My verraai, is hier naby.”

### Jesus word gevange geneem

(Mark. 14:43-50; Luk. 22:47-53; Joh. 18:3-12)

47 Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog
praat, kom Judas, een van die twaalf, daar
aan, en saam met hom was ’n groot klomp
mense met swaarde en stokke. Hulle is deur
die priesterhoofde en die familiehoofde van
die volk gestuur.
48 Die verraaier het met die manne ’n
teken afgespreek. Hy het gesê: “Die een
wat ek soen, dit is hy. Gryp hom!” 49 Hy
het reguit na Jesus toe gegaan en gesê:
“Goeiemôre, Rabbi,” en Hom gesoen.
50 Maar Jesus sê vir hom: “Vriend, doen
wat jy gekom het om te doen!”
Toe kom hulle vorentoe, gryp vir Jesus
en neem Hom gevange.
51 Een van dié wat saam met Jesus was,
gryp toe sy swaard en trek dit uit. Hy slaan
na die slaaf van die hoëpriester en kap sy
oor af. 52 Toe sê Jesus vir hom: “Sit jou
swaard terug in sy plek, want almal wat
na die swaard gryp, sal deur die swaard
omkom. 53 Of dink jy Ek kan nie my Vader
om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My
meer as twaalf legioene engele beskikbaar
stel. 54 Maar hoe sal die Skrif dan vervul
word wat sê hoe die dinge moet gebeur?”
55 Dit was toe dat Jesus vir die klomp
mense gesê het: “Was dit vir julle nodig
om met swaarde en stokke uit te gaan om
My te vang asof Ek ’n rower is? Dag vir
dag het Ek in die tempel gesit en die mense
geleer, en julle het My nie gevange geneem
nie. 56 Maar dit alles het gebeur sodat die
geskrifte van die profete vervul kan word.”
Toe het al sy dissipels Hom in die steek
gelaat en weggehardloop.

### Jesus voor die Joodse Raad

(Mark. 14:53-65; Luk. 22:54-55,63-71;
vgl. Joh. 18:13-14,19-24)

57 Die mense wat vir Jesus gevange
geneem het, het Hom weggelei na Kajafas,
die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes
en die familiehoofde bymekaargekom
het. 58 Petrus het op ’n afstand agter Hom
aan gegaan tot by die binnehof van die
hoëpriester se woning. Hy het ingegaan en
daar by die wagte gaan sit om te kyk hoe
dit afloop.
59 Die priesterhoofde en die hele Joodse
Raad het vals getuienis teen Jesus probeer
kry sodat hulle Hom kon doodmaak. 60 Baie
vals getuies het na vore gekom, en tog kon
die Raad niks teen Hom vind nie. Eindelik
het daar twee vorentoe gekom 61 en gesê:
“Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel
van God afbreek en in drie dae weer
opbou.”
62 Toe staan die hoëpriester op en sê vir
Hom: “Verweer jy jou glad nie? Wat van
die getuienis wat hierdie mense teen jou
inbring?”
63 Maar Jesus het niks gesê nie. Die
hoëpriester sê toe vir Hom: “Ek stel jou
onder ’n eed by die lewende God dat jy vir
ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun
van God?”
64 Jesus antwoord hom: “Dit is soos u sê.
Daarby sê Ek vir julle:

> “Van nou af sal julle die Seun van
> die mens sien waar Hy aan die
> regterhand sit van Hom wat magtig
> is, en julle sal Hom sien kom op die
> wolke van die hemel.[a]”

65 Toe skeur die hoëpriester uit
verontwaardiging sy klere en sê: “Hy
het God gelaster. Waarvoor het ons nog
getuies nodig? Daar het julle nou net die

**a** Vgl. Ps. 110:1; Dan. 7:13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

godslasterlike woorde gehoor. 66 Wat dink
julle?”
Hulle het geantwoord: “Hy verdien
die dood!”
67 Toe het hulle in sy gesig gespoeg en
Hom met die vuis geslaan. Hulle het Hom
geklap 68 en gesê: “Jy is mos ’n profeet,
Christus! Sê vir ons, wie het jou geslaan?”

### Petrus verloën Jesus

(Mark. 14:66-72; Luk. 22:56-62;
Joh. 18:15-18,25-27)

69 Petrus het buite in die binnehof gesit
toe ’n diensmeisie na hom toe kom en sê:
“Jy was ook saam met Jesus die Galileër.”
70 Maar hy het dit voor almal ontken: “Ek
weet nie waarvan jy praat nie.”
71 Hy gaan toe na die uitgang van die
binnehof. Daar sien ’n ander diensmeisie
hom en sê vir dié wat daar staan: “Hierdie
man was saam met Jesus van Nasaret.”
72 Weer het Petrus dit ontken en met ’n
eed gesê: “Ek ken die man nie!”
73 ’n Rukkie later kom die manne wat
daar staan, na Petrus toe en sê: “Dit is
waar, jy is ook een van hulle. ’n Mens kan
dit aan jou spraak hoor.”
74 Toe begin hy vloek, en hy sweer: “Ek
ken die man nie!”
75 En op daardie oomblik het daar ’n
haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat
Jesus gesê het: “Voordat die haan kraai,
sal jy My drie maal verloën.” En hy het
buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

### Jesus word aan Pilatus uitgelewer

(Mark. 15:1; Luk. 23:1-2; Joh. 18:28-32)

**27** Die môre vroeg het al
die priesterhoofde en die
familiehoofde van die volk die besluit
geneem om Jesus dood te maak. 2 Hulle het
Hom geboei en Hom toe weggebring en aan
Pilatus, die goewerneur, uitgelewer.

### Die dood van Judas

(Hand. 1:18-19)

3 Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus
tot die dood veroordeel is, het hy spyt
gekry. Hy het die dertig silwermuntstukke
teruggebring na die priesterhoofde en die
familiehoofde toe 4 en vir hulle gesê: “Ek
het gesondig. Ek het ’n onskuldige man
verraai.”
Maar hulle antwoord: “Wat het ons
daarmee te doen? Dit is jou saak!”
5 Judas het toe die geld in die tempel
in gegooi, weggeloop en homself gaan
ophang.
6 Die priesterhoofde het die geld opgetel
en gesê: “Dit is nie geoorloof om dit in
die tempelfonds te stort nie, want dit is
bloedgeld.”
7 Hulle besluit toe om daarmee die
grond van die pottebakker te koop as ’n
begraafplaas vir vreemdelinge.
8 Daardie stuk grond word tot vandag toe
nog Bloedgrond genoem.
9 Toe is die woord vervul wat die Here
deur die profeet Jeremia gesê het:
“En hulle het die dertig silwermuntstukke
geneem, dit is die prys wat die Israeliete
ooreengekom het om vir hom te betaal,
10 en hulle het dit uitbetaal vir die grond
van die pottebakker. So het die Here dit
aan my opgedra.”[b]

### Jesus voor Pilatus

(Mark. 15:2-5; Luk. 23:3-5; Joh. 18:33-38)

11 Jesus is voor die goewerneur gebring
en dié vra Hom: “Is jy die koning van
die Jode?”
Jesus antwoord: “Dit is soos u sê.”
12 Op die beskuldigings van die
priesterhoofde en die familiehoofde het Hy
niks geantwoord nie.
13 Toe sê Pilatus vir Hom: “Hoor jy nie
waarvan hulle jou alles beskuldig nie?”
14 Maar Jesus het hom op geen enkele
woord ’n antwoord gegee nie, sodat die
goewerneur baie verbaas was.

### Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word

(Mark. 15:6-15; Luk. 23:13-25;
Joh. 18:39 – 19:16)

15 Die goewerneur het die gewoonte
gehad om elke paasfees vir die mense
een gevangene van hulle eie keuse los te

**b** Vgl. Sag. 11:12-13; Jer. 32:6-9

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

laat. 16 In daardie tyd was daar 'n berugte gevangene met die naam Jesus Barabbas. 17 Aangesien die mense tog bymekaar was, het Pilatus hulle gevra: "Wie wil julle hê moet ek vir julle loslaat: Jesus Barabbas of Jesus wat Christus genoem word?" 18 Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het.

19 Terwyl Pilatus op die regbank sit, het sy vrou vir hom 'n boodskap gestuur: "Moet tog niks met daardie onskuldige man te doen hê nie, want ek het vannag 'n vreeslike droom oor hom gehad."

20 Intussen het die priesterhoofde en die familiehoofde die mense oorgehaal om vir Barabbas vrylating te vra en vir Jesus die dood.

21 Die goewerneur vra hulle toe: "Watter een van die twee wil julle hê moet ek vir julle loslaat?"

"Barabbas!" antwoord hulle.

22 Pilatus sê vir hulle: "Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?"

"Kruisig hom!" skreeu hulle almal.

23 Hy vra: "Watter kwaad het hy dan gedoen?"

Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig hom!"

24 Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid."

25 Toe antwoord die hele volk: "Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!"

26 Pilatus het Barabbas toe vir hulle losgelaat; maar Jesus het hy laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word.

### Die soldate bespot Jesus

(Mark. 15:16-20; Joh. 19:2-3)

27 Daarna vat die soldate van die goewerneur vir Jesus in die ampswoning in en bring die hele leërafdeling rondom Hom bymekaar. 28 Hulle trek toe sy klere uit en gooi Hom 'n pers mantel om. 29 Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" 30 Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan. 31 Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

### Jesus word gekruisig

(Mark. 15:21-32; Luk. 23:26-43; Joh. 19:17-27)

32 Toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene met die naam Simon, en hulle het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra. 33 Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek. 34 Daar het hulle Hom 'n mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie.

35 Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot. 36 Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou.

37 Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus, die koning van die Jode." 38 Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.

39 Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud 40 en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!"

41 Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê: 42 "Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. 43 Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!"

44 Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.

### Jesus sterwe

(Mark. 15:33-41; Luk. 23:44-49; Joh. 19:28-30)

45 Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. 46 Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?"

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Dit is: My God, my God, waarom het U My
verlaat?[c]
47 Party van dié wat daar gestaan het, het
dit gehoor en gesê: “Hy roep vir Elia.”
48 Een van hulle hardloop toe gou, vat ’n
spons en maak dit vol suur wyn en hou dit
op ’n stok vir Hom om te drink. 49 Maar die
ander sê: “Wag, laat ons kyk of Elia hom
kom red.”
50 Jesus het weer hard uitgeroep en die
laaste asem uitgeblaas.
51 Op daardie oomblik het die
voorhangsel van die tempel van bo tot
onder middeldeur geskeur. Die aarde
het geskud, en die rotse het uitmekaar
gebars. 52 Grafte het oopgegaan, en baie
gelowiges wat dood was, is opgewek, 53 en
hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na
Jesus se opstanding het hulle in die heilige
stad gekom, waar hulle aan baie mense
verskyn het.
54 Toe die offisier en die soldate wat
saam met hom vir Jesus bewaak het,
die aardbewing sien en die dinge wat
gebeur, het hulle baie bang geword en
gesê: “Hierdie man was werklik die Seun
van God.”
55 Daar was ook baie vroue wat op ’n
afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle
wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir
Hom gesorg het. 56 Onder hulle was Maria
Magdalena, Maria die moeder van Jakobus
en Josef, en die moeder van die seuns van
Sebedeus.

### Jesus word begrawe

(Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42)

57 Laat die middag het daar ’n ryk man
aangekom. Dit was Josef van Arimatea, wat
self ook ’n volgeling van Jesus was. 58 Hy
het na Pilatus toe gegaan en die liggaam
van Jesus gevra, en Pilatus het beveel dat
dit vir hom gegee moet word.
59 Josef het die liggaam geneem en dit
in skoon linne toegedraai 60 en dit daarna
neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in
die rots uitgekap het. Hy het ’n groot klip
voor die ingang van die graf gerol en
weggegaan. 61 Maria Magdalena en die
ander Maria was ook daar en het reg voor
die graf gesit.

### Die graf word bewaak

62 Die volgende dag, die dag na die
Vrydag, het die priesterhoofde en die
Fariseërs by Pilatus gekom 63 en vir hom
gesê: “Meneer, ons onthou dat toe daardie
bedrieër nog geleef het, hy gesê het: ‘Na
drie dae sal ek uit die dood opgewek word.’
64 Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig
bewaak word, sodat sy dissipels hom nie
dalk kom steel en vir die mense vertel: ‘Hy
is uit die dood opgewek’ nie. Dan sal die
tweede bedrog erger wees as die eerste.”
65 Pilatus antwoord hulle: “Hier is vir
julle ’n wag; gaan beveilig die graf so goed
as julle kan.”
66 Hulle het toe gegaan en die graf
beveilig deur die klip te verseël en die wag
daar te laat bly.

### Jesus het opgestaan

(Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12; Joh. 20:1-8)

**28** Na die sabbatdag, toe dit die
Sondagmôre begin lig word, het
Maria Magdalena en die ander Maria na die
graf gaan kyk.
2 Skielik was daar ’n geweldige
aardbewing. ’n Engel van die Here het van
die hemel af gekom, na die graf toe gegaan,
die klip weggerol en daarop gaan sit. 3 Sy
voorkoms was so blink soos weerlig en
sy klere so wit soos sneeu. 4 Van skrik vir
hom het die wagte gebewe en soos dooies
geword.
5 Toe sê die engel vir die vroue: “Julle
moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek
Jesus wat gekruisig is. 6 Hy is nie hier nie,
want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy
gesê het. Kom nader en kyk: daar is die
plek waar Hy gelê het. 7 Gaan gou en sê vir
sy dissipels: ‘Hy is uit die dood opgewek, en
Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar
sal julle Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle
moes sê.”
8 Hulle het toe haastig van die graf af
weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het
gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.

**c** Vgl. Ps. 22:2

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

9 Skielik het Jesus daar voor die vroue
gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader
gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid.
10 Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang
wees nie. Gaan sê vir my broers hulle
moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle
My sien.”

**Die berig van die wagte**

11 Terwyl die vroue op pad was, kom
party van die wagte in die stad aan en
vertel vir die priesterhoofde alles wat
gebeur het. 12 Die priesterhoofde het saam
met die familiehoofde vergader en die
volgende plan gemaak. Hulle het vir die
soldate ’n groot som geld gegee 13 en gesê:
“Julle moet sê: ‘Sy dissipels het in die
nag gekom en sy liggaam gesteel terwyl
ons geslaap het.’ 14 En as die goewerneur
daarvan hoor, sal ons hom tevrede stel
en sorg dat julle nie bekommerd hoef te
wees nie.”

15 Die wagte het toe die geld gevat en
gemaak soos hulle voorgesê is.

Hierdie storie word tot vandag toe onder
die Jode vertel.

**Jesus se opdrag aan die dissipels**

(Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49;
Joh. 20:19-23; vgl. Hand. 1:6-8)

16 Die elf dissipels het na Galilea toe
gegaan na die berg waarheen Jesus hulle
beveel het om te gaan. 17 Toe hulle Hom
sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party
getwyfel het. 18 Jesus kom toe nader en
sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in
die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na
al die nasies toe en maak die mense my
dissipels: doop hulle in die Naam van die
Vader en die Seun en die Heilige Gees,
en 20 leer hulle om alles te onderhou wat
Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by
julle al die dae tot die voleinding van die
wêreld.”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

DIE EVANGELIE VOLGENS

# MARKUS

Die begin van hierdie boek beskryf dit as “die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God” (1:1). Die wonders van Jesus word sterker op die voorgrond gestel as sy woorde om so die aandag te vestig op Jesus se Goddelike gesag. Die verhaal gee nie die chronologiese orde van gebeurtenisse nie, maar bied grepe uit Jesus se optrede: Galilea, die noordelike streke, op pad na Jerusalem toe, en dan in Jerusalem. Gaandeweg leer die leser vir Jesus ken as die lydende Seun van die mens wat sy lewe gegee het as losprys vir die sonde van baie (10:45), en die boek bereik sy hoogtepunt by die kruis waar die heidense offisier uitroep: "Hierdie man was werklik die Seun van God” (15:39). Dit word bevestig deur Jesus se opstanding.

**Die hooftrekke van die boek**

Die inleiding: Johannes die Doper 1:1-13
Jesus se optrede in Galilea 1:14 – 8:30
Aankondiging van Jesus se dood en opstanding 8:31 – 9:50
Op pad na Jerusalem toe 10
Gesprekke in Jerusalem 11 – 12
Oor die verdrukking wat voorlê 13
Jesus se lyding en opstanding 14 – 16

**1** Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só:

### Die optrede van Johannes die Doper

(Matt. 3:1-12; Luk. 3:1-18; Joh. 1:19-28)

2 In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe:

> “Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit.
> Hy sal die pad vir jou regmaak.[a]
> 3 Iemand roep in die woestyn:
> Maak die pad vir die Here gereed,
> maak die paaie vir Hom reguit.[b]”

4 Só het Johannes die Doper in die
woestyn opgetree. Hy het verkondig:
Bekeer julle en laat julle doop en God sal
julle sondes vergewe. 5 Die hele landstreek
van Judea en al die inwoners van
Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle
het hulle sondes bely en is deur hom in die
Jordaanrivier gedoop.
6 Johannes het klere van kameelhaar
gedra met ’n leerband om sy heupe, en hy
het van sprinkane en veldheuning gelewe.
7 Hy het gepreek en gesê: “Die Een wat
ná my kom, is my meerdere. Ek is nie
eers werd om te buk en sy skoene los te
maak nie. 8 Ek het julle wel met water
gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige
Gees doop.”

### Jesus word gedoop

(Matt. 3:13-17; Luk. 3:21-22; Joh. 1:29-34)

9 Jesus het in daardie selfde tyd van
Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur
Johannes in die Jordaan gedoop. 10 Net toe

**a** Vgl. Mal. 3:1 **b** Vgl. Jes. 40:3



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien
oopskeur en die Gees soos ’n duif na Hom
toe sien neerdaal. 11 Daar was ook ’n stem
uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor
Jou verheug Ek My.”

**Jesus word versoek**

(Matt. 4:1-11; Luk. 4:1-13)

12 Net daarna het die Gees Hom weggevat
die woestyn in, 13 waar Hy veertig dae
lank gebly het en deur die Satan versoek is.
Jesus was daar saam met die wilde diere,
en die engele het Hom versorg.

**Jesus begin preek**

(Matt. 4:12-17; Luk. 4:14-15)

14 Nadat Johannes in die tronk opgesluit
is, het Jesus na Galilea toe gegaan en
die evangelie van God verkondig. 15 Hy
het gesê: “Die tyd het aangebreek, en die
koninkryk van God het naby gekom. Bekeer
julle en glo die evangelie.”

**Jesus roep sy eerste dissipels**

(Matt. 4:18-22; Luk. 5:1-11)

16 Eendag toe Jesus langs die See van
Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se
broer Andreas gesien waar hulle besig was
om werpnette in die see uit te gooi. Hulle
was vissers van beroep. 17 Hy het toe vir
hulle gesê: “Kom hier! Kom saam met My,
en Ek sal julle vissers van mense maak.”
18 Onmiddellik het hulle die nette gelos
en Hom gevolg.
19 Toe Hy ’n entjie verder gaan, het Hy
vir Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer
Johannes gesien waar hulle in die skuit
besig was om hulle nette reg te maak, 20 en
dadelik het Hy hulle geroep. Hulle het
hulle pa, Sebedeus, net so saam met die
loonarbeiders in die skuit gelaat en saam
met Jesus gegaan.

**Die besetene in Kapernaum**

(Luk. 4:31-37)

21 Hulle het in Kapernaum gekom. Toe
die sabbatdag aanbreek, het Jesus reguit na
die sinagoge toe gegaan en die mense daar
begin leer. 22 Hulle was verstom oor sy leer,
want Hy het hulle geleer soos een wat gesag
het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.
23 Op daardie oomblik was daar in hulle
sinagoge ’n man wat van ’n onrein gees
besete was. Hy het uitgeskreeu: 24 “Wat het
ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het
U gekom om ons te verdelg? Ek weet goed
wie U is; U is die Heilige van God!”
25 Maar Jesus het hom skerp
aangespreek: “Bly stil en gaan uit hom uit.”
26 Die onrein gees het die man
stuiptrekkings laat kry, hard geskreeu en toe
uit hom uitgegaan. 27 Almal was so verbaas
dat hulle onder mekaar geredeneer en gesê
het: “Wat gaan hier aan? Dit is ’n nuwe leer,
en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die
onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom.”
28 En dit was nie lank nie of daar is in
Galilea oral in die hele omgewing oor Hom
gepraat.

**Die genesing van Petrus se skoonmoeder**

(Matt. 8:14-15; Luk. 4:38-39)

29 Toe die mense uit die sinagoge kom,
het hulle saam met Jakobus en Johannes
reguit na die huis van Simon en Andreas
toe gegaan. 30 Die skoonmoeder van Simon
het daar met ’n hoë koors siek gelê, en hulle
het Hom dadelik van haar vertel. 31 Hy het
na haar toe gegaan, haar hand gevat en
haar regop gehelp. Toe het die koors haar
verlaat, en sy het hulle bedien.

**Nog genesings en voortgaande prediking**

(Matt. 8:16-17; 4:23; Luk. 4:40-44)

32 Toe dit aand geword het en die son al
onder was, het die mense al die siekes en
dié wat in die mag van bose geeste was,
na Hom toe gebring. 33 Die hele dorp het
by die deur van die huis saamgedrom.
34 Hy het baie siekes wat allerhande kwale
gehad het, gesond gemaak en baie bose
geeste uitgedrywe. Hy het die bose geeste
nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle
geweet het wie Hy is.
35 Die môre vroeg, toe dit nog nag was,
het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na
’n eensame plek en daar gebid. 36 Simon en
dié wat by hom was, het Hom egter gesoek,
37 en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom:
“Almal soek U.”
38 Maar Hy antwoord hulle: “Laat ons
êrens anders heen gaan, na die nabygeleë

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek,
want daarvoor het Ek gekom."
39 Hy het toe gegaan en dwarsdeur
Galilea in hulle sinagoges gepreek en bose
geeste uitgedrywe.

### Die genesing van 'n melaatse man

(Matt. 8:1-4; Luk. 5:12-16)

40 Daar kom toe 'n melaatse man na Hom
toe wat smekend op sy knieë voor Hom
neerval en vir Hom sê: "As U wil, kan U my
gesond maak."
41 Jesus het hom jammer gekry, sy hand
uitgesteek en hom aangeraak. Hy sê toe vir
hom: "Ek wil. Word gesond!"
42 Sy melaatsheid het onmiddellik
verdwyn en hy het gesond geword. 43 Jesus
het hom dadelik weggestuur, nadat Hy hom
ernstig aangespreek 44 en vir hom gesê
het: "Moet vir niemand iets hiervan vertel
nie, maar gaan wys jou vir die priester en
bring die offers vir jou reiniging wat Moses
voorgeskrywe het. Dit sal vir die mense die
bewys wees dat jy rein geword het."
45 Hy het egter gegaan en dit wyd en
syd begin verkondig en dit oral geloop en
vertel. Daarom kon Jesus nie meer openlik
in 'n dorp kom nie en het Hy gewoonlik
buite in die oop veld gebly. Tog het die
mense van alle kante af na Hom toe gekom.

### Jesus genees 'n verlamde man

(Matt. 9:1-8; Luk. 5:17-26)

2 Toe Jesus ná 'n paar dae weer in
Kapernaum kom, het dit bekend geword
dat Hy by die huis is. 2 Baie mense het daar
saamgedrom, sodat daar selfs by die deur
nie meer plek was nie. Hy was besig om met
hulle oor sy boodskap te praat.
3 Daar kom toe mense wat 'n verlamde
man na Hom toe bring. Vier van hulle het
hom gedra. 4 Toe hulle hom weens die
gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle
die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle
'n opening in die dak gemaak het, laat hulle
die draagbaar waarop die verlamde man gelê
het, daardeur afsak. 5 Toe Jesus hulle geloof
sien, sê Hy vir die verlamde: "Vriend, jou
sondes word vergewe!"
6 Maar sommige van die skrifgeleerdes
het daar gesit en hulle afgevra: 7 "Waarom
sê hy so? Hy praat mos godslasterlik! Wie
kan sondes vergewe behalwe God alleen?"
8 Jesus het dadelik geweet dat hulle by
hulleself so redeneer. Hy sê toe vir hulle:
"Wat redeneer julle by julleself hieroor?
9 Wat is makliker? Om vir die verlamde
man te sê: 'Jou sondes word vergewe', of om
te sê: 'Staan op, vat jou draagbaar en loop'?
10 Maar Ek gaan nou vir julle die bewys
lewer dat die Seun van die mens volmag
het om op die aarde sondes te vergewe." Hy
sê toe vir die verlamde man: 11 "Ek sê vir
jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan
huis toe."
12 Hy het opgestaan, dadelik sy
draagbaar gevat en voor die oë van almal
uitgestap. Hieroor was hulle almal verbaas
en het hulle God geprys en gesê: "So iets
het ons nog nooit gesien nie!"

### Jesus roep vir Levi, die tollenaar

(Matt. 9:9-13; Luk. 5:27-32)

13 Jesus het weer na die see toe gegaan.
'n Hele menigte mense het na Hom toe
gekom, en Hy het hulle geleer. 14 Toe Hy
by die tolhuis verbygaan, sien Hy vir Levi
seun van Alfeus daar sit, en Hy sê vir hom:
"Volg My!"
Levi het opgestaan en Hom gevolg.
15 Daarna het Jesus in Levi se huis
gaan eet. Baie tollenaars en sondaars was
saam met Hom en sy dissipels aan tafel,
want daar was baie van hulle wat Hom
gereeld gevolg het. 16 Toe die skrifgeleerdes
onder die Fariseërs sien dat Hy saam met
sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy
dissipels gesê: "Waarom eet hy saam met
tollenaars en sondaars?"
17 Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle:
"Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig
nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom
om mense te roep wat op die regte pad is
nie, maar sondaars."

### Die vastyd

(Matt. 9:14-17; Luk. 5:33-39)

18 Johannes se volgelinge en die Fariseërs
was besig om te vas, en die mense kom
toe en vra vir Jesus: "Waarom vas die
volgelinge van Johannes en die volgelinge
van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie?"

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

19 Jesus antwoord hulle: "Kan die
bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom
by hulle is? Nee, solank hulle die
bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas
nie. 20 Maar daar sal 'n tyd kom wanneer
die bruidegom van hulle af weggeneem sal
word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas.
21 "Niemand lap tog ou klere met
ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur
die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en
die gat word net groter.
22 "Niemand gooi ook nuwe wyn in ou
velsakke nie, want dan laat die wyn die
sakke oopbars, en die wyn sowel as die
sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in
nuwe sakke gegooi."

#### Jesus is Here oor die sabbat

(Matt. 12:1-8; Luk. 6:1-5)

23 Eenkeer toe Jesus op 'n sabbatdag
tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels
so in die loop are begin afpluk. 24 Die
Fariseërs sê toe vir Hom: "Kyk daar!
Waarom doen hulle iets wat nie op die
sabbatdag gedoen mag word nie?"
25 Hy sê vir hulle: "Het julle nog nooit
gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy
manne nie kos gehad het nie en honger gekry
het? 26 Hy het in die tyd van die hoëpriester
Abjatar in die huis van God ingegaan en van
die offerbrood geëet, wat niemand anders as
die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy
manne daarvan gegee."
27 Jesus het verder vir hulle gesê: "Die
sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die
mens vir die sabbatdag nie. 28 Daarom is die
Seun van die mens Here óók oor die sabbat."

#### Die man met die gebreklike hand

(Matt. 12:9-14; Luk. 6:6-11)

**3** Jesus het weer na die sinagoge toe
gegaan. Daar was 'n man met 'n
gebreklike hand. 2 Die Fariseërs het vir
Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op
die sabbatdag sou gesond maak, sodat
hulle vir Jesus daaroor kon aankla. 3 Hy sê
toe vir die man met die gebreklike hand:
"Staan op hier tussen hulle!"
4 Daarna vra Hy vir hulle: "Mag 'n mens
op die sabbatdag goed doen of kwaad doen,
iemand red of doodmaak?"
Hulle het egter niks gesê nie. 5 Hy het
hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was
diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê
toe vir die man: "Steek jou hand uit!"
Hy het sy hand uitgesteek en dit was
gesond.
6 Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik
met die Herodiane 'n komplot teen Jesus
gesmee om Hom om die lewe te bring.

#### 'n Groot toeloop van mense na Jesus toe

(Matt. 4:24-25; 12:15-17; Luk. 6:17-19; 4:41)

7 Jesus het toe met sy dissipels
teruggegaan na die see toe. 'n Menigte
mense het van Galilea af agter Hom
aan gegaan. Ook van Judea af, 8 en uit
Jerusalem en van Idumea en van oorkant
die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon
af, het daar baie mense na Hom toe gekom
toe hulle hoor wat Hy alles doen.
9 Weens die gedrang het Hy vir sy
dissipels gesê om vir Hom 'n skuitjie reg
te hou sodat die mense Hom nie vertrap
nie. 10 Hy het baie mense gesond gemaak,
sodat almal wat die een of ander siekte
gehad het, Hom oorval het om aan Hom
te raak.
11 As mense wat van onrein geeste
besete was, Hom sien, het hulle voor
Hom neergeslaan en geskreeu: "U is die
Seun van God!" 12 Maar Hy het hulle baie
uitdruklik belet om bekend te maak wie
Hy is.

#### Die aanstelling van die twaalf apostels

(Matt. 10:1-4; Luk. 6:12-16)

13 Jesus het teen die berg opgegaan
en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en
hulle het na Hom toe gekom. 14 Hy het
toe twaalf, wat Hy apostels genoem het,
aangestel om by Hom te bly sodat Hy
hulle kon uitstuur om te preek. 15 Hulle
het ook die mag ontvang om bose geeste
uit te drywe. 16 Hy het hierdie twaalf
aangestel: Petrus, soos Hy Simon genoem
het, 17 Jakobus seun van Sebedeus, en
Johannes die broer van Jakobus – vir hulle
het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil
sê "manne van die donder" – 18 Andreas,
Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas,
Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die Kananeër, 19 en Judas Iskariot wat vir
Jesus verraai het.

### Die lastering teen die Heilige Gees

(Matt. 12:22-32; Luk. 11:14-23; 12:10)

20 Daarna het Jesus huis toe gegaan.
’n Menigte mense het weer saamgedrom,
sodat daar selfs nie geleentheid was om ’n
stukkie te eet nie. 21 Toe sy familie hiervan
hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan
haal, want hulle het gesê: “Hy het van sy
kop af geraak.”
22 Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem
af gekom het, het gesê: “Hy is van
Beëlsebul besete!” en “Dit is met die hulp
van die aanvoerder van die bose geeste dat
hy bose geeste uitdrywe.”
23 Jesus het hulle nader geroep en hulle
met voorbeelde geantwoord: “Hoe kan die
Satan die Satan uitdrywe? 24 As ’n koninkryk
onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk
nie bly staan nie; 25 en as ’n huisgesin
onderling verdeeld is, sal daardie huisgesin
nie kan bly staan nie. 26 As die Satan teen
homself in opstand kom en verdeeld is, kan
hy nie bly staan nie, maar is dit sy einde.
27 “Bowendien kan niemand in ’n sterk
man se huis ingaan en sy goed vat as hy nie
vooraf die sterk man vasbind nie. Eers dan
sal hy sy huis kan beroof.
28 “Dit verseker Ek julle: Alles sal die
mense vergewe kan word, al die sondige
lastertaal wat hulle praat. 29 Wie egter
teen die Heilige Gees laster, word tot in
ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig
skuldig aan die sonde.”
30 Dit het Hy gesê omdat hulle gesê het:
“Hy is van ’n onrein gees besete.”

### Die moeder en die broers van Jesus

(Matt. 12:46-50; Luk. 8:19-21)

31 Sy moeder en sy broers het toe gekom.
Hulle het buite bly staan en ’n boodskap
na Hom toe gestuur om Hom te roep. 32 ’n
Menigte mense het rondom Hom gesit.
Hulle sê toe vir Hom: “Kyk, u moeder en u
broers en u susters daar buite soek U.”
33 Maar Hy sê vir hulle: “Wie is my
moeder en my broers?”
34 Hy het die mense aangekyk wat in
’n kring om Hom sit en gesê: “Hier is my
moeder en my broers! 35 Elkeen wat die wil
van God doen, is my broer en my suster en
my moeder.”

### Die gelykenis van die saaier

(Matt. 13:1-9; Luk. 8:4-8)

4 Jesus het weer die mense langs die see
begin leer. ’n Baie groot menigte het
by Hom saamgedrom, sodat Hy op die see
in ’n skuit gaan sit het. Die hele menigte
was langs die see op die strand. 2 Hy het
hulle baie deur gelykenisse geleer. So het
Hy onder andere gesê terwyl Hy hulle leer:
3 “Luister hier! ’n Saaier het eendag gaan
saai. 4 Met die saai het ’n deel van die saad
op die pad geval, en die voëls het gekom en
dit opgepik. 5 ’n Ander deel daarvan het op
’n klipbank geval, waar daar nie baie grond
was nie. Dit het gou opgekom, omdat die
grond nie diep was nie. 6 Maar toe die son
warm word, is dit verskroei, en omdat dit
nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog.
7 ’n Ander deel het tussen die onkruid
geval. Die onkruid het opgekom en dit laat
verstik, en dit het nie saad geskiet nie. 8 Die
ander saad het in goeie grond geval, en dit
het opgekom, gegroei en ’n oes gelewer.
Party het dertigvoudig gedra, ander sestig-
en nog ander honderdvoudig.”
9 Verder het Hy gesê: “Wie ore het en kan
hoor, moet luister!”

### Die doel met die gelykenisse

(Matt. 13:10-17; Luk. 8:9-10)

10 Toe hulle alleen was, het die mense
wat saam met die twaalf by Hom was, Hom
oor die gelykenisse uitgevra, 11 en Hy het
vir hulle gesê: “Aan julle is die insig in die
geheim van die koninkryk van God gegee;
maar vir dié wat daarbuite is, bly alles net
by gelykenisse, 12 sodat

“hulle kyk en kyk en tog nie sien nie,
en hoor en hoor en tog nie
verstaan nie,
dat hulle hulle nie miskien bekeer en
vergewe word nie.[c]”

**c** Vgl. Jes. 6:9-10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Jesus verklaar die gelykenis van die saaier

(Matt. 13:18-23; Luk. 8:11-15)

13 Hy sê toe vir hulle: "Julle begryp nie
eens hierdie gelykenis nie. Hoe sal julle dan
al die ander gelykenisse kan verstaan?
14 "Die saaier saai die woord. 15 Daar is
mense by wie daar soos op 'n pad gesaai
word: sodra hulle die woord hoor, kom die
Satan en vat die woord weg wat in hulle
gesaai is. 16 Daar is mense by wie daar soos
op klipbanke gesaai word: sodra hulle die
woord hoor, neem hulle dit met blydskap
aan. 17 Hulle laat dit egter nie in hulle
wortel skiet nie en hou nie lank uit nie.
As hulle daarna ter wille van die woord
verdruk of vervolg word, word hulle gou
afvallig. 18 Daar is mense by wie daar soos
tussen die onkruid gesaai word. Dit is hulle
wat die woord hoor, 19 maar die sorge van
die lewe en die verleiding van rykdom en
die begeertes na allerhande ander dinge
kom op en verstik die woord, en dit bly
sonder vrug. 20 Dan is daar die mense by
wie daar soos op goeie grond gesaai is,
wat die woord hoor en aanvaar en vrug
voortbring, party dertig-, party sestig- en
party honderdvoudig."

### Julle moet luister

(Matt. 13:12; Luk. 8:16-18)

21 Hy het vir hulle gesê: "'n Lamp kom
mos nie onder 'n emmer of onder 'n bed
nie? Is dit nie bedoel om op 'n staander
gesit te word nie? 22 Daar is geen geheim
nie, of dit moet openbaar gemaak word;
en daar word niks geheim gehou nie, of dit
moet aan die lig kom. 23 As iemand ore het
en kan hoor, moet hy luister!"
24 Hy het ook vir hulle gesê: "Gee aandag
aan wat julle hoor! Want met die maat
waarmee julle meet, sal vir julle gemeet
word en daar sal vir julle nog toegevoeg
word. 25 Wie het, vir hom sal daar nog meer
gegee word; en wie nie het nie, van hom sal
ook die bietjie wat hy het, weggevat word."

### Die gelykenis van die saad wat vanself groei

26 Verder het Hy gesê: "Met die koninkryk
van God gaan dit só: Iemand saai die saad
op die land 27 en gaan slaap en staan op,
dag na dag, en die saad ontkiem en groei
– hóé weet hy self nie. 28 Vanself bring die
aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n
aar, dan die vol koringaar. 29 En wanneer
die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel
in, omdat die oestyd daar is."

### Die gelykenis van die mosterdsaadjie

(Matt. 13:31-32; Luk. 13:18-19)

30 Hy het ook gesê: "Hoe sal ons die
koninkryk van God voorstel, of met watter
gelykenis sal ons dit uitbeeld? 31 Dit is soos
'n mosterdsaadjie. Wanneer dit in die land
geplant word, is dit die kleinste van al die
soorte saad daar in die land. 32 Maar as dit
eenmaal geplant is, kom dit op en word dit
groter as al die tuinplante. Dit kry sulke
groot takke dat die voëls in sy skaduwee
kom nes maak."

### Die gebruik van gelykenisse

(Matt. 13:34-35)

33 Deur baie sulke gelykenisse het Jesus
met die mense oor sy boodskap gepraat, vir
sover hulle dit kon verstaan. 34 Sonder 'n
gelykenis het Hy nie met hulle gepraat nie,
maar wanneer Hy met sy dissipels alleen
was, het Hy vir hulle alles uitgelê.

### Jesus maak die storm stil

(Matt. 8:23-27; Luk. 8:22-25)

35 Laat daardie middag sê Jesus vir sy
dissipels: "Kom ons vaar oorkant toe."
36 Hulle het toe die mense wat daar was,
daar laat bly en Hom saamgeneem in die
skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook
nog ander skuite by. 37 Skielik het daar 'n
groot storm losgebars, en die golwe het in
die skuit geslaan, sodat die skuit al begin
vol word het. 38 Jesus het op die bank in die
agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom
toe wakker en sê vir Hom: "Meneer, gee U
dan nie om dat ons vergaan nie?"
39 Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê
vir die see: "Hou op! Bedaar!"
Die wind het gaan lê en daar het 'n groot
stilte gekom. 40 Toe sê Hy vir hulle: "Waarom
is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?"
41 Hulle is met groot ontsag vervul en
het vir mekaar gesê: "Wie kan Hy tog

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

wees dat selfs die wind en die see Hom
gehoorsaam?”

### Die besetene van Gerasa

(Matt. 8:28-34; Luk. 8:26-39)

**5** Daarna het hulle oorkant die see in die
land van die Geraseners aangekom.
2 Net toe Jesus uit die skuit klim, het daar
van die grafte af ’n man met ’n onrein gees
Hom tegemoet gekom.
3 Die man het tussen die grafte gebly.
Niemand kon hom selfs met ’n ketting
vasbind nie, 4 want hulle het hom al
dikwels met voet- en handboeie vasgemaak,
maar dan ruk hy die handboeie uitmekaar
en skop die voetboeie stukkend. Niemand
kon hom baasraak nie. 5 Hy was dag en nag
aan die skreeu tussen die grafte en in die
berge, en dan kap hy homself met klippe.
6 Hy het Jesus al van ver af gesien
en nader gehardloop. Hy het voor Hom
neergeval 7 en hard geskreeu: “Wat het U
met my te doen, Jesus, Seun van God die
Allerhoogste? Ek smeek U: In Gods Naam,
moet my nie pynig nie!” 8 want Jesus het
vir hom gesê: “Onrein gees, gaan uit die
man uit!”
9 Hy het hom toe gevra: “Wat is
jou naam?”
“My naam is Legio,” antwoord hy Hom,
“want ons is baie.”
10 Die man het Hom toe ernstig gesoebat
om hulle nie uit die landstreek uit weg te
stuur nie. 11 Daar naby teen die berg het
’n groot trop varke geloop. 12 Die onrein
geeste het Hom toe gesmeek: “Stuur ons
na die varke toe, sodat ons in hulle kan
invaar!”
13 Hy het hulle dit toegelaat, en hulle het
uitgegaan en in die varke ingevaar. Die hele
trop van omtrent twee duisend het op loop
gesit teen die hang af, die see in, en hulle
het versuip.
14 Hulle wagters het weggehardloop en
dit in die dorp en op die plase gaan vertel.
Die mense het kom kyk wat daar gebeur
het. 15 Toe hulle by Jesus kom en die
besetene in wie die baie bose geeste was,
daar sien sit met sy klere aan en by sy volle
verstand, het hulle groot geskrik. 16 Dié
wat alles gesien het, het vir hulle vertel wat
met die besetene gebeur het, en ook van
die varke. 17 Hulle het toe by Jesus daarop
aangedring om uit hulle gebied uit weg
te gaan.
18 Toe Jesus in die skuit klim, het die
man wat van die duiwel besete was, by
Hom daarop aangedring om saam met
Hom te gaan. 19 Jesus het hom dit egter nie
toegelaat nie maar vir hom gesê: “Gaan na
jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel
vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen
het en dat Hy jou jammer gekry het.”
20 Hy het toe gegaan en deur die hele
Dekapolis begin bekend maak wat Jesus
alles vir hom gedoen het. Almal was
verbaas daaroor.

### Die dogtertjie van Jaïrus. Die vrou met bloedvloeiing

(Matt. 9:18-26; Luk. 8:40-56)

21 Jesus het daarna met die skuit
teruggevaar oorkant toe en toe Hy nog daar
by die see was, het ’n groot menigte om
Hom saamgedrom. 22 Een van die raadslede
van die sinagoge, ’n man met die naam
Jaïrus, kom toe daar aan. Net toe hy vir
Jesus sien, val hy op sy knieë voor Hom
23 en smeek Hom dringend: “My dogtertjie
lê op haar uiterste. Kom lê tog u hande op
haar, sodat sy kan gesond word en lewe.”
24 Hy het saam met hom gegaan. ’n Groot
menigte het agter Hom aan gegaan en hulle
het van alle kante af teen Hom gedruk.
25 Daar was ook ’n vrou wat al twaalf
jaar lank aan bloedvloeiing gely het. 26 Sy
het baie gely onder die behandeling van
talle dokters en het alles wat sy gehad het,
daaraan bestee. Sy het egter geen baat
daarby gevind nie; haar toestand het eerder
vererger.
27 Sy het van Jesus gehoor en in die
gedrang nader gekom en van agter af aan
sy klere geraak, 28 want sy het gedink: as ek
maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond
word. 29 En dadelik het die bron van haar
bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar
liggaam agterkom dat sy van haar kwaal
ontslae was. 30 Jesus het ook self onmiddellik
geweet dat daar van Hom krag uitgegaan
het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai
en gevra: “Wie het aan my klere geraak?”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

31 Sy dissipels het Hom geantwoord: "U
sien tog dat die mense van alle kante af
teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan
My geraak?"
32 Hy het rondom Hom gekyk om te sien
wie dit gedoen het. 33 Die vrou het geskrik
en gestaan en bewe, want sy het besef wat
met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom
op haar knieë kom val en vir Hom haar
hele geskiedenis vertel. 34 Daarna sê Hy
vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered.
Gaan in vrede. Wees vir goed van jou
kwaal genees!"
35 Terwyl Jesus nog met die vrou praat,
kom daar mense van die raadslid van
die sinagoge se huis af en sê vir hom: "U
dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons
Leermeester lastig?"
36 Jesus het egter met die een oor gehoor
wat daar gesê word, en Hy sê toe vir die
raadslid van die sinagoge: "Moet jou nie
ontstel nie. Bly maar net glo!"
37 Jesus het niemand behalwe Petrus,
Jakobus en Johannes die broer van Jakobus
toegelaat om verder saam met Hom te
gaan nie. 38 Hy kom toe by die huis van die
raadslid van die sinagoge aan en sien die
hele gedoente van mense wat verskriklik
huil en te kere gaan. 39 Hy het ingegaan
en vir hulle gesê: "Wat raas en huil julle
so? Die kindjie het nie gesterwe nie, sy
slaap net."
40 Hulle het Hom uitgelag.
Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het
net die pa en die ma van die kindjie en die
drie dissipels wat by Hom was, saamgeneem
en in die kamer ingegaan waar die kindjie
was. 41 Hy vat toe die kindjie se hand en
sê vir haar: "Talita, koem!" Dit beteken:
Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!
42 Dadelik het die dogtertjie opgestaan en
begin loop; sy was al twaalf jaar oud. Die
mense was stom van verbasing. 43 Hy het
hulle toe streng opdrag gegee om niemand
anders daarvan te laat hoor nie en gesê
hulle moet vir haar iets te ete gee.

### Jesus word in Nasaret verwerp
(Matt. 13:53-58; 9:35; Luk. 4:16-30)

**6** Jesus het daarvandaan weggegaan.
Hy het in die dorp gekom waar Hy
grootgeword het, en sy dissipels was saam
met Hom. 2 En toe die sabbatdag aanbreek,
het Hy die mense in die sinagoge begin
leer. Baie het na Hom geluister en is deur
sy woorde aangegryp. Hulle het vir mekaar
gesê: "Waar kom hy aan al hierdie dinge,
en watter besondere gawe van wysheid
het hy dat daar sulke kragtige dade deur
sy hande plaasvind? 3 Is hy dan nie 'n
timmerman, 'n seun van Maria en die broer
van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie?
En is dit dan nie sy susters wat hier by ons
woon nie?"
Die mense wou niks van Hom weet nie.
4 Jesus sê toe vir hulle: "'n Profeet word
oral erken behalwe in die plek waar hy
grootgeword het, en in sy familiekring en
sy gesin."
5 Hy kon daar geen enkele wonderwerk
doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar
siekes gelê en hulle gesond gemaak het. 6 Hy
was verbaas oor die ongeloof van die mense.
Daarna het Hy by die dorpies in die omtrek
rondgegaan en die mense daar geleer.

### Jesus stuur die twaalf uit
(Matt. 10:1,5-15; Luk. 9:1-6)

7 Jesus het die twaalf nader geroep en hulle
twee-twee begin uitstuur. Hy het aan hulle
mag oor onrein geeste gegee. 8 Verder het Hy
hulle bevel gegee om niks vir die pad saam te
vat nie, net 'n kierie – geen kos, geen reissak,
geen geld in die beursie nie. 9 Hulle moes wel
skoene aantrek maar nie nog 'n kledingstuk
saamvat nie. 10 Daarby het Hy vir hulle
gesê: "Waar julle in 'n plek kom en in 'n huis
ontvang word, bly daar totdat julle van die
plek af weggaan. 11 En as 'n plek julle nie wil
ontvang en die mense nie na julle luister nie,
gaan dan daarvandaan weg en skud selfs die
stof onderaan julle voete af as aanklag teen
hulle."
12 Hulle het toe gaan verkondig dat die
mense hulle moet bekeer. 13 Daarby het
hulle baie bose geeste uitgedrywe en baie
siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

### Verskillende menings oor Jesus
(Matt. 14:1-2; Luk. 9:7-9)

14 Koning Herodes het van Jesus gehoor,
want sy Naam het bekend geraak. Party

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

mense het gesê: “Johannes die Doper is uit
die dood opgewek. Daarom werk die kragte
in hom.”
15 En party het gesê: “Dit is Elia.”
Ander het gesê: “Hy is ’n profeet soos een
van die ou profete.”
16 Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê:
“Die Johannes wat ek onthoof het, is uit die
dood opgewek.”

### Die dood van Johannes die Doper

(Matt. 14:3-12; Luk. 3:19-20)

17 Vroeër het Herodes self gestuur en
Johannes laat vang. Hy het hom in die
tronk opgesluit op aandrang van Herodias
die vrou van sy broer Filippus. Herodes
het met haar getrou, 18 en Johannes het
vir hom gesê: “U mag nie u broer se vrou
vat nie.”
19 Herodias het daarna ’n wrok teen hom
gekoester en wou hom laat doodmaak,
maar sy kon nie, 20 want Herodes was bang
vir Johannes omdat hy besef het dat hy ’n
opregte en godvresende man is. Hy het vir
Johannes onder sy beskerming geneem en
elke keer wanneer hy hom aangehoor het,
het hy in ’n ernstige tweestryd geraak. Tog
het hy graag na hom geluister.
21 Op ’n dag het Herodias ’n goeie kans
gekry. Toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy
hoofamptenare en die opperbevelhebbers
en die hoëlui van Galilea ’n feesmaal gegee
het, 22 het die dogter van Herodias daar
ingekom en vir hulle gedans. Dit het groot
byval by Herodes en sy gaste gevind. Die
koning het toe vir die meisie gesê: “Vra my
net wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee.”
23 Daarby het hy dit herhaaldelik met ’n
eed vir haar bevestig: “Net wat jy my vra,
sal ek vir jou gee, tot selfs die helfte van
my koninkryk.”
24 Sy het toe uitgegaan en vir haar ma
gesê: “Wat moet ek vra?”
Dié het gesê: “Die kop van Johannes die
Doper.”
25 Sy het haastig reguit na die koning toe
geloop en vir hom gevra: “Ek wil hê u moet
vir my dadelik in ’n skottel die kop gee van
Johannes die Doper.”
26 Die koning was baie verslae, maar
omdat hy dit voor die gaste met ’n eed
belowe het, wou hy haar dit nie weier nie.
27 Hy het dadelik iemand van sy lyfwag
opdrag gegee en hom gestuur om Johannes
se kop te gaan haal. Hy het hom in die
tronk gaan onthoof, 28 sy kop in ’n skottel
gebring en dit vir die meisie gegee, en die
meisie het dit vir haar ma gegee.
29 Toe Johannes se volgelinge daarvan
hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem
en begrawe.

### Die twaalf apostels kom terug

(Matt. 14:13-14; Luk. 9:10-11; Joh. 6:1-4)

30 Die apostels het na Jesus toe
teruggekom en vir Hom alles vertel wat
hulle gedoen en wat hulle die mense geleer
het. 31 Daar was baie mense wat gedurig
gekom en gegaan het, sodat Jesus en sy
dissipels selfs nie kans gehad het om iets
te eet nie. Hy sê toe vir hulle: “Kom julle
alleen saam na ’n stil plek toe en rus ’n
bietjie.”
32 Hulle het met ’n skuit na ’n stil plek toe
vertrek waar hulle alleen kon wees. 33 Baie
mense het hulle egter gesien en agtergekom
waarheen hulle gaan. Hulle het vinnig van al
die dorpe af te voet daarheen gegaan en nog
voor Jesus en sy dissipels daar aangekom.
34 Toe Jesus uit die skuit klim, het Hy ’n
groot menigte mense daar gesien en Hy het
hulle innig jammer gekry, want hulle was
soos skape wat nie ’n wagter het nie. Hy het
hulle toe baie uitvoerig begin leer.

### Die eerste vermeerdering van die brood

(Matt. 14:15-21; Luk. 9:12-17; Joh. 6:5-14)

35 Toe dit al baie laat was, het Jesus se
dissipels vir Hom kom sê: “Dit is ’n afgeleë
plek hierdie en dit is al baie laat. 36 Stuur
die mense terug sodat hulle op die plase in
die omtrek en in die dorpies vir hulle iets te
ete kan koop.”
37 Maar Hy sê vir hulle: “Gee julle vir
hulle iets om te eet.”
Hulle antwoord Hom: “Moet ons met
twee honderd mense se dagloon brood gaan
koop om vir hulle iets te ete te gee?”
38 Hy vra vir hulle: “Hoeveel brood het
julle? Gaan kyk.”
Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: “Vyf,
en twee visse.”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

39 Hy het hulle opdrag gegee om al die
mense klompies-klompies op die groen
gras te laat sit om te eet. 40 Die mense het
in groepe van honderd en in groepe van
vyftig gaan sit. 41 Toe het Hy die vyf brode
en die twee visse geneem, na die hemel
opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy
die brood gebreek en dit vir sy dissipels
gegee om aan die mense voor te sit. Hy
het ook die twee visse onder hulle almal
verdeel. 42 Al die mense het geëet en genoeg
gekry. 43 Hulle het nog twaalf mandjies vol
bymekaargemaak van die stukke brood en
die vis. 44 Van dié wat van die brood geëet
het, was net die mans vyf duisend.

### Jesus loop op die see

(Matt. 14:22-33; Joh. 6:15-21)

45 Net daarna het Jesus sy dissipels
aangesê om in die skuit te klim en solank
vooruit te gaan na die oorkant, na Betsaida
toe, terwyl Hy nog eers die mense huis toe
stuur. 46 Nadat Hy hulle laat gaan het, het
Hy die berg op gegaan om te bid.
47 Toe dit aand word, was die skuit al
ver weg die see in en Jesus alleen op die
strand. 48 Hy het gesien hulle roei swaar,
want die wind was teen hulle. Teen
dagbreek die volgende môre het Hy op die
see na hulle toe aangeloop gekom, en Hy
wou langs hulle verbygaan. 49 Toe hulle
Hom op die see sien loop, het hulle gedink
dit is 'n spook. Hulle het hard geskreeu,
50 want hulle het Hom almal gesien en
groot geskrik. Maar Hy het dadelik met
hulle gepraat en vir hulle gesê: "Wees
gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie."
51 Hy het toe by hulle in die skuit
geklim, en die wind het gaan lê. Hulle was
heeltemal uit die veld geslaan, 52 want
hulle het nie werklik verstaan wat die
vermeerdering van die brood beteken nie;
hulle kon dit nog nie begryp nie.

### Jesus genees mense in die landstreek Gennesaret

(Matt. 14:34-36)

53 Hulle het toe land toe gevaar en
by Gennesaret aan wal gegaan. 54 Toe
hulle uit die skuit klim, het die mense
Hom dadelik herken 55 en in daardie
hele landstreek rondgegaan en dié wat
ongesteld was, op draagbare begin aandra
na waar hulle gehoor het dat Hy is. 56 Waar
Hy ook al in dorpe of stede of op plase
gekom het, het die mense die siekes op die
bymekaarkomplekke neergesit en Hom
gevra dat die siekes tog maar net aan die
soom van sy klere mag raak; en almal wat
aan Hom geraak het, het gesond geword.

### Die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte

(Matt. 15:1-9)

7 Die Fariseërs en sommige skrifgeleerdes
wat van Jerusalem af gekom het, kom
toe by Jesus. 2 Hulle het gesien party van sy
dissipels eet hulle kos met onrein hande, dit
is met hande wat nie gewas is nie.
3 Die Fariseërs, en tewens die Jode oor
die algemeen, eet immers nie as hulle nie
eers hulle hande behoorlik gewas het nie.
So hou hulle hulle aan die oorgelewerde
gebruik van die voorgeslagte. 4 En wanneer
hulle van die dorp af kom, eet hulle nie as
hulle nie eers gewas het nie. Daar is ook
nog baie ander oorgelewerde gebruike
waaraan hulle hulle hou soos hoe om
koppies, bekers, bakke en stoele te was.
5 Die Fariseërs en die skrifgeleerdes vra
Hom toe: "Waarom handel u dissipels nie
volgens die oorgelewerde gebruik van die
voorgeslagte nie en eet hulle met onrein
hande?"
6 Hy antwoord hulle: "Die profeet
Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is
skynheiliges, soos daar geskrywe staan:

> "Hierdie volk eer My met hulle mond,
> maar hulle hart is ver van My af.
> 7 Dit help niks dat hulle My probeer dien
> deur leerstellings van mense
> as gebooie van God voor te hou nie.[d]

8 "Julle laat die gebod van God los en hou aan
die oorgelewerde gebruik van mense vas."
9 Hy het verder vir hulle gesê: "Julle
verstaan die kuns goed om die gebod van

**d** Vgl. Jes. 29:13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

God opsy te skuiwe en julle oorgelewerde
gebruike in stand te hou. 10 Moses het
gesê: 'Eer jou vader en jou moeder'[e] en:
'Wie sy vader of sy moeder vloek, moet
sekerlik doodgemaak word.'[f] 11 Maar julle
sê: 'Iemand kan vir sy pa of sy ma sê: Enige
gawe wat u van my sou kon kry, is korban,'
dit wil sê: 'n offergawe vir God. 12 En so
laat julle hom toe om hoegenaamd niks vir
sy pa of sy ma te doen nie. 13 So ontneem
julle die woord van God sy gesag deur julle
oorgelewerde gebruike wat julle op julle
beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog
baie ander sulke dinge wat julle doen."

#### Wat 'n mens onrein maak

(Matt. 15:10-20)

14 Daarna het Jesus weer die menigte
nader geroep en vir hulle gesê: "Luister
julle almal hier na My en verstaan dit goed:
15 Niks wat van buite af in 'n mens ingaan,
kan hom onrein maak nie; maar die dinge
wat uit 'n mens uitkom, dít maak hom
onrein."[g]

17 Toe Hy van die menigte af weer huis
toe gegaan het, het sy dissipels Hom oor
hierdie beeldspraak uitgevra. 18 Hy sê toe
vir hulle: "So, dan verstaan julle dit ook
nie? Begryp julle nie dat niks wat van buite
af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak
nie, 19 omdat dit nie in sy hart ingaan nie
maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam
uitgaan?"

Daarmee het Hy alle kos rein verklaar.

20 "Maar," het Hy verder gesê, "wat van
binne af uit 'n mens kom, dít maak 'n mens
onrein. 21 Van binne af, uit die hart van die
mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid,
diefstal, moord, 22 owerspel, hebsug,
kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid,
afguns, kwaadpratery, hoogmoed,
ligsinnigheid. 23 Al hierdie slegte dinge kom
van binne af en dit maak 'n mens onrein."

#### Die Siro-Fenisiese vrou

(Matt. 15:21-28)

24 Jesus het Hom gereed gemaak en
daarvandaan weggegaan na die gebied van
Tirus toe. Daar het Hy in 'n sekere huis
tuis gegaan, en Hy wou nie hê dat iemand
dit te wete moes kom nie. Tog kon Hy
nie onopgemerk bly nie. 25 'n Vrou wie se
dogtertjie van 'n onrein gees besete was, het
gou van Hom te hore gekom. Sy het gekom
en voor sy voete neergeval. 26 Hierdie vrou
was 'n Griek wat in Siro-Fenisië gebore is.
Sy het Hom gevra om die bose gees uit haar
dogter uit te drywe. 27 Maar Hy het vir haar
gesê: "Wag dat die kinders eers klaar eet,
want dit is nie mooi om die kinders se kos te
vat en vir die hondjies te gooi nie."

28 Sy het Hom geantwoord: "Here, die
hondjies eet darem onder die tafel die
kindertjies se oorskiet."

29 Toe sê Hy vir haar: "Op grond van wat jy
gesê het, kan jy maar huis toe gaan; die bose
gees het al klaar uit jou dogter uitgegaan."

30 Toe sy by die huis kom, kry sy haar
kindjie op die bed lê en die bose gees was
al klaar uit haar uit.

#### Jesus genees 'n doofstom man

(Vgl. Matt. 15:29-31)

31 Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg
en deur Sidon na die See van Galilea toe in die
gebied van Dekapolis. 32 Die mense bring toe
'n dowe man wat ook 'n spraakgebrek het na
Hom toe en vra Hom om tog sy hand op hom
te lê. 33 Hy het hom eers eenkant toe gevat,
weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers
in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong
gesmeer. 34 Daarna het Hy na die hemel toe
opgekyk, gesug en vir hom gesê: "Effata!" Dit
beteken: Gaan oop!

35 Sy ore het dadelik oopgegaan, die
belemmering van sy spraak het verdwyn,
en hy het reg gepraat. 36 Jesus het die
mense belet om dit vir iemand anders te
vertel, maar hoe meer Hy hulle belet het,
hoe meer het hulle dit verkondig. 37 Hulle is
geweldig aangegryp en het gesê: "Alles wat
Hy doen, is goed: die dowes laat Hy hoor en
die stommes laat Hy praat."

#### Die tweede vermeerdering van die brood

(Matt. 15:32-39)

**8** In daardie selfde tyd was daar weer 'n
keer 'n groot menigte mense by Jesus,

**e** Eks. 20:12; Deut. 5:16 **f** Eks. 21:17; Lev. 20:9 **g** Sommige manuskripte voeg by: 16 "As iemand ore het en kan hoor, moet hy luister.", vgl. Mark. 4:9,23.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

en hulle het niks gehad om te eet nie. Hy
roep toe sy dissipels nader en sê vir hulle:
2 “Ek kry hierdie mense innig jammer, want
hulle is nou al drie dae lank hier by My en
hulle het niks om te eet nie. 3 As Ek hulle
nou sonder kos huis toe stuur, sal hulle
langs die pad beswyk. Party van hulle kom
van ver af.”
4 Maar die dissipels sê vir Hom: “Waar
sal ’n mens in hierdie verlatenheid genoeg
brood vir hulle kan kry?”
5 Hy vra hulle toe: “Hoeveel brood het
julle?”
“Sewe,” antwoord hulle.
6 Toe gee Hy die mense bevel om op
die grond te gaan sit. Nadat Hy die sewe
brode geneem en God gedank het, het
Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee
om uit te deel, en hulle het dit aan die
mense voorgesit. 7 Hulle het ook ’n paar
vissies gehad; en nadat Hy die seën
gevra het, het Hy gesê hulle moet dit ook
uitdeel. 8 Die mense het geëet en genoeg
gekry. En hulle het nog sewe mandjies
vol bymekaargemaak van die stukke wat
oorgebly het. 9 Daar was omtrent vier
duisend mense. Daarna het Hy hulle huis
toe gestuur.
10 Hy het toe dadelik saam met sy
dissipels in die skuit geklim en na die
gebied Dalmanuta toe gegaan.

### Die Fariseërs vra ’n wonderteken uit die hemel

(Matt. 16:1-4)

11 Daar kom toe Fariseërs wat met Jesus
begin redeneer. Om Hom op die proef te
stel, wou hulle van Hom ’n wonderteken uit
die hemel hê. 12 Hy het diep gesug en gesê:
“Waarom wil hierdie geslag ’n teken hê?
Dit verseker Ek julle: Aan hierdie geslag sal
beslis nie ’n teken gegee word nie.”
13 Hy het hulle daar laat staan, weer in
die skuit geklim en na die oorkant van die
see toe gegaan.

### Die suurdeeg van die Fariseërs en van Herodes

(Matt. 16:5-12)

14 Die dissipels het vergeet om brood
saam te vat; hulle het net een by hulle
in die skuit gehad. 15 Jesus het hulle toe
gewaarsku: “Pas op, wees op julle hoede
vir die suurdeeg van die Fariseërs en die
suurdeeg van Herodes.”
16 Hulle het toe vir mekaar gesê dit is omdat
hulle nie brood het nie. 17 Toe Jesus dit hoor,
sê Hy vir hulle: “Waarom praat julle daaroor
dat julle nie brood het nie? Begryp en verstaan
julle nog nie? Is julle nog steeds so traag van
begrip? 18 Julle wat oë het, sien julle dan nie?
Julle wat ore het, hoor julle dan nie? Onthou
julle nie, 19 toe Ek die vyf brode vir die vyf
duisend gebreek het, hoeveel mandjies vol
stukke brood julle oorgehou het nie?”
“Twaalf,” sê hulle vir Hom.
20 “En sewe brode vir die vier duisend,
hoeveel mandjies vol stukke het julle toe
oorgehou?”
“Sewe,” sê hulle vir Hom.
21 Toe sê Hy vir hulle: “Verstaan julle dan
nog nie?”

### Jesus genees ’n blinde man in Betsaida

22 Hulle het in Betsaida aangekom, en toe
bring die mense ’n blinde man na Jesus toe
en vra Hom om hom aan te raak. 23 Hy het
die blinde man aan die hand gevat en hom
uit die dorp uit gelei. Toe het Hy op sy oë
gespoeg, sy hande daarop gesit en vir hom
gevra: “Sien jy al iets?”
24 Hy het sy oë geknip en gesê: “Ek sien
mense, iets soos bome. Ek sien hulle loop.”
25 Daarna het Jesus weer sy hande op sy
oë gesit. Die man het sy oë oopgemaak, en
hulle was reg. Hy het alles duidelik gesien.
26 Jesus het hom huis toe gestuur en gesê:
“Moenie by die dorp aangaan nie.”

### Die belydenis van Petrus

(Matt. 16:13-20; Luk. 9:18-21; Joh. 6:66-71)

27 Daarna het Jesus en sy dissipels na die
dorpies naby Sesarea-Filippi gegaan. Langs
die pad het Hy vir die dissipels gevra: “Wie,
sê die mense, is Ek?”
28 Hulle antwoord Hom: “Johannes die
Doper, party sê weer Elia, en party een van
die profete.”
29 “Maar julle,” vra Hy hulle, “wie, sê
julle, is Ek?”
Petrus antwoord Hom: “U is die
Christus!”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

30 Toe belet Hy hulle om dit vir iemand
anders te vertel.

### Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 16:21-23; Luk. 9:22)

31 Jesus het hulle toe begin leer dat
die Seun van die mens baie moet ly,
dat Hy deur die familiehoofde en die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes
verwerp moet word en doodgemaak moet
word, en drie dae later moet opstaan. 32 Hy
het met hulle hieroor reguit gepraat. Toe
het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin
berispe. 33 Hy het egter omgedraai, na sy
dissipels gekyk en vir Petrus berispe.
"Moenie in my pad staan nie, Satan," het
Hy gesê, "want jy dink nie aan wat God wil
hê nie maar aan wat die mense wil hê."

### Om Jesus te volg

(Matt. 16:24-28; Luk. 9:23-27)

34 Jesus het toe die menigte mense saam
met sy dissipels nader geroep en vir hulle
gesê: "As iemand agter My aan wil kom,
moet hy homself verloën, sy kruis opneem
en My volg, 35 want wie sy lewe vir homself
wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe
vir My en die evangelie verloor, sal dit
behou. 36 Wat help dit 'n mens tog om die
hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te
verloor? 37 Wat sal 'n mens kan gee in ruil
vir sy lewe? 38 Wie hom dan vir My en my
woorde skaam te midde van hierdie ontroue
en sondige geslag, vir hom sal die Seun van
die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom
saam met die heilige engele, en beklee is
met dieselfde heerlikheid as sy Vader."

**9** Verder het Hy vir hulle gesê: "Dit
verseker Ek julle: Daar is party van
dié wat hier staan, wat beslis nie sal sterwe
voordat hulle gesien het dat die koninkryk
van God met krag gekom het nie."

### Die verheerliking op die berg

(Matt. 17:1-8; Luk. 9:28-36)

2 Ses dae later het Jesus vir Petrus en
Jakobus en Johannes saamgeneem en
hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle
heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms
voor hulle oë verander, 3 en sy klere het
blink geword, spierwit soos niemand op
aarde dit kan maak nie. 4 Elia en Moses het
toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan
en praat.
5 Toe sê Petrus vir Jesus: "Rabbi, dit is
goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte
bou: een vir U, een vir Moses en een
vir Elia."
6 Hy het nie geweet wat hy sê nie, so
verskrik was hy saam met die ander.
7 Daar het toe 'n wolk gekom wat sy
skaduwee oor hulle laat val het; en uit die
wolk het daar 'n stem gekom: "Dit is my
geliefde Seun. Luister na Hom."
8 En meteens, toe hulle weer kyk, sien
hulle niemand meer nie, net Jesus alleen
by hulle.

### Jesus se dood is naby

(Matt. 17:9-13)

9 Terwyl hulle van die berg afkom, het
Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle
gesien het, vir niemand te vertel voordat
die Seun van die mens uit die dood
opgestaan het nie. 10 Hulle het hulle toe
aan hierdie opdrag gehou, maar onder
mekaar geredeneer oor wat dit beteken as
Hy sê dat die Seun van die mens uit die
dood sal opstaan.
11 Hulle vra Hom toe: "Waarom sê die
skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?"
12 "Elia kom wel eers om alles weer reg
te maak," antwoord Hy hulle. "En hoe
staan daar ook oor die Seun van die mens
geskrywe? Hy moet baie ly en verag word.
13 Maar Ek sê vir julle: Elia het reeds gekom,
en die mense het met hom gemaak wat hulle
wou, net soos daar oor hom geskrywe staan."

### Jesus maak 'n seun gesond

(Matt. 17:14-20; Luk. 9:37-43)

14 Toe hulle weer by die ander dissipels
kom, sien hulle 'n groot menigte mense
daar rondom hulle en skrifgeleerdes wat
met hulle redeneer. 15 Die hele menigte was
verras toe hulle Jesus skielik sien, en het
nader gehardloop om Hom te verwelkom.
16 Hy het vir die skrifgeleerdes gevra:
"Waaroor redeneer julle met my dissipels?"
17 Een van die mense het Hom
geantwoord: "Meneer, ek het my seun na U

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

toe gebring omdat hy van ’n gees besete is
wat hom stom maak. 18 En elke keer as die
gees hom gryp, gooi hy hom op die grond
neer. Dan kry hy skuim om die mond en hy
kners op sy tande, en sy spiere trek saam.
Ek het u dissipels gevra om die gees uit te
drywe, en hulle kon nie.”
19 Jesus sê toe vir hulle: “Ongelowige
geslag, hoe lank moet Ek nog by julle wees?
Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring
hom hier na My toe.”
20 Hulle het die seun na Hom toe gebring.
Net toe die gees vir Jesus sien, het hy die
seun geweldige stuiptrekkings laat kry. Hy
het op die grond neergeslaan en rondgerol,
met skuim om die mond. 21 Jesus het vir
die pa gevra: “Hoe lank is dit al dat dit hom
oorkom?”
22 “Van kleins af,” antwoord hy, “en
baiekeer het die gees hom al in vuur en in
water gegooi om hom dood te maak. As U
tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons
jammer en help ons.”
23 “ ‘As U iets kan doen,’ sê jy,” antwoord
Jesus. “Vir die een wat glo, kan alles.”
24 “Ek glo,” roep die seun se pa dadelik
uit. “Help my in my ongeloof.”
25 Toe Jesus sien dat ’n menigte mense
aangestroom kom, het Hy die onrein gees
skerp aangespreek: “Jou stom en dowe
gees, Ek gebied jou: Gaan uit hom uit en
moet nooit weer in hom invaar nie!”
26 Die gees het hom laat skreeu en hewige
stuiptrekkings laat kry en toe uit hom
uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is,
sodat baie mense gesê het: “Hy is dood.”
27 Jesus het hom egter aan die hand gevat
en opgehelp, en hy het opgestaan.
28 Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe
hulle alleen was, het sy dissipels Hom
gevra: “Waarom kon ons die gees nie
uitdrywe nie?”
29 Hy het vir hulle gesê: “Hierdie
goed kan met niks anders as met gebed
uitgedrywe word nie.”

### Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 17:22-23; Luk. 9:43-45)

30 Toe het hulle daarvandaan weggegaan
en deur Galilea gereis. Jesus wou nie hê
dat iemand anders dit te wete moes kom
nie. 31 Hy het sy dissipels geleer en vir
hulle gesê: “Die Seun van die mens word in
die hande van mense oorgelewer, en hulle
sal Hom doodmaak; en drie dae nadat Hy
doodgemaak is, sal Hy opstaan.”
32 Hulle het dit nie verstaan nie, maar
hulle was te bang om Hom daaroor uit
te vra.

### Wie is die belangrikste?

(Matt. 17:24; 18:1-5; Luk. 9:46-48)

33 Toe hulle daarna in Kapernaum by die
huis kom, het Hy vir hulle gevra: “Waaroor
het julle langs die pad geloop en praat?”
34 Hulle het egter niks geantwoord nie,
want hulle het langs die pad met mekaar
gestry oor wie van hulle die belangrikste is.
35 Jesus het gaan sit en die twaalf geroep.
Hy sê toe vir hulle: “As iemand die eerste
wil wees, moet hy die heel laaste en almal
se dienaar wees.”
36 Toe het Hy ’n kindjie geneem en hom
tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om
hom gesit en vir hulle gesê: 37 “Elkeen wat
so ’n kindjie in my Naam ontvang, ontvang
My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie
net vir My nie, maar ook vir Hom wat My
gestuur het.”

### “Wie nie téén ons is nie, is vír ons”

(Luk. 9:49-50; vgl. Matt. 12:30; Luk. 11:23)

38 Johannes het toe vir Hom gesê: “Here,
ons het iemand gesien wat in u Naam bose
geeste uitdrywe. Ons het hom probeer keer,
omdat hy ons nie volg nie.”
39 “Moet hom nie keer nie,” sê Jesus,
“want daar is niemand wat ’n kragtige
daad in my Naam sal doen en net daarna
minagtend van My sal kan praat nie. 40 Wie
nie téén ons is nie, is vír ons.
41 “Elkeen wat vir julle ’n beker water
te drinke sal gee omdat julle aan Christus
behoort, hy sal beslis die beloning daarvoor
kry. Dit verseker Ek julle.”

### Aanleiding tot afvalligheid

(Matt. 18:6-9; Luk. 17:1-2)

42 “Elkeen wat een van hierdie kleintjies
wat in My glo, van My afvallig laat word,
vir hom is dit baie beter as ’n groot

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

meulsteen aan sy nek vasgemaak en hy in
die see gegooi word.
43 "As jou hand jou van My afvallig
laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy
vermink in die lewe ingaan as dat jy altwee
jou hande het en na die hel toe gaan, in die
onblusbare vuur.[h] 45 En as jou voet jou van
My afvallig laat word, kap hom af! Dit is
beter dat jy kreupel die lewe ingaan as dat
jy altwee jou voete het en in die hel gegooi
word.[i] 47 En as jou oog jou van My afvallig
laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy
met een oog die koninkryk van God ingaan
as dat jy altwee oë het en in die hel gegooi
word. 48 Daar gaan die wurm nie dood nie
en word die vuur nie geblus nie."

### Sout en vrede

(Matt. 5:13; Luk. 14:34-35)

49 "Almal sal met die vuur van
beproewing gelouter word.
50 "Sout is goed, maar as sout sy krag
verloor het, waarmee sal 'n mens dit weer
sout maak?
"Julle moet werklik sout wees en in vrede
met mekaar lewe."

### Gesprek oor egskeiding

(Matt. 5:31-32; 19:1-9; Luk. 16:18)

**10** Jesus het Hom gereed gemaak en
daarvandaan na die gebied Judea
toe vertrek, oorkant die Jordaan langs. Baie
mense het weer na Hom toe gekom en, soos
Hy gewoond was, het Hy hulle geleer.
2 Daar het ook Fariseërs gekom, en om
Hom op die proef te stel, het hulle Hom
gevra: "Mag 'n man van sy vrou skei?"
3 Hy het daarop vir hulle gevra: "Wat het
Moses julle beveel?"
4 "Moses het toegelaat dat iemand
'n skeibrief opstel en skei,"[j] het hulle
geantwoord.
5 Toe sê Jesus vir hulle: "Dit is oor die
hardheid van julle harte dat hy hierdie
bepaling vir julle gemaak het. 6 Maar van
die begin af, van die skepping af, 'het God
hulle man en vrou gemaak.'[k] 7 'Daarom sal
'n man sy vader en moeder verlaat en saam
met sy vrou lewe, 8 en hulle twee sal een
wees,'[l] sodat hulle nie meer twee is nie,
maar een. 9 Wat God dan saamgevoeg het,
mag 'n mens nie skei nie."
10 In die huis het die dissipels Hom weer
hieroor uitgevra. 11 Hy sê toe vir hulle:
"Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n
ander een trou, pleeg egbreuk teen sy vrou.
12 En as 'n vrou van haar man skei en met
'n ander een trou, pleeg sy egbreuk."

### Jesus seën die kindertjies

(Matt. 19:13-15; Luk. 18:15-17)

13 Die mense het kindertjies na Jesus
toe gebring dat Hy hulle moet aanraak.
Sy dissipels het met die mense daaroor
geraas. 14 Maar toe Jesus dit sien, was Hy
verontwaardig en het Hy vir hulle gesê:
"Laat die kindertjies na My toe kom en
moet hulle nie verhinder nie, want die
koninkryk van God is juis vir mense soos
hulle. 15 Dit verseker Ek julle: Wie die
koninkryk van God nie soos 'n kindjie
ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie."
16 Hy het sy arms om die kindertjies
gesit, hulle die hande opgelê en hulle
geseën.

### Die ryk jongman

(Matt. 19:16-30; Luk. 18:18-30)

17 Net toe Jesus uit die huis uitkom
om verder te gaan, kom daar iemand
aangehardloop. Hy val toe voor Hom op
sy knieë en vra Hom: "Goeie Leermeester,
wat moet ek doen om die ewige lewe te
verkry?"
18 Daarop sê Jesus vir hom: "Waarom
noem jy My goed? Niemand is goed nie,
behalwe God alleen. 19 Jy ken die gebooie:
'Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie
egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy
mag nie vals getuienis aflê nie,'[m] jy mag
nie iemand veronreg nie, eer jou vader en
jou moeder.[n]"
20 "Meneer," sê hy vir Hom, "dit alles het
ek van my kinderdae af nagekom."

**h** Sommige manuskripte voeg by 44 en 46: "Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie.", vgl. vers 48; Jes. 66:24. **i** Sommige manuskripte voeg by 44 en 46: "Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie.", vgl. vers 48; Jes. 66:24. **j** Vgl. Deut. 24:1 **k** Gen. 1:27 **l** Gen. 2:24 **m** Eks. 20:13-16; Deut. 5:17-20 **n** Eks. 20:12; Deut. 5:16

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

21 Jesus het na hom gekyk en hom
liefgekry en vir hom gesê: "Net een ding
kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy
het, en gee die geld vir armes, en jy sal 'n
skat in die hemel hê. Kom dan terug en
volg My!"
22 Hy het egter geskrik toe hy dit hoor en
het bedruk weggegaan, want hy het baie
besittings gehad.
23 Jesus kyk toe na sy dissipels rondom
Hom en sê vir hulle: "Hoe moeilik sal
mense wat ryk is, in die koninkryk van
God kom."
24 Die dissipels was verbaas oor hierdie
woorde van Hom. Jesus sê toe verder vir
hulle: "Kinders, hoe moeilik is dit om in
die koninkryk van God te kom. 25 Dit is
makliker vir 'n kameel om deur die oog
van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die
koninkryk van God te kom."
26 Dit het hulle geweldig ontstel en
hulle het vir mekaar gesê: "Wie kan dan
gered word?"
27 Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê:
"Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir
God nie, want vir God is alles moontlik."
28 Petrus sê toe vir Hom: "Kyk, óns het
alles verlaat en ons volg U."
29 Jesus antwoord: "Dit verseker Ek julle:
Daar is niemand wat ter wille van My en
ter wille van die evangelie afgesien het van
sy huis of broers of susters of moeder of
vader of kinders of eiendom nie, 30 of hy
kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel:
huise en broers en susters en moeders
en kinders en eiendom, saam met baie
vervolging, en in die bedeling wat kom, die
ewige lewe. 31 Maar baie wat eerste is, sal
laaste wees, en wat laaste is, eerste."

### Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 20:17-19; Luk. 18:31-34)

32 Op pad Jerusalem toe het Jesus voor
hulle uit geloop. Dit het die dissipels
verontrus en die mense wat agterna gekom
het, laat bang word.
Toe het Hy weer die twaalf opsy geneem
en hulle begin vertel wat met Hom gaan
gebeur: 33 "Kyk, ons gaan nou Jerusalem
toe. Daar sal die Seun van die mens
aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes
oorgelewer word, en hulle sal Hom tot
die dood veroordeel en Hom aan die
heidene uitlewer. 34 Dié sal met Hom spot
en op Hom spoeg en Hom slaan en Hom
doodmaak. En drie dae later sal Hy uit die
dood opstaan."

### Die versoek van Jakobus en Johannes

(Matt. 20:20-28)

35 Jakobus en Johannes, die seuns van
Sebedeus, kom toe na Jesus toe en sê vir
Hom: "Here, ons wil graag hê U moet vir
ons doen wat ons U gaan vra."
36 "Wat wil julle hê moet Ek vir julle
doen?" het Hy hulle gevra.
37 Hulle het Hom geantwoord: "Wanneer
U as koning heers, laat ons dan langs U sit,
die een aan u regterhand en die ander een
aan u linkerhand."
38 "Julle weet nie wat julle vra nie," sê
Jesus vir hulle. "Kan julle die lydensbeker
drink wat Ek drink, of met die doop gedoop
word waarmee Ek gedoop word?"
39 "Ons kan," sê hulle vir Hom.
Daarop sê Jesus vir hulle: "Die beker
wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die
doop waarmee Ek gedoop word, sal julle
gedoop word. 40 Maar om aan my regter- of
my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek
nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed
gemaak het."
41 Toe die tien ander dit hoor, was hulle
verontwaardig oor Jakobus en Johannes.
42 Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle:
"Julle weet dat dit by die nasies so is dat
hulle sogenaamde regeerders oor hulle
baasspeel en dat hulle groot manne die mag
oor hulle misbruik. 43 Maar by julle moet
dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring
groot wil word, moet julle dienaar wees;
44 en elkeen onder julle wat die eerste wil
wees, moet julle almal se dienaar wees.
45 Die Seun van die mens het ook nie gekom
om gedien te word nie, maar om te dien en
sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

### Jesus genees die blinde Bartimeus

(Matt. 20:29-34; Luk. 18:35-43)

46 Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe
Jesus en sy dissipels en 'n aansienlike

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

menigte weer daarvandaan verder gaan,
sit daar 'n blinde bedelaar, Bartimeus, seun
van Timeus, langs die pad. 47 Toe hy hoor
dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin
uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U
tog oor my!"
48 Baie mense het met hom geraas
en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al
hoe harder uitgeroep: "Seun van Dawid,
ontferm U tog oor my!"
49 Jesus het gaan staan en gesê: "Roep
hom nader."
Hulle roep toe die blinde man en sê vir
hom: "Hou moed! Staan op! Hy roep jou."
50 Hy het sy bokleed net daar gelos en
opgespring en na Jesus toe gegaan. 51 Jesus
vra vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir
jou doen?"
"Rabboeni," sê die blinde man vir Hom,
"dat ek kan sien."
52 Jesus sê daarop vir hom: "Jy kan maar
gaan. Jou geloof het jou gered."
Dadelik kon hy sien en het hy op die pad
agter Jesus aan gegaan.

**Die intog van Jesus in Jerusalem**

(Matt. 21:1-11; Luk. 19:28-40; Joh. 12:12-19)

**11** Toe hulle naby Jerusalem kom, by
Betfage en Betanië op die Olyfberg,
stuur Jesus twee van sy dissipels 2 en sê vir
hulle: "Gaan na die dorpie daar reg voor
julle, en net soos julle inkom, sal julle daar
'n jong donkie vasgemaak kry. Geen mens
het nog op hom gery nie. Maak hom los en
bring hom hier. 3 En as iemand vir julle sê:
'Wat maak julle daar?' moet julle sê: Die
Here het hom nodig, en Hy sal hom gou
weer hierheen terugstuur."
4 Hulle het toe gegaan en 'n jong
donkie by die ingang, buite langs die pad,
vasgemaak gekry en hom losgemaak.
5 Party van die mense wat daar gestaan het,
het vir hulle gesê: "Waarom maak julle die
donkie los?"
6 Hulle het hulle geantwoord soos Jesus
gesê het. Daarna het die mense hulle laat
begaan.
7 Hulle bring toe die donkie na Jesus toe
en sit van hulle klere op hom, en Jesus het
opgeklim. 8 Baie mense het van hulle klere
op die pad oopgegooi en party weer groen
takkies wat hulle langs die pad afgebreek
het. 9 Dié wat voor geloop en dié wat
agteraan gekom het, het uitgeroep:

"Prys Hom!
Loof Hom wat in die Naam van die
Here kom![o]
10 Geseënd is ons voorvader Dawid se
koninkryk
wat aan die kom is!
Prys Hom in die hoogste hemel!"

11 Jesus het in Jerusalem na die tempel
toe gegaan en alles daar bekyk. Dit was al
laat middag toe Hy en die twaalf weer na
Betanië toe gegaan het.

**Jesus vervloek die vyeboom**

(Matt. 21:18-19)

12 Toe hulle die volgende dag van Betanië
af terugkom, het Jesus honger gekry. 13 Hy
sien toe op 'n afstand 'n vyeboom met
blare aan en gaan daarheen om te kyk of
Hy nie miskien 'n vy daaraan kry nie. Toe
Hy daar kom, kry Hy niks nie, net blare,
want dit was nie vyetyd nie. 14 Hy sê toe vir
die boom: "Van jou sal niemand tot in der
ewigheid ooit weer vye eet nie."
Sy dissipels het dit gehoor.

**Die reiniging van die tempel**

(Matt. 21:12-17; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-22)

15 Hulle kom toe in Jerusalem aan. Jesus
het na die tempel toe gegaan en die mense
wat op die tempelplein besig was om te
koop en te verkoop, daar begin uitjaag. Die
tafels van die geldwisselaars en die stoele
van die duiweverkopers het Hy omgegooi.
16 En Hy het niemand toegelaat om goed
oor die tempelplein te dra nie.
17 Toe het Hy die mense geleer en vir
hulle gesê: "Staan daar nie geskrywe: 'My
huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies
wees'[p] nie? Maar julle het dit 'n rowersnes
gemaak."
18 Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes
het dit gehoor en het na 'n plan gesoek om

**o** Vgl. Ps. 118:26 **p** Vgl. Jes. 56:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Hom om die lewe te bring, want hulle was
bang vir Hom, omdat al die mense deur sy
leer aangegryp is.
19 Toe dit aand geword het, het Jesus en
sy dissipels uit die stad uit weggegaan.

#### Die vyeboom het verdroog

(Matt. 21:20-22)

20 Toe hulle die volgende môre vroeg by
die vyeboom verbygaan, sien hulle dat hy
tot in sy wortels verdroog is. 21 Gedagtig
aan wat Jesus gesê het, sê Petrus vir Hom:
"Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek
het, is verdroog."
22 Jesus sê toe vir hulle: "Julle moet
geloof in God hê! 23 Dit verseker Ek julle:
Elkeen wat vir hierdie berg sê: 'Lig jou op
en val in die see,' en daarby nie in sy hart
twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur,
vir hom sal dit gebeur. 24 Daarom sê Ek vir
julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo
dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir
julle so wees.
25 "En wanneer julle staan om te bid, en
julle het iets teen iemand, vergewe hom;
dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle
ook julle oortredings vergewe."[q]

#### Die vraag oor Jesus se gesag

(Matt. 21:23-27; Luk. 20:1-8)

27 Hulle kom toe weer in Jerusalem aan.
Terwyl Jesus op die tempelplein loop, kom
die priesterhoofde en die skrifgeleerdes
en die familiehoofde na Hom toe 28 en vra
vir Hom: "Met watter gesag doen u hierdie
dinge? Wie het u hierdie gesag gegee om dit
te doen?"
29 Jesus sê toe vir hulle: "Ek gaan
julle een ding vra, en as julle My daarop
antwoord, sal Ek vir julle sê met watter
gesag Ek hierdie dinge doen. 30 Die doop
van Johannes, was dit van God of van
mense afkomstig? Antwoord My."
31 Hulle redeneer toe onder mekaar: "As
ons sê: 'Van God af,' sal hy sê: 'Waarom
het julle hom dan nie geglo nie?' 32 Maar
moet ons sê: 'Van mense af'? ..." Hulle was
bang vir die mense, want almal was van
mening dat Johannes werklik 'n profeet
was. 33 Daarom sê hulle toe vir Jesus: "Ons
weet nie."
Jesus sê toe vir hulle: "Dan sê Ek ook nie
vir julle met watter gesag Ek hierdie dinge
doen nie."

#### Die gelykenis van die boere en die wingerd

(Matt. 21:33-46; Luk. 20:9-19)

**12** Jesus het voortgegaan om in
gelykenisse met hulle te praat en
gesê: "'n Man het 'n wingerd aangeplant
en 'n klipmuur daar rondom gebou. Hy
het daarin ook 'n parskuip uitgekap en 'n
wagtoring opgerig. Toe het hy dit aan boere
verhuur en daarvandaan weggegaan. 2 Op
die vasgestelde tyd het hy 'n slaaf na die
boere toe gestuur om by hulle sy deel van
die wingerd se opbrengs te kry. 3 Hulle het
hom egter gegryp en geslaan en met leë
hande weggejaag. 4 Daarna het hy 'n ander
slaaf na hulle toe gestuur. Hulle het hom
oor die kop geslaan en hom uitgeskel. 5 Hy
het nog 'n ander een gestuur en vir hom
het hulle doodgemaak. Later het hy nog
baie ander gestuur; hulle het party geslaan
en ander doodgemaak. 6 Hy het nog net
een oorgehad, sy geliefde seun. Heel laaste
het hy hom na hulle toe gestuur met die
gedagte: hulle sal tog my seun ontsien.
7 Maar daardie boere het vir mekaar gesê:
'Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak
hom dood; dan sal die erfenis ons s'n wees.'
8 Hulle het hom toe gegryp en doodgemaak
en hom uit die wingerd uitgegooi.
9 "Wat dink julle sal die eienaar van die
wingerd nou doen? Hy sal kom en die boere
om die lewe bring en die wingerd vir ander
mense gee. 10 Julle het tog al in die Skrif
gelees:

"Die klip wat deur die bouers
afgekeur is,
juis hy het die belangrikste klip in die
gebou geword.
11 Dit is deur die Here gedoen
en is 'n wonder in ons oë.[r]"

12 Hulle het toe na 'n plan gesoek om
Hom te laat vang, want hulle het besef

**q** Sommige manuskripte voeg by: 26 "Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook julle oortredings nie vergewe nie.", vgl. Matt. 6:15. **r** Ps. 118:22-23

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

dat Hy met hierdie gelykenis op hulle
gesinspeel het. Maar hulle was bang vir die
mense en het Hom laat staan en weggegaan.

### Die vraag oor die betaal van belasting

(Matt. 22:15-22; Luk. 20:20-26)

13 Toe stuur hulle 'n paar van die Fariseërs
en van die Herodiane na Jesus toe om Hom
met 'n vraag in 'n strik te vang. 14 Hulle
kom sê toe vir Hom: "Meneer, ons weet dat
u iemand is wat u mening eerlik uitspreek
sonder om mense in aanmerking te neem,
want u let nie op die aansien van persone
nie. U is getrou aan die waarheid en so maak
u die wil van God bekend. Is dit reg om aan
die keiser belasting te betaal, of is dit nie?
Moet ons betaal, of moet ons nie betaal nie?"
15 Jesus het egter geweet dat hulle huigel
en Hy het vir hulle gesê: "Waarom stel julle
vir My 'n strik? Bring vir My 'n muntstuk
dat Ek sien."
16 Hulle bring toe vir Hom een en Hy vra
vir hulle: "Wie se kop en naam is hierop?"
"Die keiser s'n," antwoord hulle Hom.
17 Jesus sê toe vir hulle: "Gee aan die
keiser wat aan die keiser behoort, en aan
God wat aan God behoort."
En hulle was stom van verbasing oor Hom.

### Die vraag oor die opstanding uit die dood

(Matt. 22:23-33; Luk. 20:27-40)

18 Toe kom daar Sadduseërs na Jesus
toe. Dit is hulle wat beweer dat daar nie
'n opstanding is nie. 19 Hulle vra Hom toe:
"Meneer, Moses het vir ons voorgeskrywe:
'As iemand se broer sterwe en 'n vrou
agterlaat maar nie kinders het nie, moet hy
met die weduwee van sy broer trou en 'n
nageslag vir sy broer verwek.'[s] 20 Nou was
daar sewe broers. Die oudste het getrou en
by sy sterwe geen kinders gehad nie. 21 Die
tweede het toe met die weduwee getrou,
maar hy het ook gesterwe sonder om kinders
agter te laat, en die derde net so. 22 Nie een
van die sewe het kinders by haar gehad nie.
Heel laaste het die vrou toe ook gesterwe.
23 Met die opstanding, wanneer hulle uit die
dood opstaan, wie van hulle se vrou sal sy
wees? Al sewe het haar mos as vrou gehad."
24 Jesus sê vir hulle: "Is die rede waarom
julle dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif
ken nie en ook nie die krag van God nie?
25 Ja, want wanneer die mense uit die dood
opstaan, trou hulle nie meer nie, maar is
hulle soos die engele in die hemel. 26 En
dat die dooies opgewek word, het julle dan
nie in die boek van Moses, in die gedeelte
oor die doringbos, gelees hoe God vir hom
gesê het: 'Ek is die God van Abraham, die
God van Isak, die God van Jakob'[t] nie?
27 Hy is nie 'n God van dooies nie maar van
lewendes. Julle is dus heeltemal aan die
dwaal!"

### Die vraag oor die grootste gebod

(Matt. 22:34-40; Luk. 10:25-28)

28 Een van die skrifgeleerdes het hulle
hoor redeneer en het nader gestaan. Toe
hy sien dat Jesus hulle 'n goeie antwoord
gegee het, vra hy vir Hom: "Wat is die heel
grootste gebod?"
29 Jesus antwoord hom: "Die eerste is:
'Luister, Israel, die Here ons God is die
enigste Here. 30 Jy moet die Here jou God
liefhê met jou hele hart en met jou hele
siel en met jou hele verstand en met al jou
krag.'[u] 31 Die tweede is: 'Jy moet jou naaste
liefhê soos jouself.'[v] Geen ander gebod is
groter as dié twee nie."
32 "Pragtig, Meneer!" sê die skrifgeleerde
vir Hom. "Dit is waar wat u gesê het:
'Die Here is die enigste God,'[w] en 'daar
is geen ander God as Hy nie.[x]' 33 En 'om
Hom lief te hê met jou hele hart en met
jou hele denke en met al jou krag'[y] en 'om
jou naaste lief te hê soos jouself'[z] is van
meer belang as al die brandoffers en ander
diereoffers."
34 Toe Jesus hom so verstandig hoor
praat, sê Hy vir hom: "Jy is nie ver van die
koninkryk van God af nie."
Niemand het dit toe meer gewaag om
Hom 'n vraag te stel nie.

### Die vraag oor die seun van Dawid

(Matt. 22:41-46; Luk. 20:41-44)

35 Jesus het toe voortgegaan om die mense
in die tempel te leer, en Hy het vir hulle

**s** Vgl. Deut. 25:5; Gen. 38:8 **t** Eks. 3:6,15,16 **u** Vgl. Deut. 6:4-5 **v** Lev. 19:18 **w** Vgl. Deut. 6:4 **x** Vgl. Deut. 4:35; Jes. 45:21 **y** Vgl. Deut. 6:5 **z** Lev. 19:18

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

gesê: "Hoe is dit dat die skrifgeleerdes sê dat
die Christus die seun van Dawid is? 36 Dawid
self het deur die ingewing van die Gees gesê:

" 'Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand
totdat Ek jou vyande aan jou
onderwerp het.'[a]

37 "Dawid self noem Hom 'Here'; hoe kan
Hy dan sy seun wees?"
Die groot menigte mense het graag na
Hom geluister.

**Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes**

(Matt. 23:1-36; Luk. 20:45-47)

38 Terwyl Jesus die mense leer, het Hy
gesê: "Pas op vir die skrifgeleerdes, wat
daarvan hou om met swierige klere rond
te stap en om op straat begroet te word,
39 wat die voorste sitplekke in die sinagoges
en die ereplekke by die feesmaaltye wil hê.
40 Hulle palm die huise van die weduwees
in en sê vir die skyn lang gebede op. Hulle
sal baie swaar gestraf word."

**Die arm weduwee se gawe**

(Luk. 21:1-4)

41 Jesus het toe regoor die offergawekis
gaan sit en kyk hoe die mense geld daar
ingooi. Baie ryk mense het baie geld
ingegooi. 42 Daar het toe 'n arm weduwee
gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit
was baie min werd. 43 Hy het sy dissipels
nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker
Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer
ingegooi as al die ander mense wat iets in
die offergawekis gegooi het. 44 Hulle het
almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar
sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy
gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

**Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word**

(Matt. 24:1-2; Luk. 21:5-6)

**13** Toe Jesus van die tempel af
weggaan, sê een van sy dissipels
vir Hom: "Here, kyk watter geweldige
klippe en watter geweldige geboue!"
2 Jesus sê vir hom: "Sien jy hierdie groot
geboue? Hier sal nie een klip op die ander
bly nie; alles sal afgebreek word."

**Die profetiese rede: rampe en vervolging**

(Matt. 24:3-14; Luk. 21:7-19)

3 Jesus het op die Olyfberg gaan sit,
regoor die tempel. Toe hulle alleen was, vra
Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas vir
Hom: 4 "Sê vir ons, wanneer sal dit gebeur
en wat sal die teken wees van wanneer dit
alles voleindig gaan word?"
5 Jesus sê toe vir hulle: "Pas op dat
niemand julle mislei nie. 6 Daar sal baie
onder my Naam kom en sê: 'Dit is ek!' en
hulle sal baie mense mislei.
7 "En wanneer julle die rumoer van oorloë
en gerugte van oorloë hoor, moet julle nie
verskrik wees nie. Dit moet kom, maar dit
is nog nie die einde nie. 8 Want die een
nasie sal teen die ander te staan kom en
die een koninkryk teen die ander. Daar sal
aardbewings op baie plekke voorkom. Daar
sal hongersnode wees. Hierdie dinge is
geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.
9 "En julle moet teen julleself op julle
hoede wees. Mense sal julle aan die
geregshowe oorlewer; in die sinagoges sal
julle geslaan word, en voor goewerneurs en
konings sal julle oor My teregstaan. Dit sal 'n
getuienis voor hulle wees. 10 En die evangelie
moet eers aan al die nasies verkondig word.
11 Wanneer hulle julle gryp om julle oor te
lewer, moet julle julle nie vooruit bekommer
oor wat julle sal sê nie, maar julle moet praat
soos dit op daardie oomblik aan julle gegee
sal word, want dit is nie julle wat praat nie,
maar die Heilige Gees. 12 Die een broer sal
die ander oorlewer om doodgemaak te word,
en selfs 'n pa sy kind. Kinders sal teen hulle
ouers in opstand kom en hulle doodmaak.
13 Ja, julle sal ter wille van my Naam deur
almal gehaat word. Maar wie tot die einde
toe volhard, sal gered word."

**Die profetiese rede: die groot verdrukking**

(Matt. 24:15-28; Luk. 21:20-24)

14 "En wanneer julle die ding wat 'n
gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig,

**a** Vgl. Ps. 110:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

sien staan op die plek waar hy nie moet wees
nie – wie dit lees, moet dit goed begryp – dan
moet dié wat in Judea is, die berge in vlug.
15 Die man wat op die dakstoep sit, moet nie
ingaan om iets in sy huis te gryp nie; 16 en
die man wat op die land is, moet nie omdraai
om sy klere te gaan haal nie.

17 "Dit sal bitter swaar gaan met die
vrouens wat in daardie tyd swanger is en met
dié wat nog klein kindertjies het. 18 Bid dat
dit nie in die winter moet gebeur nie, 19 want
in daardie tyd sal daar so 'n verdrukking
wees soos daar van die begin af, vandat God
die wêreld geskep het tot nou toe, nog nie
was nie en ook nie sal wees nie. 20 En as dit
nie was dat die Here daardie tyd ingekort het
nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter
wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies
het, het Hy daardie tyd ingekort.

21 "As iemand in daardie tyd vir julle sê:
'Kyk, hier is die Christus!' of: 'Kyk, daar is
Hy!' moet julle dit nie glo nie. 22 Daar sal
vals christusse en vals profete na vore kom,
en hulle sal tekens en wonderwerke doen
om, as dit moontlik was, die uitverkorenes te
mislei. 23 Julle moet daarvoor op julle hoede
wees. Ek het alles vir julle vooruit gesê."

### Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens

(Matt. 24:29-31; Luk. 21:25-28)

24 "Maar in daardie tyd,
ná daardie verdrukking,
sal die son verduister word
en die maan sal nie skyn nie;
25 die sterre sal uit die ruimte val
en die kragte van die hemelruim sal
ontwrig word.

26 "Dan sal die mense die Seun van die
mens in die wolke sien kom met groot krag
en majesteit. 27 En dan sal Hy die engele
uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te
bring uit die vier windstreke, van die een
kant van die aarde af tot by die ander kant."

### Die profetiese rede: die voorbeeld van die vyeboom

(Matt. 24:32-35; Luk. 21:29-33)

28 "Leer dit van die vyeboom as
voorbeeld: wanneer sy takke al sag word en
hy blare kry, weet julle die somer is naby.
29 So moet julle ook, wanneer julle hierdie
dinge sien gebeur, weet dat die tyd naby
is, voor die deur. 30 Dit verseker Ek julle:
Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit
alles gebeur. 31 Die hemel en die aarde sal
vergaan, maar my woorde nooit."

### Die profetiese rede: die dag en uur van die wederkoms

(Matt. 24:36-44; Luk. 21:34-36)

32 "Maar niemand weet wanneer daardie
dag en uur kom nie, selfs nie die engele in
die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net
die Vader weet dit. 33 Wees op julle hoede;
wees waaksaam, omdat julle nie weet
wanneer die tyd daar is nie. 34 Dit is soos
'n man wat ver weggegaan en sy huis onder
beheer van sy slawe gelaat het. Hy het vir
elkeen sy werk gegee en die deurwagter
beveel om waaksaam te bly. 35 Bly dus
waaksaam, omdat julle nie weet wanneer
die huiseienaar kom nie, in die aand of
middernag of met hanekraai of die môre
vroeg nie, 36 sodat wanneer hy onverwags
kom, hy julle nie aan die slaap kry nie.
37 En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal:
Bly waaksaam!"

### Jesus se dood word beplan

(Matt. 26:1-5; Luk. 22:1-2; Joh. 11:45-53)

**14** Twee dae later sou dit die paasfees
en die fees van die ongesuurde
brood wees. Die priesterhoofde en die
skrifgeleerdes was op soek na 'n plan om
Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem
en dood te maak. 2 Hulle het gesê: "Nie op
die fees nie, sodat daar nie miskien oproer
onder die volk kom nie."

### Jesus word in Betanië gesalf

(Matt. 26:6-13; Joh. 12:1-8)

3 Jesus was in Betanië in die huis van
Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel
was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste
fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die
fles oopgebreek en die inhoud daarvan
op sy kop uitgegiet. 4 Party van die mense
het onder mekaar hulle verontwaardiging
uitgespreek: "Waarvoor is hierdie
vermorsing van reukolie? 5 Hierdie

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

reukolie kon vir meer as drie honderd
silwermuntstukke verkoop en die geld vir
armes gegee gewees het.” En hulle het teen
haar uitgevaar.
6 “Laat staan haar,” het Jesus gesê.
“Waarom maak julle dit vir haar moeilik?
Sy het ’n goeie daad aan My gedoen. 7 Julle
het tog altyd armes by julle, en wanneer
julle wil, kan julle aan hulle goed doen,
maar vir My het julle nie altyd by julle nie.
8 Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit
al my liggaam gesalf as voorbereiding
vir my begrafnis. 9 Dit verseker Ek julle:
Oral waar die evangelie in die hele wêreld
verkondig word, sal daar ook vertel word
wat sy gedoen het, tot ’n herinnering
aan haar.”

### Judas onderneem om Jesus te verraai

(Matt. 26:14-16; Luk. 22:3-6)

10 Judas Iskariot, wat een van die twaalf
was, het sy hulp vir die priesterhoofde
gaan aanbied om Jesus in die hande te kry.
11 Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het
hulle belowe om hom daarvoor te betaal.
Hy het toe na ’n plan gesoek om Hom by ’n
geskikte geleentheid te verraai.

### Die paasmaaltyd word voorberei

(Matt. 26:17-19; Luk. 22:7-13)

12 Op die eerste dag van die fees van
die ongesuurde brood, die dag waarop die
Jode altyd die paaslammers geslag het,
vra Jesus se dissipels vir Hom: “Waar wil
U hê moet ons gaan regmaak vir U om die
paasmaaltyd te eet?”
13 Hy stuur toe twee van sy dissipels en
sê vir hulle: “Gaan na die stad toe. Daar
sal ’n man wat ’n kruik water dra, julle
ontmoet. Gaan saam met hom 14 en waar
hy ingaan, moet julle vir die eienaar van
die huis sê: ‘Ons Leermeester vra: Waar
is my kamer waar Ek die paasmaaltyd
saam met my dissipels kan eet?’ 15 Hy sal
julle dan ’n groot bovertrek wys wat klaar
daarvoor ingerig is. Daar moet julle vir ons
die paasmaaltyd voorberei.”
16 Die dissipels het toe gegaan en in die
stad gekom en alles gekry soos Hy vir hulle
gesê het; en hulle het die paasmaaltyd
voorberei.

### Een van Jesus se dissipels gaan Hom verraai

(Matt. 26:20-25; Luk. 22:14,21-23; Joh. 13:18-30)

17 Die aand kom Jesus toe met die twaalf
daar aan. 18 Terwyl hulle sit en eet, sê Hy:
“Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My
verraai, een wat saam met My eet.”
19 Hulle was onthuts, en een na die ander
het Hom gevra: “Dis tog nie ek nie?”
20 Hy sê toe vir hulle: “Dit is een van julle
twaalf, die een wat saam met My sy brood
in die skottel insteek. 21 Die Seun van die
mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor
Hom geskrywe staan; maar wee die man
deur wie die Seun van die mens verraai
word. Dit sou vir daardie man beter gewees
het as hy nooit gebore was nie.”

### Die instelling van die nagmaal

(Matt. 26:26-29; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25)

22 Terwyl hulle eet, het Jesus brood
geneem en die seën gevra. Daarna het
Hy dit gebreek en vir hulle gegee met die
woorde: “Neem dit, dit is my liggaam.”
23 Toe neem Hy ’n beker en nadat Hy die
dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir
hulle, en hulle het almal daaruit gedrink.
24 Hy sê vir hulle: “Dit is my bloed, die
bloed waardeur die verbond beseël word
en wat vir baie mense vergiet word. 25 Dit
verseker Ek julle: Ek sal nie weer wyn
drink nie tot op daardie dag wanneer Ek
die nuwe wyn in die koninkryk van God sal
drink.”

### Petrus sal Jesus verloën

(Matt. 26:30-35; Luk. 22:31-34; Joh. 13:36-38)

26 Nadat hulle die lofsang gesing het, het
hulle uitgegaan Olyfberg toe.
27 Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal almal
van My afvallig word. Daar staan immers
geskrywe:

“Ek sal die herder doodmaak,
en die skape sal uitmekaar gejaag
word.[b]

**b** Vgl. Sag. 13:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

28 “Maar nadat Ek uit die dood opgewek is,
sal Ek julle vooruit gaan na Galilea toe.”
29 Petrus het vir Hom gesê: “Al sal hulle
ook almal van U afvallig word, ek sal nie.”
30 Jesus sê toe vir hom: “Dit verseker
Ek jou: Jy sal vandag nog, in hierdie nag,
voordat die haan ’n tweede keer kraai, My
drie keer verloën.”
31 Maar Petrus het nadruklik gesê: “Al
moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis
nie verloën nie!”
En al die ander het dieselfde gesê.

**Jesus in Getsemane**

(Matt. 26:36-46; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1-2)

32 Toe kom hulle by ’n plek met die naam
Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: “Sit
hier terwyl Ek gaan bid.”
33 Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en
Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld
en beangs geword 34 en vir hulle gesê: “Ek
voel doodsbenoud. Bly hier en waak!”
35 Hy het toe ’n entjie daarvandaan op
die grond gaan kniel en gebid dat, as dit
moontlik is, die uur van lyding nie vir Hom
sou aanbreek nie. 36 Hy het gesê: “Abba,
Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie
lydensbeker van My af weg. Moet nogtans
nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.”
37 Hy kom toe terug en kry die drie aan
die slaap en vra vir Petrus: “Simon, slaap
jy? Kon jy nie eens een uur lank wakker bly
nie? 38 Julle moet waak en bid, sodat julle
nie in versoeking kom nie. Die gees is wel
gewillig, maar die vlees is swak.”
39 Hy het weer gaan bid en dieselfde
gebed as voorheen uitgespreek. 40 Hy kom
toe terug en kry die drie weer aan die
slaap, want hulle was baie vaak. Hulle het
nie geweet wat om vir Hom te sê nie.
41 Toe Hy die derde keer terugkom, sê Hy
vir hulle: “Slaap en rus julle nou nog? Dit is
genoeg. Die tyd het gekom. Die Seun van die
mens word in die hande van die sondaars
oorgegee. 42 Staan op, kom ons loop. Kyk,
die man wat My verraai, is hier naby.”

**Jesus word gevange geneem**

(Matt. 26:47-56; Luk. 22:47-53; Joh. 18:3-12)

43 Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog
praat, kom Judas, wat een van die twaalf
was, daar aan saam met ’n klomp mense
met swaarde en stokke. Hulle is deur die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes en die
familiehoofde gestuur. 44 Die verraaier het
met die mense ’n teken afgespreek. Hy het
gesê: “Die een wat ek sal soen, dit is hy.
Gryp hom en vat hom weg. Moenie dat hy
ontsnap nie.”
45 Toe hy dan daar kom, het hy reguit na
Jesus toe gegaan en gesê: “Rabbi!” en Hom
met ’n soen gegroet. 46 Die ander het vir
Jesus gegryp en Hom gevange geneem.
47 Een van dié wat daarby gestaan het,
het ’n swaard uitgepluk, daarmee na die
slaaf van die hoëpriester geslaan en sy oor
afgekap.
48 Jesus sê toe vir die mense: “Het julle
met swaarde en stokke gekom om My te
vang asof Ek ’n rower is? 49 Dag vir dag
was Ek by julle besig om die mense in die
tempel te leer en julle het My nie gevange
geneem nie. Maar die Skrif moet in
vervulling gaan.”
50 Toe het al sy dissipels Hom in die steek
gelaat en weggehardloop.
51 ’n Sekere jongman is saam agter Jesus
aan, met net ’n doek om sy lyf. Die mense
gryp hom toe, 52 maar hy het die doek gelos
en kaal weggehardloop.

**Jesus voor die Joodse Raad**

(Matt. 26:57-68; Luk. 22:54-55,63-71;
Joh. 18:15-16,24)

53 Hulle het Jesus weggelei na die
hoëpriester toe. Die priesterhoofde en die
familiehoofde en die skrifgeleerdes het
almal daar saamgekom.
54 Petrus het op ’n afstand agter Hom aan
gegaan tot binne-in die binnehof van die
hoëpriester se woning. Daar het hy hom
saam met die wagte by die vuur gesit en
warm maak.
55 Die priesterhoofde en die hele Joodse
Raad het geprobeer om ’n aanklag teen
Jesus te kry om Hom dood te maak, maar
hulle het niks gekry nie. 56 Baie mense het
vals getuienis teen Hom afgelê, maar die
getuienis het nie ooreengestem nie.
57 Sommige van hulle het na vore gekom
en vals getuienis teen Hom afgelê deur
te sê: 58 “Ons het hom hoor sê: Ek sal

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

hierdie tempel, wat deur mense gemaak
is, vernietig en binne drie dae ’n ander een
bou wat nie deur mense gemaak is nie.”
59 Maar ook hieroor het hulle getuienis nie
ooreengestem nie.
60 Toe het die hoëpriester in die Raad
opgestaan en Jesus begin ondervra. “Verweer
jy jou glad nie?” het hy gesê. “Wat van die
getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?”
61 Maar Jesus het niks gesê nie en Hom
glad nie verweer nie.
Die hoëpriester het Hom verder ondervra.
“Is jy die Christus, die Seun van Hom aan
wie die lof toekom?” het hy Hom gevra.
62 “Ek is,” het Jesus geantwoord,

“en julle sal die Seun van die mens sien
waar Hy sit aan die regterhand van
Hom wat magtig is,
en wanneer Hy kom op die wolke van
die hemel.”[c]

63 Toe skeur die hoëpriester uit
verontwaardiging sy klere en sê: “Waarvoor
het ons nog getuies nodig? 64 Julle het die
godslastering gehoor. Hoe lyk dit vir julle?”
Hulle het Hom eenparig veroordeel: “Hy
verdien die dood!”
65 Party van hulle het begin om op Hom
te spoeg. Hulle het sy oë toegebind, Hom
met die vuis geslaan en vir Hom gesê:
“Profeteer ’n bietjie!”
Ook die wagte het Hom geklap toe hulle
Hom wegvat.

### Petrus verloën Jesus

(Matt. 26:69-75; Luk. 22:56-62;
Joh. 18:17-18,25-27)

66 Terwyl Petrus onder in die binnehof was,
kom een van die hoëpriester se diensmeisies
daar. 67 Toe sy vir Petrus sien, besig om hom
warm te maak, kyk sy na hom en sê: “Jy was
ook saam met die man van Nasaret, die Jesus.”
68 Hy het dit egter ontken deur te sê: “Ek
ken Hom nie en ek verstaan ook nie wat jy
sê nie.” Toe het hy na die deur se kant toe
gestaan. En daar het ’n haan gekraai.
69 Die diensmeisie het hom gesien en
weer vir dié wat daar by gestaan het, gesê:
“Hy is een van hulle.” 70 Maar hy het dit
weer ontken.
’n Rukkie later het dié wat daar by gestaan
het, vir Petrus gesê: “Werklik, jy is een van
hulle, want jy is mos ook ’n Galileër.”
71 Toe begin hy vloek, en hy sweer:
“Daardie man van wie julle praat, ken ek nie.”
72 En onmiddellik het die haan ’n tweede
keer gekraai. Dit het Petrus toe bygeval wat
Jesus vir hom gesê het: “Voordat die haan ’n
tweede keer kraai, sal jy My drie keer verloën.”
En hy het in trane uitgebars.

### Jesus voor Pilatus

(Matt. 27:1-2,11-14; Luk. 23:1-5; Joh. 18:28-38)

**15** Die môre vroeg het die
priesterhoofde saam met die
familiehoofde en die skrifgeleerdes dadelik
as volle Joodse Raad ’n vergadering
gehou. Hulle het Jesus geboei en Hom toe
weggebring en aan Pilatus uitgelewer.
2 Pilatus het vir Hom gevra: “Is jy die
koning van die Jode?”
Jesus antwoord hom: “Dit is soos u sê.”
3 Die priesterhoofde het Hom van baie
dinge beskuldig. 4 Pilatus het Hom toe
verder ondervra. “Verweer jy jou glad nie?”
het hy gevra. “Kyk waarvan beskuldig hulle
jou alles.”
5 Jesus het egter niks meer gesê nie, sodat
Pilatus verbaas was.

### Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word

(Matt. 27:15-26; Luk. 23:13-25; Joh. 18:38 – 19:16)

6 Elke paasfees het Pilatus vir die mense
een gevangene, die een wat hulle gevra het,
losgelaat. 7 Daar was ’n man met die naam
Barabbas in die tronk saam met ander
opstandelinge. Hulle het tydens die opstand
moord gepleeg. 8 Daar het toe juis ’n klomp
mense gekom en Pilatus gevra om vir hulle
te doen wat hulle van hom gewoond was.
9 Pilatus vra hulle toe: “Wil julle hê ek moet
die koning van die Jode vir julle loslaat?”
10 Hy het geweet dat die priesterhoofde
Hom uit afguns uitgelewer het.
11 Hulle het die mense egter opgesteek
om te vra dat hy liewer Barabbas vir hulle
moet loslaat.

**c** Vgl. Ps. 110:1; Dan. 7:13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

12 Pilatus het weer vir hulle gevra: “Wat
wil julle dan hê moet ek met hom maak wat
julle die koning van die Jode noem?”
13 “Kruisig hom!” skreeu hulle.
14 “Waarom? Wat se kwaad het hy
gedoen?” vra Pilatus hulle.
Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!”
15 Omdat Pilatus die mense hulle sin wou
gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat
en Jesus laat gesel en Hom oorgelewer om
gekruisig te word.

### Die soldate bespot Jesus

(Matt. 27:27-31; Joh. 19:2-3)

16 Die soldate vat Jesus toe in die
binnehof van hulle hoofkwartier in en
roep die hele afdeling bymekaar. 17 Toe
trek hulle Hom ’n pers mantel aan en
vleg ’n doringkroon en sit dit vir Hom op.
18 Daarna het hulle Hom begin begroet en
gesê: “Ons groet u, Koning van die Jode!”
19 Hulle het Hom herhaaldelik met ’n stok
oor die kop geslaan en op Hom gespoeg
en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom
eer wou bewys. 20 Nadat hulle Hom klaar
bespot het, het hulle die pers mantel
uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom
aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom
te kruisig.

### Jesus word gekruisig

(Matt. 27:32-44; Luk. 23:26-43; Joh. 19:17-27)

21 Die soldate het iemand wat daar
verbygekom het, gekommandeer om Jesus
se kruis te dra. Dit was Simon van Sirene,
wat van buite die stad af gekom het, die pa
van Aleksander en Rufus.
22 Hulle bring Jesus toe na ’n plek
Golgota, wat Kopbeenplek beteken. 23 Hulle
wou vir Hom wyn gee met mirre daarin,
maar Hy wou dit nie hê nie. 24 Toe kruisig
hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar
deur te loot oor wat elkeen moet kry.
25 Dit was nege-uur die môre toe hulle
Hom gekruisig het. 26 En die rede waarom
Hy gekruisig is, was op ’n bordjie aan die
kruis geskrywe: “Die koning van die Jode.”
27 Saam met Hom het hulle ook twee rowers
gekruisig, een regs en een links van Hom.[d]
29 Die mense wat daar verbygeloop het,
het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud
en gesê: “Toe, jy wat die tempel afbreek en
in drie dae weer opbou! 30 Red jouself en
kom van die kruis af.”
31 Net so het die priesterhoofde en die
skrifgeleerdes ook spottend vir mekaar
gesê: “Ander het hy gered; homself kan hy
nie red nie! 32 Laat die Christus, die koning
van Israel, nou van die kruis af kom, sodat
ons dit kan sien en in hom glo!”
Die twee wat saam met Hom gekruisig is,
het Hom ook beledig.

### Jesus sterwe

(Matt. 27:45-56; Luk. 23:44-49; Joh. 19:28-30)

33 Teen twaalfuur die middag het daar
duisternis oor die hele land gekom en dit
het tot drie-uur geduur. 34 Om drie-uur
het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá
sabagtani?” Dit beteken: My God, my God,
waarom het U My verlaat?[e]
35 Toe party van die mense wat daar naby
gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar,
hy roep vir Elia.”
36 Een van hulle het toe gehardloop, ’n spons
in suur wyn gesteek en dit vir Hom op ’n stok
gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons
kyk of Elia hom van die kruis kom afhaal.”
37 Daarna het Jesus hard uitgeroep en die
laaste asem uitgeblaas.
38 Die voorhangsel in die tempel het van
bo tot onder middeldeur geskeur.
39 Toe die offisier, wat reg voor Jesus
gestaan het, Hom die laaste asem só sien
uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was
werklik die Seun van God.”
40 Daar het ook vroue op ’n afstand gestaan
en kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en
Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses,
en Salome. 41 Toe Jesus nog in Galilea was,
het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom
versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom
na Jerusalem toe gekom het, was ook daar.

### Jesus word begrawe

(Matt. 27:57-61; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42)

42 Dit was Vrydag, dit is die dag voor die
sabbatdag, en dit was al die middag laat.

**d** Sommige manuskripte voeg by: **28** Daarmee is die Skrifwoord vervul wat sê: “Hy is as misdadiger beskou.”, vgl. Luk. 22:37; Jes. 53:12. **e** Ps. 22:2

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

43 Josef van Arimatea, ’n vooraanstaande
lid van die Joodse Raad en iemand wat
self ook uitgesien het na die koms van die
koninkryk van God, kom toe daar aan. Hy
het dit gewaag om na Pilatus toe te gaan en
die liggaam van Jesus te vra.
44 Pilatus was verbaas om te hoor dat Hy
al dood is. Hy het die offisier laat roep en
hom gevra of Jesus lankal gesterwe het.
45 Toe hy van die offisier verneem dat dit
wel so is, het hy die lyk vir Josef gegee.
46 Josef het ’n stuk linne gekoop, Jesus
van die kruis gaan afhaal, Hom in die linne
toegedraai en neergelê in ’n graf wat in
die rots uitgekap was. Hy het ’n klip voor
die ingang van die graf gerol. 47 Maria
Magdalena en Maria die moeder van Joses
het gestaan en kyk waar Hy neergelê word.

### Jesus het opgestaan

(Matt. 28:1-8; Luk. 24:1-12; Joh. 20:1-10)

**16** Toe die sabbatdag verby was, het
Maria Magdalena en Maria die ma
van Jakobus, en Salome reukolie gekoop
om die liggaam daarmee te gaan balsem.
2 Die Sondagmôre baie vroeg kom hulle by
die graf aan net toe die son opkom. 3 Hulle
vra toe vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip
voor die ingang van die graf wegrol?”
4 Die klip was baie groot, maar toe hulle
opkyk, sien hulle dat dit klaar weggerol is.
5 Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle ’n
jongman aan die regterkant sit met lang wit
klere aan, en hulle het groot geskrik.
6 “Moenie skrik nie!” sê hy vir hulle.
“Julle soek Jesus van Nasaret, wat
gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek.
Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek
waar hulle Hom neergelê het. 7 Maar gaan
sê vir sy dissipels en in die besonder vir
Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea
toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir
julle gesê het.”
8 Hulle het uit die graf uitgegaan en
weggehardloop terwyl hulle gebewe het
van die skrik. Hulle het vir niemand anders
iets daarvan gesê nie, want hulle was
bang.[f]

### Jesus verskyn na sy opstanding

(Matt. 28:9-10,16-20; Luk. 24:13-53;
Joh. 20:11-29; Hand. 1:6-11)

9 Ná Jesus se opstanding vroeg die
Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria
Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore
sewe bose geeste uitgedrywe het. 10 Sy het
dit vir sy dissipels gaan vertel wat oor Hom
getreur en gehuil het. 11 Alhoewel hulle by
haar gehoor het dat Hy lewe en dat sy Hom
gesien het, het hulle haar tog nie geglo nie.
12 Daarna het Jesus met ’n ander
voorkoms aan twee van hulle verskyn
terwyl hulle op pad was na die platteland
toe. 13 Hulle het dit vir die ander dissipels
gaan vertel, maar dié het selfs vir húlle ook
nie geglo nie.
14 Later het Jesus aan die elftal self
verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy
het hulle verwyt oor hulle ongeloof en
hardheid van hart omdat hulle dié wat
Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo
het nie. 15 Hy het vir hulle gesê: “Gaan
uit, die hele wêreld in, en verkondig die
evangelie aan die hele mensdom. 16 Wie tot
geloof gekom het en gedoop is, sal gered
word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.
17 Die volgende wondertekens sal voorkom
by dié wat glo: in my Naam sal hulle bose
geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle
praat; 18 met hulle hande sal hulle slange
optel, en as hulle iets drink wat dodelik
giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie;
hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal
gesond word.”
19 Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê
het, is Hy in die hemel opgeneem en het
Hy aan die regterhand van God gaan sit.
20 Hulle het toe die evangelie oral gaan
verkondig, en die Here het met hulle
saamgewerk en hulle prediking bekragtig
deur die wondertekens wat daarop gevolg
het.

**f** Volgens die gebruikte grondteks eindig die Evangelie hier. Verse 9 tot 20 is in sommige manuskripte bygevoeg en is mettertyd aanvaar as die gepaste afsluiting van die Evangelie. In sommige manuskripte is benewens of in die plek van verse 9 tot 20 die volgende bygevoeg: Maar die vroue het alles wat vir hulle gesê is, kortliks vir Petrus en die ander by hom vertel. Daarna het Jesus self deur hulle die heilige en onverganklike evangelie oor die ewige redding van die ooste tot in die weste laat verkondig. Amen.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

DIE EVANGELIE VOLGENS

# LUKAS

Die Evangelie verkondig Jesus as Verlosser, nie net van Israel nie maar van die hele mensheid. ’n Groot deel van hierdie Evangelie bevat dieselfde gegewens as Matteus en Markus, maar uit eie ondersoek (1:3) voeg die skrywer heelwat gegewens by, bv. die uitgebreide verhaal oor die geboorte van Jesus, die opwekking van die seun by Nain, die verhale oor Saggeus en die Emmausgangers en ’n hele aantal gelykenisse waaronder dié van die barmhartige Samaritaan en van die verlore seun. Met bewoënheid het Jesus weldade aan siekes en lydendes, veronregtes en verarmdes bewys.

Die ondertoon van die Evangelie is dié van blydskap oor die koms van die Verlosser en sy oorwinning oor die magte van die Bose.

**Die hooftrekke van die boek**


Die geboorte van Johannes die Doper en van Jesus 1 – 2
Die optrede van Johannes die Doper 3
Jesus se werksaamheid en prediking in Galilea 4 – 9
Van Galilea af na Jerusalem toe 9 – 19
Gesprekke met teenstanders in Jerusalem 19 – 20
Oor die ondergang van Jerusalem en die wederkoms 21
Jesus se lyding, dood, opstanding en hemelvaart 22 – 24


### ’n Woord aan Teofilus

1 Hooggeagte Teofilus!
Daar is baie wat onderneem het
om ’n verhaal te skrywe van die dinge
wat onder ons gebeur het. 2 Hulle het dit
opgeteken soos dit aan ons oorgelewer
is deur die mense wat van die begin af
ooggetuies en dienaars van die Woord was.
3 Daarom het ek dit ook goedgedink om self
alles stap vir stap van voor af te ondersoek
en die verhaal noukeurig in die regte
volgorde vir u neer te skryf. 4 So kan u te
wete kom dat die dinge waaroor u onderrig
is, heeltemal betroubaar is.

### Die geboorte van Johannes die Doper word aangekondig

5 In die tyd van koning Herodes van
Judea was daar ’n priester met die naam
Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook
sy vrou het van Aäron afgestam, en haar
naam was Elisabet. 6 Hulle was albei getrou
aan die wet van God en het onberispelik
al die gebooie en voorskrifte van die Here
onderhou. 7 Hulle het geen kind gehad nie,
omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien
was albei reeds op ver gevorderde leeftyd.
8 Op ’n keer toe Sagaria in die beurt
van sy diensgroep besig was om die
priesterdiens voor God te verrig, 9 is hy
volgens die priesterlike gebruik deur die
lot aangewys om in die tempel van die
Here in te gaan en die wierook op die
altaar te brand. 10 Terwyl die wierookoffer
gebring is, was die hele volksmenigte buite
besig om te bid. 11 Toe verskyn daar aan
die regterkant van die wierookaltaar ’n
engel van die Here aan hom. 12 Sagaria
het geskrik toe hy hom daar sien staan



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

en hy het baie bang geword, 13 maar die
engel sê vir hom: “Moenie bang wees nie,
Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou
vrou, Elisabet, sal aan jou ’n seun skenk,
en jy moet hom Johannes noem. 14 Hy sal
’n bron van blydskap en vreugde vir jou
wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte,
15 want hy sal groot wees in die oë van die
Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie,
en reeds van sy geboorte af sal hy met die
Heilige Gees vervul wees. 16 Hy sal baie uit
die volk Israel laat terugkeer tot die Here
hulle God. 17 En hy sal voor die Here uit
gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om
vaders en kinders met mekaar te versoen,
om ongehoorsames op die regte pad terug
te bring en om so vir die koms van die Here
’n volk voor te berei.”

18 Toe sê Sagaria vir die engel: “Waaraan
sal ek dit weet? Ek is ’n ou man, en my
vrou is al op ver gevorderde leeftyd.”

19 Die engel antwoord hom: “Ek is
Gabriël, wat in diens van God staan. Ek
is gestuur om met jou te praat en hierdie
goeie tyding vir jou te bring. 20 Kyk, jy sal
stom wees en nie kan praat nie tot op die
dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my
woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal
word, nie geglo het nie.”

21 Intussen het die volk vir Sagaria
gestaan en wag en begin wonder waarom
hy so lank in die tempel bly. 22 Toe hy
uitkom, kon hy nie met hulle praat nie.
Hulle kom toe agter dat hy in die tempel ’n
gesig gesien het. Hy het net aanhoudend vir
hulle beduie en stom gebly. 23 Toe die tyd
van sy tempeldiens om was, het hy huis toe
gegaan.

24 Na daardie tyd het sy vrou Elisabet
swanger geword en haar vyf maande lank
afgesonder. Sy het gesê: 25 “Die Here het
dit vir my gedoen. Nou het Hy na my
omgesien om my smaad onder die mense
weg te neem.”

**Die geboorte van Jesus word aangekondig**

26 In die sesde maand van Elisabet se
swangerskap het God die engel Gabriël
gestuur na ’n maagd in Nasaret, ’n dorp in
Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef, ’n man
uit die geslag van Dawid. Die naam van die
maagd was Maria. 28 Toe die engel by haar
kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die
Here is by jou.”

29 Sy was verbysterd oor die woorde
en het gewonder wat die begroeting tog
kon beteken. 30 Die engel sê toe vir haar:
“Moenie bang wees nie, Maria, want God
bewys genade aan jou. 31 Jy sal swanger
word en ’n seun in die wêreld bring,
en jy moet Hom die naam Jesus gee.
32 Hy sal groot wees en die Seun van die
Allerhoogste genoem word. Die Here God
sal Hom die troon van sy voorvader Dawid
gee, 33 en Hy sal as koning oor die nageslag
van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy
koningskap sal daar geen einde wees nie.”

34 Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is
so iets moontlik, aangesien ek nog nooit
omgang met ’n man gehad het nie?”

35 Die engel antwoord haar: “Die Heilige
Gees sal oor jou kom, en die krag van
die Allerhoogste sal die lewe in jou wek.
Daarom sal die een wat gebore word, heilig
genoem word, die Seun van God. 36 Kyk,
’n bloedverwant van jou, Elisabet, het in
haar ouderdom self ook ’n seun ontvang, en
sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou
al in haar sesde maand. 37 Niks is vir God
onmoontlik nie.”

38 Maria sê toe: “Ek is tot beskikking
van die Here. Laat met my gebeur wat u
gesê het.”

Toe het die engel van haar af weggegaan.

**Maria besoek Elisabet**

39 Maria het haar sonder versuim
gereed gemaak en haastig na ’n dorp in
die bergstreek van Judea gegaan. 40 Daar
het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir
Elisabet gegroet. 41 Net toe Elisabet die
groet van Maria hoor, het die kindjie in
Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is
met die Heilige Gees vervul 42 en het hard
uitgeroep:

“Geseënd is jy onder die vroue
en geseënd is die vrug van jou
moederskoot!
43 Waaraan het ek dit te danke
dat die moeder van my Here
na my toe kom?

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

44 Kyk, net toe die geluid van jou groet
in my ore klink,
het die kindjie in my van vreugde
beweeg.
45 Gelukkig is sy wat glo
dat in vervulling sal gaan
wat die Here vir haar gesê het!"

**Die loflied van Maria**

46 En Maria het gesê:

"Ek besing die grootheid van die Here,
47 ek juig oor God, my Verlosser,
48 omdat Hy na my
in my geringheid omgesien het.
Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag
my gelukkig noem,
49 omdat Hy wat magtig is,
groot dinge aan my gedoen het.
Heilig is sy Naam!
50 Hy bewys ontferming
van geslag tot geslag
aan dié wat Hom eer.
51 Kragtige dade het Hy met sy arm
verrig:
hoogmoediges in hulle eiewaan
het Hy uitmekaargejaag;
52 maghebbers het Hy van trone afgeruk
en geringes verhoog;
53 behoeftiges het Hy oorlaai met goeie
gawes
en rykes met leë hande weggestuur.
54 Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom
deur te dink aan sy beloftes van
ontferming
55 soos Hy dit toegesê het aan ons
voorvaders,
aan Abraham en sy nageslag
tot in ewigheid."

56 Maria het omtrent drie maande by
Elisabet gebly en daarna teruggegaan
huis toe.

**Die geboorte van Johannes die Doper**

57 Toe die tyd gekom het dat Elisabet se
kind gebore moes word, het sy 'n seun in
die wêreld gebring. 58 Haar bure en familie
het gehoor dat die Here aan haar groot
ontferming bewys het, en hulle was saam
met haar bly.

59 Op die agste dag het hulle gekom
om die kindjie te besny, en hulle wou
hom Sagaria noem na sy pa. 60 Maar sy
ma het gesê: "Nee! Hy moet Johannes
genoem word."
61 Hulle sê vir haar: "Daar is niemand in
jou familie wat die naam het nie!"
62 Met gebare vra hulle toe sy pa hoe
hy wil hê dat die kindjie genoem moet
word. 63 Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf
daarop: "Johannes is sy naam." En almal
was verbaas. 64 Onmiddellik het Sagaria sy
spraak teruggekry en begin praat en God
geprys.
65 Almal wat rondom hulle gewoon het, is
met ontsag vervul, en in die hele bergstreek
van Judea is daar baie gepraat oor al
hierdie dinge. 66 Almal wat dit gehoor het,
het daaroor nagedink en gevra: "Wat sal
hierdie kindjie eendag word?"
Dit was duidelik dat die Here by
hom was.

**Die loflied van Sagaria**

67 Sagaria, die kindjie se pa, is met die
Heilige Gees vervul en het as profeet gesê:

68 "Lofwaardig is die Here, die God van
Israel,
want Hy het sy volk in genade opgesoek
en vir hulle verlossing bewerk.
69 'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat
opstaan
uit die huis van sy dienaar Dawid.
70 So het die Here dit reeds
van oudsher belowe
deur die mond van sy heilige profete:
71 om ons te verlos van ons vyande
en uit die hand van al ons haters;
72 om Hom te ontferm oor ons voorvaders
en sy heilige verbond te onthou.
73 Met 'n eed het Hy dit bevestig
aan ons voorvader Abraham
dat Hy sou gee dat ons,
74 gered uit die hand van vyande,
Hom onbevrees kan dien
75 in vroomheid en opregtheid
al die dae van ons lewe.

76 "En jy, kindjie,
'n profeet van die Allerhoogste

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

sal jy genoem word,
want jy sal voor die Here uit gaan
om sy pad gereed te maak,
77 om kennis van verlossing
aan sy volk mee te deel:
verlossing deur vergifnis van hulle
sondes,
78 danksy die genadige ontferming van
ons God.
Soos die môreson sal Hy opgaan
en uit die hoogte op ons afstraal,
79 om lig te bring aan dié wat in duisternis
en in die skaduwee van die dood lewe,
om ons voetstappe te rig
op die pad van vrede."

80 Die kindjie het opgegroei en sterk
geword deur die Gees en het in die woestyn
gebly tot op die dag van sy openbare
verskyning in Israel.

### Die geboorte van Jesus

(Matt. 1:18-25)

2 In daardie tyd het keiser Augustus 'n
bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling
in die hele ryk gehou moet word. 2 Hierdie
eerste volkstelling het plaasgevind toe
Sirenius goewerneur was in die provinsie
Sirië. 3 Almal het gegaan om hulle te laat
inskryf, elkeen na sy eie stad toe.
4 Ook Josef het gegaan. Hy het van
die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe
gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid,
omdat hy tot die huis en geslag van Dawid
behoort het. 5 Maria, sy verloofde, wat
swanger was, het saamgegaan om ingeskryf
te word. 6 Terwyl hulle daar was, het die
tyd gekom dat haar kind gebore moes
word. 7 Sy het haar Eerstelingseun in die
wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai
en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle
geen plek in die herberg was nie.

### Die skaapwagters en die engele

8 Daar was skaapwagters in daardie
omgewing wat in die oop veld gebly en
in die nag oor hulle skape wag gehou het.
9 Meteens staan daar 'n engel van die Here
by hulle, en die heerlikheid van die Here
het rondom hulle geskyn. Hulle het baie
groot geskrik. 10 Toe sê die engel vir hulle:
"Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring
vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap
wat vir die hele volk bestem is. 11 Vandag
is daar vir julle in die stad van Dawid die
Verlosser gebore, Christus die Here! 12 En dit
is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind
wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê."
13 Skielik was daar saam met die engel 'n
menigte engele uit die hemel wat God prys
en sê:

14 "Eer aan God in die hoogste hemel,
en vrede op aarde
vir die mense in wie Hy 'n
welbehae het!"

15 Nadat die engele van hulle af weggegaan
het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir
mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe
om te sien wat gebeur het, soos die Here dit
aan ons bekend gemaak het."
16 Hulle gaan toe haastig daarheen en kry
vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in
die krip lê. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle
vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle
gesê is. 18 Almal wat dit gehoor het, was
verwonderd oor wat die skaapwagters hulle
vertel het. 19 Maria het alles wat gesê is,
onthou en telkens weer by haarself daaroor
nagedink. 20 Die skaapwagters het toe
teruggegaan terwyl hulle God loof en prys
oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit
was alles net soos dit vir hulle gesê is.

### Besnydenis, afsondering, reiniging

21 Ag dae later, toe dit tyd was om die
Kindjie te besny, het Hy die naam Jesus
gekry, die naam wat deur die engel genoem
is nog voordat Hy in die moederskoot
ontvang is.
22 Toe die reinigingstyd soos deur die wet
van Moses bepaal, vir hulle verby was, het
hulle Hom na Jerusalem toe gebring om Hom
tot beskikking van die Here te stel. 23 In die
wet van die Here staan immers geskrywe:
"Elke eersteling van die manlike geslag moet
vir die Here afgesonder word."[a] 24 Hulle het

**a** Vgl. Eks. 13:2,12,15

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

ook die reinigingsoffer gebring volgens die
voorskrif in die wet van die Here, naamlik
"'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe."[b]

**Simeon en Anna by die tempel**

25 Daar het destyds 'n man met die
naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy
was getrou aan die wet en vroom, en het
uitgesien na die koms van die Verlosser
van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon
26 en het aan hom bekend gemaak dat hy
nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van
die Here gesien het nie. 27 Deur die Gees
gelei, het hy opgegaan na die tempel toe.
Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir
Hom die gebruiklike bepaling van die wet
na te kom, 28 het Simeon Hom in sy arms
geneem en God geprys en gesê:

29 "Here, laat u dienaar nou
in vrede gaan volgens u woord,
30 omdat my oë u verlossing gesien het
31 wat U gereed gemaak het
voor die oë van al die volke:
32 'n lig tot verligting van die nasies
en tot eer van u volk Israel."

33 Sy vader en moeder was verwonderd
oor die dinge wat van Hom gesê is.
34 Simeon het hulle geseën en vir Maria,
sy moeder, gesê: "Kyk, hierdie Kindjie is
bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie
in Israel en tot 'n teken wat weerspreek
sal word. 35 So sal die gesindheid van baie
mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n
swaard sal deur jou siel gaan."
36 Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n
dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy
was al baie oud. As jong vrou was sy sewe
jaar getroud, en na haar man se dood 37 het
sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en
tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af
weggebly nie en het God dag en nag gedien
deur te vas en te bid. 38 Juis op daardie
oomblik het sy nader gekom en God gedank
en oor die Kindjie gepraat met almal wat na
die verlossing van Jerusalem uitgesien het.
39 Toe Josef-hulle alles nagekom het wat
die wet van die Here voorskryf, het hulle na
Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp,
Nasaret. 40 Die Kindjie het gegroei en sterk
geword, en Hy was vol wysheid, en die
genade van God was op Hom.

**Die Kind Jesus by die tempel**

41 Jesus se ouers het elke jaar vir die
paasfees Jerusalem toe gegaan. 42 Toe Hy
twaalf jaar oud was, het hulle weer soos
gebruiklik daarheen gegaan vir die fees. 43 En
toe die feesdae verby was, het sy ouers die
terugreis begin, maar die Kind Jesus het in
Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet
het. 44 Omdat hulle gedink het Hy is by die
reisgeselskap, het hulle 'n dag lank gereis
voordat hulle Hom onder die familie en
bekendes begin soek het. 45 Toe hulle Hom
nie kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem
toe op soek na Hom. 46 Na drie dae het hulle
Hom by die tempel gekry waar Hy tussen
die geleerdes sit en na hulle luister en hulle
uitvra. 47 Almal wat Hom gehoor het, was
verbaas oor sy insig en sy antwoorde. 48 Toe
sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy
moeder sê vir Hom: "Kind, waarom het jy so
met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het met
angs na jou gesoek."
49 Maar Hy antwoord hulle: "Waarom het
u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in
die huis van my Vader moet wees nie?"
50 Hulle het nie begryp wat Hy daarmee
bedoel het nie.
51 Hy het toe saam met hulle na Nasaret
toe teruggegaan, en Hy was aan hulle
onderdanig. Sy moeder het al hierdie dinge
in haar hart bewaar.
52 En Jesus het verstandelik en
liggaamlik gegroei en in guns by God en
die mense toegeneem.

**Die prediking van Johannes die Doper**
(Matt. 3:1-12; Mark. 1:1-8; Joh. 1:19-28)

**3** Dit was die vyftiende regeringsjaar
van keiser Tiberius. Pontius Pilatus
was goewerneur van Judea, en Herodes
heerser van Galilea. Sy broer Filippus
was heerser van Iturea en Tragonitis, en
Lisanias heerser van Abilene. Annas en
Kajafas was die hoëpriesters.

**b** Vgl. Lev. 12:8

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

2 In daardie tyd het die woord van God
tot Johannes, die seun van Sagaria, in die
woestyn gekom. 3 Hy het deur die hele
Jordaanstreek gegaan en verkondig: Bekeer
julle en laat julle doop en God sal julle
sondes vergewe. 4 So staan dit geskrywe in
die boek van die profeet Jesaja:

“Iemand roep in die woestyn:
Maak die pad vir die Here gereed,
maak die paaie vir Hom reguit.
5 Elke kloof moet opgevul en elke berg
en bult platgemaak word;
die krom paaie moet reguit en die ruwe
paaie gelyk word.
6 En al die mense sal die verlossing sien
wat van God kom.”[c]

7 Die mense het in groot getalle uitgegaan
om deur Johannes gedoop te word. Hy het
vir hulle gesê: “Julle slange, wie het julle
wysgemaak dat julle die dreigende toorn
kan ontvlug? 8 Dra liewer vrugte wat bewys
dat julle bekeer is. En moenie by julleself
sê: ‘Ons het Abraham as voorvader’ nie,
want dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie
klippe kinders vir Abraham verwek. 9 Die
byl lê al klaar teen die wortel van die
bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra
nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.”
10 Die mense vra hom toe: “Wat moet ons
dan doen?”
11 Hy antwoord hulle: “Wie twee
kledingstukke het, moet dit deel met
iemand wat nie het nie, en wie kos het,
moet dieselfde doen.”
12 Daar kom toe ook tollenaars om
gedoop te word en hulle sê vir hom:
“Meneer, wat moet ons doen?”
13 En vir hulle sê hy: “Moenie meer
invorder as wat vir julle vasgestel is nie.”
14 Ook soldate het hom uitgevra: “En ons,
wat moet ons doen?”
Hy antwoord hulle: “Moet van niemand
deur geweld of vals aanklag geld afpers nie,
maar wees tevrede met julle betaling.”
15 Die volk was vol verwagting, en almal
het hulle begin afvra of Johannes nie
miskien die Christus is nie. 16 Daarop gee
Johannes aan hulle almal die antwoord:
“Ek doop julle met water, maar my
meerdere kom, en ek is nie eers werd om sy
skoene los te maak nie. Hy sal julle met die
Heilige Gees en met vuur doop. 17 Hy het
sy skop in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer
deur en deur skoonmaak. Die koring sal Hy
in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf
sal Hy met onblusbare vuur verbrand.”
18 Ook oor baie ander dinge het hy
dikwels die volk vermaan en die goeie
boodskap aan hulle verkondig.
19 Hy het ook vir Herodes, die heerser,
tereggewys oor Herodias, die vrou van sy
broer, en oor al die ander slegte dinge wat
Herodes gedoen het. 20 Maar Herodes het
nog verder gegaan en Johannes in die tronk
opgesluit.

### Die doop van Jesus

(Matt. 3:13-17; Mark. 1:9-11)

21 Toe al die mense hulle laat doop het,
is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en
bid, het die hemel oopgegaan 22 en het die
Heilige Gees in sigbare gestalte soos ’n duif
op Hom neergedaal. Daar was ook ’n stem
uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor
Jou verheug Ek My.”

### Die geslagsregister van Jesus

(Matt. 1:1-17)

23 Toe Jesus met sy werk begin het, was
Hy omtrent dertig jaar oud. Hy was, soos
hulle gemeen het, die seun van Josef.
Josef was die seun van Eli, 24 seun van
Mattat, seun van Levi, seun van Melgi,
seun van Jannai, seun van Josef, 25 seun
van Mattatias, seun van Amos, seun van
Nahum, seun van Hesli, seun van Naggai,
26 seun van Mahat, seun van Mattatias,
seun van Semeïn, seun van Josek, seun van
Joda, 27 seun van Johanan, seun van Resa,
seun van Serubbabel, seun van Sealtiël,
seun van Neri, 28 seun van Melgi, seun van
Addi, seun van Kosam, seun van Elmadam,
seun van Er, 29 seun van Josua, seun van
Eliëser, seun van Jorim, seun van Mattat,
seun van Levi, 30 seun van Simeon, seun
van Juda, seun van Josef, seun van Jonam,

**c** Vgl. Jes. 40:3-5

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

seun van Eljakim, [31] seun van Melea,
seun van Menna, seun van Mattata, seun
van Natan, seun van Dawid, [32] seun van
Isai, seun van Obed, seun van Boas, seun
van Sala, seun van Nagson, [33] seun van
Amminadab, seun van Admin, seun van
Arni, seun van Gesron, seun van Peres,
seun van Juda, [34] seun van Jakob, seun van
Isak, seun van Abraham, seun van Tera,
seun van Nahor, [35] seun van Serug, seun
van Rehu, seun van Peleg, seun van Heber,
seun van Sala, [36] seun van Kenan, seun van
Arpagsad, seun van Sem, seun van Noag,
seun van Lameg, [37] seun van Metusalag,
seun van Henog, seun van Jered, seun van
Mahalalel, seun van Kenan, [38] seun van
Enos, seun van Set, seun van Adam, die
seun van God.

### Die versoeking van Jesus

(Matt. 4:1-11; Mark. 1:12-13)

**4** Jesus het vol van die Heilige Gees van
die Jordaan af teruggekom, en deur die
Gees is Hy na die woestyn toe gelei, [2] waar
Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek
is. Die hele tyd het Hy niks geëet nie, sodat
Hy aan die einde daarvan honger was.
[3] Die duiwel sê toe vir Hom: "As U die
Seun van God is, sê vir hierdie klip dit
moet brood word."
[4] Maar Jesus antwoord hom: "Daar is
geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood
nie.[d]"
[5] Daarna bring die duiwel Hom op 'n
hoogte en wys Hom in 'n oogwink al die
koninkryke van die wêreld. [6] Toe sê die
duiwel vir Hom: "Aan U sal ek al hierdie
mag en majesteit gee, want dit is aan my
oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. [7] Dit
sal alles aan U behoort as U maar net voor
my buig en my aanbid."
[8] Daarop antwoord Jesus: "Daar staan
geskrywe:

> "Die Here jou God moet jy aanbid
> en Hom alleen dien.[e]"

[9] Hierna neem die duiwel Hom na
Jerusalem toe en laat Hom op die hoogste
punt van die tempel staan, en sê: [10] "As U
die Seun van God is, spring hier af! Daar
staan mos geskrywe:

> "Hy sal sy engele opdrag gee
> om jou te beskerm,[f]

[11] "en ook:

> "Op hulle hande sal hulle jou dra
> sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal
> stamp nie.[g]"

[12] Maar Jesus antwoord hom: "Daar is
gesê: Jy mag die Here jou God nie op die
proef stel nie.[h]"
[13] Nadat die duiwel met al die
versoekings klaar was, het hy Jesus 'n tyd
lank met rus gelaat.

### Jesus in Galilea

(Matt. 4:12-17; Mark. 1:14-15)

[14] Jesus het na Galilea toe teruggegaan
vol van die krag van die Gees, en berigte
oor Hom het deur die hele omgewing
versprei. [15] Hy het die mense in die
sinagoges geleer, en almal het met lof van
Hom gepraat.

### Jesus word uit Nasaret verdryf

(Matt. 13:53-58; Mark. 6:1-6)

[16] Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy
grootgeword het, en soos sy gewoonte was,
het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe
gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor
te lees, [17] is die boek van die profeet Jesaja
vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgemaak
en die plek gekry waar geskrywe staan:

> [18] "Die Gees van die Here is op My
> omdat Hy My gesalf het
> om die evangelie aan armes te
> verkondig.
> Hy het My gestuur om vrylating
> vir gevangenes uit te roep en
> herstel van gesig vir blindes, om
> onderdruktes in vryheid uit te stuur,
> [19] om die genadejaar van die Here aan te
> kondig."[i]

**d** Deut. 8:3 **e** Deut. 6:14 **f** Vgl. Ps. 91:11 **g** Ps. 91:12 **h** Deut. 6:16 **i** Vgl. Jes. 61:1-2; 58:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

20 Nadat Hy die boek toegemaak en aan
die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan
sit. Die oë van almal in die sinagoge was op
Hom gerig. 21 Toe begin Hy hulle toespreek:
"Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou
net gehoor het, vervul."
22 Almal het hulle instemming met
Hom betuig en was verwonderd oor die
aangename woorde uit sy mond. En hulle
sê: "Is hy dan nie die seun van Josef nie?"
23 Toe sê Jesus vir hulle: "Julle sal seker
die spreekwoord aan My wil voorhou:
'Geneesheer, genees jouself' en vir My sê:
'Ons het gehoor wat alles in Kapernaum
gebeur het. Doen nou dieselfde dinge ook
hier waar jy grootgeword het.' 24 Maar
dit verseker Ek julle," sê Hy verder,
"geen profeet word in die plek waar hy
grootgeword het, aanvaar nie. 25 Ek sê
vir julle die waarheid: Daar was baie
weduwees in Israel in die tyd van Elia
toe die hemel drie jaar en ses maande
lank toegesluit was, sodat daar 'n groot
hongersnood in die hele land gekom het.
26 Tog is Elia nie na een van hulle toe
gestuur nie, maar wel na 'n weduwee in
Sarfat in die gebied van Sidon. 27 En daar
was baie melaatses in Israel in die tyd van
die profeet Elisa. Tog is nie een van hulle
genees nie, maar wel Naäman, die Siriër."
28 Almal in die sinagoge was woedend
toe hulle hierdie dinge hoor. 29 Hulle het
opgespring, Hom uit die dorp uitgejaag en
Hom gebring tot op die rand van die berg
waarop hulle dorp gebou was, om Hom
van die krans af te gooi. 30 Maar Jesus het
tussen hulle deur geloop en weggegaan.

### Die besetene in Kapernaum

(Mark. 1:21-28)

31 Daarna het Hy na Kapernaum toe
gegaan, 'n dorp in Galilea, en die mense
gereeld op die sabbatdag geleer. 32 Hulle
was verbaas oor sy leer, want Hy het met
gesag gepraat.
33 In die sinagoge was daar 'n man wat in
die mag was van 'n bose, onrein gees, en hy
het hard geskreeu: 34 "Ha! Wat het ons met
U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom
om ons te verdelg? Ek weet wie U is: U is
die Heilige van God!"
35 Maar Jesus het hom skerp
aangespreek: "Bly stil en gaan uit hom uit!"
En die bose gees het die man tussen die
mense laat neerslaan en uit hom uitgegaan
sonder om hom seer te maak. 36 Almal was
baie verbaas, en hulle raak aan die praat
en vra vir mekaar: "Wat vir 'n woord is dit
dat hy met gesag en mag die onrein geeste
gebied, en hulle gaan uit?"
37 En berigte oor Hom het na elke plek in
die omgewing versprei.

### Die genesing van Petrus se skoonmoeder

(Matt. 8:14-17; Mark. 1:29-34)

38 Toe Jesus die sinagoge verlaat, het
Hy na die huis van Simon toe gegaan. Die
skoonmoeder van Simon het siek gelê met
'n hewige koors, en hulle het Hom gevra
om iets vir haar te doen. 39 Hy het by die
koppenent van die bed gaan staan en die
koors bestraf. Dit het haar verlaat, en sy het
onmiddellik opgestaan en hulle bedien.
40 Met sononder het almal hulle siekes,
wat aan allerhande kwale gely het, na
Hom toe gebring. Hy het hulle een vir een
die hande opgelê en hulle gesond gemaak.
41 Ook bose geeste het uit baie uitgegaan
terwyl hulle skreeu: "U is die Seun van
God!" En Jesus het hulle skerp aangespreek
en hulle nie toegelaat om sulke dinge te
sê nie, omdat hulle geweet het dat Hy die
Christus is.

### Jesus verlaat Kapernaum

(Mark. 1:35-39)

42 Teen dagbreek het Hy uitgegaan en
na 'n eensame plek toe vertrek. Die mense
het Hom begin soek, en toe hulle by Hom
uitkom, het hulle Hom probeer beweeg
om nie van hulle af weg te gaan nie.
43 Maar Hy het vir hulle gesê: "Ek moet
ook aan die ander dorpe die evangelie van
die koninkryk van God verkondig, want
daarvoor is Ek gestuur."
44 En Hy het voortgegaan om in die
sinagoges van die Joodse land te preek.

### Die roeping van die eerste dissipels

(Matt. 4:18-22; Mark. 1:16-20)

**5** Op 'n dag toe Jesus langs die
Gennesaretmeer staan en die skare

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

vorentoe beur om die woord van God te
hoor, 2 sien Hy twee skuite aan die kant van
die meer lê. Die vissers het uitgeklim en
was besig om die nette uit te spoel. 3 Jesus
klim toe in een van die skuite, die een wat
aan Simon behoort, en vra hom om dit 'n
entjie van die oewer af weg te stoot. Nadat
Hy gaan sit het, het Hy die skare van die
skuit af geleer.

4 Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir
Simon: "Vaar uit na die diep water toe en
gooi julle nette uit om te vang."

5 "Meneer," antwoord Simon, "ons het
die hele nag deur geswoeg sonder om iets
te vang, maar op u woord sal ek die nette
uitgooi."

6 En toe hulle dit doen, het hulle so 'n
groot klomp vis gevang dat hulle nette wou
skeur. 7 Hulle wink toe vir hulle maats in
die ander skuit om te kom help. Hulle het
gekom en albei die skuite so vol gemaak
dat hulle amper gesink het.

8 Toe Simon Petrus dit sien, val hy voor
Jesus se knieë neer en sê: "Gaan weg van
my af, Here, want ek is 'n sondige mens."

9 Hy en almal wat saam met hom was,
was stom verbaas oor die groot klomp
vis wat hulle gevang het. 10 Jakobus en
Johannes, die seuns van Sebedeus wat saam
met Simon gewerk het, was net so verbaas.
Toe sê Jesus vir Simon: "Moenie bang wees
nie. Van nou af sal jy mense vang."

11 En nadat hulle die skuite op die strand
getrek het, het hulle alles net so laat lê en
sy volgelinge geword.

### Die genesing van 'n melaatse

(Matt. 8:1-4; Mark. 1:40-45)

12 Eendag toe Jesus in een van die dorpe
was, kom Hy 'n man teë wat oortrek was
van die melaatsheid. Toe die man Hom sien,
val hy op sy knieë voor Hom en smeek:
"Here, as U wil, kan U my gesond maak."

13 Jesus steek sy hand uit, raak hom aan
en sê: "Ek wil. Word gesond!"

En sy melaatsheid was onmiddellik weg.

14 Toe gee Jesus hom opdrag: "Moet dit aan
niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir die
priester en bring offers vir jou reiniging soos
Moses voorgeskryf het. Dit sal vir die mense
die bewys wees dat jy rein geword het."

15 Tog het die nuus oor Hom nog verder
versprei, en groot menigtes het saamgedrom
om na Hom te luister en van hulle siektes
genees te word. 16 Maar Hy het Hom altyd weer
in eensame plekke afgesonder om daar te bid.

### 'n Verlamde man word gesond gemaak

(Matt. 9:1-8; Mark. 2:1-12)

17 Op een van dié dae, terwyl Jesus besig
was om die mense te leer, het daar ook
Fariseërs en leermeesters van die wet van
Moses gesit wat van oral af uit die dorpe
van Galilea en Judea en selfs uit Jerusalem
gekom het. En die Here het vir Jesus die
krag gegee om mense gesond te maak.

18 Onverwags kom daar mense met 'n
verlamde man op 'n draagbaar aan, en hulle
probeer om hom die huis in te bring en voor
Jesus neer te sit. 19 Toe hulle vanweë die
gedrang nie kans sien om hom in te bring
nie, klim hulle op die dak en laat hom met
draagbaar en al deur 'n opening tussen die
dakteëls afsak tussen die mense in en vlak
voor Jesus. 20 Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy:
"Mens, jou sondes is jou vergewe."

21 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs
het hulle begin afvra: "Wie is hy dat hy so
godslasterlik praat? Wie anders kan sondes
vergewe as net God alleen?"

22 Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk
en vir hulle gesê: "Wat redeneer julle by
julleself? 23 Wat is makliker? Om te sê: 'Jou
sondes is jou vergewe,' of om te sê: 'Staan op en
loop'? 24 Maar Ek gaan nou vir julle die bewys
lewer dat die Seun van die mens volmag het
om op aarde sondes te vergewe."

Toe sê Hy vir die verlamde man: "Ek sê
vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan
huis toe."

25 Onmiddellik het hy voor hulle oë
opgestaan, die draagbaar waarop hy gelê
het, gevat en terwyl hy God prys, huis toe
gegaan. 26 Almal het verbaas gestaan en
God geprys en vol eerbiedige vrees gesê:
"Vandag het ons ongelooflike dinge gesien."

### Die roeping van Levi

(Matt. 9:9-13; Mark. 2:13-17)

27 Daarna het Jesus uitgegaan en 'n
tollenaar met die naam Levi by sy tolhuis
sien sit, en Hy sê vir hom: "Volg My."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

28 Hy het alles net so laat lê en opgestaan
en Jesus gevolg.
29 Levi het 'n groot feesmaal in sy huis
gehou ter ere van Jesus, en 'n groot aantal
tollenaars en ander mense het saam met
hulle aangesit. 30 Die Fariseërs, en veral
die skrifgeleerdes onder hulle, het by
sy dissipels gekla en gesê: "Waarom eet
en drink julle saam met tollenaars en
sondaars?"
31 Toe antwoord Jesus hulle: "Dié wat
gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar
dié wat siek is. 32 Ek het nie gekom om
mense wat op die regte pad is, tot bekering
te roep nie, maar sondaars."

### Wat dit beteken om te vas

(Matt. 9:14-17; Mark. 2:18-22)

33 Die mense sê toe vir Jesus: "Die
volgelinge van Johannes vas dikwels en
onderhou gereelde gebedstye, en so ook die
volgelinge van die Fariseërs, en u dissipels
eet en drink maar."
34 Toe sê Jesus vir hulle: "Kan julle
dan die bruilofsgaste laat vas terwyl die
bruidegom by hulle is? 35 Daar sal 'n tyd
kom wanneer die bruidegom van hulle
weggeneem sal word en dan, in daardie
dae, sal hulle vas."
36 Hy vertel hulle ook nog 'n gelykenis:
"Niemand skeur 'n stuk uit nuwe klere om
daarmee ou klere te lap nie. As hy dit sou
doen, sou die nuwe klere stukkend wees, en
buitendien sal die nuwe lap nie by die ou
klere pas nie.
37 "En niemand gooi nuwe wyn in ou
velsakke nie. As hy dit sou doen, sal die
nuwe wyn die velsakke laat oopbars. Dan
is die wyn vermors en die sakke daarmee
heen. 38 Nee, nuwe wyn moet in nuwe
velsakke gegooi word.
39 "En niemand wat ou wyn gedrink het,
wil nuwe wyn hê nie, want hy sê: Die oue
is goed."

### Jesus is Here oor die sabbat

(Matt. 12:1-8; Mark. 2:23-28)

**6** Eenkeer het Jesus op 'n sabbatdag deur
gesaaides geloop. Sy dissipels het are
gepluk en dit met die hande uitgevrywe en
geëet. 2 Toe sê 'n paar van die Fariseërs:
"Waarom doen julle iets wat op die
sabbatdag nie gedoen mag word nie?"
3 Jesus antwoord hulle: "Het julle dan
nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy
en sy manne honger gekry het nie? 4 Hy
het die huis van God binnegegaan en die
offerbrode geneem en geëet en ook aan sy
manne gegee. Tog is niemand behalwe die
priesters toegelaat om daardie brood te
eet nie."
5 Verder sê Hy vir hulle: "Die Seun van
die mens is Here oor die sabbat."

### Die man met die gebreklike hand

(Matt. 12:9-14; Mark. 3:1-6)

6 Op 'n ander sabbatdag het Jesus weer
in die sinagoge ingegaan en die mense
geleer. Daar was 'n man met 'n gebreklike
regterhand. 7 Die skrifgeleerdes en die
Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien
of Hy op die sabbatdag iemand sou gesond
maak sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon
kry. 8 Maar Hy het hulle gedagtes geken en
vir die man met die gebreklike hand gesê:
"Staan op en kom staan hier in die middel."
En hy het daar kom staan.
9 Toe sê Jesus vir hulle: "Nou vra Ek julle:
Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of
kwaad doen, iemand red of doodmaak?"
10 Nadat Hy almal rondom Hom
aangekyk het, sê Hy vir die man: "Steek jou
hand uit."
11 Hy het dit gedoen, en sy hand was
gesond. Maar hulle het rasend van woede
geword en onder mekaar geredeneer oor
wat hulle Jesus sou aandoen.

### Jesus kies twaalf apostels

(Matt. 10:1-4; Mark. 3:13-19)

12 In daardie tyd het Jesus uitgegaan
na die berg toe om te bid en die hele nag
deurgebring in gebed tot God. 13 Toe dit
dag word, het Hy sy dissipels nader geroep
en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy ook
apostels genoem het. 14 Hulle was Simon,
wat Hy ook Petrus genoem het, en sy broer
Andreas, Jakobus en Johannes, Filippus en
Bartolomeus, 15 Matteus en Tomas, Jakobus
seun van Alfeus, Simon die Seloot, Judas
seun van Jakobus, 16 en Judas Iskariot wat
die verraaier geword het.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Weldade aan baie mense

(Matt. 4:23-25; Mark. 3:7-12)

17 Hy het saam met hulle van die berg
afgekom en op 'n gelykte by 'n groot aantal
volgelinge gaan staan. Van die hele Joodse
land en Jerusalem en van die kusgebied van
Tirus en Sidon af was daar 'n menigte mense
18 wat gekom het om na Hom te luister en
van hulle siektes genees te word. Ook dié
wat onder onrein geeste gely het, is gesond
gemaak. 19 Al die mense het Hom probeer
aanraak, omdat daar krag van Hom uitgegaan
het en Hy almal gesond gemaak het.

### Seën en ellende

(Matt. 5:1-12)

20 Jesus het sy dissipels aangekyk en gesê:

"Geseënd is julle wat arm is,
want aan julle behoort die koninkryk
van God.
21 Geseënd is julle wat nou honger het,
want julle sal versadig word.
Geseënd is julle wat nou huil,
want julle sal lag.
22 Geseënd is julle wanneer die mense
julle haat
en julle verstoot en uitskel
en julle naam vermy soos iets wat
sleg is,
alles ter wille van
die Seun van die mens.
23 Wees bly op daardie dag
en spring rond van vreugde,
want vir julle is daar
groot beloning in die hemel.
Hulle voorvaders het immers
met die profete net so gemaak.

24 "Maar ellende wag vir julle wat ryk is,
want julle het julle lekker lewe al weg.
25 Ellende wag vir julle wat julle nou
vol eet,
want julle sal honger ly.
Ellende wag vir julle wat nou lag,
want julle sal treur en huil.
26 Ellende wag vir julle
as al die mense goed van julle praat.
Hulle voorvaders het immers
met die vals profete net so gemaak."

### Liefde vir die vyand

(Matt. 5:38-48; 7:12a)

27 "Maar vir julle wat na My luister, sê
Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen
goed aan die mense deur wie julle gehaat
word; 28 seën die mense deur wie julle
vervloek word; bid vir die mense deur wie
julle sleg behandel word. 29 As iemand
jou op die een wang slaan, bied hom ook
die ander een aan. En vir iemand wat jou
boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie
weier nie. 30 Aan elkeen wat iets vra, moet
jy gee; en as iemand jou goed vat, moet
jy dit nie terugeis nie. 31 Behandel ander
mense soos julle self behandel wil word.
32 "As julle net dié liefhet wat vir julle
liefhet, watter aanspraak op dank het julle
dan nog? Ook die sondaars het net dié lief
wat vir hulle liefhet. 33 En as julle goed doen
net aan dié wat aan julle goed doen, watter
aanspraak op dank het julle dan nog? Die
sondaars maak maar net so. 34 En as julle
geld leen net aan dié van wie julle hoop om
dit terug te kry, watter aanspraak op dank
het julle dan nog? Sondaars leen ook aan
sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag
kan terugkry. 35 Nee, sonder om iets terug
te verwag, moet julle julle vyande liefhê en
goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle
'n groot beloning wees: julle sal kinders van
die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed
is vir die ondankbares en slegtes. 36 Wees
barmhartig soos julle Vader barmhartig is."

### Moenie oordeel nie

(Matt. 7:1-5)

37 "Moenie oordeel nie, en oor julle sal
nie geoordeel word nie.
Moenie veroordeel nie, en julle sal nie
veroordeel word nie.
Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.
38 Gee, en vir julle sal gegee word:
'n goeie maat,
ingestamp, geskud en propvol,
sal hulle in julle hande gee.
Met die maat waarmee julle meet,
sal ook vir julle gemeet word."

39 Hy het ook met beeldspraak vir hulle
gesê: "Kan 'n blinde miskien 'n ander blinde

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

lei? Sal hulle nie altwee in ’n sloot val nie?
40 ’n Leerling is nie hoër as sy leermeester
nie, maar iemand wat volleerd is, sal aan sy
leermeester gelyk wees.
41 “Waarom sien jy die splinter raak in
die oog van jou broer, maar die balk in
jou eie oog merk jy nie op nie? 42 Jy wat
die balk in jou eie oog nie raaksien nie,
hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Broer, laat my
toe om die splinter in jou oog uit te haal’?
Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie
oog uit, dan sal jy goed kan sien om die
splinter in jou broer se oog uit te haal.”

### ’n Boom word aan sy vrugte geken

(Matt. 7:17-20; 12:34b-35)

43 “Dit is nie die goeie boom wat slegte
vrugte dra nie, en ook nie die slegte boom
wat goeie vrugte dra nie. 44 Elke boom word
aan sy eie vrugte geken. Van doringstruike
pluk ’n mens mos nie vye nie, en van ’n
doringbos oes jy ook nie druiwe nie. 45 Die
goeie mens bring die goeie te voorskyn uit
die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die
slegte mens bring die slegte te voorskyn uit
die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van
vol is, loop die mond van oor.”

### Twee fondamente

(Matt. 7:24-27)

46 “Watter sin het dit dat julle My aanspreek
met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie?
47 Elkeen wat na My toe kom en na my woorde
luister en doen wat Ek sê – Ek sal vir julle
verduidelik soos wie hy is: 48 Hy is soos ’n
man wat by die bou van sy huis die grond diep
uitgegrawe en die fondament op die rotsbodem
gelê het. Toe daar ’n oorstroming kom en
die vloedwater die huis tref, kon dit hom nie
beweeg nie, want die huis was goed gebou.
49 Maar as iemand luister en nie doen wat Ek
sê nie, is hy soos ’n man wat sy huis bo-op die
grond gebou het sonder ’n fondament. Toe die
vloedwater dit tref, het dit dadelik ingestort, en
daardie huis het een groot puinhoop geword.”

### Die genesing van die offisier se slaaf

(Matt. 8:5-13; vgl. Joh. 4:43-54)

**7** Nadat Jesus die gehoor klaar
toegespreek het, het Hy na Kapernaum
toe gegaan.
2 ’n Offisier daar het ’n slaaf gehad wat
vir hom baie werd was, en die slaaf was
siek en het op sterwe gelê. 3 Die offisier
het van Jesus gehoor, en stuur toe ’n paar
familiehoofde van die Jode na Hom toe om
te vra dat Hy moet kom om sy slaaf gesond
te maak. 4 Toe hulle by Jesus kom, het hulle
ernstig by Hom daarop aangedring en gesê:
“Hy is dit werd dat U dit vir hom doen,
5 want hy het ons volk lief en het op eie
koste die sinagoge vir ons gebou.”
6 Jesus het toe saam met hulle gegaan.
Toe Hy nie meer ver van die huis af was
nie, stuur die offisier ’n paar van sy vriende
om vir Hom te sê: “Here, moenie moeite
doen nie, want ek is nie werd dat U onder
my dak inkom nie. 7 Daarom het ek my ook
nie waardig geag om self na U toe te gaan
nie. Sê maar net ’n woord, en my slaaf is
gesond. 8 Ek is self ’n man wat onder gesag
gestel is en ek het soldate onder my. Vir een
sê ek: ‘Gaan daarheen!’ en hy gaan; en vir
’n ander: ‘Kom!’ en hy kom. Vir my slaaf sê
ek: ‘Doen dit!’ en hy doen dit.”
9 Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor.
Hy draai toe om na die mense wat agter
Hom aangekom het en sê: “Ek sê vir julle:
In Israel het Ek nie so ’n groot geloof
teëgekom nie.”
10 En toe die mense wat gestuur was,
weer by die huis kom, kry hulle die slaaf
daar heeltemal gesond.

### Die opwekking van ’n weduwee se seun by Nain

11 Kort daarna het Jesus na ’n dorp met
die naam Nain gegaan, 12 en sy dissipels en
’n hele menigte mense is saam met Hom. Toe
Hy naby die ingang van die dorp kom, word
daar juis ’n dooie uitgedra om begrawe te
word. Hy was die enigste seun van sy ma,
en sy was ’n weduwee. Byna die hele dorp se
mense was saam met haar. 13 Toe die Here
haar sien, het Hy haar innig jammer gekry
en vir haar gesê: “Moenie huil nie!”
14 Hy gaan toe nader en vat aan die
baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê:
“Jongman, Ek sê vir jou, staan op!”
15 Die dooie het regop gaan sit en
begin praat. En Jesus het hom aan sy ma
teruggegee.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

16 Almal is met ontsag vervul en het
God geprys deur te sê: "'n Groot profeet
het onder ons opgestaan," en "God het na
sy volk omgesien." 17 Die berig oor wat Hy
gedoen het, het deur die hele Joodse land
en die omliggende gebied versprei.

**Jesus en die vraag van Johannes die Doper**

(Matt. 11:2-19)

18 Die volgelinge van Johannes het hom
van al hierdie dinge vertel. Hy laat toe twee
van sy volgelinge roep 19 en stuur hulle na
die Here toe om te vra: "Is U die Een wat
sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?"
20 Toe die manne by Hom kom, sê hulle:
"Johannes die Doper het ons na U toe
gestuur om te vra: Is U die Een wat sou
kom, of moet ons 'n ander een verwag?"
21 Op daardie oomblik het Jesus juis baie
mense gesond gemaak van siektes en kwale
en bose geeste, en baie blindes het Hy laat
sien. 22 Sy antwoord aan die boodskappers
was: "Gaan vertel vir Johannes wat julle
gesien en gehoor het: blindes sien, lammes
loop, melaatses word gereinig, dowes hoor,
dooies word opgewek, aan armes word die
evangelie verkondig. 23 En gelukkig is die
man wat nie aan My begin twyfel nie."
24 Nadat die boodskappers van Johannes
vertrek het, het Jesus met die mense oor
Johannes begin praat en gesê: "Waarna het
julle in die woestyn gaan kyk? Na 'n riet
wat deur die wind heen en weer gewaai
word? 25 Nee? Maar wat het julle dan
uitgegaan om te sien? 'n Man met deftige
klere aan? Nee, kyk, dié wat swierige klere
dra en in weelde lewe, kry 'n mens in
koninklike paleise. 26 Maar wat het julle
dan uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek
verseker julle, nog meer as 'n profeet. 27 Dit
is hy van wie daar geskrywe staan:

" 'Kyk, Ek stuur my boodskapper voor
jou uit;
hy sal die pad vir jou regmaak.'[j]

28 "Ek sê vir julle: Onder die mense op
aarde is niemand gebore wat groter as
Johannes is nie, en tog is die geringste in
die koninkryk van God groter as hy."
29 Al die mense, ook die tollenaars, het na
hom geluister en was aan die wil van God
gehoorsaam. Hulle het hulle met die doop
van Johannes laat doop. 30 Net die Fariseërs
en die wetgeleerdes het die bedoeling van
God verwerp en hulle nie deur Johannes
laat doop nie.
31 Verder het Jesus gesê: "Waarmee sal Ek
die mense van hierdie geslag vergelyk? Soos
wie is hulle? 32 Hulle is net soos kinders wat
op die markplein sit en vir mekaar roep:

"Ons het vir julle op die fluit gespeel,
en julle het nie gedans nie!
Ons het 'n treurlied gesing, en julle het
nie gehuil nie!

33 "Johannes die Doper het gekom en nie
brood geëet of wyn gedrink nie, en julle
sê: 'Hy is van die duiwel besete.' 34 Die
Seun van die mens het gekom, geëet en
gedrink, en julle sê: 'Kyk daar, 'n vraat en
'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en
sondaars.' 35 Maar God tree met wysheid
op, en sy werke bewys dit."

**Jesus by Simon, die Fariseër**

36 Een van die Fariseërs het Hom genooi
om by hom te kom eet. Hy het toe in die
huis van die Fariseër ingegaan en aan tafel
plek ingeneem.
37 'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n
sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in
die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring
toe 'n albaste flessie met reukolie 38 en
gaan staan agter Jesus by sy voete en huil,
sodat haar trane op sy voete begin drup
het. Daarna het sy sy voete met haar hare
afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie
gesalf.
39 Toe die Fariseër wat Hom genooi het,
dit sien, sê hy by homself: "Hy, as hy 'n
profeet was, sou tog geweet het wie en
watter soort vrou dit is wat aan hom raak,
dat sy 'n sondares is."
40 Maar Jesus spreek hom aan en sê:
"Simon, Ek het iets om vir jou te sê."

**j** Vgl. Mal. 3:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

"Meneer, sê dit maar!" antwoord hy.
41 Jesus sê toe: "Twee mense was in die skuld
by 'n geldskieter. Die een het vyf honderd rand
geskuld en die ander een vyftig. 42 Omdat hulle
niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die
skuld vir albei kwytgeskeld. Wie van hulle sal
hom die meeste liefde bewys?"
43 Simon antwoord: "Ek veronderstel dié
een vir wie hy die meeste kwytgeskeld het."
"Jou antwoord is heeltemal reg," sê Jesus,
44 en Hy draai na die vrou toe om en sê verder
vir Simon: "Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou
huis gekom – en jy, water vir my voete het jy
My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het
sy my voete natgemaak en met haar hare het
sy dit afgedroog. 45 'n Soen het jy My nie gegee
nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het,
nie opgehou om my voete te soen nie. 46 My
kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het
my voete met reukolie gesalf. 47 Ek sê vir jou,
omdat haar sondes wat baie is, vergewe is,
daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie
min vergewe is, bewys min liefde."
48 En Jesus sê vir haar: "Jou sondes is
vergewe."
49 Toe begin dié wat saam aan tafel was,
onder mekaar sê: "Wie is hierdie man dat
hy selfs sondes vergewe?"
50 Maar Jesus sê vir die vrou: "Jou geloof
het jou gered. Gaan in vrede."

### Vroue wat vir Jesus gesorg het

8 In die tyd wat nou gevolg het, het Jesus die
land deurkruis van die een stad en dorp na
die ander. Oral het Hy gepreek en die evangelie
van die koninkryk van God verkondig.
Die twaalf was saam met Hom 2 en daarby
'n aantal vroue wat van bose geeste en siektes
genees was. Daar was Maria, bekend as
Magdalena, uit wie sewe bose geeste uitgegaan
het, 3 en Johanna die vrou van Gusa, 'n hoë
amptenaar van Herodes, en Susanna en baie
ander. Hierdie vroue het uit eie middele vir
Jesus en die twaalf gesorg.

### Gelykenis van die saaier

(Matt. 13:1-9; Mark. 4:1-9)

4 Uit die verskillende dorpe het
aanhoudend mense na Jesus toe gestroom,
en toe 'n groot menigte saamgekom het, het
Hy vir hulle 'n gelykenis vertel:
5 "'n Saaier het uitgegaan om saad te saai.
Met die saai het 'n deel op die pad geval, en
dit is vertrap en die voëls het dit opgepik.
6 'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en
nadat dit opgekom het, het dit verdroog,
omdat dit geen vogtigheid gehad het nie.
7 Nog 'n ander deel het tussen die onkruid
geval, en die onkruid het daarmee saam
gegroei en dit laat verstik. 8 Daar was ook
'n deel wat in goeie grond geval het, en
dit het opgekom en 'n honderdvoudige oes
gelewer."
Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: "Wie ore
het en kan hoor, moet luister!"

### Die doel van die gelykenisse

(Matt. 13:10-17; Mark. 4:10-12)

9 Sy dissipels het Hom gevra wat die
betekenis van hierdie gelykenis is. 10 Hy het
geantwoord: "Aan julle is dit gegee om die
geheime van die koninkryk van God te ken,
maar vir die ander bly dit by gelykenisse
sodat

"hulle kyk sonder om te sien
en hoor sonder om te verstaan.[k]"

### Jesus verklaar die gelykenis van die saaier

(Matt. 13:18-23; Mark. 4:13-20)

11 "Die betekenis van die gelykenis is dit:
Die saad is die woord van God. 12 Dié wat op
die pad val, dui op mense wat die woord hoor,
maar dan kom die duiwel en neem dit uit hulle
harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en
gered word nie. 13 Dié wat op die klipbank
val, dui op hulle wat die woord met blydskap
aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet
nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie.
Die oomblik dat dit op die proef gestel word,
gee hulle moed op. 14 Die saad wat tussen die
onkruid val, dui op dié wat die woord hoor,
maar deur die sorge en die rykdom en die
genietinge van die lewe word dit gaandeweg
verstik, en dit skiet nie saad nie. 15 Die deel
wat in goeie grond val, dui op dié wat die
woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit
bewaar en deur volharding vrug dra."

**k** Vgl. Jes. 6:9-10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Die gelykenis van die lamp

(Mark. 4:21-25)

16 "Niemand steek 'n lamp op en maak dit
dan met iets toe of sit dit onder 'n bed nie.
Inteendeel, hy sit dit op 'n staander sodat
die mense wat binnekom, die lig kan sien.
17 Daar is niks geheim wat nie openbaar sal
word nie, of weggesteek wat nie bekend sal
word en aan die lig sal kom nie.

18 "Pas dus op hoe julle luister, want wie
het, vir hom sal daar nog meer gegee word,
maar wie nie het nie, van hom sal ook wat
hy dink dat hy het, weggevat word."

### Die moeder en die broers van Jesus

(Matt. 12:46-50; Mark. 3:31-35)

19 Die moeder en die broers van Jesus
het na Hom toe gekom, maar vanweë die
gedrang kon hulle nie tot by Hom kom nie.
20 Iemand sê toe vir Hom: "U moeder en u
broers staan buite en wil met U praat."

21 Maar Jesus sê: "My moeder en my
broers is dié wat na die woord van God
luister en daarvolgens handel."

### Jesus maak die storm stil

(Matt. 8:23-27; Mark. 4:35-41)

22 Op 'n dag het Jesus en sy dissipels in 'n
skuit geklim en Hy het vir hulle gesê: 23 "Kom
ons gaan na die oorkant van die meer toe."

Hulle vaar toe weg, en terwyl hulle
seil, raak Jesus aan die slaap. 'n Hewige
stormwind het op die meer losgebars en die
skuit het vol water begin word sodat hulle
in lewensgevaar was. 24 Hulle gaan toe na
Jesus toe en maak Hom wakker met die
uitroep: "Meneer, Meneer, ons vergaan!"

Toe staan Hy op en bestraf die wind en
die golwe. 25 Hulle het bedaar, en daar het
stilte gekom. Toe sê Jesus vir hulle: "Waar
is julle geloof dan?"

Maar hulle was verskrik en verbaas en
het vir mekaar gesê: "Wie is Hy tog? Hy gee
bevele aan wind en water, en hulle is aan
Hom gehoorsaam!"

### 'n Besetene word van bose geeste bevry

(Matt. 8:28-34; Mark. 5:1-20)

26 Daarna het hulle verder gevaar na die
land van die Geraseners, wat reg teenoor
Galilea lê. 27 Toe Jesus daar aan wal gaan,
het 'n man van 'n dorp af Hom tegemoet
gekom. Hy was van bose geeste besete en
het 'n hele tyd al nie meer klere gedra nie
en ook nie in 'n huis gebly nie, maar tussen
grafte. 28 Toe hy Jesus sien, skreeu hy en
val op sy knieë voor Hom neer terwyl hy
hard uitroep: "Wat het U met my te doen,
Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek
smeek U, moet my nie pynig nie!"

29 Dit het hy gesê omdat Jesus die onrein
gees beveel het om uit die man uit te gaan.
Dit was 'n bose gees wat hom al baiekeer
beetgepak het. Al het hulle hom met
hand- en voetboeie vasgemaak om hom in
bedwang te hou, het hy die boeie uitmekaar
geruk en is hy deur die bose gees die
woestyn in gejaag.

30 Toe vra Jesus hom: "Wat is jou naam?"

"Legio," antwoord hy, want daar het
baie bose geeste in hom ingevaar. 31 Hulle
het Jesus gesmeek om hulle nie na die
onderaardse diepte toe terug te stuur nie.

32 Daar het 'n hele trop varke teen die
berg geloop. Die bose geeste het Jesus
gesmeek om hulle toe te laat om in die
varke in te vaar. Hy het hulle dit toegelaat,
33 en die bose geeste het uit die man
uitgegaan en in die varke ingevaar. Die trop
sit toe op loop teen die hang af, die see in,
en hulle versuip.

34 Toe die wagters sien wat gebeur het,
hardloop hulle weg en gaan vertel dit in
die dorp en op die plase. 35 Die mense
gaan kyk toe wat gebeur het. Hulle kom
by Jesus en daar kry hulle die man uit wie
die bose geeste uitgevaar het. Hy sit by die
voete van Jesus, met klere aan en by sy
volle verstand, en hulle het bang geword.
36 Maar dié wat dit gesien het, het vir hulle
vertel hoe die besetene genees is. 37 Toe
het al die inwoners van die gebied van die
Geraseners vir Jesus gevra om van hulle af
weg te gaan omdat hulle baie bang was. Hy
het toe in die skuit geklim en teruggegaan.

38 Die man uit wie die bose geeste
uitgevaar het, het Jesus gesmeek om
by Hom te kan bly. Maar Jesus het hom
weggestuur en gesê: 39 "Gaan terug na jou
huis toe en vertel alles wat God vir jou
gedoen het."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Hy het toe gegaan en die hele dorp
deur bekend gemaak wat Jesus vir hom
gedoen het.

### Die dogtertjie van Jaïrus. Die vrou met bloedvloeiing

(Matt. 9:18-26; Mark. 5:21-43)

40 Toe Jesus van die oorkant af terugkom,
het die mense Hom verwelkom, want almal
was Hom te wagte. 41 Skielik kom daar ’n
man aan. Dit was Jaïrus, ’n raadslid van
die sinagoge. Hy het op sy knieë voor Jesus
se voete geval en Hom gesmeek om na sy
huis toe te kom, 42 want sy enigste dogter
het op sterwe gelê. Sy was omtrent twaalf
jaar oud.
Op pad daarheen het die mense om Jesus
saamgedrom. 43 Onder hulle was ’n vrou
wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing
gely het. Sy het alles wat sy gehad het
aan dokters uitgegee, maar niemand kon
haar gesond maak nie. 44 Sy het nader
gekom en van agter af aan die soom van
sy klere geraak, en haar bloedvloeiing het
onmiddellik opgehou. Jesus vra toe: 45 “Wie
het My aangeraak?”
Toe almal ontken dat dit hulle is, sê
Petrus: “Here, die mense dring tog rondom
U saam en druk teen U.”
46 Maar Jesus sê: “Iemand het My
aangeraak, want Ek het agtergekom dat
daar krag van My uitgegaan het.”
47 Toe die vrou sien Hy weet dit is sy,
het sy van angs gebewe en voor Hom kom
neerval. Daar voor al die mense vertel sy
Hom toe waarom sy Hom aangeraak het
en hoe sy onmiddellik gesond geword het.
48 Toe sê Hy: “Dogter, jou geloof het jou
gered. Gaan in vrede!”
49 Terwyl Hy nog praat, kom daar iemand
van die raadslid van die sinagoge se huis af
om te sê: “U dogter is al dood. Moenie nog
ons Leermeester lastig val nie.”
50 Maar Jesus het dit gehoor en sê vir
hom: “Moet jou nie ontstel nie. Glo net, en
sy sal gered word.”
51 Toe Jesus by die huis kom, het Hy
niemand toegelaat om saam met Hom in
te gaan nie, behalwe Petrus, Johannes en
Jakobus, en die kind se pa en ma. 52 Die
mense daar het almal gehuil en oor haar
rou bedryf. Maar Jesus sê: “Moenie huil
nie, want sy is nie dood nie, sy slaap net.”
53 Hulle het Hom uitgelag, want hulle
was seker dat sy dood is. 54 Maar Jesus het
haar hand gevat en uitgeroep: “Dogtertjie,
staan op!”
55 Haar lewe het teruggekom, en sy het
onmiddellik opgestaan. Toe gee Jesus
opdrag dat hulle vir haar iets te ete moet
gee. 56 Haar ouers was stom van verbasing,
en Jesus het hulle verbied om vir iemand te
vertel wat gebeur het.

### Jesus stuur die twaalf uit

(Matt. 10:5-15; Mark. 6:7-13)

9 Jesus het die twaalf bymekaargeroep
en aan hulle mag en gesag gegee om
alle bose geeste uit te dryf en siektes te
genees. 2 Toe het Hy hulle uitgestuur om
die koninkryk van God te verkondig en
die siekes gesond te maak. 3 Hy het vir
hulle gesê:
“Moet niks vir die pad saamvat nie, nie ’n
kierie of ’n reissak of brood of geld of nog
’n kledingstuk nie. 4 En as julle in ’n huis
tuis gaan, bly dan in dieselfde huis totdat
julle die reis voortsit. 5 As daar mense is
wat julle nie wil ontvang nie, moet julle
van so ’n plek af weggaan en die stof van
julle voete afskud as aanklag teen hulle.”
6 Hulle het toe vertrek en van die een dorp
na die ander gegaan om oral die evangelie te
verkondig en siekes gesond te maak.

### Die onsekerheid van Herodes

(Matt. 14:1-12; Mark. 6:14-29)

7 Herodes, die heerser, het gehoor van al
die dinge wat gebeur, en hy was in die war
omdat party mense gesê het: “Johannes is
uit die dood opgewek;” 8 party: “Elia het
verskyn,” en ander: “Een van die profete
van die ou tyd het opgestaan.”
9 Maar Herodes het gesê: “Johannes het
ek self laat onthoof. Maar wie is hierdie
man van wie ek sulke dinge hoor?”
En hy het geprobeer om Hom te sien te kry.

### Die vermeerdering van die brood

(Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Joh. 6:1-14)

10 Toe die apostels terugkom, het hulle
Jesus alles vertel wat hulle gedoen het.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Daarna het Hy hulle saamgeneem in die
rigting van die dorp Betsaida waar hulle
alleen kon wees. 11 Maar die mense het dit
te wete gekom en agter Hom aan gegaan.
Hy het hulle verwelkom en met hulle
gepraat oor die koninkryk van God, en
dié wat genesing nodig gehad het, het Hy
gesond gemaak.
12 Toe die son begin sak, kom die twaalf
na Hom toe en sê: "Stuur die mense weg
dat hulle by die dorpe en plase in die
omtrek slaapplek en kos kan gaan soek,
want ons is hier op 'n verlate plek."
13 "Gee julle vir hulle iets om te eet," sê
Hy toe vir hulle.
Maar hulle antwoord: "Ons het hier niks
meer as vyf brode en twee visse nie. Of
moet ons self vir hierdie klomp mense gaan
kos koop?"
14 Net die mans bymekaar was al omtrent
vyf duisend.
Toe sê Jesus vir sy dissipels: "Laat die
mense in groepe van sowat vyftig gaan sit
om te eet."
15 Hulle het toe so gemaak en almal
laat regsit. 16 Daarna het Hy die vyf brode
en die twee visse geneem, na die hemel
opgekyk en die seën gevra. Toe breek Hy
dit en gee dit vir die dissipels om aan die
mense voor te sit. 17 Almal het geëet en
genoeg gekry. Wat oorgebly het, het hulle
bymekaargemaak, twaalf mandjies vol.

**Die belydenis van Petrus. Die eerste lydensaankondiging**

(Matt. 16:13-23; Mark. 8:27-33)

18 Op 'n keer terwyl Jesus eenkant besig
was om te bid, het sy dissipels by Hom
saamgekom. Toe vra Hy hulle: "Wie, sê die
mense, is Ek?"
19 Hulle antwoord: "Johannes die Doper;
party sê weer: Elia, en party: 'n profeet van
die ou tyd het opgestaan."
20 "Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê
julle, is Ek?"
Toe antwoord Petrus: "Die Gesalfde
van God."
21 Jesus het hulle uitdruklik belet om dit
vir ander mense te vertel, 22 "want," het Hy
gesê, "die Seun van die mens moet baie ly,
deur die familiehoofde, priesterhoofde en
skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet
doodgemaak word, en op die derde dag
opgewek word."

**Om Jesus te volg**

(Matt. 16:24-28; Mark. 8:34 – 9:1)

23 Toe het Hy vir almal gesê: "As iemand
agter My aan wil kom, moet hy homself
verloën, elke dag sy kruis opneem en My
volg, 24 want elkeen wat sy lewe wil behou,
sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om
my ontwil verloor, sal dit behou.
25 "Wat help dit 'n mens as hy die hele
wêreld as wins verkry, maar homself
verloor of te gronde gaan? 26 Elkeen wat
hom vir My en my woorde skaam, vir hom
sal die Seun van die mens Hom skaam
wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid
en die heerlikheid van die Vader en van
die heilige engele. 27 Ek sê vir julle die
waarheid: Daar is party van dié wat hier
staan wat beslis nie sal sterf voordat hulle
die koninkryk van God gesien het nie."

**Die verheerliking op die berg**

(Matt. 17:1-8; Mark. 9:2-8)

28 Omtrent ag dae nadat Jesus hierdie
woorde gesê het, het Hy vir Petrus en
Johannes en Jakobus saamgeneem die berg
op om te gaan bid. 29 Terwyl Hy bid, het die
voorkoms van sy gesig anders geword en
sy klere skitterend wit. 30 Skielik was daar
twee manne wat met Hom praat. Dit was
Moses en Elia. 31 Hulle het in hemelse glans
verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog
wat Hy in Jerusalem sou voltooi.
32 Petrus en die ander het intussen vas aan
die slaap geraak, en toe hulle wakker word,
sien hulle die hemelse glans van Jesus en ook
die twee manne wat by Hom staan. 33 Toe
die manne aanstaltes maak om van Hom af
weg te gaan, sê Petrus vir Jesus: "Here, dit is
goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou:
een vir U, een vir Moses en een vir Elia."
Hy het nie geweet wat hy sê nie.
34 Terwyl hy nog praat, kom daar 'n
wolk en gooi sy skaduwee oor hulle, en
toe die wolk hulle insluit, het die dissipels
bang geword. 35 Daar kom toe 'n stem uit
die wolk wat sê: "Dit is my Seun wat Ek
uitverkies het. Luister na Hom."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

36 Toe die stem praat, merk hulle dat
Jesus alleen daar is.

Hulle het hieroor stilgebly en in daardie
tyd vir niemand anders enigiets vertel van
wat hulle gesien het nie.

### Jesus maak 'n seun gesond

(Matt. 17:14-18; Mark. 9:14-27)

37 Die volgende dag, toe hulle die berg
afkom, het 'n groot klomp mense Jesus
tegemoet gekom. 38 Meteens roep daar 'n man
uit die skare: "Meneer, ek smeek U, kyk bietjie
na my seun. Hy is my enigste kind. 39 'n Gees
pak hom onverwags beet, dan gaan hy skielik
aan die skreeu en hy kry stuiptrekkings en
ook skuim om die mond. Die gees hou aan om
hom te verniel en laat hom nie maklik weer
los nie. 40 Ek het u dissipels gesmeek om die
gees uit te dryf, maar hulle kon nie."

41 Toe antwoord Jesus: "Ongelowige en
ontaarde geslag! Hoe lank moet Ek nog
by julle wees en julle verdra? Bring jou
seun hier."

42 Terwyl die seun nog aankom, gooi die
bose gees hom op die grond neer en laat hom
hewige stuiptrekkings kry. Maar Jesus het die
onrein gees skerp aangespreek, die kind gesond
gemaak en hom aan sy pa teruggegee. 43 Almal
was verslae oor die grootheid van God.

### Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 17:22-23; Mark. 9:30-32)

44 Terwyl almal verbaas was oor alles
wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels:
"Wat julle betref, hou hierdie woorde goed
in gedagte: Die Seun van die mens gaan in
die hande van mense oorgelewer word."

45 Maar hulle het hierdie uitspraak nie
verstaan nie. Die betekenis daarvan was vir
hulle bedek sodat hulle dit nie kon begryp
nie, maar hulle was te bang om Jesus
daaroor uit te vra.

### Wie is die belangrikste?

(Matt. 18:1-5; Mark. 9:33-37)

46 Daar het 'n stryery onder hulle
ontstaan oor wie van hulle die belangrikste
is. 47 Jesus het geweet met watter gedagtes
hulle besig was, en Hy trek 'n kindjie nader
om langs Hom te kom staan. 48 Toe sê Hy
vir hulle: "Elkeen wat hierdie kindjie in my
Naam ontvang, ontvang My, en elkeen wat
My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur
het. Wie die minste onder julle almal is, hý
is groot."

### Wie nie teen julle is nie, is vír julle

(Mark. 9:38-40; vgl. Matt. 12:30; Luk. 11:23)

49 Toe sê Johannes: "Here, ons het
iemand gesien wat in u Naam bose geeste
uitdryf, en ons het hom probeer keer omdat
hy U nie saam met ons volg nie."

50 Maar Jesus sê vir hom: "Moet hom nie
keer nie, want wie nie teen julle is nie, is
vír julle."

### 'n Samaritaanse dorp wys Jesus af

51 Toe die tyd nader kom dat Jesus in
die hemel opgeneem sou word, het Hy
vasbeslote die reis na Jerusalem begin
52 en boodskappers voor Hom uit gestuur.
Hulle het vertrek en in 'n dorp van die
Samaritane gekom om daar vir Hom verblyf
te reël. 53 Maar die inwoners wou Hom nie
ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem toe op
pad was.

54 Toe die twee dissipels, Jakobus en
Johannes, dit sien, sê hulle: "Here, wil U
hê ons moet vuur uit die hemel afroep om
hulle te verteer?"

55 Maar Hy het omgedraai en hulle skerp
tereggewys.[l] 56 Daarna het hulle die reis
voortgesit na 'n ander dorp toe.

### Hoe Jesus gevolg moet word

(Matt. 8:19-22)

57 Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir
Hom: "Ek sal U volg waar U ook al gaan."

58 Toe sê Jesus vir hom: "Jakkalse het
gate en voëls het neste, maar die Seun
van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy
kop nie."

59 Aan 'n ander een sê Hy: "Volg My."

Maar hy antwoord: "Here, laat my toe om
eers terug te gaan om my pa te begrawe."

l Sommige manuskripte voeg die volgende bewoording by verse 55 en 56: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie," het Hy gesê. 56 "Die Seun van die mens het immers nie gekom om die lewens van mense te verdelg nie, maar om te red.", vgl. Mark. 10:45.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

60 Toe sê Jesus vir hom: "Laat die dooies
hulle eie dooies begrawe, maar gaan
verkondig jy die koninkryk van God."
61 Nog een het gesê: "Ek sal U volg, Here,
maar laat my toe om eers my familie by die
huis te gaan groet."
62 Toe sê Jesus: "Iemand wat die hand
aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na
wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk
van God nie."

### Die sending van die twee en sewentig

(Vgl. Matt. 11:20-24)

**10** Daarna het die Here twee en
sewentig ander aangewys en hulle
twee-twee voor Hom uit gestuur na elke
dorp en plek waarheen Hy van plan was om
te gaan. 2 Hy het vir hulle gesê: "Die oes is
groot, maar die arbeiders min. Bid dan die
Here aan wie die oes behoort, om arbeiders
uit te stuur vir sy oes. 3 Gaan nou! Maar
onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen
wolwe in.
4 "Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene
saamdra nie, en moenie langs die pad met
groetery tyd verkwis nie. 5 As julle in 'n
huis kom, moet julle eerste woorde wees:
'Vrede vir hierdie huis.' 6 As daar iemand
woon vir wie die vrede bestem is, sal die
vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle
toe terugkom. 7 Moenie van een huis na die
ander trek nie, maar bly in dieselfde huis,
eet en drink wat hulle voorhande het, want
die arbeider is geregtig op sy loon. 8 As julle
in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet
dan wat hulle vir julle voorsit. 9 Maak die
siekes daar gesond en sê vir die mense: 'Vir
julle is die koninkryk van God baie naby!'
10 Maar as julle in 'n dorp kom en hulle
ontvang julle nie, gaan dan uit in sy strate
en sê: 11 'Selfs julle dorp se stof wat aan ons
voete sit, vee ons af as aanklag teen julle.
Maar dit moet julle weet: die koninkryk
van God is baie naby.' 12 Ek sê vir julle: Vir
die mense van Sodom sal dit op dié dag
draagliker wees as vir daardie dorp.
13 "Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende
wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon
die wonderdade plaasgevind het wat in
julle plaasgevind het, sou hulle lankal
in sak en as gesit en hulle bekeer het.
14 Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die
oordeel draagliker wees as vir julle. 15 En
jy, Kapernaum, dink jy jý sal tot die hemel
toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die
doderyk afdaal!
16 "Wie na julle luister, luister na My; wie
vir julle verwerp, verwerp My; en wie My
verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het."

### Die terugkoms van die twee en sewentig

17 Die twee en sewentig het vol blydskap
teruggekom en gesê: "Here, selfs die bose
geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor
van u Naam."
18 Toe sê Hy vir hulle: "Ek het die Satan
soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.
19 Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op
slange en skerpioene te trap en om die vyand
met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets
julle enige leed aandoen. 20 En tog moet julle
nie bly wees net omdat die geeste hulle aan
julle onderwerp nie, maar wees veral bly
omdat julle name in die hemel opgeskryf is."

### Die blydskap van Jesus

(Matt. 11:25-27; 13:16-17)

21 By daardie selfde geleentheid het Jesus
deur die Heilige Gees dit uitgejubel: "Ek
prys U, Vader, Here van hemel en aarde,
dat U hierdie dinge vir slim en geleerde
mense verberg het en dit aan eenvoudiges
bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u
genadige bedoeling.
22 "My Vader het alles aan My toevertrou.
Niemand weet wie die Seun is nie behalwe
die Vader, en wie die Vader is nie behalwe
die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil
bekend maak."
23 Toe draai Jesus Hom na sy dissipels
afsonderlik en sê vir hulle: "Hoe bevoorreg
is die oë wat sien wat julle sien, 24 want
Ek sê vir julle: Baie profete en konings het
daarna verlang om te sien wat julle nou
sien, en hulle het dit nie gesien nie; en om
te hoor wat julle nou hoor, en hulle het dit
nie gehoor nie."

### Die barmhartige Samaritaan

(Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34)

25 Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus
'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

vra: "Meneer, wat moet ek doen om die
ewige lewe te verkry?"
26 Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet
van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?"
27 Hy antwoord: "Jy moet die Here jou
God liefhê met jou hele hart en met jou
hele siel en met al jou krag en met jou hele
verstand, en jou naaste soos jouself."[m]
28 "Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir
hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry."
29 Maar die wetgeleerde wou homself
handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my
naaste?"
30 Jesus gaan toe nader daarop in deur
te sê: "Toe 'n man eenmaal op pad was van
Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom
aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek
en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en
toe padgegee. 31 Dit gebeur toe dat daar
'n priester met daardie pad langs kom, en
toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby.
32 Net so het daar ook 'n Leviet by die plek
gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook
ver langs verby. 33 Maar 'n Samaritaan wat
op reis was, het op hom afgekom, en toe hy
hom sien, het hy hom innig jammer gekry.
34 Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met
olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe
het hy hom op sy rydier gehelp en hom na
'n herberg toe geneem en hom daar verder
versorg. 35 Die volgende dag haal hy twee
muntstukke uit en gee dit aan die eienaar
van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en
as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou
betaal wanneer ek hierlangs terugkom.'
36 "Wie van hierdie drie is volgens jou
die naaste van hom wat onder die rowers
verval het?"
37 Die wetgeleerde antwoord: "Die man
wat aan hom medelye bewys het."
Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy
ook so."

### Op besoek by Marta en Maria

38 Op hulle reis het Jesus in 'n dorp
gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas
ontvang het. 39 Sy het 'n suster gehad,
Maria, wat aan die voete van die Here gaan
sit en na sy woorde geluister het. 40 Maar
Marta was baie bedrywig om alles klaar te
maak. Sy kom toe daar staan en sê: "Here,
hinder dit U nie dat my suster my alleen
laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!"
41 Maar die Here antwoord haar: "Marta,
Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie
dinge, 42 maar net een ding is nodig. Maria
het die beste deel gekies, en dit sal nie van
haar weggeneem word nie."

### Onderrig oor die gebed

(Matt. 6:9-15; 7:7-11)

**11** Jesus was êrens op 'n plek besig
om te bid. Toe Hy klaar was, sê
een van sy dissipels vir Hom: "Here, leer
ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge
geleer het."
2 En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid,
sê dan:

"Vader, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom.
3 Gee ons elke dag ons daaglikse brood;
4 en vergeef ons ons sondes,
want ons vergewe ook elkeen wat teen
ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie."

5 Verder sê Hy vir hulle: "Sê nou een van
julle het 'n vriend, en jy gaan in die middel
van die nag na hom toe en jy vra: 'Vriend,
leen my bietjie drie brode, 6 want 'n vriend
van my wat op reis is, het by my aangekom,
en ek het niks om vir hom voor te sit nie.'
7 En die ander antwoord van binne af:
'Moet my nie lastig val nie! Die deur is al
gesluit, en ek en my kinders is al in die bed.
Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie
...' 8 Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en
dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie,
sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy
nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan
te hou vra nie.
9 "Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal
gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop,
en vir julle sal oopgemaak word. 10 Elkeen
wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry;
en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak
word. 11 Is daar 'n pa onder julle wat as sy

**m** Vgl. Deut. 6:5; Lev. 19:18

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

seun vir hom ’n vis vra, vir hom ’n slang
sal gee in plaas van die vis?[n] 12 Of as hy
’n eier vra, vir hom ’n skerpioen sal gee?
13 As julle wat sleg is, dan weet om vir julle
kinders goeie dinge te gee – die Vader in
die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige
Gees gee vir dié wat vra.”

**Jesus en Beëlsebul**

(Matt. 12:22-30; Mark. 3:20-27)

14 Jesus het op ’n keer ’n bose gees
uitgedryf uit iemand wat nie kon praat nie.
Net nadat die bose gees uitgegaan het, het
die stom man begin praat. Die mense het
hulle verwonder, 15 maar party van hulle
het gesê: “Dit is met die hulp van Beëlsebul,
die aanvoerder van die bose geeste, dat hy
geeste uitdrywe.” 16 Ander wou Hom op die
proef stel deur van Hom ’n wonderteken uit
die hemel te vra.

17 Maar Hy het hulle gedagtes geken
en vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat
onderling verdeeld is, gaan te gronde, en
’n huisgesin wat onderling verdeeld is,
spat uitmekaar. 18 As die Satan dan teen
homself verdeeld is, hoe kan sy ryk bly
staan? Julle sê mos Ek dryf bose geeste uit
met die hulp van Beëlsebul. 19 As Ek wel
deur Beëlsebul bose geeste uitdryf, met wie
se hulp doen julle eie volgelinge dit dan?
Dus, hulle bewys self dat julle verkeerd is.
20 Aangesien Ek dus deur die vinger van
God bose geeste uitdryf, het die koninkryk
van God inderdaad tot by julle gekom.

21 “Wanneer ’n sterk man hom goed
bewapen en sy huis bewaak, is al sy
besittings veilig. 22 Maar as daar een kom
wat sterker as hy is en hom oorwin, neem
hy al die wapens af waarop hy hom verlaat
het, en hy verdeel sy besittings as buit.

23 “Wie nie aan my kant is nie, is teen
My. En wie nie saam met My die skape
bymekaarmaak nie, jaag hulle uitmekaar.”

**Die terugkoms van die onrein gees**

(Matt. 12:43-45)

24 “Wanneer ’n onrein gees uit ’n mens
uitgaan, swerf hy deur dor streke op soek
na ’n rusplek. As hy dit nie kry nie, sê hy:
‘Ek gaan terug na my huis toe waar ek
uitgegaan het.’ 25 Hy kom dan terug en kry
dit skoon en aan die kant. 26 Dan gaan haal
hy sewe ander geeste, nog slegter as hy self,
en hulle trek in en gaan woon daar. Aan
die einde is so ’n man slegter daaraan toe
as aan die begin.”

**Die ware geluk**

27 Terwyl Jesus nog besig was om te
praat, het ’n vrou uit die menigte hardop
uitgeroep en vir Hom gesê: “Hoe bevoorreg
is die vrou wat U in haar liggaam gedra en
aan haar bors gevoed het!”

28 Maar Hy sê: “Nog meer bevoorreg is
hulle wat die woord van God hoor en dit
onderhou.”

**Die teken van Jona**

(Matt. 12:38-42; Mark. 8:12)

29 Toe die mense aanhou saamdrom,
het Jesus hulle begin toespreek en gesê:
“Die mense van hierdie tyd is ’n verdorwe
geslag. Hulle vra ’n wonderteken, maar
daar sal geen teken aan hulle gegee word
nie behalwe die teken van Jona. 30 Net
soos Jona vir die mense van Nineve ’n
teken was, so sal die Seun van die mens
’n teken wees vir die mense van vandag.
31 Die koningin van die Suide sal op die
oordeelsdag opstaan saam met die mense
van vandag en teen hulle getuig. Sy het
immers van die uithoeke van die aarde
af gekom om na die wysheid van Salomo
te luister. En hier staan Een wat groter is
as Salomo! 32 Die mense van Nineve sal
op die oordeelsdag opstaan saam met die
mense van vandag en teen hulle getuig. Die
mense van Nineve het hulle immers op die
prediking van Jona bekeer. En hier staan
Een wat groter is as Jona!”

**Die lig van die liggaam**

(Matt. 5:15; 6:22-23)

33 “’n Mens steek nie ’n lamp op en sit
dit dan weg in ’n kelder of onder ’n emmer
nie. Nee, jy sit dit op ’n staander, sodat
die mense wat binnekom, die lig kan sien.
34 Die lamp van jou liggaam is die oog.

**n** In sommige manuskripte lees vers 11 as volg: “Is daar ’n pa onder julle wat as sy seun vir hom brood vra, vir hom ’n klip sal gee, of ’n vis vra en dan vir hom ’n slang gee in plaas van ’n vis?”, vgl. Matt. 7:9.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

As jou oog goed is, is jou hele liggaam
ook verlig. Maar as jou oog sleg is, is jou
hele liggaam ook sonder lig. 35 Pas dus op
dat die lig in jou nie donker is nie. 36 As
jou hele liggaam verlig is en nie 'n enkele
donker plekkie het nie, sal dit heeltemal
verlig wees soos wanneer 'n lamp jou met
sy skynsel verlig."

### Jesus bestraf die Fariseërs en die wetgeleerdes

(Matt. 23:1-36; Mark. 12:38-40; Luk. 20:45-47)

37 Net toe Jesus klaar gepraat het, het
'n Fariseër Hom uitgenooi om by hom te
kom eet. Hy het toe in sy huis ingegaan en
aan tafel plek ingeneem. 38 Die Fariseër
was verwonderd toe hy sien dat Jesus nie
die gebruik nagekom het om voor die ete
eers hande te was nie. 39 Maar die Here sê
vir hom:

"Ja, julle Fariseërs! Julle maak die
buitekant van bekers en borde skoon, maar
binnekant is julle self vol inhaligheid en
gemeenheid. 40 Julle dwase! Het Hy wat
die buitekant gemaak het, nie ook die
binnekant gemaak nie? 41 Gee liewer wat in
die bekers en borde is, vir die armes, dan
sal alle dinge vir julle rein wees. 42 Maar
ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle
gee tiendes van kruisement en wynruit en
elke soort kruie, maar verontagsaam die
geregtigheid en die liefde vir God. Juis
hierdie dinge moet 'n mens doen en die
ander nie nalaat nie.

43 "Ellende wag vir julle, Fariseërs, want
julle hou van die ereplek in die sinagoges
en om op straat eerbiedig begroet te word.
44 Ellende wag vir julle, want julle is soos
onherkenbare grafte waaroor die mense
loop sonder om dit te weet."

45 Toe sê een van die wetgeleerdes vir
Jesus: "Meneer, as u so praat, beledig u
ons ook."

46 Daarop antwoord Hy: "Julle
wetgeleerdes! Ellende wag vir julle ook,
want julle laai ondraaglike laste op die
mense, en self verroer julle geen vinger om
die laste te dra nie.

47 "Ellende wag vir julle, want julle bou
grafmonumente vir die profete, maar julle
voorvaders het hulle vermoor. 48 So bewys
julle dat julle die dade van julle voorvaders
goedkeur, want húlle het die profete
vermoor en júlle bou die grafte. 49 Daarom
het Die Wysheid van God gesê: 'Ek sal
profete en apostels na hulle toe stuur, maar
hulle sal sommige van hulle doodmaak en
ander vervolg.' 50 So is die huidige geslag
dan skuldig aan die bloed van al die profete
wat vergiet is van die skepping van die
wêreld af: 51 van die bloed van Abel af tot
by die bloed van Sagaria, wat tussen die
altaar en die tempel doodgemaak is. Ja, Ek
sê vir julle, hulle bloed sal van die huidige
geslag geëis word!

52 "Ellende wag vir julle, wetgeleerdes,
want julle het die sleutel van die kennis
weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie,
en dié wat wel wou ingaan, vir hulle het
julle verhinder."

53 Toe Hy uit die huis weggaan, het die
skrifgeleerdes en die Fariseërs Hom heftig
begin aanval. Oor allerlei dinge het hulle
aan Hom strikvrae gestel 54 en fyn opgelet
of Hy iets sou sê waarop hulle Hom kon
vastrek.

### 'n Waarskuwing teen huigelary

(Matt. 16:6; 10:26-27; Mark. 8:15)

**12** Die mense het intussen by die
duisende saamgedrom en mekaar
vertrap. Toe het Jesus begin praat en
Hom in die eerste plek tot sy dissipels
gerig: "Pas op vir die suurdeeg van die
Fariseërs, dit is hulle huigelary. 2 Daar is
niks bedek wat nie onthul sal word nie,
en niks geheim wat nie bekend sal word
nie. 3 Daarom, alles wat julle in die donker
gesê het, sal in die daglig gehoor word; en
wat julle agter geslote deure vir iemand in
die oor gefluister het, sal van die dakke af
uitgebasuin word."

### Wie gevrees moet word

(Matt. 10:28-31)

4 "Aan julle, my vriende, sê Ek: Moenie
bang wees vir dié wat die liggaam
doodmaak en daarna niks verder kan doen
nie. 5 Ek sal vir julle sê vir wie julle bang
moet wees: vir Hom wat mag het om, ná
die dood, in die hel te werp. Ja, Ek sê vir
julle, Hóm moet julle vrees.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

6 “Word vyf mossies nie vir twee sent
verkoop nie? Tog word nie een van hulle
deur God vergeet nie. 7 Selfs die hare op
julle kop is almal getel. Moenie bang wees
nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

**Aansporing om Christus te bely**

(Matt. 10:32-33; 12:32; 10:19-20)

8 “Ek sê vir julle: Elkeen wat hom voor
die mense openlik vir My uitspreek, vir
hom sal die Seun van die mens Hom ook
openlik uitspreek voor die engele van God.
9 Maar hy wat My voor die mense verloën,
sal voor die engele van God verloën word.
10 “Elkeen wat teen die Seun van die
mens iets sê, kan vergewe word; maar hy
wat teen die Heilige Gees laster, kan nie
vergewe word nie.
11 “Wanneer hulle julle voor sinagoges
en owerhede en gesagvoerders bring,
moet julle julle nie bekommer oor hoe of
waarmee julle julle gaan verdedig of wat
julle gaan sê nie, 12 want die Heilige Gees
sal julle op daardie oomblik leer wat gesê
moet word.”

**Die gelykenis van die ryk dwaas**

13 Iemand uit die menigte sê toe vir
Jesus: “Meneer, sê vir my broer hy moet die
erfenis met my deel.”
14 Maar Hy antwoord hom: “Man, wie het
My as regter of deler vir julle aangestel?”
15 Toe sê Hy vir hulle: “Pas op en wees op
julle hoede vir elke vorm van gierigheid,
want ’n mens se lewe is nie afhanklik van
die oorvloed van sy besittings nie.”
16 Toe vertel Hy hulle ’n gelykenis: “’n
Ryk man se grond het goed gedra. 17 Hy het
toe by homself gedink: wat moet ek doen?
Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar
nie. 18 Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal
my skure afbreek en groter bou. Daarin sal
ek al my graan en my ander goed opgaar.
19 Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie
goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op
met werk: eet, drink en leef lekker.’ 20 Maar
God het vir hom gesê: ‘Jou dwaas. Vannag
nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en
wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak
het?’ 21 So gaan dit met hom wat vir homself
skatte vergader en nie ryk is by God nie.”

**Die sorge van die lewe**

(Matt. 6:25-34; 6:19-21)

22 Verder het Jesus vir sy dissipels gesê:
“Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie
bekommer oor julle lewe, oor wat julle
moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat
julle moet aantrek nie. 23 Die lewe is tog
belangriker as kos en die liggaam as klere.
24 Kyk na die kraaie: hulle saai nie en oes
nie; hulle het geen spens of skuur nie, maar
God sorg vir hulle. Julle is tog baie meer
werd as voëls. 25 Trouens, wie van julle
kan deur hom te bekommer sy lewe met
een uur verleng? 26 As julle nie eens so ’n
klein dingetjie kan regkry nie, waarom
bekommer julle julle oor die ander dinge?
27 “Kyk hoe groei die lelies: hulle swoeg
nie en hulle maak nie klere nie, maar Ek
sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was
nie geklee soos een van hulle nie. 28 As
God die gras van die veld, wat vandag nog
daar is en môre in die vuur gegooi word,
só mooi maak, hoeveel te meer sal Hy julle
versorg, julle kleingelowiges! 29 Julle moet
julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan
eet of drink nie, en julle moenie besorg
wees nie. 30 Dit is alles dinge waaroor die
ongelowiges in die wêreld begaan is, maar
julle het ’n Vader wat weet dat julle dit
nodig het. 31 Beywer julle vir sy koninkryk,
dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.
32 “Moenie bang wees nie, klein
kuddetjie, want dit was die wil van julle
Vader om die koninkryk aan julle te gee.
33 “Verkoop julle besittings en gee
bydraes vir die armes. Skaf vir julle
’n beurs aan wat nie leeg raak nie, ’n
onuitputlike rykdom in die hemel, waar
geen dief dit kan bykom en geen mot dit
kan verniel nie. 34 Waar julle skat is, daar
sal julle hart ook wees.”

**Die gelykenis van die waaksame slaaf**

(Matt. 24:45-51; vgl. Mark. 13:33-37)

35 “Wees gereed, die heupe omgord en
die lampe aan die brand! 36 Julle moet wees
soos mense wat vir hulle eienaar wag tot
hy van die bruilof af terugkom, sodat hulle
dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom
en aanklop. 37 Gelukkig is die slawe vir wie

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die eienaar by sy koms wakker sal aantref.
Dit verseker Ek julle: Hy sal hulle aan tafel
laat sit, self ’n voorskoot aansit en hulle
kom bedien. 38 Gelukkig is die slawe wat
hy wakker aantref, selfs al sou hy eers om
middernag of met hanekraai kom. 39 Maar
dit moet julle weet: as die huiseienaar
geweet het hoe laat die dief kom, sou hy
hom nie in sy huis laat inbreek het nie.
40 Ook julle moet gereed wees, want die
Seun van die mens kom op ’n tyd wanneer
julle Hom nie verwag nie.”

41 Toe vra Petrus: “Here, is hierdie
gelykenis net vir ons bedoel of vir almal?”

42 En die Here antwoord: “Wie is eintlik
die getroue en verstandige bestuurder
vir wie die eienaar oor sy ander slawe sal
aanstel om hulle op tyd hulle kos te gee?
43 Dit is die man vir wie sy eienaar, by sy
tuiskoms, so aan die werk sal kry. Gelukkig
is hy! 44 Ek sê vir julle die waarheid: Sy
eienaar sal hom aanstel oor alles wat hy
besit.

45 “Maar as die slaaf by homself sê: ‘My
eienaar draai lank om te kom,’ en hy die
slawe, mans en vroue, begin slaan, terwyl
hy self eet en drink en dronk word, 46 sal
die eienaar van die slaaf kom op ’n dag
dat hy dit nie verwag nie, en op ’n uur wat
hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar
hom laat doodmaak, en hom die lot van
ontroues laat deel.

47 “Die slaaf wat geweet het wat sy
eienaar wil hê maar wat nie gereed gemaak
of volgens die wil van sy eienaar gehandel
het nie, sal ’n swaar straf kry. 48 Maar hy
wat nie geweet het nie en dinge gedoen het
wat straf verdien, sal ’n ligte straf kry. Van
elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis
word; en van hom aan wie baie toevertrou
is, sal meer gevra word.”

### Jesus die oorsaak van die verdeeldheid

(Matt. 10:34-36)

49 “Ek het gekom om vuur op die aarde
aan te steek, en hoe wens Ek dat dit al aan
die brand is!

50 “Maar daar is ’n doop waarmee Ek
gedoop moet word, en dit sal My heeltemal
in beslag neem tot dit afgehandel is!
51 Dink julle dat Ek gekom het om vrede
op die aarde te bring? Nee, sê Ek vir
julle, eerder verdeeldheid, 52 want van
nou af sal daar vyf mense in een huis
onderling verdeeld wees, drie teen twee
en twee teen drie. 53 Hulle sal verdeeld
wees: vader teen seun en seun teen
vader, moeder teen dogter en dogter teen
moeder, skoonmoeder teen skoondogter en
skoondogter teen skoonmoeder.”

### Die tekens beoordeel

(Matt. 16:2-3)

54 Jesus het ook vir die skare gesê: “As
julle ’n wolk in die weste sien opkom,
sê julle dadelik: ‘Dit gaan reën!’ en dit
gebeur ook. 55 En as die suidewind waai,
sê julle: ‘Dit gaan warm word!’ en dit word
warm. 56 Huigelaars! Julle weet hoe om
die voorkoms van die aarde en die lug te
beoordeel. Hoe is dit dan dat julle nie weet
hoe om hierdie tyd te beoordeel nie?”

### Vroegtydige versoening

(Matt. 5:25-26)

57 “Waarom maak julle nie vir julleself uit
wat die regte ding is om te doen nie?

58 “Terwyl jy saam met jou teenstander
op pad is hof toe, moet jy moeite doen
om die saak met hom te skik, sodat hy jou
nie voor die regter sleep en die regter jou
aan die polisie oorgee en die polisie jou
in die tronk sit nie. 59 Ek verseker jou: Jy
sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die
laaste sent betaal het nie.”

### Bekeer julle

**13** Juis in daardie tyd het mense vir
Jesus kom vertel van die Galileërs
vir wie Pilatus laat doodmaak het waar hulle
besig was om hulle offerdiere te slag. 2 Toe
antwoord Jesus hulle: “Dink julle dat hierdie
Galileërs groter sondaars was as al die ander
Galileërs omdat dit met hulle gebeur het?
3 Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie
bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal
omkom! 4 Of daardie agtien wat dood is toe
die toring van Siloam op hulle ineengestort
het, dink julle dat hulle skuldiger was as al
die ander inwoners van Jerusalem? 5 Nee, sê
Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie,
sal julle net soos hulle ook almal omkom.”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Gelykenis van die onvrugbare vyeboom

6 Daarna het Hy hierdie gelykenis vertel:
"'n Man het 'n vyeboom gehad wat in
sy wingerd geplant was. Toe hy vrugte
daaraan kom soek maar niks kry nie, 7 sê
hy vir die tuinier: 'Kyk, dis nou drie jaar dat
ek aan hierdie vyeboom vrugte kom soek,
en ek kry niks nie. Kap hom uit! Waarom
moet hy langer die grond uitput?' 8 Maar
die tuinier antwoord: Meneer, laat hom nog
hierdie jaar staan. Ek sal die grond rondom
hom omspit en bemes. 9 Miskien sal hy dan
volgende jaar vrugte dra. Maar so nie, kan
u hom uitkap."

### Jesus genees 'n gebreklike vrou op die sabbatdag

10 Eenkeer op 'n sabbatdag was Jesus in
een van die sinagoges besig om die mense
te leer. 11 Daar was ook 'n vrou wat al
agtien jaar lank gely het onder 'n bose gees
wat haar heeltemal verswak het. Sy was
krom getrek en kon glad nie meer regop
kom nie. 12 Toe Jesus haar sien, roep Hy
haar nader en sê vir haar: "Mevrou, jy is
van jou gebrek verlos!"
13 Toe het Hy haar die hande opgelê, en
sy het onmiddellik regop gestaan en God
begin prys.
14 Die hoof van die sinagoge was
verontwaardig omdat Jesus op die
sabbatdag iemand gesond gemaak het.
Hy sê toe vir die mense: "Daar is ses dae
in die week waarop 'n mens moet werk.
Julle moet op een van daardie dae kom
om julle te laat gesond maak, nie op die
sabbatdag nie."
15 Toe sê die Here vir hom: "Julle
huigelaars! Maak elkeen van julle nie op
die sabbatdag sy bees of sy donkie van die
krip los en lei hom weg om hom te laat
suip nie? 16 En hier is 'n vrou, 'n kind van
Abraham, wat werklik al agtien jaar lank
deur die Satan gebind is. Mag sy dan nie op
die sabbatdag van hierdie band losgemaak
word nie?"
17 Deur dit te sê, het Jesus al sy
teenstanders laat skaam kry, maar die hele
skare was bly oor al die wonderbaarlike
dinge wat Hy gedoen het.

### Die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg

(Matt. 13:31-33; Mark. 4:30-32)

18 Jesus het gesê: "Hoe is die koninkryk
van God? Waarmee kan Ek dit vergelyk?
19 Dit is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand
gevat en in sy tuin geplant het. Dit het
gegroei en 'n boom geword, en die voëls
het in sy takke kom nes maak."
20 Verder het Hy gesê: "Waarmee kan
Ek die koninkryk van God vergelyk?
21 Dit is soos suurdeeg wat 'n vrou
geneem en in twintig kilogram meel
ingewerk het totdat dit heeltemal
deursuur was."

### Die smal deur

(Matt. 7:13-14,21-23)

22 Terwyl Jesus op pad was Jerusalem
toe, het Hy deur stede en dorpe gegaan en
oral die mense geleer. 23 Toe vra iemand
Hom: "Here, is dié wat gered word,
maar min?"
24 Hy sê vir hulle: "Span al julle kragte
in om by die smal deur in te gaan. Baie,
verseker Ek julle, sal probeer om in te
gaan, maar sal dit nie regkry nie.
25 "As die eienaar van die huis eers
opgestaan en die deur toegesluit het, sal
julle buite staan en aan die deur begin klop
en roep: 'Here, maak vir ons oop!' Maar Hy
sal julle antwoord: 'Ek weet nie waar julle
vandaan kom nie.' 26 Dan sal julle sê: 'Ons
het saam met U geëet en gedrink, en op ons
strate het U die mense geleer.' 27 Maar Hy
sal weer vir julle sê: 'Ek weet nie waar julle
vandaan kom nie. Niemand van julle het
gedoen wat reg is nie. Maak dat julle van
My af wegkom!'
28 "Daar sal julle huil en op julle tande
kners wanneer julle Abraham en Isak
en Jakob en al die profete binne-in die
koninkryk van God sal sien, terwyl julle
self buitentoe weggejaag word.
29 "Daar sal mense uit die ooste en die
weste kom, uit die noorde en die suide, en
aansit by die feesmaal in die koninkryk
van God. 30 Onthou net: Daar is laastes
wat eerste sal wees, en eerstes wat laaste
sal wees."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

**Klag oor Jerusalem**

(Matt. 23:37-39)

31 Op daardie selfde oomblik het 'n aantal
Fariseërs vir Jesus kom sê: "U moet padgee
en na 'n ander plek toe gaan, want Herodes
wil u doodmaak."

32 Maar Hy sê vir hulle: "Gaan sê vir
daardie jakkals: 'Kyk, vandag en môre
dryf Ek nog bose geeste uit en maak Ek
mense gesond, maar op die derde dag sal
Ek my werk klaar maak.' 33 In elk geval
moet Ek vandag en môre en oormôre die
reis voortsit, want dit is ondenkbaar dat
'n profeet op 'n ander plek as Jerusalem
omkom.

34 "Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die
profete doodmaak en die boodskappers
stenig wat na jou toe gestuur is, hoe
dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak
soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke,
maar julle wou nie! 35 Kyk, nou word julle
stad aan julleself oorgelaat. Maar Ek sê
vir julle: Julle sal My sekerlik nie sien
nie totdat die dag kom wanneer julle sal
uitroep: Loof Hom wat in die Naam van die
Here kom![o]"

**Jesus genees 'n man wat aan water gely het**

**14** Op 'n sabbatdag toe Jesus na
die huis van 'n vooraanstaande
Fariseër toe gegaan het om daar te eet, het
hulle Hom fyn dopgehou. 2 Reg voor Hom
was daar 'n man wat aan water gely het.
3 Jesus praat toe met die wetgeleerdes en
Fariseërs en vra: "Mag 'n mens iemand op
die sabbatdag gesond maak of nie?"

4 Maar hulle het stilgebly. Toe trek Jesus
die sieke nader, maak hom gesond en laat
hom gaan. 5 Daarna sê Hy vir hulle: "Sê nou
'n seun of 'n bees van een van julle val in 'n
put, sal hy hom nie dadelik uithaal nie, al is
dit op 'n sabbatdag?"

6 Hulle kon daar niks op antwoord nie.

**Gelykenis oor beskeidenheid
en gasvryheid**

7 Toe Jesus merk hoe hulle die voorste
plekke aan tafel uitsoek, vertel Hy aan die
genooides die volgende gelykenis: 8 "As
iemand jou na 'n bruilof toe uitnooi, moet
jy nie sommer op die voorste plek gaan
sit nie. Dit kan net wees dat die gasheer
iemand uitgenooi het wat belangriker is
as jy. 9 Dan sal hy wat julle albei uitgenooi
het, na jou toe kom en sê: 'Gee bietjie die
plek af vir hierdie man.' Jy sal dan tot jou
skande die agterste plek moet gaan inneem.
10 Maar as jy uitgenooi is, gaan sit liewer
op die agterste plek. Wanneer die gasheer
kom, sal hy vir jou kan sê: 'Vriend, kom sit
hier voor.' Dan sal jy in die agting van al
die gaste styg. 11 Elkeen wat hoogmoedig is,
sal verneder word, en elkeen wat nederig
is, sal verhoog word."

12 Hy het ook vir die gasheer gesê: "As jy in
die middag of in die aand 'n maaltyd gee, moet
dan nie jou vriende of broers of familie of ryk
bure uitnooi sodat hulle jou waarskynlik ook
weer uitnooi en jou op dié manier vergoed nie.
13 Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes,
kreupeles, verlamdes en blindes. 14 Jy kan jou
gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te
vergoed nie, want God sal jou vergoed by die
opstanding van dié wat reg gedoen het."

**Die gelykenis van die groot maaltyd**

(Matt. 22:1-10)

15 Een van dié wat saam aan tafel was,
het dit gehoor en vir Hom gesê: "Gelukkig
is die man wat aan die maaltyd in die
koninkryk van God kan deelneem."

16 Toe sê Jesus vir hom: "Daar was 'n
man wat 'n groot maaltyd gegee en baie
mense uitgenooi het. 17 Toe die maaltyd
gereed was, stuur hy sy slaaf om vir die
genooides te sê: 'Kom, die maaltyd staan
klaar.' 18 Maar hulle begin almal, die een na
die ander, verskoning maak. Die eerste sê
vir hom: 'Ek het 'n stuk grond gekoop en dit
is noodsaaklik dat ek uitgaan om daarna te
kyk. Ek vra u, verskoon my asseblief.' 19 'n
Ander een sê: 'Ek het vyf paar osse gekoop
en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon
my asseblief.' 20 Nog 'n ander een sê: 'Ek is
pas getroud, daarom kan ek nie kom nie.'

21 "Die slaaf kom toe terug en vertel dit
alles aan sy eienaar. Toe word die man

**o** Ps. 118:26

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

kwaad en sê vir sy slaaf: 'Gaan uit na die
strate en gangetjies van die stad en bring
die armes en kreupeles en blindes en
verlamdes hierheen.' 22 Later kom die slaaf
sê: 'Meneer, u opdrag is uitgevoer, en daar
is nog plek.' 23 Toe sê die man vir die slaaf:
'Gaan uit na die paaie en lanings en dring
by hulle daarop aan om in te kom, sodat
my huis vol kan word. 24 Dit verseker ek
julle: Nie een van die mense wat genooi is,
sal sy mond aan my kos sit nie.' "

**Die eise van dissipelskap**

(Matt. 10:37-38; vgl. Mark. 10:29-30)

25 'n Groot menigte het saam met Jesus
gereis. Hy draai toe om en sê vir hulle:
26 "As iemand na My toe kom, kan hy nie my
dissipel wees nie tensy hy afstand doen van
sy eie vader en moeder en vrou en kinders
en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe.
27 Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My
aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie.

28 "Wie van julle wat 'n gebou wil oprig,
gaan nie eers sit en die koste bereken, om
te sien of hy genoeg geld het om die werk te
voltooi nie? 29 Anders, as hy die fondament
gelê het en nie in staat is om die gebou te
voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom
die spot begin dryf. 30 Hulle sal sê: 'Hier
is 'n man wat begin bou het maar nie kon
klaar maak nie.'

31 "Of watter koning wat met 'n ander
koning in 'n oorlog betrokke raak, sal nie
eers gaan sit en oorweeg of hy met sy tien
duisend man sterk genoeg is om die ander
een teen te staan wat met twintig duisend
teen hom optrek nie? 32 Anders stuur hy 'n
afvaardiging om vredesvoorwaardes te vra
terwyl die ander een nog ver is.

33 "So kan niemand van julle my dissipel
wees as hy nie bereid is om van al sy
besittings afstand te doen nie."

**Kragtelose sout**

(Matt. 5:13; Mark. 9:50)

34 "Sout is 'n goeie ding. Maar as sout
verslaan het, waarmee sal dit weer sout
gemaak word? 35 Dit is nie eers bruikbaar
vir die grond of vir die mishoop nie. Hulle
gooi dit buitekant weg. Wie ore het om te
hoor, moet luister!"

**Die gelykenis van die verlore skaap**

(Matt. 18:12-14)

**15** Die tollenaars en sondaars het
almal die gewoonte gehad om na
Jesus te kom luister. 2 Hierteen het die
Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar
gemaak en gesê: "Hierdie man ontvang
sondaars en eet selfs saam met hulle."

3 Toe vertel Jesus vir hulle hierdie
gelykenis: 4 "Sê nou een van julle het
honderd skape en een van hulle raak weg.
Wat doen hy dan? Hy laat die nege en
negentig in die veld staan en gaan agter
die een aan wat weg is, totdat hy hom kry.
5 En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op
sy skouers. 6 As hy by die huis kom, roep
hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir
hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het
my skaap wat weg was, weer gekry.' 7 Ek sê
vir julle: Net so sal daar ook in die hemel
blydskap wees oor een sondaar wat hom
bekeer, eerder as oor nege en negentig
mense wat reg doen en nie bekering nodig
het nie."

**Die gelykenis van die verlore muntstuk**

8 "Of watter vrou wat tien
silwermuntstukke het en een raak weg,
steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en
soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? 9 En
as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en
buurvroue bymekaar en sê: 'Wees saam met
my bly, want ek het my geld wat weggeraak
het, weer gekry.' 10 Ek sê vir julle: Net so
is daar blydskap onder die engele van God
oor een sondaar wat hom bekeer."

**Die gelykenis van die verlore seun**

11 Verder het Jesus gesê: "Daar was 'n
man wat twee seuns gehad het. 12 Die
jongste het vir sy pa gesê: 'Pa, gee my die
deel van die besittings wat my toekom.' Hy
het toe die goed tussen hulle verdeel.

13 "Nie lank daarna nie het die jongste
seun alles tot geld gemaak en van die
ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar
het hy sy geld verkwis deur losbandig te
lewe. 14 Nadat hy alles deurgebring het,
het daar 'n kwaai hongersnood in daardie
land gekom, en ook hy het begin gebrek ly.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

15 Hy het toe sommer by een van die mense
van daardie land gaan bly, en dié het hom
na sy plaas toe gestuur om varke op te pas.
16 Daar het hy gewens hy kon sy honger
stil met die peule wat die varke eet, maar
niemand het hom daarvan gegee nie.

17 "Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa
het wie weet hoeveel dagloners, en hulle
het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan
ek van die honger. 18 Ek sal dadelik na
my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek
het teen God en teen Pa gesondig! 19 Ek is
nie meer werd om Pa se seun genoem te
word nie. Behandel my soos een van Pa se
dagloners.' 20 En hy het sonder versuim na
sy pa toe teruggegaan.

"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom
al gesien en hom innig jammer gekry. Hy
hardloop hom tegemoet, omhels hom en
soen hom. 21 Toe sê die seun vir hom: 'Pa,
ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek
is nie meer werd om Pa se seun genoem
te word nie.'[p] 22 Maar sy pa roep sy
werksmense: 'Maak gou! Bring klere,
die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir
hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom
skoene aan! 23 En bring die vetgemaakte
kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier!
24 Hierdie seun van my was dood, en hy
lewe weer; hy was verlore, en ek het hom
teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier.

25 "Sy oudste seun was nog in die veld.
Toe hy terugkom en naby die huis was,
hoor hy die musiek en die singery. 26 Hy
roep toe een van die bediendes nader
en vra hom wat aan die gang is. 27 Die
bediende antwoord: 'U broer het gekom, en
u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat
hy hom behoue en gesond teruggekry het.'

28 "Toe het die oudste seun kwaad
geword en hy wou nie in die huis ingaan
nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met
hom; 29 maar hy antwoord: 'Kyk, al die
jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit
het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie,
en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie
gegee sodat ek saam met my vriende kan
feesvier nie. 30 Maar nou dat hierdie seun
van Pa, wat Pa se goed met prostitute
deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom
die vetgemaakte kalf geslag!'

31 "Toe sê die pa vir hom: 'Kind, jy is
altyd by my, en alles wat ek het, is ook
joune. 32 Maar ons kan tog nie anders as
om fees te vier en bly te wees nie, want
hierdie broer van jou was dood, en hy
lewe weer; hy was verlore, en ons het hom
teruggekry.' "

### Die gelykenis van die oneerlike bestuurder

**16** Jesus het vir sy dissipels ook gesê:
"'n Ryk man het 'n bestuurder in
diens gehad, en dié is by hom aangekla
omdat hy sy geld verkwis het. 2 Hy ontbied
hom toe en sê vir hom: 'Wat is dit wat ek
van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur
van sake, want jy kan nie langer bestuurder
wees nie.' 3 Die bestuurder dink toe by
homself: wat moet ek nou doen, want
my werkgewer neem die bestuurderskap
van my af weg. Vir handearbeid sien ek
nie kans nie; en om te bedel, skaam ek
my. 4 Maar wag, nou weet ek wat ek sal
doen sodat daar mense sal wees wat my
in hulle huise sal ontvang as ek uit die
bestuurderskap ontslaan is. 5 Toe roep hy
die skuldenaars van sy werkgewer een vir
een en vra vir die eerste: 'Hoeveel skuld jy
my werkgewer?' 6 Hy antwoord: 'Honderd
vate olyfolie.' Toe sê hy vir hom: 'Vat jou
skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig.'
7 Daarna vra hy vir 'n ander een: 'En jy,
hoeveel skuld jy?' Hy antwoord: 'Honderd
sak koring.' En hy sê vir hom: 'Vat jou
skuldbewys en skryf tagtig.'

8 "Die werkgewer het die oneerlike
bestuurder geprys vir die slim ding wat hy
gedoen het. Die mense van hierdie wêreld
tree onder mekaar slimmer op as die mense
van die lig.

9 "En Ek sê vir julle: Gebruik die
oneerlike mammon om vir julle vriende te
maak sodat wanneer die geld nie meer kan
help nie, hulle julle in die ewige wonings
sal ontvang.

10 "Wie in die kleinste dinge betroubaar
is, is ook in die groot dinge betroubaar;
en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is

**p** Sommige manuskripte voeg by: 'Behandel my soos een van Pa se dagloners.', vgl. vers 19.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

ook in groot dinge oneerlik. 11 As julle dan
nie betroubaar is in die hantering van die
oneerlike mammon nie, wie sal die ware
rykdom aan julle toevertrou? 12 As julle
met 'n ander man se goed nie betroubaar
is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as
julle eie te besit?
13 "Geen huisbediende kan vir twee base
tegelyk werk nie, want hy sal óf die een
minder ag en die ander een hoër, óf vir die
een meer oorhê en die ander een afskeep.
Julle kan nie God én Mammon dien nie."

**Die wet en die koninkryk van God**

(Matt. 11:12-13; 5:31-32; Mark. 10:11-12)

14 Die Fariseërs was baie lief vir geld
en toe hulle al hierdie dinge hoor, het
hulle Hom beledigend uitgelag. 15 Hy sê
toe vir hulle: "Julle is dié wat julle voor
die mense as goeie mense voordoen, maar
God ken julle harte. Wat deur die mense
as belangrik beskou word, is 'n gruwel
voor God.
16 "Tot op Johannes was dit net die
wet en die profete. Van toe af word die
koninkryk van God verkondig, en elkeen
probeer so hard as hy kan om daar in te
kom. 17 Tog is dit makliker vir die hemel en
die aarde om te vergaan as dat een lettertjie
van die wet verval.
18 "Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n
ander een trou, pleeg egbreuk; en iemand
wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg ook
egbreuk."

**Die ryk man en Lasarus**

19 "Daar was 'n ryk man wat duur en
deftige klere gedra en elke dag feestelik en
weelderig geleef het. 20-21 En daar was 'n
arm man met die naam Lasarus wat by die
deur van die ryk man gelê het in die hoop
dat hy van die oorskiet van die ryk man
se tafel te ete sou kry. Hy was oortrek van
die swere en selfs die honde het daaraan
kom lek.
22 "Toe die arm man te sterwe kom,
is hy deur die engele weggedra na die
ereplek langs Abraham. Die ryk man het
ook gesterwe en is begrawe. 23 Toe hy in
die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en
sien vir Abraham daar in die verte en vir
Lasarus langs hom en hy roep: 24 'Vader
Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir
Lasarus dat hy net die punt van sy vinger
in water steek en my tong afkoel, want
ek ly verskriklik in hierdie vuur.' 25 Maar
Abraham sê: 'My kind, onthou dat jy in jou
leeftyd altyd die goeie gekry het en Lasarus
die slegte. Nou gaan dit hier goed met hom,
maar jy word gepynig. 26 En buitendien
is daar 'n groot kloof tussen ons en julle,
sodat dié wat hiervandaan wil oorgaan na
julle toe, nie kan nie, en dié wat dáár is,
ook nie na ons toe kan oorkom nie.' 27 Toe
sê hy: 'Ek smeek u dan, vader, stuur hom
tog na my pa se huis toe. 28 Ek het nog
vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan
waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek
van pyniging beland nie.' 29 Maar Abraham
sê: 'Hulle het die woorde van Moses en die
profete. Laat hulle daarna luister.' 30 Hy
antwoord egter: 'Nee, vader Abraham,
maar as iemand uit die dood na hulle toe
gaan, sal hulle hulle bekeer.' 31 Maar hy sê
vir hom: 'As hulle na Moses en die profete
nie luister nie, sal hulle nie oortuig word
nie al sou iemand uit die dood opstaan.' "

**Uitsprake van Jesus**

(Matt. 18:6-7,21-22; Mark. 9:42)

**17** Jesus het vir sy dissipels gesê: "Dit
is onvermydelik dat daar dinge
kom wat mense laat struikel. Maar ellende
wag vir die mens wat die oorsaak daarvan
is. 2 So 'n mens kan eerder met 'n groot klip
aan die nek in die see gegooi word as dat hy
vir een van hierdie kleintjies 'n struikelblok
word. 3 Wees dus self op julle hoede.
"As jou broer verkeerd optree, berispe
hom; en as hy berou kry, vergewe hom.
4 Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd
optree teen jou en sewe maal na jou toe
terugkom en sê: 'Ek is jammer,' moet jy
hom vergewe."
5 Die apostels sê toe vir die Here: "Gee
ons meer geloof."
6 Maar die Here antwoord: "As julle maar
geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie
gehad het, sou julle vir hierdie
moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels
en al uit die grond uit en plant jouself in
die see,' en hy sou julle gehoorsaam.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

7 “Sê nou een van julle het ’n slaaf wat
ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê
as hy van die veld af inkom: ‘Kom eet eers
gou’? 8 Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom
sê: ‘Maak vir my iets klaar vir aandete.
Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien
my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy
self eet en drink.’ 9 ’n Slaaf wat sy opdrag
uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of
hoe? 10 So is dit ook met julle: as julle alles
gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan:
Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het
gedoen wat ons verplig was om te doen.”

**Jesus genees tien melaatse mans**

11 Op sy reis na Jerusalem toe het Jesus
al met die grens tussen Samaria en Galilea
langs gegaan. 12 Net toe Hy ’n sekere dorpie
wou binnegaan, kom tien melaatse mans
Hom tegemoet, maar hulle bly op ’n afstand
staan 13 en roep hard: “Jesus, Here, ontferm
U oor ons!”
14 Toe Hy hulle sien, sê Hy: “Gaan wys
julle vir die priesters.”
Op pad daarheen het hulle gesond
geword. 15 En een van hulle het, toe hy
sien dat hy genees is, omgedraai en God
hardop geprys. 16 Hy het voor die voete van
Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie
man was ’n Samaritaan. 17 Toe sê Jesus:
“Was daar nie tien wat gesond gemaak is
nie? Waar is die ander nege dan? 18 Is daar
niemand anders wat omgedraai het om God
die eer te gee behalwe hierdie man wat nie
eers ’n Jood is nie?”
19 En vir hom sê Hy: “Staan op en gaan
huis toe. Jou geloof het jou gered.”

**Die koms van die koninkryk**

(Matt. 24:23-28,37-41)

20 Toe die Fariseërs vir Jesus vra wanneer
die koninkryk van God dan kom, het Hy
hulle geantwoord: “Die koms van die
koninkryk van God kan nie uit voortekens
bereken word nie. 21 Hulle sal nie kan sê:
‘Kyk, hier is dit!’ of: ‘Daar is dit!’ nie, want
die koninkryk van God is hier by julle.”
22 Daarna sê Hy vir die dissipels: “Daar
sal dae kom wanneer julle daarna sal
verlang om net een van die dae van die
Seun van die mens te sien, maar julle sal
dit nie sien nie. Hulle sal wel vir julle
sê: ‘Kyk, daar is Hy!’ of: ‘Kyk, hier is Hy!’
23 Maar moenie gaan nie en moenie agter
hulle aanloop nie! 24 Soos die weerlig wat
uitslaan, die hele lugruim van die een kant
na die ander verlig, so sal die Seun van die
mens kom as die dag van sy koms daar is.
25 Maar eers moet Hy baie ly en deur die
mense van hierdie tyd verwerp word.
26 “Net soos dit in die tyd van Noag
gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd
van die Seun van die mens: 27 hulle het
maar soos gewoonlik geëet en gedrink en
getrou tot op die dag dat Noag in die ark
ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en
dit het hulle almal uitgewis. 28 In die tyd
van Lot het dit ook net so gegaan: hulle
het maar soos gewoonlik geëet en gedrink,
gekoop en verkoop, geplant en gebou.
29 Maar op die dag toe Lot Sodom verlaat
het, het vuur en swael uit die hemel gereën,
en dit het almal uitgewis. 30 Net so sal dit
ook gaan op die dag wanneer die Seun van
die mens verskyn.
31 “Dan moet die man wat op die
dakstoep sit, nie ingaan om sy besittings
in die huis te gryp nie. Net so moet ook
die man wat op die land is, nie omdraai
huis toe nie. 32 Onthou wat met die vrou
van Lot gebeur het! 33 Elkeen wat sy lewe
probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen
wat dit verloor, sal dit behou. 34 Ek sê vir
julle: Dan sal twee mense op een bed slaap,
die een sal saamgeneem en die ander een
agtergelaat word. 35 Twee vroue sal koring
maal, die een sal saamgeneem en die ander
een agtergelaat word.”[q]
37 Toe vra hulle Hom: “Waar, Here?”
Hy sê vir hulle: “Waar aas lê, daar sal
aasvoëls ook bymekaarkom.”

**Die gelykenis van die weduwee en die regter**

**18** Jesus het vir hulle ’n gelykenis
vertel om duidelik te maak dat ’n
mens altyd moet aanhou bid sonder om
moedeloos te word. 2 Hy het gesê: “In ’n

**q** Sommige manuskripte voeg by: 36 “Twee mense sal op die land werk, die een sal saamgeneem word en die ander agtergelaat word.”, vgl. Matt. 24:40.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

sekere stad was daar ’n regter wat geen
eerbied vir God of agting vir ’n mens
gehad het nie. 3 En in dieselfde stad het ’n
weduwee gewoon wat hom herhaaldelik
kom vra het: ‘Doen aan my reg in my saak
teen my teenparty.’ 4 ’n Tyd lank wou hy
nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir
God het ek wel geen eerbied nie, en aan
’n mens steur ek my nie, 5 maar aangesien
hierdie weduwee so aanhou om my lastig te
val, sal ek haar in haar regsaak help, anders
kom klap sy my op die ou end ook nog.”
6 Toe sê die Here: “Hoor wat sê die
onregverdige regter. 7 Sal God dan nie aan
sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom
roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat
wag? 8 Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en
gou ook!
“Maar sal die Seun van die mens by sy
koms nog geloof op die aarde vind?”

### Die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar

9 Met die oog op mense wat seker was
dat hulle eie saak met God reg is en wat
op ander neergesien het, het Jesus hierdie
gelykenis vertel: 10 “Twee mense het na die
tempel toe gegaan om te bid. Die een was
’n Fariseër en die ander een ’n tollenaar.
11 Die Fariseër het gaan staan en by homself
so gebid: ‘O God, ek dank U dat ek nie
soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs,
egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar
nie. 12 Ek vas twee keer in die week en ek
gee ’n tiende van my hele inkomste.’
13 “Maar die tollenaar het daar ver bly
staan en wou selfs nie na die hemel opkyk
nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en
gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’
14 “Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie
die ander een nie, het huis toe gegaan as
iemand wie se saak met God reg is. Elkeen
wat hoogmoedig is, sal verneder word; en
hy wat nederig is, sal verhoog word.”

### Jesus en die kindertjies

(Matt. 19:13-15; Mark. 10:13-16)

15 Die mense het ook kindertjies na Jesus
toe gebring dat Hy hulle moet aanraak.
Toe die dissipels dit sien, het hulle met die
mense daaroor geraas. 16 Maar Jesus het
die kindertjies nader geroep en gesê: “Laat
die kindertjies na My toe kom en moet
hulle nie verhinder nie, want die koninkryk
van God is juis vir mense soos hulle. 17 Dit
verseker Ek julle: Wie die koninkryk van
God nie soos ’n kindjie ontvang nie, sal
daar nooit ingaan nie.”

### Die ryk jongman

(Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31)

18 ’n Man van aansien het aan Jesus die
vraag gestel: “Goeie Leermeester, wat moet
ek doen om die ewige lewe te verkry?”
19 Jesus het geantwoord: “Waarom noem
jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe
God alleen. 20 Jy ken die gebooie: Jy mag nie
egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg
nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals
getuienis gee nie, eer jou vader en moeder.”[r]
21 Maar hy antwoord: “Al hierdie dinge
het ek van my kinderdae af onderhou.”
22 Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hom: “Een
ding kom jy nog kort: gaan verkoop alles
wat jy het, en deel die geld aan die armes
uit. Dan sal jy ’n skat in die hemel hê. Kom
dan terug en volg My.”
23 Toe hy dit hoor, was hy diep
teleurgesteld, want hy was baie ryk.
24 Toe Jesus sien dat hy teleurgesteld is,
sê Hy: “Hoe moeilik is dit tog vir mense
wat ryk is, om in die koninkryk van God
te kom. 25 Dit is makliker vir ’n kameel om
deur die oog van ’n naald te kom as vir ’n
ryke om in die koninkryk van God te kom.”
26 Dié wat dit gehoor het, sê toe: “Maar
wie kan dan gered word?”
27 Daarop antwoord Hy: “Wat vir die
mense onmoontlik is, is vir God moontlik.”
28 Toe sê Petrus: “Kyk, óns het van ons
besittings afgesien en U gevolg.”
29 En Jesus antwoord: “Dit verseker Ek
julle: Daar is niemand wat ter wille van die
koninkryk van God afgesien het van huis
of vrou of broers of ouers of kinders nie,
30 of hy ontvang in hierdie tyd al baiekeer
soveel terug, en in die tyd wat kom, die
ewige lewe.”

**r** Eks. 20:12-16; Deut. 5:16-20

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 20:17-19; Mark. 10:32-34)

31 Jesus het die twaalf opsy geneem
en vir hulle gesê: "Kyk, ons gaan nou
Jerusalem toe, en alles wat die profete
oor die Seun van die mens geskryf het, sal
daar bewaarheid word. 32 Hy sal uitgelewer
word aan die heidene; Hy sal bespot en
beledig word; hulle sal op Hom spoeg,
33 Hom gesel en Hom daarna doodmaak.
En op die derde dag sal Hy uit die dood
opstaan."
34 Maar van hierdie dinge het hulle
niks begryp nie. Die woorde was vir hulle
duister, en hulle het nie verstaan waaroor
Hy praat nie.

### Die blinde man by Jerigo

(Matt. 20:29-34; Mark. 10:46-52)

35 Jesus het naby Jerigo gekom. Toe 'n
blinde man wat daar langs die pad sit en
bedel, 36 die groot menigte mense hoor
verbyloop, vra hy wat aan die gang is.
37 Hulle vertel hom toe: "Jesus van Nasaret
gaan hier verby."
38 Toe roep hy uit: "Jesus, Seun van
Dawid, ontferm U oor my!"
39 Die mense wat voor geloop het, het
hom beveel om stil te bly, maar hy het al
hoe harder uitgeroep: "Seun van Dawid,
ontferm U oor my!"
40 Jesus gaan toe staan en gee bevel dat
hy na Hom toe gebring moet word. Toe hy
naby kom, vra Jesus vir hom: 41 "Wat wil jy
hê moet Ek vir jou doen?"
En hy antwoord: "Here, dat ek kan sien."
42 Jesus sê vir hom: "Goed, jy kan sien!
Jou geloof het jou gered."
43 En onmiddellik kon hy sien, en hy het
Jesus gevolg en God geprys. Ook al die
mense wat dit gesien het, het aan God die
eer gegee.

### Jesus en Saggeus

19 Jesus het in Jerigo gekom en
was op pad deur die stad. 2 Daar
was 'n man met die naam Saggeus,
die hooftollenaar, 'n ryk man. 3 Hy het
geprobeer om Jesus te sien, maar weens
die skare kon hy nie, omdat hy te kort
was. 4 Hy hardloop toe vooruit en klim
in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien,
want Hy sou daar verbygaan. 5 Toe Jesus
by die plek kom, kyk Hy op en sê vir
hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet
vandag in jou huis tuis gaan."
6 Hy het toe gou afgeklim en Jesus met
blydskap ontvang.
7 Almal wat dit gesien het, het beswaar
gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n sondige
man tuis!"
8 Maar Saggeus het opgestaan en vir die
Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my
goed vir die armes gee, en waar ek iets van
iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel
terug."
9 Daarop sê Jesus: "Vandag het daar
redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie
man is 'n kind van Abraham. 10 Die Seun
van die mens het immers gekom om te soek
en te red wat verlore is."

### Die gelykenis van die goue muntstukke

(Matt. 25:14-30)

11 Terwyl die mense na Jesus geluister
het, het Hy nog 'n gelykenis vertel,
aangesien Hy naby Jerusalem was en hulle
gedink het die koninkryk van God sou nou
enige oomblik kom. 12 Hy het gesê: "'n Man
van adellike afkoms het na 'n ver land toe
op reis gegaan om as koning aangestel te
word en dan terug te kom. 13 Vooraf het
hy tien van sy slawe geroep en aan hulle
tien goue muntstukke gegee en gesê: 'Dryf
handel daarmee totdat ek terugkom.'
14 "Sy landgenote het hom egter gehaat
en 'n afvaardiging agterna gestuur om
te sê: 'Ons wil nie hierdie man as koning
hê nie.' Maar hy het tog die koningskap
ontvang.
15 "Nadat hy teruggekom het, het hy die
slawe aan wie hy die geld gegee het, na
hom toe laat roep, sodat hy kon verneem
wat hulle met die handeldryf verdien het.
16 Die eerste het vorentoe gekom en gesê:
'Meneer, u muntstuk het tien muntstukke
opgelewer.' 17 Daarop antwoord hy: 'Mooi
so, jy is 'n goeie slaaf. Omdat jy in 'n saak
van min belang getrou was, kry jy nou die
bestuur oor tien stede.'

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

18 “Toe kom die tweede slaaf en sê:
‘Meneer, u muntstuk het vyf muntstukke
opgelewer.’ 19 Aan hierdie een sê hy: ‘En jy
kry die bestuur oor vyf stede.’
20 “Nog ’n ander het gekom en gesê:
‘Meneer, hier is u muntstuk. Ek het dit in
’n doek gebêre. 21 Ek was bang vir u, want
u is ’n harde man. U eis op wat u nie belê
het nie, en oes wat u nie gesaai het nie.’
22 Toe sê hy vir hom: ‘Met jou eie woorde
sal ek jou veroordeel. Jy is ’n slegte slaaf!
As jy geweet het ek is ’n harde man wat
opeis wat ek nie belê het nie, en oes wat
ek nie gesaai het nie, 23 waarom het jy dan
nie my geld in die bank gesit nie? Dan sou
ek dit by my terugkoms darem met rente
kon getrek het.’ 24 Daarop sê hy vir dié wat
daar staan: ‘Vat die muntstuk van hom
af weg en gee dit vir die een wat die tien
muntstukke het.’
25 “Hulle sê vir hom: ‘Meneer, hy het dan
al tien muntstukke.’ Maar hy antwoord:
26 Ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal
meer gegee word, en van hom wat nie het
nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat
word. 27 En daardie vyande van my wat
nie wou hê dat ek hulle koning moet wees
nie, bring hulle en maak hulle hier voor
my dood!”

**Die intog van Jesus in Jerusalem**

(Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Joh. 12:12-19)

28 Nadat Jesus hierdie dinge gesê het,
het Hy voor hulle uit geloop, op pad na
Jerusalem toe. 29 Toe Hy naby Betfage
en Betanië kom, teen die Olyfberg, stuur
Hy twee van sy dissipels vooruit met die
opdrag: 30 “Gaan na die dorpie toe daar reg
voor julle. Net soos julle inkom, sal julle
daar ’n jong donkie kry wat vasgemaak
staan. Geen mens het nog ooit op hom gery
nie. Maak hom los en bring hom hier. 31 En
as iemand vir julle vra: ‘Waarom maak julle
hom los?’ moet julle antwoord: Die Here
het hom nodig.”
32 Die twee wat gestuur is, gaan toe en kry
alles net soos Hy vir hulle gesê het. 33 Terwyl
hulle die donkie losmaak, vra sy eienaars vir
hulle: “Waarom maak julle die donkie los?”
34 Hulle antwoord: “Die Here het hom
nodig.”
35 Toe bring hulle die donkie na Jesus
toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op
sy rug en help Jesus opklim. 36 Terwyl Hy
aanry, het hulle van hulle klere op die pad
oopgegooi.
37 Toe Hy naby die stad kom, teen die
afdraand van die Olyfberg, het die hele
skare juigende volgelinge God uit volle bors
begin prys oor al die wonderwerke wat
hulle gesien het. 38 Hulle het gesing:

“Loof die Koning,
Hy wat in die Naam van die Here kom![s]
Vrede in die hemel
en eer aan God in die hoogste hemel!”

39 ’n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir
Jesus: “Meneer, maak stil u volgelinge!”
40 Maar Hy antwoord: “Ek sê vir julle: As
hulle stilbly, sal die klippe uitroep.”
41 Toe Hy nog nader kom en die stad
voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil
42 en gesê: “As jy vandag tog wou insien
wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy
blind daarvoor. 43 Daar sal dae oor jou kom
dat jou vyande vestings teen jou oprig en
jou omsingel en jou van alle kante beleër.
44 Hulle sal jou met die grond gelyk maak
en jou inwoners uitwis. Hulle sal in jou nie
een klip op die ander laat bly nie, omdat jy
die betekenis van die tyd toe God gekom
het om jou te red, nie besef het nie.”

**Die reiniging van die tempel**

(Matt. 21:12-17; Mark. 11:15-19; Joh. 2:13-22)

45 Jesus het na die tempel toe gegaan en
die handelaars begin uitjaag. 46 Hy het vir
hulle gesê: “Daar staan geskrywe: ‘My huis
sal ’n huis van gebed wees,’[t] maar julle het
dit ’n rowersnes gemaak.”
47 Hy was elke dag in die tempel besig
om die mense te leer. Intussen het die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en ook
die leiers van die volk, ’n plan gesoek om
Hom dood te maak. 48 Hulle kon egter niks
vind wat uitvoerbaar was nie, omdat die
hele volk gretig na Hom geluister het.

**s** Ps. 118:26 **t** Jes. 56:7

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Die vraag oor Jesus se gesag
(Matt. 21:23-27; Mark. 11:27-33)

**20** Op een van daardie dae, toe Jesus
by die tempel besig was om die
volk te leer en aan hulle die evangelie te
verkondig, het die priesterhoofde en die
skrifgeleerdes saam met die familiehoofde
nader gestaan 2 en Hom gevra: "Sê vir ons,
met watter gesag doen u hierdie dinge? Wie
is dit wat u hierdie gesag gegee het?"
3 Hy antwoord hulle: "Ek gaan julle ook
iets vra, en julle moet My dan sê: 4 Die
doop van Johannes – kom dit van God of
van mense af?"
5 Hulle redeneer toe onder mekaar: "As
ons sê: 'Van God af,' sal hy sê: 'Waarom het
julle hom dan nie geglo nie?' 6 En as ons sê:
'Van mense af,' sal die hele volk ons stenig,
want hulle is daarvan oortuig dat Johannes
'n profeet is."
7 Toe antwoord hulle dat hulle nie weet
waar dit vandaan kom nie.
8 Daarop sê Jesus vir hulle: "Dan sê
Ek ook nie vir julle met watter gesag Ek
hierdie dinge doen nie."

### Die gelykenis van die boere en die wingerd
(Matt. 21:33-46; Mark. 12:1-12)

9 Verder het Jesus aan die volk hierdie
gelykenis vertel: "Daar was 'n man wat
'n wingerd aangeplant en dit aan boere
verhuur het. Daarna was hy 'n hele ruk
weg van die huis af. 10 Toe dit tyd was
daarvoor, stuur hy 'n slaaf na die boere toe
om sy deel van die wingerd se opbrengs
te gaan haal. Maar die boere het die slaaf
geslaan en met leë hande weggejaag. 11 Die
eienaar het weer geprobeer en 'n ander
slaaf gestuur. Maar hulle het hierdie een
ook geslaan en uitgeskel en met leë hande
weggejaag. 12 Die eienaar het nog 'n keer
geprobeer en 'n derde slaaf gestuur. Hulle
het hom geslaan dat die bloed loop, en hom
uit die wingerd uitgegooi.
13 "Toe sê die eienaar van die wingerd:
'Wat moet ek nou doen? Ek sal my geliefde
seun stuur. Miskien sal hulle hom ontsien.'
14 Maar toe die boere hom sien, het hulle
onder mekaar geredeneer: 'Dit is die
erfgenaam dié. Kom ons slaan hom dood,
dan is die erfenis ons s'n.' 15 Toe gooi hulle
hom uit die wingerd uit en slaan hom dood.
Wat sal die eienaar van die wingerd dan
met hulle doen? 16 Hy sal kom en daardie
boere om die lewe bring en die wingerd vir
ander mense gee."
Dié wat dit gehoor het, sê toe: "Nee, dit
moenie gebeur nie!"
17 Maar Jesus het hulle aangekyk en gesê:
"Wat beteken hierdie Skrifwoord dan:

> " 'Die klip wat deur die bouers
> afgekeur is,
> juis hy het die belangrikste klip in die
> gebou geword'[u]?
> 18 Elkeen wat op hierdie klip val, sal
> verpletter word;
> elkeen op wie hy val, sal hy vermorsel."

19 Die skrifgeleerdes en die priesterhoofde
het besef dat Jesus met hierdie gelykenis
op hulle gesinspeel het. Daarom wou hulle
Hom sommer daar en dan gevange neem,
maar hulle was bang vir die volk.

### Die vraag oor die betaal van belasting
(Matt. 22:15-22; Mark. 12:13-17)

20 Hulle het hulle kans afgewag. Toe
stuur hulle geheime agente wat hulle as
opreg voorgedoen het, om Jesus op een of
ander uitspraak te probeer vastrek sodat
hulle Hom aan die owerheidsgesag van die
goewerneur kon uitlewer. 21 Hulle vra Hom
toe: "Meneer, ons weet dat u in u prediking
en onderrig regsinnig is. U let nie op die
aansien van persone nie. U is getrou aan
die waarheid, en so maak u die wil van God
bekend. 22 Is dit reg dat ons aan die keiser
belasting betaal, of is dit nie?"
23 Maar Jesus het deur hulle slimstreek
gesien en vir hulle gesê: 24 "Wys vir My 'n
muntstuk. Wie se kop en naam is daarop?"
Hulle antwoord: "Die keiser s'n."
25 Toe sê Hy vir hulle: "Nou ja, gee dan
aan die keiser wat aan die keiser behoort,
en aan God wat aan God behoort."

**u** Ps. 118:22

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

26 Hulle kon dit nie regkry om Hom voor
die volk vas te trek op iets wat Hy gesê het
nie. En verwonderd oor sy antwoord, het
hulle maar stilgebly.

**Die vraag oor die opstanding uit die dood**
(Matt. 22:23-33; Mark. 12:18-27)

27 ’n Aantal Sadduseërs – dit is die mense
wat ontken dat daar ’n opstanding uit die
dood is – kom toe nader en vra vir Jesus:
28 “Meneer, Moses het vir ons voorgeskryf:
As iemand ’n getroude broer het wat
kinderloos sterwe, moet hy met sy broer
se weduwee trou en vir sy broer kinders
verwek. 29 Nou was daar sewe broers. Die
oudste het getrou en kinderloos gesterwe.
30 Ook die tweede 31 en die derde het met
die weduwee getrou en kinderloos gesterwe,
en so het dit met al sewe gegaan. 32 Daarna
het die vrou ook gesterwe. 33 Die vrou nou,
wie se vrou word sy met die opstanding? Al
sewe het haar mos as vrou gehad.”
34 Jesus sê vir hulle: “In hierdie wêreld
trou die mense met mekaar, 35 maar dié
wat waardig geag is om deel te hê aan die
toekomstige wêreld en aan die opstanding
uit die dood, trou daar nie meer nie. 36 Hulle
kan ook nie meer sterwe nie; hulle is soos die
engele. Hulle is kinders van God, omdat hulle
uit die dood opgestaan het. 37 Dat die dooies
opgewek word, het Moses ook aangedui waar
hy in die gedeelte oor die doringbos praat
van ‘die Here, die God van Abraham, die God
van Isak, die God van Jakob’[v]. 38 Hy is nie
’n God van dooies nie maar van lewendes,
want by Hom leef hulle almal.”
39 Toe sê sommige van die skrifgeleerdes:
“Meneer, u het goed geantwoord.”
40 Hulle het nie meer gewaag om Hom ’n
enkele vraag te stel nie.

**Die vraag oor die seun van Dawid**
(Matt. 22:41-46; Mark. 12:35-37)

41 Maar Jesus het vir hulle gevra: “Hoe kan
hulle sê dat die Christus die seun van Dawid is?
42 Dawid sê tog self in die boek van die Psalms:

“Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand
43 totdat Ek jou vyande
aan jou onderwerp het.[w]

44 “Dawid noem Hom dus ‘Here’; hoe kan
Hy dan sy seun wees?”

**Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes**
(Matt. 23:1-36; Mark. 12:38-40; Luk. 11:37-54)

45 Terwyl die hele volk na Jesus luister,
sê Hy vir sy dissipels: 46 “Pas op vir die
skrifgeleerdes, wat graag met hulle deftige
klere aan rondstap. Hulle hou van die
begroetings op straat, die voorste banke
in die sinagoges en die ereplekke by die
maaltye. 47 Dit is hulle wat die huise van
die weduwees inpalm en vir die skyn
lang gebede opsê. Hulle sal baie swaar
gestraf word.”

**Die klein gawe van die arm weduwee**
(Mark. 12:41-44)

**21** Jesus het rondgekyk en die rykes
hulle gawes in die offergawekis
sien gooi. 2 Hy sien toe ook ’n arm weduwee
twee klein muntstukkies daar ingooi, 3 en
Hy sê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm
weduwee het meer ingegooi as al die ander.
4 Hulle het almal iets uit hulle oorvloed
in die offergawekis gegooi, maar sy het in
haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het
om van te lewe.”

**Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word**
(Matt. 24:1-2; Mark. 13:1-2)

5 Toe sommige oor die tempel praat, oor
die pragtige klippe en gewyde geskenke
waarmee dit versier was, sê Jesus: 6 “Alles
wat julle sien – daar sal ’n tyd kom dat nie
een klip op die ander gelaat sal word nie.
Alles sal afgebreek word.”

**Die profetiese rede: rampe en vervolging**
(Matt. 24:3-14; Mark. 13:3-13)

7 Hulle vra Hom toe: “Here, wanneer sal
hierdie dinge gebeur en wat is die teken
van wanneer dit gaan plaasvind?”
8 Hy antwoord: “Pas op dat julle nie
mislei word nie, want baie sal onder my

**v** Eks. 3:6,15,16 **w** Ps. 110:1

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Naam kom en sê: ‘Dit is ek!’ en: ‘Die tyd het
aangebreek!’ Moenie agter hulle aanloop
nie! 9 Wanneer julle hoor van oorloë en
opstande, moenie beangs raak nie, want
hierdie dinge moet eers plaasvind, maar dit
is nog nie onmiddellik die einde nie.”

10 Verder sê Hy vir hulle: “Die een nasie
sal teen die ander te staan kom en die
een koninkryk teen die ander. 11 Daar sal
groot aardbewings wees; hongersnode en
epidemies sal op baie plekke voorkom. Daar
sal skrikwekkende dinge wees en groot
tekens van die hemel af.

12 “Maar nog voordat dit alles gebeur, sal
hulle julle gevange neem en vervolg. Hulle
sal julle oorlewer vir verhoor in die sinagoges
en vir opsluiting in gevangenisse; hulle sal
julle voor konings en goewerneurs bring
ter wille van my Naam. 13 Dit sal vir julle ’n
geleentheid wees om van My te getuig. 14 Stel
julle dus daarop in om julle nie vooraf oor
julle verdediging te kwel nie, 15 want Ek sal vir
julle die woorde en die wysheid gee wat deur
geeneen van julle teenstanders teengespreek of
weerlê kan word nie. 16 Julle sal selfs deur julle
ouers en broers en familie en vriende verraai
word, en hulle sal party van julle doodmaak.
17 En julle sal ter wille van my Naam deur
almal gehaat word, maar 18 daar sal selfs nie
eens ’n haar van julle kop af val nie. 19 Deur
julle volharding moet julle julleself red.”

### Die profetiese rede: die verwoesting van Jerusalem

(Matt. 24:15-21; Mark. 13:14-19)

20 “Wanneer julle sien dat Jerusalem deur
leërs omsingel word, moet julle weet dat sy
verwoesting naby is. 21 Dan moet dié wat in
Judea is, die berge in vlug, en dié wat in die
stad is, daaruit padgee, en dié wat op die
plase is, nie na die stad toe gaan nie, 22 want
in daardie dae voltrek God sy straf. Alles
wat geskrywe staan, word dan bewaarheid.

23 “Dit sal bitter swaar gaan met die
vrouens wat in daardie tyd swanger is en
met dié wat nog klein kindertjies het, want
daar sal groot nood in die land heers, en
God sal hierdie volk straf.

24 “Sommige sal deur die swaard val en
ander as krygsgevangenes na al die nasies
toe weggevoer word. Jerusalem sal deur die
heidennasies vertrap word totdat ook hulle
tyd verby is.”

### Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens

(Matt. 24:29-31; Mark. 13:24-27)

25 “Daar sal tekens wees aan son, maan en
sterre. Op aarde sal daar radeloosheid onder
die volke wees uit angs vir die gebulder van
die see en sy vloedgolwe. 26 Die mense sal
beswyk van vrees en spanning oor die dinge
wat oor die hele wêreld aan die kom is, want
die kragte van die hemelruim sal ontwrig
word. 27 En dan sal hulle die Seun van die
mens met groot krag en majesteit op ’n wolk
sien kom. 28 As hierdie dinge begin gebeur,
staan dan regop en lig julle kop op, want
dan is julle verlossing naby.”

### Die profetiese rede: die gelykenis van die vyeboom

(Matt. 24:32-35; Mark. 13:28-31)

29 Toe vertel Hy hulle ’n gelykenis: “Let op
die vyeboom en al die ander bome. 30 Sodra
julle sien dat hulle begin uitloop, weet julle
vanself dat die somer al naby is. 31 Net so
moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge
sien gebeur, weet dat die koninkryk van
God naby is. 32 Dit verseker Ek julle: Nog in
die leeftyd van hierdie geslag sal al hierdie
dinge gebeur. 33 Die hemel en die aarde sal
vergaan, maar my woorde nooit.”

### Die profetiese rede: vermaning tot waaksaamheid

34 “Wees op julle hoede dat julle gees nie
deur onmatige etery en drinkery en deur
die sorge van die lewe afgestomp word nie
en dat daardie dag julle nie onverhoeds
soos ’n vangnet oorval nie. 35 Daardie dag
sal skielik op al die bewoners van die hele
aarde neerkom. 36 Maar wees waaksaam
en bid altyddeur dat julle die krag kan
ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan
gebeur, behoue deur te kom en om voor die
Seun van die mens te verskyn.”

37 Bedags was Jesus in die tempel besig
om die mense te leer, maar snags het Hy
uitgegaan en buite op die Olyfberg vernag.
38 In die môre vroeg het die hele volk dan
weer in die tempel na Hom kom luister.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Jesus se dood word beplan

(Matt. 26:1-5,14-16; Mark. 14:1-2,10-11;
Joh. 11:45-53)

22 Die fees van die ongesuurde brood,
wat pasga genoem word, was naby.
2 Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes
wou Jesus uit die weg ruim, maar omdat
hulle bang was vir die volk, het hulle nog
gesoek na 'n manier om dit te doen.
3 Die Satan het in Judas, wat Iskariot
genoem is en een van die twaalf
was, ingevaar. 4 Hy het toe met die
priesterhoofde en die offisiere van die
tempelwag gaan praat oor hoe hy Jesus in
hulle hande kan laat kom. 5 Hulle was bly
en het ooreengekom om hom daarvoor te
betaal. 6 Hy het ingestem en na 'n geskikte
geleentheid gesoek om Jesus te verraai
waar die volk nie by is nie.

### Die paasmaaltyd word gereed gemaak

(Matt. 26:17-25; Mark. 14:12-21; Joh. 13:21-30)

7 Die dag van die ongesuurde brood,
waarop die paaslam geslag moes word, het
aangebreek. 8 Jesus stuur toe vir Petrus en
Johannes vooruit met die opdrag: "Gaan
berei die paasmaaltyd vir ons voor dat ons
dit kan eet."
9 Hulle vra Hom: "Waar wil U hê moet
ons dit voorberei?"
10 Toe antwoord Hy hulle: "Kyk, net soos
julle die stad ingaan, sal 'n man wat 'n
kruik water dra, julle ontmoet. Gaan saam
met hom tot in die huis waar hy ingaan,
11 en sê vir die eienaar van die huis: 'Ons
Leermeester vra u: Waar is die kamer waar
Ek met my dissipels die paasmaaltyd kan
eet?' 12 En hy sal julle 'n groot bovertrek
wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar
moet julle dit voorberei."
13 Hulle het gegaan en dit gekry net soos
Jesus vir hulle gesê het, en die paasmaaltyd
voorberei.

### Die instelling van die nagmaal

(Matt. 26:26-30; Mark. 14:22-26;
1 Kor. 11:23-25)

14 Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel
gegaan en die apostels saam met Hom. 15 Hy
sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien
om hierdie paasmaaltyd saam met julle te
eet voordat Ek ly. 16 Ek sê vir julle: Ek sal dit
nie weer eet voordat dit in die koninkryk van
God sy volle betekenis gekry het nie."
17 Daarna neem Hy 'n beker, spreek die
dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit
vir mekaar aan. 18 Ek sê vir julle: Ek sal
van nou af nie weer wyn drink voordat die
koninkryk van God gekom het nie."
19 Toe neem Hy brood, spreek die
dankgebed uit, breek dit en gee dit vir
hulle met die woorde: "Dit is my liggaam
wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my
gedagtenis."
20 Met die beker na die maaltyd het Hy
net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is
die nuwe verbond, beseël deur my bloed,
wat vir julle vergiet word.
21 "Maar kyk, die hand van die man wat
My verraai, is saam met Myne hier op die
tafel. 22 Met die Seun van die mens sal dit
gaan soos dit voorbeskik is, maar wee die
man deur wie Hy verraai word!"
23 Toe begin hulle mekaar uitvra wie van
hulle dit kon wees wat so iets sou doen.

### Die ware grootheid

(Vgl. Matt. 20:24-28; Mark. 9:30-37;
10:41-45; Joh. 13:4-5,12-17)

24 Daar het onenigheid onder hulle
ontstaan oor wie van hulle as die
belangrikste beskou moet word. 25 Maar
Jesus sê vir hulle: "By die nasies is dit so:
konings speel oor hulle baas, en dié wat
gesag afdwing, laat hulleself weldoeners
noem. 26 Maar by julle moet dit nie so wees
nie. Inteendeel, die belangrikste onder
julle moet soos die geringste wees, en die
een wat die leier is, soos die een wat dien.
27 Wie is die belangrikste: die een wat aan
tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat
aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in
julle kring soos die een wat dien.
28 "Julle is die mense wat in my
beproewings altyddeur by My gebly het.
29 Net soos my Vader 'n koninkryk aan My
bemaak het, so bemaak Ek 'n koninkryk
aan julle, 30 sodat julle in my koninkryk
aan my tafel kan eet en drink en op trone
kan sit om oor die twaalf stamme van Israel
te regeer."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

### Petrus sal Jesus verloën

(Matt. 26:31-35; Mark. 14:27-31; Joh. 13:36-38)

31 “Simon, Simon!” het Jesus gesê.
“Luister! Die Satan het daarop aangedring
om julle soos koring te sif. 32 Maar Ek het
vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe
nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet
jy jou broers versterk.”
33 Petrus sê vir Hom: “Here, ek is bereid
om saam met U selfs gevangenskap en dood
in te gaan.”
34 Maar Hy antwoord: “Petrus, Ek sê vir
jou: Die haan sal vannag nie kraai voordat
jy My drie maal verloën het deur te sê dat
jy My nie ken nie.”

### Die stryd kom

35 Verder het Jesus vir hulle gesê: “Toe
Ek julle uitgestuur het sonder beursie en
reissak en skoene, het julle iets kortgekom?”
“Nee, niks nie!” was hulle antwoord.
36 Toe sê Hy vir hulle: “Maar nou, wie ’n
beursie het, moet dit saamneem, en net so
ook ’n reissak. En wie nie ’n swaard het nie,
moet van sy klere verkoop en een aanskaf.
37 Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê:
‘En Hy is as misdadiger beskou,’[x] moet
aan My bewaarheid word, want wat op My
betrekking het, gaan nou in vervulling.”
38 Hulle sê toe: “Here, kyk hier is twee
swaarde.”
“Ons laat dit daarby,” antwoord Hy hulle.

### Jesus in Getsemane

(Matt. 26:36-46; Mark. 14:32-42)

39 Jesus het die stad verlaat en volgens
gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy
dissipels het Hom gevolg. 40 Toe Hy op die
plek aankom, sê Hy vir hulle: “Bid dat julle
nie in versoeking kom nie.”
41 Hy het Hom toe van hulle afgesonder
omtrent so ver as ’n mens met ’n klip
kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid:
42 “Vader, as U wil, neem tog hierdie
lydensbeker van My af weg. Laat nogtans
nie my wil nie maar u wil geskied!”
43 ’n Engel uit die hemel het aan Hom
verskyn en Hom versterk. 44 Hy het in
doodsangs geraak en het nog ernstiger
gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels
geword wat op die grond val.
45 Toe Hy van die gebed opstaan en by
die dissipels kom, kry Hy hulle aan die
slaap, uitgeput van droefheid. 46 Hy sê toe
vir hulle: “Waarom slaap julle? Staan op en
bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.”

### Jesus word gevange geneem

(Matt. 26:47-56; Mark. 14:43-50; Joh. 18:3-11)

47 Terwyl Jesus nog praat, kom ’n klomp
mense daar aan. Die een wat Judas genoem
is, een van die twaalf, het hulle gelei en
nader gekom na Jesus toe om Hom te soen.
48 Maar Jesus sê vir hom: “Judas, verraai jy
die Seun van die mens met ’n soen?”
49 Toe dié wat saam met Jesus was, sien
wat gaan gebeur, vra hulle: “Here, moet
ons hulle met die swaard aanval?”
50 Een van hulle slaan toe na die slaaf
van die hoëpriester en kap sy regteroor af.
51 Maar Jesus sê: “Hou op daarmee!”
Daarna het Hy die oor aangeraak en hom
genees.
52 Toe sê Jesus vir die priesterhoofde,
die offisiere van die tempelwag en die
familiehoofde wat teen Hom opgetrek het:
“Trek julle met swaarde en stokke uit soos teen
’n rower? 53 Dag vir dag was Ek saam met julle
in die tempel, en julle het nie ’n hand uitgesteek
om My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die
duistere magte daar is, het julle julle kans.”

### Petrus verloën Jesus

(Matt. 26:57-58,69-75; Mark. 14:53-54,66-72;
Joh. 18:12-18,25-27)

54 Hulle het Jesus toe gevange geneem
en Hom weggelei en in die huis van die
hoëpriester gebring. Petrus het op ’n
afstand agterna gekom. 55 In die middel
van die binneplaas was daar ’n vuur, en
daar het mense bymekaar gesit. Petrus het
tussen hulle gaan sit. 56 ’n Diensmeisie wat
hom in die skynsel van die vuur sien sit het,
het hom goed bekyk en gesê: “Dié een was
ook saam met daardie man.”
57 Maar Petrus het dit ontken deur te sê:
“Juffrou, ek ken Hom nie!”

x Jes. 53:12

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

58 ’n Rukkie later sien iemand anders
hom en sê: “Jy is mos ook een van hulle.”
Maar Petrus antwoord: “Man, ek is nie!”
59 Na verloop van sowat ’n uur het nog
een met beslistheid beweer: “Sowaar, dié
een was ook saam met daardie man. Hy is
mos ook ’n Galileër!”
60 Maar Petrus sê: “Man, ek weet nie
waarvan jy praat nie!”
En onmiddellik, terwyl hy nog praat,
het daar ’n haan gekraai. 61 Die Here het
omgedraai en Petrus aangekyk. Toe val
dit Petrus by wat die Here vir hom gesê
het: “Voordat die haan vannag kraai, sal
jy My drie maal verloën.” 62 En Petrus het
buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

### Jesus word bespot

(Matt. 26:67-68; Mark. 14:65)

63 Die manne wat vir Jesus bewaak het,
het aangehou om met Hom die spot te
dryf en Hom te slaan. 64 Hulle het Hom
geblinddoek en gesê: “Jy is mos ’n profeet!
Sê wie het jou geslaan!”
65 En nog baie ander godslasterlike dinge
het hulle Hom toegesnou.

### Jesus voor die Joodse Raad

(Matt. 26:59-66; Mark. 14:55-64; Joh. 18:19-24)

66 Toe dit dag word, het die Raad van die
volk – die priesterhoofde en die skrifgeleerdes
– vergader en Jesus voor hulle laat bring.
67 Hulle sê toe: “As jy die Christus is, sê
dit vir ons.”
Maar Hy antwoord hulle: “Al sou Ek dit
vir julle sê, sal julle tog nie glo nie; 68 en al
sou Ek vir julle ’n vraag stel, sal julle ook
nie antwoord nie. 69 Maar van nou af sal
die Seun van die mens aan die regterhand
van die almagtige God sit.”
70 Toe vra hulle almal: “Dan is jy die
Seun van God?”
Hy sê vir hulle: “Dit is soos julle sê: Ek is!”
71 Daarop sê hulle: “Waarvoor het ons
dan nog getuienis nodig? Ons het dit mos
uit sy eie mond gehoor!”

### Jesus voor Pilatus

(Matt. 27:1-2,11-14; Mark. 15:1-5; Joh. 18:28-38)

**23** Daarna het die hele vergadering
opgestaan en Jesus na Pilatus
toe gebring. 2 Daar het hulle die aanklag teen
Hom begin deur te sê: “Ons het bevind dat
hierdie man ons volk ophits: hy belet hulle om
aan die keiser belasting te betaal en beweer
dat hy die Christus, die koning, is.”
3 Pilatus vra Hom toe: “Is jy die koning
van die Jode?”
Hy antwoord hom: “Dit is soos u sê.”
4 Daarop sê Pilatus vir die priesterhoofde
en die skare: “Ek vind geen skuld in hierdie
man nie.”
5 Maar hulle het sterker aangedring en
gesê: “Die hele Joodse land deur stook hy
die volk op met sy leer. Hy het van Galilea
af begin en tot hier daarmee gekom.”

### Jesus voor Herodes

6 Toe Pilatus dit hoor, vra hy of die
man dan ’n Galileër is. 7 Nadat hy te wete
gekom het dat Jesus uit die magsgebied
van Herodes afkomstig was, het hy Hom na
Herodes toe gestuur, wat juis in daardie tyd
self in Jerusalem was.
8 Herodes was baie bly om Jesus te sien.
Omdat hy soveel van Hom gehoor het, het
hy al ’n geruime tyd die begeerte gehad om
Hom te sien. Hy het ook gehoop om Hom
een of ander wonderwerk te sien doen.
9 Hy het allerlei vrae aan Hom gestel, maar
Jesus het hom niks geantwoord nie. 10 Die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes het Hom
heftig gestaan en beskuldig. 11 Herodes en sy
soldate het Hom toe met veragting behandel.
Hy het Hom ’n deftige kleed laat omhang,
met Hom die spot gedryf en Hom daarna na
Pilatus toe teruggestuur.
12 Op daardie dag het Herodes en Pilatus
vriende geword. Voorheen was daar
kwaaivriendskap tussen hulle.

### Pilatus lewer Jesus uit om gekruisig te word

(Matt. 27:15-26; Mark. 15:6-15; Joh. 18:39 – 19:16)

13 Daarna het Pilatus die priesterhoofde,
die lede van die Joodse Raad en die volk
bymekaar geroep 14 en vir hulle gesê:
“Julle het hierdie man voor my gebring as
’n opruier van die volk. Nou het ek in julle
teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek
het in hierdie man geen grond gevind vir
die aanklag wat julle teen hom inbring nie.
15 Herodes het ook nie, want hy het hom

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

na ons toe teruggestuur. Hy het beslis niks
gedoen wat die dood verdien nie. **16** Ek sal
hom dus laat gesel en dan loslaat."[y]

**18** Maar soos een man het hulle geskreeu:
"Weg met hom! **19** Laat Barabbas vir ons los!"

Barabbas was in die tronk oor 'n opstand
in die stad en oor moord.

**20** Omdat Pilatus vir Jesus wou loslaat,
het hy weer met hulle gepraat, **21** maar
hulle het aanhoudend uitgeroep: "Kruisig,
kruisig hom!"

**22** Die derde keer sê Pilatus vir hulle:
"Watter kwaad het die man gedoen? Ek het in
hom niks gekry wat die doodstraf regverdig
nie. Ek sal hom dus laat gesel en dan loslaat."

**23** Hulle het egter met 'n harde geskreeu
aangehou om te eis dat Jesus gekruisig moes
word, en met hulle geskreeu het hulle die
oorhand gekry. **24** Pilatus het toe besluit dat
aan hulle eis voldoen moes word. **25** Die man
wat oor opstand en moord in die tronk was,
het hy vrygelaat, soos hulle geëis het, maar
vir Jesus het hy uitgelewer, soos hulle wou hê.

**Jesus word gekruisig**

(Matt. 27:31-44; Mark. 15:21-32; Joh. 19:17-27)

**26** Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle
'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van
buite die stad af gekom het, en sit die kruis
op hom om dit agter Jesus aan te dra.

**27** 'n Groot menigte van die volk het agter
Jesus aan geloop, onder wie ook vroue wat
oor Hom getreur en gehuil het. **28** Maar Jesus
het na hulle toe omgedraai en gesê: "Vroue
van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil
oor julleself en julle kinders, **29** want daar
kom dae waarin hulle sal sê: 'Hoe gelukkig is
die onvrugbare vroue en dié wat nooit 'n kind
in die wêreld gebring het of gevoed het nie.'

**30** "Dan sal hulle vir die berge sê:

'Val op ons!'

en vir die heuwels:

'Bedek ons!'[z]

**31** "As hulle dit met die groen hout doen,
wat sal dan met die droë hout gebeur?"

**32** Daar is ook twee ander, albei
misdadigers, weggelei om saam met Jesus
tereggestel te word.

**33** Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen
genoem word, het hulle Hom daar saam
met die misdadigers gekruisig, die een
aan sy regter- en die ander een aan sy
linkerkant. **34** Toe sê Jesus: "Vader, vergeef
hulle, want hulle weet nie wat hulle
doen nie!"

Hulle het sy klere verdeel deur te loot.

**35** Die volk het daar gestaan en kyk.
Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en
gesê: "Ander het hy gered. Laat hy homself
red as hy die Christus is wat deur God
uitverkies is."

**36** Ook die soldate het vorentoe gekom en
Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn
aangebied **37** en gesê: "As jy die koning van
die Jode is, red jouself."

**38** Daar was ook 'n opskrif bokant Hom:
"Dit is die koning van die Jode."

**39** Een van die misdadigers wat daar
gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is
jy dan nie die Christus nie? Red jouself en
ons ook!"

**40** Maar die ander een het hom tereggewys
en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy
ondergaan tog dieselfde straf as hierdie
man! **41** In ons geval is dit regverdig, want
ons ontvang die verdiende straf vir ons
dade. Maar hierdie man het niks verkeerds
gedoen nie." **42** Verder sê hy: "Jesus, dink
aan my wanneer U in u koninkryk kom."

**43** Jesus antwoord hom: "Ek verseker
jou: Vandag sal jy saam met My in die
paradys wees."

**Jesus sterwe**

(Matt. 27:45-56; Mark. 15:33-41; Joh. 19:28-30)

**44** Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom
daar duisternis oor die hele land, en dit het
tot drie-uur geduur; **45** die son het opgehou
om te skyn. Die voorhangsel in die tempel
het middeldeur geskeur. **46** Jesus het hard
uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my
gees oor."[a]

Na hierdie woorde het Hy die laaste asem
uitgeblaas.

**y** Sommige manuskripte voeg by: **17** "Die goewerneur was verplig om by die fees vir hulle een gevangene los te laat.", vgl. Matt. 27:15; Mark. 15:6. **z** Vgl. Hos. 10:8 **a** Vgl. Ps. 31:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

47 Toe die offisier sien wat gebeur het, het
hy God geprys en gesê: “Hierdie man was
werklik onskuldig.”
48 Al die mense wat saamgedrom het
om na die skouspel te kyk en gesien het
wat daar gebeur het, het verslae huis toe
gegaan. 49 Maar al Jesus se vriende, ook
die vroue wat Hom van Galilea af gevolg
het, het op ’n afstand bly staan. Hulle het al
hierdie dinge gesien.

**Jesus word begrawe**

(Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Joh. 19:38-42)

50-51 Daar was ’n man met die naam
Josef, afkomstig van ’n Joodse dorpie
Arimatea. Hy was ’n goeie en opregte man
en het die koms van die koninkryk van God
verwag. Hoewel hy lid van die Joodse Raad
was, het hy nie met hulle besluit en optrede
saamgestem nie. 52 Hierdie man het na
Pilatus toe gegaan en die liggaam van
Jesus gevra. 53 Nadat hy dit van die kruis
afgehaal het, het hy dit in linne toegedraai
en in ’n rotsgraf neergelê waarin nog nooit
tevore iemand begrawe was nie. 54 Dit
was Vrydag, en die sabbat het al begin
aanbreek.
55 Die vroue wat saam met Jesus van
Galilea af gekom het, het saamgeloop en
die graf gesien en gekyk hoe sy liggaam
neergelê word. 56 Daarna het hulle huis toe
gegaan en reukolie en salf reggemaak.
Op die sabbatdag het hulle gerus, soos
die gebod bepaal.

**Jesus het opgestaan**

(Matt. 28:1-10; Mark. 16:1-8; Joh. 20:1-10)

**24** Die Sondagmôre baie vroeg het
die vroue na die graf toe gegaan
met die reukolie wat hulle reggemaak het.
2 Daar kry hulle die klip weggerol van
die ingang van die graf af; 3 en toe hulle
ingaan, het hulle nie die liggaam van die
Here Jesus gekry nie. 4 Hulle het nie geweet
wat om daarvan te dink nie. Meteens staan
daar by hulle twee manne met blink klere
aan. 5 Die vroue het groot geskrik en met
hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe sê
die manne vir hulle: “Waarom soek julle
die Lewende by die dooies? 6 Hy is nie hier
nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou
hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in
Galilea was 7 en gesê het: Die Seun van die
mens moet uitgelewer word in die hande
van sondige mense, gekruisig word, en op
die derde dag opstaan.”
8 Toe het hulle sy woorde onthou 9 en van
die graf af teruggegaan en al hierdie dinge
vir die elf en al die ander vertel. 10 Die
vroue was Maria Magdalena en Johanna en
Maria die ma van Jakobus. Ook die ander
vroue saam met hulle het dieselfde dinge
aan die apostels vertel. 11 Maar vir hulle
het hierdie verhaal na onsin gelyk en hulle
het die vroue nie geglo nie.
12 Petrus het egter opgespring en na
die graf toe gehardloop. Toe hy daar
vooroor buk, sien hy net die doeke. Vol
verwondering oor wat gebeur het, is hy
terug huis toe.

**Die Emmausgangers**

13 Op dieselfde dag was twee van hulle
op pad na ’n dorpie met die naam Emmaus,
twaalf kilometer van Jerusalem af. 14 Hulle
was in gesprek met mekaar oor al hierdie
dinge wat gebeur het. 15 Terwyl hulle so
gesels en gedagtes wissel, het Jesus self
nader gekom en met hulle saamgeloop,
16 maar hulle oë is verhinder om Hom te
herken. 17 Hy vra hulle toe: “Wat is dit
wat julle so ernstig met mekaar loop en
bespreek?”
Met somber gesigte gaan hulle staan,
18 en een van hulle, met die naam Kleopas,
antwoord Hom: “Is u dan die enigste
vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet
van die dinge wat in die afgelope dae daar
gebeur het nie?”
19 Hy vra vir hulle: “Watter dinge?”
Hulle antwoord Hom: “Die dinge in
verband met Jesus van Nasaret, ’n profeet
wat magtig was in woord en daad voor God
en die hele volk; 20 en hoe ons priesterhoofde
en die lede van ons Raad Hom oorgelewer
het om ter dood veroordeel te word, en Hom
gekruisig het. 21 Ons het so gehoop dat dit
Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is
dit vandag al die derde dag vandat die dinge
gebeur het. 22 En nou het ’n paar vroue uit
ons kring ons ook nog ontstel. Hulle was
vanmôre vroeg by die graf 23 en kon sy

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

liggaam nie kry nie. Hulle het kom vertel dat
hulle 'n verskyning gesien het van engele wat
gesê het Hy lewe. 24 Sommige van ons mense
het ook na die graf toe gegaan en dit net so
gekry soos die vroue gesê het, maar Hom het
hulle nie gesien nie."

25 Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan
begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo
julle dan nie al die dinge wat die profete
gesê het nie? 26 Moes die Christus nie
hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te
gaan nie?"

27 Daarna het Hy by Moses en al die
profete begin en al die Skrifuitsprake wat
op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

28 Toe hulle by die dorpie aankom
waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak
of Hy verder wou gaan. 29 Hulle het egter by
Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want
dit is amper aand en die dag is al verby."

Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te
bly. 30 Terwyl Hy saam met hulle aan tafel
was, neem Hy die brood, vra die seën, breek
dit en gee dit vir hulle. 31 Toe gaan hulle oë
oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het
uit hulle gesig verdwyn. 32 Hulle sê toe vir
mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe
Hy op die pad met ons gepraat en vir ons
die Skrif uitgelê het nie?"

33 Hulle het dadelik opgestaan en na
Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle
die elf en die ander mense bymekaar, 34 en
dié sê: "Die Here het regtig opgestaan en
Hy het aan Simon verskyn!"

35 Toe vertel hulle wat op die pad gebeur
het, en hoe Hy aan hulle bekend geword
het toe Hy die brood gebreek het.

**Jesus verskyn aan die dissipels**

(Matt. 28:16-20; Mark. 16:14-18;
Joh. 20:19-23; Hand. 1:6-8)

36 Terwyl hulle nog oor hierdie dinge
praat, staan Jesus self meteens daar tussen
hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!"

37 Hulle het geweldig geskrik en bang
geword en gedink hulle sien 'n gees.
38 Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle
so verskrik, en waarom kom daar twyfel
in julle harte? 39 Kyk na my hande en my
voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en
kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos
julle sien dat Ek het nie." 40 Terwyl Hy dit
sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete.

41 Toe hulle van blydskap en
verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir
hulle: "Het julle hier iets om te eet?"

42 Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis.
43 Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet.

44 Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die
betekenis van die woorde wat Ek vir julle
gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik
dat alles vervul moet word wat in die wet
van Moses en in die profete en psalms oor
My geskrywe is."

45 Toe open Hy hulle verstand om die
Skrif te verstaan. 46 Verder sê Hy vir hulle:
"So staan daar geskrywe: 'Die Christus
moet ly en op die derde dag uit die dood
opstaan, 47 en in sy Naam moet bekering
en vergewing van sondes aan al die
nasies verkondig word, van Jerusalem af
en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie
dinge. 49 En Ek sal die gawe wat my Vader
beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet
in die stad bly totdat julle met krag van bo
toegerus is."

**Die hemelvaart van Jesus**

(Mark. 16:19-20; Hand. 1:9-11)

50 Daarna het Hy hulle uit die stad
uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy
sy hande opgehef en hulle geseën.
51 Terwyl Hy hulle seën, het Hy van
hulle af weggegaan en is Hy in die hemel
opgeneem. 52 Hulle het Hom aanbid en
met groot blydskap na Jerusalem toe
teruggegaan. 53 Daar het hulle die hele tyd
by die tempel gebly en God geprys.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

DIE EVANGELIE VOLGENS

# JOHANNES

Die Evangelie volgens Johannes stel Jesus voor as die ewige Woord van God wat “mens geword en onder ons kom woon” (1:14) het. Hy openbaar sy Goddelike mag en majesteit deur wonders wat “tekens” genoem word en Hy gee breedvoerig onderrig daaroor (2 – 12). Dan volg sy afskeidsgesprek met sy dissipels (13 – 17), die beskrywing van sy gevangeneming, verhoor, kruisiging en opstanding (18 – 20). Dit alles is beskryf: “sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê” (20:31).

Anders as by die ander Evangelies tree Jesus hoofsaaklik op in Judea en Jerusalem. Kenmerkend is die simboliese gebruik van bekende begrippe om geestelike waarhede toe te lig, bv. water, brood, lig, die herder en sy skape, die wingerdstok en sy vrugte.

**Die hooftrekke van die boek**

Inleiding 1:1-8
Johannes die Doper, en Jesus se eerste dissipels 1:19-51
Jesus se openbare optrede 2 – 12
Afskeidswoorde aan die dissipels 13 – 17
Jesus se lyding en dood 18 – 19
Die opstanding en verskynings van Jesus 20 – 21

### Die Woord het mens geword

**1** In die begin was die Woord daar,
en die Woord was by God, en die
Woord was self God. 2 Hy was reeds in die
begin by God. 3 Alles het deur Hom tot
stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat
bestaan, het sonder Hom tot stand gekom
nie. 4 In Hom was daar lewe, en dié lewe
was die lig vir die mense. 5 Die lig skyn in
die duisternis, die duisternis kon dit nie
uitdoof nie.
6 Daar was ’n man wat deur God gestuur
is. Sy naam was Johannes. 7 Hy het gekom
om te getuig; hy moes getuig van die lig,
sodat almal deur hom tot geloof kon kom.
8 Hy was self nie die lig nie, maar hy moes
van die lig getuig.
9 Die ware lig wat elke mens verlig, was
aan kom na die wêreld toe. 10 Hy wás in
die wêreld – die wêreld het deur Hom tot
stand gekom – en tog het die wêreld Hom
nie erken nie. 11 Hy het na sy eiendom toe
gekom, en tog het sy eie mense Hom nie
aangeneem nie. 12 Maar aan almal wat
Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo,
het Hy die reg gegee om kinders van God te
word. 13 Hulle is dit nie van nature nie, nie
deur die drang van ’n mens of die besluit
van ’n man nie, maar hulle is uit God
gebore.
14 Die Woord het mens geword en onder
ons kom woon. Ons het sy heerlikheid
gesien, die heerlikheid wat Hy as die
enigste Seun van die Vader het, vol genade
en waarheid.
15 Johannes getuig van Hom en roep uit:
“Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê
het: Hy wat ná my kom, is my vóór, want
Hy was voor my reeds daar.”
16 Uit sy oorvloed het ons almal genade
op genade ontvang. 17 God het die wet deur



© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. 18 Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

### Die getuienis van Johannes die Doper

(Matt. 3:1-12; Mark. 1:2-8; Luk. 3:15-17)

19 Die Jode het priesters en Leviete van Jerusalem af na Johannes toe gestuur om hom te vra: "Wie is jy?"

Toe het hy hierdie getuienis afgelê 20 en dit duidelik en ondubbelsinnig gestel en openlik verklaar: "Ek is nie die Christus nie."

21 Hulle vra hom toe: "Wie is jy dan? Is jy Elia?"

"Nee, ek is nie," sê hy.

"Is jy dan die Profeet?"

"Nee!" het hy geantwoord.

22 "Nou maar wie is jy dan? Ons moet 'n antwoord gaan gee aan dié wat ons gestuur het," sê hulle vir hom. "Wat het jy oor jouself te sê?"

23 Hy antwoord toe:

> "Ek is die een wat in die woestyn roep:
> Maak die pad vir die Here reguit."[a]

Dit is soos die profeet Jesaja gesê het.

24 Daar was Fariseërs onder dié wat gestuur is, 25 en hulle het vir hom gevra: "Nou maar waarom doop jy dan as jy nie die Christus is nie en ook nie Elia nie en ook nie die Profeet nie?"

26 Johannes het hulle geantwoord: "Ek doop met water, maar tussen julle staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie. 27 Dit is Hy wat ná my kom, wie se skoene ek nie werd is om los te maak nie."

28 Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was om te doop.

### Die Lam van God

29 Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! 30 Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: 'Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my reeds daar.' 31 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met water sodat Hy aan Israel bekend gestel kan word."

32 Verder het Johannes getuig: "Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. 33 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.' 34 Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God."

### Die eerste dissipels

35 Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan, met twee van sy volgelinge by hom. 36 Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: "Dáár is die Lam van God!"

37 Die twee het hom dit hoor sê en hulle het Jesus gevolg. 38 Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: "Wat soek julle?" en hulle het Hom geantwoord: "Rabbi" – dit beteken leermeester – "waar gaan U tuis?"

39 Hy sê toe vir hulle: "Kom saam, dan sal julle sien."

Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuis gaan. Dit was omtrent vieruur die middag, en hulle het die res van die dag by Hom gebly.

40 Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Jesus gevolg het. 41 Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: "Ons het die Messias gekry!" Messias beteken Christus.

42 Hy het hom na Jesus toe gebring. Jesus het stip na hom gekyk en gesê: "Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word." Sefas beteken dieselfde as Petrus.

### Filippus en Natanael

43 Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: "Volg My!"

**a** Vgl. Jes. 40:3

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

44 Filippus was van Betsaida afkomstig,
van dieselfde dorp as Andreas en Petrus.
45 Filippus kry toe vir Natanael en sê vir
hom: “Ons het Hom gekry van wie Moses
in die wet geskrywe het en van wie die
profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van
Nasaret, die seun van Josef.”
46 Maar Natanael sê vir hom: “Kan daar
uit Nasaret iets goeds kom?”
“Kom kyk,” het Filippus hom geantwoord.
47 Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien
aankom, sê Hy van hom: “Hier is ’n ware
Israeliet, ’n man in wie daar geen bedrog
is nie.”
48 Natanael vra Hom toe: “Waarvandaan
ken U my?”
“Voordat Filippus jou geroep het,”
antwoord Jesus hom, “toe jy nog onder die
vyeboom was, het Ek jou al gesien.”
49 Toe roep Natanael uit: “Rabbi, U is die
Seun van God; U is die Koning van Israel!”
50 Daarop sê Jesus vir hom: “Glo jy omdat Ek
vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom
gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien.”
51 Verder sê Jesus vir hom: “Dit verseker
Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en
julle sal die engele van God sien op- en
afklim na die Seun van die mens toe.”

### Die bruilof in Kana

2 Op die derde dag was daar ’n bruilof
in Kana in Galilea, en die moeder van
Jesus was daar. 2 Jesus en sy dissipels is
ook na die bruilof toe genooi.
3 Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder
vir Hom: “Hulle het nie meer wyn nie.”
4 Maar Hy sê vir haar: “Waarom sê u dit
vir My? My tyd het nog nie gekom nie.”
5 Sy moeder sê toe vir die kelners: “Wat
Hy ook al vir julle sê, moet julle doen.”
6 Daar het ses klipkanne gestaan vir
water wat die Jode by hulle reiniging
gebruik het. Elkeen het tussen negentig en
honderd liter gehou. 7 Jesus sê toe vir die
kelners: “Maak die kanne vol water.”
Hulle het dit tot bo toe volgemaak.
8 Toe sê Hy vir hulle: “Skep nou
daarvan uit en gaan gee dit vir die
seremoniemeester.”
Hulle het dit gedoen. 9 Die seremoniemeester
het nie geweet waar dit vandaan kom nie,
maar die kelners wat die water uitgeskep
het, het geweet. Toe die seremoniemeester
die water proe wat wyn geword het, roep hy
die bruidegom 10 en sê vir hom: “’n Mens sit
gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die
mense goed gedrink het, dié van swakker
gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe
teruggehou.”
11 Hierdie eerste wonderteken het Jesus
in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur
sy heerlikheid laat blyk, en sy dissipels het
tot geloof in Hom gekom.
12 Hierna het Hy, sy moeder, sy broers
en sy dissipels na Kapernaum toe gegaan,
maar hulle het nie baie lank daar gebly nie.

### Die reiniging van die tempel

(Matt. 21:12-13; Mark. 11:15-17; Luk. 19:45-46)

13 Die paasfees van die Jode was naby,
en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe
gegaan. 14 Op die tempelplein het Hy die
verkopers van beeste, skape en duiwe
gekry en die geldwisselaars wat daar sit.
15 Toe het Hy met toutjies ’n sweep gemaak
en almal uit die tempel uitgejaag, ook
die skape en die beeste. Die geld van die
geldwisselaars het Hy op die grond gegooi
en hulle tafels omgekeer. 16 Vir die mense
wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê:
“Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis
van my Vader ’n besigheidsplek maak nie.”
17 Toe het sy dissipels daaraan gedink dat
daar geskrywe staan: “Die liefde vir u huis
verteer my.”[b]
18 Maar die Jode het Hom aangespreek
en vir Hom gesê: “Met watter wonderteken
kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge
mag doen?”
19 Jesus het hulle geantwoord: “Breek
hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom
oprig.”
20 Die Jode sê toe: “Ses en veertig jaar
lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u
sal hom in drie dae oprig?”
21 Met “hierdie tempel” het Hy egter sy
liggaam bedoel. 22 Later, nadat Hy uit die
dood opgewek is, het sy dissipels daaraan

**b** Ps. 69:10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die
Skrif en die woorde van Jesus geglo.

### Jesus ken die mens

23 Terwyl Jesus vir die viering van
die paasfees in Jerusalem was, het daar
baie mense tot geloof in Hom gekom toe
hulle die wondertekens sien wat Hy doen.
24 Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat
nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal
is. 25 Hy het nie nodig gehad dat iemand
Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy
het self geweet hoe mense is.

### Jesus en Nikodemus

**3** Daar was 'n man met die naam
Nikodemus. Hy het aan die party van
die Fariseërs behoort en was 'n lid van die
Joodse Raad. 2 Een nag het hy na Jesus
toe gekom en vir Hom gesê: "Rabbi, ons
weet dat u 'n leermeester is wat van God
af gekom het, want niemand kan hierdie
wondertekens doen wat u doen, as God nie
by hom is nie."
3 Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker
Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word
nie, kan hy die koninkryk van God nie
sien nie."
4 Nikodemus vra Hom toe: "Hoe kan 'n
mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy
kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se
skoot kom en gebore word nie?"
5 Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek
jou: As iemand nie uit water en Gees gebore
word nie, kan hy nie in die koninkryk van
God kom nie. 6 Wat uit die mens gebore
is, is mens; en wat uit die Gees gebore is,
is gees. 7 Moenie verbaas wees dat Ek vir
jou gesê het: Julle moet opnuut gebore
word nie. 8 Die wind waai waar hy wil. Jy
hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy
vandaan kom en waar hy heen gaan nie.
So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees
gebore is."
9 Nikodemus vra Hom toe: "Maar hoe is
dit moontlik?"
10 En Jesus antwoord hom: "Jy is die
bekende leermeester van Israel en jy
verstaan dit nie? 11 Dit verseker Ek jou: Ons
praat oor wat ons weet, en ons getuig oor
wat ons gesien het, en tog aanvaar julle nie
ons getuienis nie. 12 Ek het julle van die
aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe
sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse
vertel? 13 Niemand op die aarde was al in
die hemel nie behalwe Hy wat uit die hemel
gekom het, naamlik die Seun van die mens.
14 Moses het die slang in die woestyn hoog
op 'n paal gesit; so moet die Seun van die
mens verhoog[c] word, 15 sodat elkeen wat in
Hom glo, die ewige lewe kan hê.
16 "God het die wêreld so liefgehad dat
Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié
wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie
maar die ewige lewe sal hê. 17 God het nie
sy Seun na die wêreld toe gestuur om die
wêreld te veroordeel nie, maar sodat die
wêreld deur Hom gered kan word. 18 Wie in
Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie
glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in
die enigste Seun van God glo nie. 19 En so
kom die skeiding: die lig het na die wêreld
toe gekom, en tog het die mense eerder die
duisternis as die lig liefgehad, want hulle
dade was sleg. 20 Elkeen wat kwaad doen,
haat immers die lig en kom nie na die lig
toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak
gestel moet word nie. 21 Maar wie volgens
die waarheid handel, kom na die lig toe,
sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in
gehoorsaamheid aan God gedoen is."

### Johannes die Doper getuig van Jesus

22 Hierna het Jesus en sy dissipels na
die platteland van Judea toe gegaan. Hulle
het 'n rukkie daar gebly en mense gedoop.
23 Johannes was ook besig om te doop, by
Enon naby Salim, waar daar baie water
was. Die mense het na hom toe gekom en is
deur hom gedoop. 24 Johannes was nog nie
in die tronk gesit nie.
25 Daar het toe tussen Johannes se
volgelinge en 'n Jood 'n woordewisseling
ontstaan oor die reiniging. 26 Hulle het
na Johannes toe gekom en vir hom gesê:
"Rabbi, Hy wat oorkant die Jordaan by u
was, van wie u getuig het, weet u, Hy doop
ook, en almal gaan na Hom toe."

**c** Vgl. Joh. 12:32-33

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

27 Johannes het hulle geantwoord:
“Niemand besit enige bevoegdheid om iets te
doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee
is nie. 28 Julle is self my getuies dat ek gesê
het: ‘Ek is nie die Christus nie. Ek is maar
net voor Hom uit gestuur.’ 29 Die bruidegom
is die een aan wie die bruid behoort; maar
die vriend van die bruidegom staan en
luister of hy kom en is baie bly wanneer hy
die stem van die bruidegom hoor. Daarom
is ek nou met blydskap vervul. 30 Hy moet
meer word en ek minder.

31 “Hy wat van bo af kom, is bo almal; hy
wat van die aarde is, hoort by die aarde en
praat die taal van die aarde. Hy wat uit die
hemel kom, is bo almal. 32 Wat Hy gesien
en gehoor het, dít getuig Hy, en tog aanvaar
niemand sy getuienis nie. 33 Wie sy getuienis
aanvaar het, het daardeur bevestig dat God
geloofwaardig is. 34 God het Hom immers
gestuur, en Hy spreek die woorde van God,
want God gee Hom sy Gees sonder enige
beperking. 35 Die Vader het die Seun lief en
het alles in sy hand gegee. 36 Wie in die Seun
glo, het die ewige lewe; wie egter aan die
Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien
nie, maar die straf van God bly op hom.”

### Jesus en die Samaritaanse vrou

**4** Die Fariseërs het gehoor dat Jesus
meer dissipels maak en doop as
Johannes. – 2 Eintlik was dit nie Jesus wat
gedoop het nie, maar sy dissipels. – 3 Toe
Jesus dit verneem, het Hy Judea verlaat en
weer na Galilea toe gegaan. 4 Hy moes deur
Samaria gaan.

5 Hy kom toe by ’n dorp in Samaria met
die naam Sigar, naby die stuk grond wat
Jakob aan sy seun Josef gegee het. 6 Die
fontein van Jakob was daar, en Jesus het
toe, omdat Hy moeg was van die reis,
sommer by die fontein gaan sit. Dit was
omtrent twaalfuur die middag.

7 Daar kom toe ’n Samaritaanse vrou
water haal, en Jesus vra vir haar: “Gee My
’n bietjie water om te drink.”

8 Sy dissipels was intussen weg dorp toe
om te gaan kos koop.

9 Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom:
“Hoe vra jy, wat ’n Jood is, vir my, ’n
Samaritaanse vrou, water om te drink?”
Die Jode en die Samaritane gaan immers
nie met mekaar om nie.

10 Jesus het haar geantwoord: “As jy
geweet het wat God gee, en wie dit is wat
vir jou sê: ‘Gee My ’n bietjie water om te
drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir
jou lewende water gegee het.”

11 Die vrou sê toe vir Hom: “Meneer, jy
het nie eens ’n skepding nie, en die put
is diep. Waar gaan jy die lewende water
vandaan kry? 12 Jy is tog nie tot meer in
staat as ons voorvader Jakob wat hierdie
put vir ons gegee het en self saam met sy
seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?”

13 Maar Jesus antwoord haar: “Elkeen
wat van hierdie water drink, sal weer dors
kry; 14 maar wie van die water gedrink het
wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid
nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek
hom sal gee, sal in hom ’n fontein wees met
water wat opborrel en vir hom die ewige
lewe gee.”

15 Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer,
gee vir my van daardie water, sodat ek nie
weer dors sal kry en hier hoef te kom water
haal nie.”

16 Hy sê toe vir haar: “Gaan roep jou man
en kom terug hierheen.”

17 Die vrou het Hom geantwoord: “Ek het
nie ’n man nie.”

En Jesus sê vir haar: “Dis reg wat jy nou
gesê het: ‘Ek het nie ’n man nie.’ 18 Jy het
reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het,
is nie jou man nie. Jy het die waarheid
gepraat.”

19 Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer, ek
sien dat u ’n profeet is. 20 Ons voorouers het
God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle
die plek waar ’n mens God moet aanbid, is
in Jerusalem.”

21 Jesus sê toe vir haar: “Glo My, Mevrou,
daar kom ’n tyd wanneer julle die Vader
nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem
sal aanbid nie. 22 Julle aanbid sonder om
te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons
aanbid, want die verlossing kom uit die
Jode. 23 Maar daar kom ’n tyd, en dit is nou,
wanneer die ware aanbidders die Vader
deur die Gees en in waarheid sal aanbid,
want die Vader wil juis hê dat die mense
wat Hom aanbid, dit so moet doen. 24 God

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom
deur die Gees en in waarheid aanbid."
25 Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet
dat die Messias kom, Hy wat ook die
Christus genoem word. Wanneer Hy kom,
sal Hy alles aan ons bekend maak."
26 Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek
wat met jou praat."

### Die Samaritane glo in Jesus

27 Net toe het sy dissipels teruggekom en
hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou praat.
Tog het niemand vir haar gevra: "Wat wil
jy hê?" of vir Hom: "Waarom praat U met
haar?" nie.
28 Die vrou het toe haar waterkruik
net daar laat staan en na die dorp toe
gegaan en vir die mense gesê: 29 "Kom
kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het
wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die
Christus nie?"
30 Die mense het toe uit die dorp uit na
Jesus toe begin kom.
31 Intussen het sy dissipels by Hom
aangedring: "Rabbi, eet tog 'n stukkie."
32 Maar Hy sê vir hulle: "Ek het voedsel
om te eet waarvan julle nie weet nie."
33 Die dissipels sê toe vir mekaar:
"Sou iemand dalk vir Hom iets te ete
gebring het?"
34 Maar Jesus het vir hulle gesê: "My
voedsel is om die wil te doen van Hom wat
My gestuur het, en om sy werk te voltooi.
35 Sê julle nie: 'Nog vier maande, dan is die
oes daar' nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar,
kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes.
36 Nou al ontvang die man wat oes, sy loon
en samel hy die oes in vir die ewige lewe. So
is die een wat saai, en die een wat oes, saam
bly. 37 Hier is die gesegde waar: 'Die een
saai, en die ander een maai.' 38 Ek het julle
gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle
nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en
julle pluk die vrug van hulle arbeid."
39 Baie van die Samaritane in daardie dorp
het tot geloof in Jesus gekom op grond van
die woorde van die vrou wat getuig het: "Hy
het my alles vertel wat ek gedoen het." 40 Toe
die Samaritane by Hom kom, het hulle by
Hom daarop aangedring om by hulle te bly.
Hy het twee dae daar gebly. 41 Nog baie meer
van hulle het toe tot geloof in Hom gekom
op grond van wat Hy gesê het; 42 en hulle het
vir die vrou gesê: "Ons glo nie meer op grond
van wat jy vertel het nie, want ons het self na
Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik
die Verlosser van die wêreld is."

### Die genesing van die regeringsamptenaar se seun

(Vgl. Matt. 8:5-13; Luk. 7:1-10)

43 Ná die twee dae het Jesus daarvandaan
na Galilea toe gegaan. 44 Hy het self
verklaar dat 'n profeet nie in sy eie land
geëer word nie, 45 maar toe Hy in Galilea
kom, het die Galileërs Hom verwelkom.
Hulle het alles gesien wat Hy gedurende die
feesvierings in Jerusalem gedoen het, want
hulle was self ook by die paasfees. 46 Jesus
het toe weer na Kana in Galilea toe gegaan,
waar Hy die water wyn gemaak het.
In Kapernaum was daar 'n sekere
regeringsamptenaar wie se seun siek was.
47 Toe hy hoor dat Jesus uit Judea na
Galilea toe gekom het, het hy na Hom toe
gegaan en Hom gevra om te kom en sy seun
gesond te maak, want hy het op sterwe
gelê. 48 Jesus sê toe vir hom: "As julle
nie tekens en wonders sien nie, glo julle
eenvoudig nie."
49 En toe sê die amptenaar vir Hom:
"Here, kom tog voordat my kindjie sterwe."
50 Maar Jesus sê vir hom: "Gaan maar
huis toe, jou seun lewe."
Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê
het, en gegaan. 51 Toe hy nog op pad was,
het sy werksmense hom al tegemoet gegaan
en vertel dat sy kind lewe. 52 Hy vra hulle
toe presies wanneer hy begin beter word
het, en hulle antwoord hom: "Gistermiddag
eenuur het die koors hom verlaat."
53 Die pa het toe besef dat dit op dieselfde
oomblik was waarop Jesus vir hom gesê
het: "Jou seun lewe." En hy en sy hele
huisgesin het tot geloof in Jesus gekom.
54 Dit was die tweede wonderteken wat
Jesus gedoen het nadat Hy weer uit Judea
na Galilea toe gekom het.

### Die genesing op die sabbatdag by Betesda

5 Hierna was daar weer 'n fees van
die Jode, en Jesus het daarvoor

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Jerusalem toe gegaan. 2 By die Skaappoort
in Jerusalem was daar 'n bad met die
Hebreeuse naam Betesda. Dit het vyf
pilaargange gehad, 3 waar daar baie
gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en
lammes.[d] 5 Onder hulle was daar 'n sekere
man wat al ag en dertig jaar lank siek was.
6 Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy
al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom:
"Wil jy gesond word?"

7 Die sieke het Hom geantwoord:
"Meneer, ek het niemand om my in die bad
te sit as die water in beweging kom nie; en
terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders
voor my in."

8 Jesus sê toe vir hom: "Staan op, tel jou
goed op en loop."

9 Oombliklik het die man gesond geword,
sy goed opgetel en geloop.

Dit was 'n sabbatdag. 10 Die Jode sê
toe vir die man wat genees is: "Dit is 'n
sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie."

11 Maar hy antwoord hulle: "Die man wat
my gesond gemaak het, het vir my gesê: Tel
jou goed op en loop."

12 Hulle vra hom toe: "Wie is die man wat
vir jou gesê het: Tel jou goed op en loop?"

13 Die man wat gesond geword het, het
egter nie geweet wie dit was nie, want
Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar
'n klomp mense op die plek was.

14 Later kry Jesus hom in die tempel en
sê vir hom: "Kyk, jy is nou gesond. Moet
nou nie meer sonde doen nie, sodat daar
nie iets ergers met jou gebeur nie."

15 Die man het vir die Jode gaan vertel
dat dit Jesus is wat hom gesond gemaak
het. 16 Die Jode het toe teen Jesus te velde
getrek omdat Hy dit op 'n sabbatdag gedoen
het. 17 Maar Jesus het Hom teen hulle
verweer: "My Vader werk tot nou toe, en Ek
werk ook."

### Die Seun maak lewend

18 Hieroor het die Jode nog des te meer
probeer om Jesus dood te maak: Hy het
nie net die sabbatdag ontheilig nie, maar
God ook sy eie Vader genoem en Hom so
met God gelyk gestel. 19 Toe het Hy Hom
verweer en vir hulle gesê: "Dít verseker Ek
julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie.
Hy doen maar net wat Hy die Vader sien
doen; wat die Vader ook al doen, doen die
Seun ook net so. 20 Die Vader het die Seun
lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy
sal Hom nog groter dade as hierdie wys,
sodat julle verbaas sal staan. 21 Soos die
Vader die dooies opwek en lewend maak,
so maak die Seun ook lewend wie Hy wil.
22 Self veroordeel die Vader niemand nie,
maar die oordeel het Hy geheel en al aan
die Seun oorgelaat. 23 Daarom moet almal
die Seun eer net soos hulle die Vader eer.
Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die
Vader wat Hom gestuur het nie.

24 "Dit verseker Ek julle: Wie luister na
wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur
het, het die ewige lewe. Hy word nie
veroordeel nie, maar het reeds uit die dood
na die lewe oorgegaan. 25 Ek verseker julle:
Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die
dooies die stem van die Seun van God sal
hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal
lewe. 26 Soos die Vader die lewe in Homself
het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee
om dit in Homself te hê. 27 Hy het Hom
ook volmag gegee om te oordeel, omdat
Hy die Seun van die mens is. 28 Moenie
hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd
wanneer almal wat in die grafte is, sy stem
sal hoor 29 en sal uitgaan. Dié wat goed
gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié
wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en
veroordeel word."

### Die getuienis oor Jesus

30 "Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek
oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en
my oordeel is regverdig, omdat dit nie my
wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil
van Hom wat My gestuur het.

31 "As net Ek oor Myself getuig, is my
getuienis nie geldig nie. 32 Daar is ook
Iemand anders wat oor My getuig, en Ek
weet dat die getuienis wat Hy oor My aflê,
waar is.

**d** Sommige manuskripte voeg hierby: ... wat gewag het dat die water in beweging kom. 4 Van tyd tot tyd het 'n engel van die Here in die bad neergedaal en die water in beweging gebring. Die een wat dan eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

33 “Julle het ’n afvaardiging na Johannes
toe gestuur, en wat hy getuig het, is die
waarheid. 34 Nie dat Ek op die getuienis van
’n mens steun nie, maar Ek noem dit sodat
julle gered kan word. 35 Hy was die lamp wat
gebrand en geskyn het, en julle was gewillig
om julle ’n rukkie in sy lig te verheug.

36 “Maar Ek het getuienis wat nog
gewigtiger is as dié van Johannes. Die werk
wat die Vader My gegee het om te voltooi
en waarmee Ek nou juis besig is, lê oor My
getuienis af en bevestig dat die Vader My
gestuur het. 37 En die Vader wat My gestuur
het, het ook oor My getuienis afgelê. Sy
stem het julle nog nooit gehoor nie en sy
gestalte ook nie gesien nie. 38 En sy woord
lewe nie werklik in julle nie, omdat julle
nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie.
39 Julle ondersoek die Skrif, omdat julle
dink dat julle die ewige lewe daarin kry.
En dit is juis die Skrif wat oor My getuig.
40 Tog wil julle nie na My toe kom sodat
julle die lewe kan kry nie.

41 “Ek is nie gesteld op die eer wat mense
bewys nie, 42 maar Ek ken julle en Ek weet
dat julle nie liefde vir God in julle het
nie. 43 Ek het in die Naam van my Vader
gekom, en tog aanvaar julle My nie. As
iemand anders in sy eie naam kom, sal julle
hom aanvaar. 44 Hoe kan julle ook in My
glo terwyl julle gesteld is op die eer wat
julle van mekaar ontvang en nie die eer
soek wat van die enigste God af kom nie?
45 Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal
aankla nie; dit is Moses, op wie julle julle
hoop gevestig het, wat vir julle aankla.
46 As julle Moses geglo het, sou julle in My
geglo het, want hy het van My geskrywe.
47 Maar as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe
sal julle my woorde glo?”

### Die vermeerdering van die brood

(Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17)

6 Hierna het Jesus na die oorkant van
die See van Galilea toe gegaan, wat
ook die See van Tiberias genoem word.
2 ’n Groot klomp mense het agter Hom
aan gekom omdat hulle die wondertekens
gesien het wat Hy aan die siekes gedoen
het. 3 Jesus het toe teen die berg opgegaan
en met sy dissipels daar gaan sit.
4 Die paasfees van die Jode was naby.
5 Toe Jesus rondkyk en sien dat ’n groot
klomp mense na Hom toe aankom, sê Hy
vir Filippus: “Waar kan ons brood gaan
koop sodat die mense kan eet?”
6 Dit het Hy net gesê om hom op die proef
te stel, want Hy het self goed geweet wat
Hy gaan doen.
7 Filippus antwoord Hom toe: “Twee
honderd mense se dagloon is nie eers
genoeg om elkeen van hulle ’n stukkie
brood te laat kry nie.”
8 ’n Ander dissipel, Andreas, die broer
van Simon Petrus, sê toe vir Hom: 9 “Hier
is ’n seuntjie met vyf garsbrode en twee
vissies; maar wat is dit vir so baie mense?”
10 Toe sê Jesus: “Laat die mense gaan sit.”
Daar was baie gras op daardie plek en
die mense het gaan sit. Die mans alleen was
omtrent vyf duisend. 11 Daarna het Jesus
die brood geneem, God daarvoor gedank en
dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit
het, en net so ook soveel van die vis as wat
hulle wou hê.
12 Nadat die mense versadig was, sê Hy
vir sy dissipels: “Maak die stukke bymekaar
wat oorgebly het sodat daar niks verlore
gaan nie.”
13 Hulle het dit toe bymekaargemaak.
Daar was twaalf mandjies vol met die
stukke wat van die vyf garsbrode oorgebly
het nadat die mense klaar geëet het.
14 Toe die mense die wonderteken sien
wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: “Hy
is werklik die Profeet, die Een wat na die
wêreld toe moes kom.”
15 Toe Jesus merk dat hulle Hom met
geweld wil kom koning maak, het Hy
verder die berg op gegaan, Hy alleen.

### Jesus loop op die see

(Matt. 14:22-33; Mark. 6:45-52)

16 Toe dit aand word, het Jesus se
dissipels na die see toe gegaan, 17 in ’n
skuit geklim en weggevaar na Kapernaum
toe, oorkant die see. Dit was al donker en
Jesus was nog steeds nie by hulle terug nie.
18 Daarby het die see onstuimig geword,
omdat daar ’n sterk wind gewaai het. 19 Toe
hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het,
sien hulle Jesus op die see loop en naby

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die skuit kom, en hulle het bang geword.
20 Maar Hy sê vir hulle: "Dit is Ek; moenie
bang wees nie."
21 Hulle was toe gewillig om Hom in
die skuit te neem, en daarna het die skuit
by die land aangekom waarheen hulle op
pad was.

**Die brood uit die hemel**

22 Die mense wat oorkant die see was, het
gesien dat daar net een skuitjie is en geweet
dat Jesus nie saam met sy dissipels in die
skuit geklim het nie, maar dat hulle alleen
weggevaar het. Die volgende dag 23 kom
daar toe ander skuitjies van Tiberias af aan
naby die plek waar die mense die brood
geëet het nadat die Here daarvoor gedank
het. 24 Toe die mense sien dat Jesus nie
daar is nie en sy dissipels ook nie, het hulle
in die skuitjies geklim en na Kapernaum
toe gevaar op soek na Jesus. 25 En toe
hulle Hom oorkant die see kry, vra hulle
vir Hom: "Rabbi, wanneer het u hierheen
gekom?"
26 Jesus antwoord hulle: "Dít verseker
Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die
wondertekens gesien het nie, maar omdat
julle van die brood geëet en versadig
geword het. 27 Julle moet nie werk vir
die voedsel wat vergaan nie, maar vir die
voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige
lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir
julle gee, want God die Vader het Hom die
mag daartoe verleen."
28 Hulle vra Hom toe: "Wat moet
ons doen om te doen wat God van ons
verlang?"
29 En Jesus antwoord hulle: "Wat God
van julle verlang, is dat julle moet glo in
Hom wat Hy gestuur het."
30 Hulle sê toe vir Hom: "Watter
wonderteken kan u doen sodat ons dit kan
sien en in u kan glo? Wat gaan u doen?
31 Ons voorouers het manna in die woestyn
geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het
aan hulle brood uit die hemel gegee om te
eet.[e]"
32 Jesus het hulle geantwoord: "Dít
verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir
julle die brood uit die hemel gegee het nie,
maar dit is my Vader wat vir julle die ware
brood uit die hemel gee. 33 Die brood wat
God gee, is Hy wat uit die hemel kom en
aan die wêreld die lewe gee."
34 Hulle sê toe vir Hom: "Meneer, gee ons
tog altyd hierdie brood."
35 Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die
brood wat lewe gee. Wie na My toe kom,
sal nooit weer honger kry nie, en wie in My
glo, sal nooit weer dors kry nie. 36 Maar
wat julle betref, Ek het reeds gesê: Julle
sien My, en tog glo julle nie in My nie.
37 "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal
na My toe kom; en Ek sal hom wat na My
toe kom, nooit verwerp nie. 38 Ek het van
die hemel af gekom nie om my wil te doen
nie, maar die wil van Hom wat My gestuur
het. 39 En dit is die wil van Hom wat My
gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My
gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie,
maar hulle almal op die laaste dag uit die
dood sal laat opstaan. 40 Dit is die wil van
my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en
in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek
sal hom op die laaste dag uit die dood laat
opstaan."

**Die Jode verstaan nie Jesus se woorde nie**

41 Die Jode het gemor omdat Hy gesê het:
"Ek is die brood wat uit die hemel gekom
het." 42 Hulle het gesê: "Is dit nie Jesus
die seun van Josef nie? Ons ken mos sy pa
en ma. Hoe kan hy nou sê: Ek kom uit die
hemel?"
43 Jesus sê toe vir hulle: "Moenie so onder
mekaar mor nie. 44 Niemand kan na My toe
kom as die Vader wat My gestuur het, hom
nie na My toe trek nie; en Ek sal hom op die
laaste dag uit die dood laat opstaan. 45 By
een van die profete staan daar geskrywe:
'En hulle sal almal mense wees wat deur
God geleer is.'[f] Elkeen wat na die Vader
geluister en van Hom geleer het, kom na
My toe. 46 Dit wil nie sê dat iemand anders
al die Vader gesien het nie; net Hy wat van
God af kom, Hy het die Vader gesien.
47 "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo,
het die ewige lewe. 48 Ek is die brood wat

**e** Vgl. Ps. 78:24; 105:40 **f** Vgl. Jes. 54:13

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

lewe gee. 49 Julle voorouers het in die
woestyn manna geëet en tog gesterwe.
50 Maar hier is die brood wat uit die hemel
kom sodat 'n mens daarvan kan eet en nie
sterwe nie. 51 Ek is die lewende brood wat
uit die hemel gekom het. As iemand van
hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die
brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee
dit sodat die wêreld kan lewe."

52 Die Jode het toe onder mekaar begin
stry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir
ons gee om te eet?"

53 Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek
julle: As julle nie die liggaam van die Seun van
die mens eet en sy bloed drink nie, het julle
nie die lewe in julle nie. 54 Wie my liggaam
eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en
Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat
opstaan. 55 My liggaam is die ware voedsel,
en my bloed is die ware drank. 56 Wie my
liggaam eet en my bloed drink, bly in My
en Ek in hom. 57 Soos die lewende Vader My
gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy
wat My eet, ook deur My lewe. 58 Hierdie
brood wat uit die hemel gekom het, is nie
soos die manna wat julle voorouers geëet het
nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie
hierdie brood eet, sal ewig lewe."

59 Dit het Jesus gesê toe Hy die mense in
die sinagoge in Kapernaum geleer het.

### Ongeloof en geloof onder die dissipels van Jesus

60 Toe hulle dit hoor, het baie van Jesus
se dissipels gesê: "Wat Hy nou sê, is darem
te erg. Wie kan daaraan gehoor gee?"

61 Jesus het vanself geweet dat sy
dissipels hieroor mor, en Hy sê vir hulle:
"Skrik dit julle af? 62 Wat dan nog as julle
die Seun van die mens sien opvaar na waar
Hy voorheen was? 63 Dit is die Gees wat
iemand lewend maak; die mens self kan dit
nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom
van die Gees en gee lewe. 64 Maar daar is
party van julle wat nie in My glo nie."

Jesus het immers van die begin af geweet
wie dit is wat nie glo nie, en wie dit is wat
Hom sou verraai.

65 Verder het Hy gesê: "Daarom het Ek vir
julle gesê niemand kan na My toe kom as
die Vader dit nie aan hom gegee het nie."

66 Hieroor het baie van sy dissipels
omgedraai huis toe en nie meer saam met
Hom gegaan nie. 67 Toe vra Jesus vir die
twaalf: "Wil julle nie ook weggaan nie?"

68 Simon Petrus het Hom geantwoord:
"Here, na wie toe sal ons gaan? U het die
woorde wat ewige lewe gee. 69 En ons
glo vas en ons weet dat U die Heilige van
God is."

70 Jesus het daarop vir hulle gesê: "Het
Ek nie self julle twaalf uitgekies nie? En
een van julle is 'n duiwel!"

71 Hy het Judas die seun van Simon
Iskariot bedoel, want hy sou Hom verraai,
hy wat een van die twaalf was.

### Die ongeloof van Jesus se broers

7 Hierna het Jesus in Galilea
rondgegaan. In Judea wou Hy dit nie
doen nie, omdat die Jode daar Hom wou
doodmaak. 2 Maar die huttefees van die
Jode was naby. 3 Jesus se broers sê toe
vir Hom: "Gaan 'n bietjie hiervandaan na
Judea toe dat jou dissipels daar ook die
wonderdade kan sien wat jy doen. 4 'n Mens
wat oral bekend wil wees, doen nie iets in
die geheim nie. Aangesien jy dan hierdie
dinge doen, maak jou openlik aan die
wêreld bekend."

5 Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie.

6 Jesus sê toe vir hulle: "Vir My het die
tyd nog nie gekom nie, maar vir julle is
enige tyd reg. 7 Die wêreld kan vir julle
nie haat nie; maar hy haat My, omdat Ek
openlik verklaar dat sy dade sleg is. 8 Gaan
julle maar fees toe. Ek gaan nie na hierdie
fees toe nie, omdat die tyd vir My nog nie
reg is nie."

9 Dit het Hy vir hulle gesê, en Hy het daar
in Galilea gebly.

### Jesus leer die mense by die huttefees

10 Nadat Jesus se broers na die huttefees
toe vertrek het, het Hy self tog ook gegaan,
nie openlik nie maar onopvallend. 11 Die
Jode het toe by die fees na Hom gesoek en
gevra: "Waar is hy?"

12 Onder die feesmenigte is daar baie
oor Hom gefluister. Party mense het gesê:
"Hy is 'n goeie man." Maar ander het gesê:
"Nee, hy mislei die mense." 13 Tog het

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

niemand openlik oor Hom gepraat nie,
omdat hulle bang was vir die Jode.
14 Toe die feestyd al halfpad verby was,
het Jesus na die tempel toe gegaan en
die mense daar geleer. 15 Die Jode was
verbaas en het gesê: “Waar kom hy aan die
geleerdheid? Hy het dan geen opleiding
gehad nie!”
16 Jesus het vir hulle gesê: “Wat Ek die
mense leer, kom nie van Myself af nie,
maar van Hom wat My gestuur het. 17 As
iemand gewillig is om die wil van God te
doen, sal hy weet of hierdie leer van God af
kom, en of Ek uit my eie praat. 18 Wie uit sy
eie praat, soek sy eie eer; maar Hy wat die
eer soek van die Een wat Hom gestuur het,
is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks
in Hom nie. 19 Het Moses nie die wet vir
julle gegee nie? En tog hou nie een van
julle die wet nie. Waarom wil julle My dan
doodmaak?”
20 “Jy is van die duiwel besete!” het die
mense uitgeroep. “Wie wil jou doodmaak?”
21 Jesus het toe verder vir hulle gesê: “Julle
is almal ontsteld oor een ding wat Ek gedoen
het. 22 Omdat Moses die besnydenis vir julle
gegee het – en eintlik kom dit nie eens van
Moses af nie, maar van die aartsvaders –
besny julle ook op ’n sabbatdag. 23 As iemand
op ’n sabbatdag die besnydenis mag ontvang
om nie die wet van Moses te verbreek nie,
waarom is julle dan vir My kwaad omdat
Ek op ’n sabbatdag iemand se hele liggaam
gesond gemaak het? 24 Moenie op die oog af
oordeel nie, oordeel regverdig.”

#### Jesus is die Christus

25 Intussen het party van die inwoners van
Jerusalem gesê: “Is dit nie die man vir wie
hulle wil doodmaak nie? 26 En hier praat hy
nou in die openbaar, en hulle sê niks teen
hom nie. Het die lede van die Joodse Raad
miskien werklik tot die oortuiging gekom
dat hy die Christus is? 27 Ons weet tog waar
hierdie man vandaan kom; maar wanneer
die Christus kom, sal niemand weet waar Hý
vandaan kom nie.”
28 Terwyl Jesus die mense in die tempel
leer, het Hy uitgeroep: “Ja, julle ken My, en
julle weet ook waar Ek vandaan kom. En tog
het Ek nie uit my eie gekom nie, maar dit is
die ware God wat My gestuur het, en vir Hom
ken julle nie. 29 Ek ken Hom, omdat Ek van
Hom af kom en Hy My gestuur het.”
30 Hulle wou Hom toe gevange neem, en
tog het niemand dit gedoen nie, omdat sy
tyd nog nie gekom het nie. 31 Maar baie van
die mense het tot geloof in Hom gekom en
het gesê: “Wanneer die Christus kom, sal
Hy tog seker nie meer wondertekens doen
as wat hierdie man gedoen het nie?”

#### Jesus sê dat Hy weggaan

32 Die Fariseërs het gehoor wat die
mense oor Hom fluister, en hulle en die
priesterhoofde het wagte gestuur om Hom
gevange te neem. 33 Jesus sê toe: “Nog net
’n kort tydjie is Ek by julle, en dan gaan
Ek terug na Hom toe wat My gestuur het.
34 Julle sal My soek en My nie kry nie, want
waar Ek dan is, kan julle nie kom nie.”
35 Toe sê die Jode vir mekaar: “Waarheen
sou hy van plan wees om te gaan dat ons
hom nie sal kry nie? Hy is tog nie van plan
om na die Grieksprekende Jode in die
buiteland te gaan en die Grieke daar te leer
nie? 36 Wat bedoel hy met die woorde: Julle
sal My soek en My nie kry nie, want waar
Ek dan is, kan julle nie kom nie?”

#### Strome lewende water

37 Op die laaste dag, die groot dag van
die huttefees, het Jesus daar gestaan en
uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na
My toe kom en drink! 38 Met die een wat
in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome
lewende water sal uit sy binneste vloei.[g]”
39 Hiermee het Hy na die Gees verwys,
want die mense wat tot geloof in Hom kom,
sou die Gees ontvang. Die Gees was nog
nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie
verheerlik was nie.

#### Meningsverskil oor Jesus

40 Party van die mense wat hierdie
woorde gehoor het, het gesê: “Hy is werklik
die Profeet.”
41 Party het gesê: “Hy is die Christus.”

**g** Vgl. Jes. 58:11

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Maar party het gesê: “Die Christus kom
tog nie uit Galilea nie? 42 Die Skrif sê mos
die Christus kom uit die nageslag van
Dawid en uit Betlehem, die dorp waar
Dawid was.”
43 Daar het toe verdeeldheid oor Hom
onder die mense gekom. 44 Party van hulle
wou Hom gevange neem, maar niemand
het dit gedoen nie.

### Die ongeloof van die Joodse leiers

45 Daarna het die wagte na die
priesterhoofde en die Fariseërs toe
teruggegaan, en dié het vir hulle gevra:
“Waarom het julle hom nie gebring nie?”
46 Die wagte het geantwoord: “Nog nooit
het iemand gepraat soos hierdie man nie.”
47 Die Fariseërs sê toe vir hulle: “Is julle
tog nie ook mislei nie? 48 Het een van die
lede van die Joodse Raad miskien in hom
geglo, of een van die Fariseërs? 49 Nee, dit
is net hierdie vervloekte klomp mense wat
nie ons wet ken nie!”
50 Nikodemus, wat voorheen na Jesus toe
gekom het en wat een van hulle was, sê toe
vir hulle: 51 “Volgens ons wet kan ons mos
nie sommer iemand veroordeel sonder om
eers sy kant van die saak te hoor en vas te
stel wat hy doen nie.”
52 Hulle sê toe vir hom: “Jy kom tog nie
ook van Galilea af nie? Ondersoek die Skrif
en jy sal sien dat God niemand wat uit
Galilea kom, as profeet roep nie.”[h]

### Die vrou wat op owerspel betrap is

53 Hierna is hulle elkeen na sy huis toe,
**8** maar Jesus het na die Olyfberg toe
gegaan. 2 Die volgende môre vroeg
was Hy weer in die tempel en die hele volk
het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en
hulle geleer.
3 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring
toe ’n vrou wat op owerspel betrap is, en
laat haar in die middel van die kring mense
staan. 4 Hulle het vir Hom gesê: “Meneer,
hierdie vrou is op heter daad betrap waar
sy owerspel gepleeg het. 5 Moses het ons in
die wet beveel om sulke vrouens te stenig,
maar u, wat sê u?”
6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok,
sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom
kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met
sy vinger op die grond geskrywe. 7 Toe
hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop
gekom en vir hulle gesê: “Laat die een van
julle wat ’n skoon gewete het, eerste ’n klip
op haar gooi.”
8 Daarna het Hy weer gebuk en op die
grond geskrywe. 9 Toe hulle hoor wat Hy
sê, het hulle een vir een begin wegloop,
die familiehoofde eerste. Jesus is alleen
agtergelaat saam met die vrou daar in die
middel van die kring mense. 10 Toe het Hy
regop gekom en vir haar gevra: “Mevrou,
waar is hulle? Het nie een van hulle die
oordeel oor jou voltrek nie?”
11 “Niemand nie, Here,” sê sy.
Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan
maar en moet van nou af nie meer sonde
doen nie.”

### Die Vader getuig ook oor Jesus

12 Op ’n ander keer het Jesus vir die
mense gesê: “Ek is die lig vir die wêreld.
Wie My volg, sal nooit in die duisternis
lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”
13 Die Fariseërs sê toe vir Hom: “Jy
getuig oor jouself; jou getuienis is dus nie
geldig nie.”
14 Daarop sê Jesus vir hulle: “Al getuig
Ek ook oor Myself, is my getuienis geldig,
omdat Ek weet waar Ek vandaan gekom
het en waarheen Ek teruggaan. Maar
julle weet nie waar Ek vandaan kom of
waarheen Ek gaan nie. 15 Julle oordeel oor
iemand volgens sy uiterlike; Ek oordeel
oor niemand nie. 16 En as Ek oor iemand
oordeel, is my oordeel reg, omdat dit nie
Ek alleen is nie, maar Ek en die Vader
wat My gestuur het. 17 In julle wet staan
daar geskrywe dat die getuienis van twee
persone geldig is. 18 Nou ja, oor My getuig
Ek self én die Vader wat My gestuur het.”
19 Toe vra hulle vir Hom: “En waar is die
vader van jou?”
Jesus het geantwoord: “Julle ken My nie
en ook nie my Vader nie. As julle My geken
het, sou julle my Vader ook geken het.”

**h** Volgens die gebruikte grondteks is 7:53 – 8:11 eers later ingevoeg.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

20 Hierdie dinge het Hy gesê in die
vertrek waar die offergawekiste gestaan
het. Hy was toe besig om die mense in die
tempel te leer. En tog het niemand Hom
gevange geneem nie, omdat sy tyd nog nie
gekom het nie.

**Die Jode ken Jesus nie**

21 Verder het Jesus vir hulle gesê: "Ek
gaan weg, en julle sal My soek, maar julle
sal in julle sonde sterwe. Waar Ek heen
gaan, kan julle nie kom nie."
22 Die Jode het toe gesê: "Gaan hy dalk
selfmoord pleeg, dat hy sê: Waar Ek heen
gaan, kan julle nie kom nie?"
23 Toe sê Hy vir hulle: "Julle is van hier
onder; Ek is van daar bo. Julle behoort tot
hierdie wêreld; Ek behoort nie tot hierdie
wêreld nie. 24 Daarom het Ek vir julle gesê
julle sal in julle sondes sterwe, want as julle
nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in
julle sondes sterwe."
25 Hulle vra Hom toe: "Wie is jy?"
Jesus het hulle geantwoord: "Waarom
praat Ek eintlik nog met julle? 26 Ek kan
baie dinge oor julle sê en 'n oordeel oor
julle uitspreek; maar Hy wat My gestuur
het, is geloofwaardig, en net wat Ek by
Hom gehoor het, sê Ek vir die wêreld."
27 Hulle het nie begryp dat Hy met hulle
van die Vader gepraat het nie.
28 Daarna sê Jesus vir hulle: "Eers wanneer
julle die Seun van die mens verhoog[i] het, sal
julle begryp dat Ek is wat Ek is, en dat Ek
niks uit my eie doen nie, maar net verkondig
wat die Vader My geleer het. 29 Hy wat My
gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen
gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hy wil."
30 Terwyl Hy hierdie dinge gesê het, het
daar baie mense tot geloof in Hom gekom.

**God is nie hulle Vader nie**

31 Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom
glo: "As julle aan my woorde getrou bly, is
julle waarlik my dissipels; 32 en julle sal
die waarheid ken, en die waarheid sal julle
vry maak."
33 Hulle het Hom geantwoord: "Ons is die
nageslag van Abraham en was nog nooit
iemand se slawe nie. Hoe kan jy sê: 'Julle
sal vry word'?"
34 Jesus sê toe vir hulle: "Dít verseker Ek
julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van
die sonde. 35 'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n
huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd. 36 Eers
as die Seun julle vry maak, sal julle werklik
vry wees. 37 Ek weet julle is die nageslag van
Abraham. Maar julle wil My doodmaak omdat
my woorde nie ingang by julle vind nie. 38 Ek
praat oor wat Ek by my Vader gesien het; en
julle doen wat julle by julle vader gehoor het."
39 Hulle het vir Hom gesê: "Ons vader is
Abraham."
Daarop sê Jesus vir hulle: "As julle kinders
van Abraham was, sou julle doen wat
Abraham gedoen het. 40 Maar nou wil julle
My doodmaak, vir My wat die waarheid wat
Ek by God gehoor het, aan julle verkondig. Dít
is nie wat Abraham gedoen het nie. 41 Julle
doen wat julle vader gedoen het."
Hulle sê toe vir Hom: "Ons is nie uit
owerspel gebore nie. Ons het net die een
Vader, naamlik God."
42 Maar Jesus sê vir hulle: "As God julle
Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van
God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers
ook nie uit my eie gekom nie, maar Hý het My
gestuur. 43 Waarom begryp julle nie wat Ek sê
nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan
nie! 44 Julle is kinders van die duiwel; hy is
julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil
hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n
moordenaar. En hy staan nie aan die kant van
die waarheid nie, omdat daar geen waarheid
in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is
dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en
die vader van die leuen. 45 En omdat Ek die
waarheid praat, glo julle nie in My nie. 46 Wie
van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan
die waarheid praat, waarom glo julle nie in My
nie? 47 Wie 'n kind van God is, luister na die
woorde van God. Juis daarom luister julle nie,
omdat julle nie kinders van God is nie."

**Jesus was voor Abraham al daar**

48 Die Jode het toe vir Hom gesê: "Ons
het mos gesê jy is 'n Samaritaan en van die
duiwel besete!"

**i** Vgl. Joh. 12:32-33

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

49 Jesus het geantwoord: "Ek is nie
van die duiwel besete nie, maar Ek eer
my Vader, en julle doen My oneer aan.
50 Ek soek egter nie na eer vir Myself nie;
daar is Een wat eer vir My soek, en Hy is
regter. 51 Dít verseker Ek julle: As iemand
my woorde ter harte neem, sal hy in alle
ewigheid nooit sterwe nie."
52 Die Jode sê toe vir Hom: "Nou is
ons seker dat jy van die duiwel besete is.
Abraham het gesterwe en die profete ook,
en tog sê jy: 'As iemand my woorde ter
harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit
sterwe nie.' 53 Jy is tog nie groter as ons
voorvader Abraham wat gesterf het nie? En
die profete het gesterwe. Wie verbeel jy jou
is jy?"
54 Maar Jesus antwoord: "As Ek Myself
verheerlik, beteken my heerlikheid niks.
Dit is my Vader wat My verheerlik. Julle sê:
'Hy is ons God,' 55 en tog ken julle Hom nie.
Maar Ek ken Hom. As Ek sê Ek ken Hom
nie, sal Ek net soos julle 'n leuenaar wees.
Maar Ek ken Hom, en Ek neem sy woorde
ter harte. 56 Abraham, julle voorvader, het
hom daaroor verheug dat hy die dag van
my koms sou sien, en hy het dit gesien en
was bly."
57 Die Jode sê toe vir Hom: "Jy is nog
nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir
Abraham gesien?"
58 Jesus het hulle geantwoord: "Dít
verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore
is, was Ek al wat Ek is."
59 Hulle het toe klippe opgetel om Hom
daarmee te gooi. Maar Jesus het gaan skuil
en van die tempel af weggegaan.

### Jesus genees 'n man wat blind gebore is

9 Terwyl Jesus wegstap, sien Hy 'n man
wat van sy geboorte af blind was. 2 Sy
dissipels vra Hom toe: "Rabbi, deur wie se
sonde is dit dat hierdie man blind gebore is:
sy eie of sy ouers s'n?"
3 En Jesus antwoord: "Dit is nie deur sy
eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n
nie, maar hy is blind sodat die werke wat
God doen, in hom gesien sal kan word. 4 So
lank as dit nog dag is, moet ons die werk
doen van Hom wat My gestuur het; die
nag kom, wanneer niemand kan werk nie.
5 Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir
die wêreld."
6 Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die
grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei
aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se
oë 7 en sê vir hom: "Gaan was jou in die
Siloambad." Siloam beteken die een wat
gestuur is.
Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy
terugkom, kon hy sien.
8 Sy bure en die ander mense wat hom
voorheen as bedelaar geken het, sê toe:
"Maar is dit dan nie die man wat gesit en
bedel het nie?"
9 Party van hulle het gesê: "Dit is hy!"
Maar party het gesê: "Nee, hy lyk maar
net soos daardie man."
"Dit is ek!" het hy self gesê.
10 Hulle vra toe vir hom: "Maar hoe het
jou oë dan reg gekom?"
11 En hy antwoord: "Die man met die
naam Jesus het 'n bietjie klei aangemaak
en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê:
'Gaan na Siloam toe en was jou.' Ek het
gegaan en my gewas, en ek kon sien!"
12 "Waar is hy nou?" vra hulle hom toe.
"Ek weet nie," was sy antwoord.

### Die Fariseërs ondervra die man en sy ouers

13 Daarna het die mense die man wat
eers blind was, na die Fariseërs toe gebring.
14 Dit was op 'n sabbatdag dat Jesus die klei
aangemaak en die man se oë genees het.
15 Die Fariseërs het hom ook weer gevra
hoe dit gekom het dat hy kan sien. Hy het
hulle geantwoord: "Hy het klei op my oë
gesit en ek het my gewas, en nou sien ek."
16 Party van die Fariseërs sê toe: "Hierdie
man kom nie van God nie, want hy hou nie
die sabbatdag nie."
Maar van die ander het gesê: "Hoe
kan iemand wat 'n sondaar is, sulke
wondertekens doen?"
En daar was verdeeldheid onder hulle.
17 Hulle sê toe weer vir die man wat blind
was: "Wat sê jý van hom? Hy het mos jou
oë genees."
"Hy is 'n profeet," het hy geantwoord.
18 Die Jode het nie geglo dat die man
blind was en nou kon sien nie, totdat hulle

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

sy ouers geroep 19 en vir hulle gevra het: "Is
dit julle seun van wie julle beweer dat hy
blind gebore is? Hoe sien hy dan nou?"
20 "Ons weet dat hy ons seun is en dat hy
blind gebore is," het sy ouers geantwoord.
21 "Maar hoe hy nou sien, weet ons nie.
En wie sy oë genees het, weet ons ook nie.
Vra hom self. Hy is oud genoeg; hy kan vir
homself praat."
22 Sy ouers het dit gesê omdat hulle
bang was vir die Jode; want die Jode het
toe al klaar met mekaar afgespreek dat
iemand wat openlik verklaar dat Jesus die
Christus is, uit die sinagoge geban sal word.
23 Daarom het sy ouers gesê: "Hy is oud
genoeg; vra hom self."

### Die man word uitgeban

24 Die Jode het toe die tweede keer die
man wat blind was, geroep en vir hom
gesê: "Praat die waarheid voor God; ons
weet mos hierdie man is 'n sondaar."
25 Daarop het hy gesê: "Of hy 'n sondaar
is, dit weet ek nie. Een ding weet ek wel: ek
was blind, en nou sien ek."
26 Hulle sê toe vir hom: "Wat het hy met
jou gemaak? Hoe het hy jou oë genees?"
27 "Ek het julle mos al vertel, en julle het
nie geluister nie," antwoord hy. "Hoekom
wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie
ook dissipels van hom word nie?"
28 Toe skel hulle hom uit en sê: "Jý is
'n dissipel van hom. Óns is dissipels van
Moses. 29 Ons weet dat God met Moses
gepraat het; maar hierdie man – ons weet
nie waar hy vandaan kom nie."
30 "Dis darem snaaks," sê hy daarop vir
hulle. "Julle weet nie waar hy vandaan
kom nie, en tog het hy my oë genees.
31 Ons weet dat God nie na sondaars luister
nie; maar as iemand vir Hom ontsag het en
doen wat Hy wil hê, luister God na hom.
32 Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor
dat iemand die oë van een wat blind
gebore is, genees het nie. 33 As hierdie
man nie van God was nie, sou hy niks kon
doen nie."
34 Hulle sê toe vir hom: "Jy is van jou
geboorte af die ene sonde, en wil jy ons
staan en leer?"
En hulle het hom uitgeban.

### Geestelike blindheid

35 Jesus het gehoor dat die Jode die man
uitgeban het; en toe Hy hom kry, vra Hy vir
hom: "Glo jy in die Seun van die mens?"
36 Hy het geantwoord: "Wie is dit,
Meneer, sodat ek in Hom kan glo?"
37 Jesus het vir hom gesê: "Jy sien Hom.
Dit is Hy wat met jou praat."
38 Die man sê toe: "Ek glo, Here!"
En hy het Hom aanbid.
39 Toe sê Jesus: "Ek het na hierdie wêreld
toe gekom met die oog op 'n beslissing,
sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié
wat sien, kan blind word."
40 Party Fariseërs wat by Hom was, het
dit gehoor en vir Hom gesê: "Ons is mos nie
blind nie!"
41 Jesus antwoord hulle: "As julle blind
was, sou julle nie skuldig gewees het nie;
maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly
julle skuldig."

### Die goeie herder

**10** "Dít verseker Ek julle: Wie nie deur
die hek in die skaapkraal ingaan
nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n
dief en 'n rower. 2 Maar hy wat deur die hek
ingaan, is die skape se herder; 3 vir hom
maak die hekwagter oop. Die skape luister
na die herder se stem. Hy roep sy skape op
hulle name en lei hulle uit. 4 Wanneer hy al
sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle
uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy
stem ken. 5 Hulle sal nooit 'n vreemde volg
nie maar van hom af weghardloop, omdat
hulle nie die stem van vreemdes ken nie."
6 Deur hierdie beeld het Jesus met hulle
gepraat, maar hulle het nie verstaan wat dit
was wat Hy vir hulle wou sê nie.
7 Toe het Jesus verder gesê: "Dít verseker
Ek julle: Ek is die ingang vir die skape.
8 Almal wat voor My gekom het, is diewe
en rowers; maar die skape het nie na hulle
geluister nie. 9 Ek is die ingang; as iemand
deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in
en uit gaan en weiding kry. 10 'n Dief kom net
steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat
hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.
11 "Ek is die goeie herder. Die goeie
herder lê sy lewe af vir die skape. 12 'n

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy
eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los
hy die skape en hardloop weg, en die wolf
vang die skape en jaag die trop uitmekaar.
13 Hy is 'n huurling en bekommer hom nie
oor die skape nie.
14 "Ek is die goeie herder. Ek ken my
skape, en my skape ken My, 15 net soos die
Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek
lê my lewe af vir die skape. 16 Ek het nog
ander skape, wat nie van hierdie kraal is
nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my
stem luister, en hulle sal een kudde wees
met een herder.
17 "Die Vader het My lief omdat Ek
my lewe aflê om dit weer op te neem.
18 Niemand neem dit van My af nie, maar
Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag
om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit
weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek
van my Vader ontvang het."
19 Daar het toe verdeeldheid onder die
Jode gekom oor hierdie woorde. 20 Baie
van hulle het gesê: "Hy is van die duiwel
besete, hy is mal! Hoekom luister julle nog
na hom?"
21 Ander het gesê: "Dit is nie die woorde
van 'n besetene nie. 'n Duiwel kan tog nie
blindes se oë genees nie?"

### Die Jode is nie van sy skape nie

22 Dit was daardie tyd die fees van die
tempelwyding in Jerusalem, en dit was
winter. 23 Jesus het in die tempel in die
Pilaargang van Salomo geloop. 24 Die Jode
het daar om Hom saamgedrom en vir
Hom gesê: "Hoe lank gaan u ons nog in
onsekerheid hou? As u die Christus is, sê dit
reguit vir ons."
25 Jesus antwoord hulle toe: "Ek het dit
vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die dade
wat Ek in die Naam van my Vader doen,
bewys wie Ek is. 26 Maar julle glo nie,
omdat julle nie van my skape is nie. 27 My
skape luister na my stem; Ek ken hulle, en
hulle volg My. 28 Ek gee hulle die ewige
lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit
verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my
hand ruk nie. 29 Dié wat my Vader vir My
gegee het, is die belangrikste van almal,
en niemand kan hulle uit die hand van die
Vader ruk nie. 30 Ek en die Vader is een."
31 Die Jode het toe weer klippe opgetel
om Hom te stenig, 32 maar Jesus sê vir
hulle: "Op gesag van die Vader het Ek julle
talle goeie dade laat sien. Oor watter een
daarvan wil julle My stenig?"
33 "Dis nie oor 'n goeie daad dat ons jou
wil stenig nie," antwoord die Jode Hom,
"maar oor godslastering, omdat jy, wat 'n
gewone mens is, jou as God voordoen."
34 Daarop sê Jesus vir hulle: "Staan daar
nie in julle wet geskrywe: 'Ek het gesê:
Julle is gode'[j] nie? 35 God noem hulle tot
wie sy woord gekom het, dus 'gode', en
wat daar geskrywe staan, kan nie verander
word nie. 36 Hoe sê julle dan vir My wat
deur die Vader afgesonder en na die wêreld
toe gestuur is: 'Jy praat godslasterlik',
omdat Ek gesê het: 'Ek is die Seun van
God'? 37 As Ek nie die werke van my Vader
doen nie, moet julle nie in My glo nie.
38 Maar as Ek dit wel doen en julle tog nie
in My glo nie, moet julle ten minste aan die
werke glo, sodat julle kan insien en weet
dat die Vader in My en Ek in die Vader is."
39 Hulle wou Hom toe weer gevange
neem, maar Hy het hulle ontglip. 40 Hy
het teruggegaan na die plek oorkant die
Jordaan waar Johannes vroeër gedoop het,
en daar gebly. 41 Baie mense het na Hom
toe gekom. Hulle het gesê: "Johannes het
wel geen wonderteken gedoen nie, maar
alles wat Johannes oor hierdie man gesê
het, is waar."
42 Baie mense het daar tot geloof in Hom
gekom.

### Die dood van Lasarus

**11** 'n Man met die naam Lasarus was
siek. Hy was van Betanië, die dorp
waar Maria en haar suster Marta gewoon
het. 2 Maria was die vrou wat met reukolie
die Here gesalf en sy voete met haar hare
afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus
wat siek was. 3 Die susters het iemand na
Jesus toe gestuur om te sê: "Here, hy vir
wie U lief is, is siek."

j Ps. 82:6

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

4 Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie
siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar
op die openbaring van die wonderbaarlike
mag van God, sodat die Seun van God
daardeur verheerlik kan word.”
5 Jesus het vir Marta en haar suster en
Lasarus liefgehad. 6 Nadat Hy gehoor het
dat Lasarus siek is, het Hy egter nog twee
dae op die plek gebly waar Hy was. 7 Eers
daarna het Hy vir sy dissipels gesê: “Kom
ons gaan terug na Judea toe.”
8 Die dissipels sê toe vir Hom: “Rabbi,
nou die dag nog wou die Jode U stenig, en
gaan U weer daarheen?”
9 Jesus het geantwoord: “Is daar nie
twaalf uur in ’n dag nie? As iemand in die
dag loop, struikel hy nie, omdat hy die lig
van hierdie wêreld sien. 10 Maar as iemand
in die nag loop, struikel hy, omdat hy nie
die lig het nie.”
11 Hierna het Hy vir hulle gesê: “Ons
vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om
hom wakker te maak.”
12 Die dissipels sê toe vir Hom: “Here, as
hy slaap, sal hy gesond word.”
13 Jesus het van Lasarus se dood gepraat,
maar hulle het gedink Hy praat van die
gewone slaap. 14 Toe sê Jesus vir hulle
reguit: “Lasarus is dood, 15 en om julle
ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie
sodat julle in My kan glo. Maar kom ons
gaan na hom toe.”
16 Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê
toe vir die ander dissipels: “Kom ons gaan
ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe.”

#### Jesus by Marta en Maria

17 Toe Jesus daar kom, het Hy gevind dat
Lasarus al vier dae in die graf was.
18 Betanië was naby Jerusalem, omtrent
drie kilometer; 19 en baie van die Jode het
na Marta en Maria toe gekom om hulle oor
hulle broer te troos.
20 Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy
Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in
die huis bly sit. 21 Marta sê toe vir Jesus:
“Here, as U hier was, sou my broer nie
gesterwe het nie. 22 Maar selfs nou weet ek
dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.”
23 Jesus sê toe vir haar: “Jou broer sal uit
die dood opstaan.”
24 Maar Marta sê vir Hom: “Ek weet hy
sal met die opstanding op die laaste dag uit
die dood opstaan.”
25 Toe sê Jesus vir haar: “Ek is die
opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal
lewe, al sterwe hy ook; 26 en elkeen wat
lewe en in My glo, sal in alle ewigheid
nooit sterwe nie. Glo jy dit?”
27 “Ja, Here,” sê sy vir Hom, “ek glo vas
dat U die Christus is, die Seun van God, die
Een wat na die wêreld toe moes kom.”
28 Nadat sy dit gesê het, het sy haar suster
Maria gaan roep en saggies vir haar gesê:
“Ons Leermeester is hier, en Hy roep jou.”
29 Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan
en na Hom toe gegaan. 30 Jesus het nog
nie in die dorp aangekom nie, maar was
nog op die plek waar Marta Hom ontmoet
het. 31 Toe die Jode wat by Maria in die
huis was en haar vertroos het, sien dat sy
vinnig opstaan en uitgaan, het hulle agter
haar aangegaan omdat hulle gedink het
sy gaan na die graf toe om daar te huil.
32 Toe Maria daar aankom waar Jesus was
en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en
vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou my
broer nie gesterwe het nie.”

#### Jesus laat Lasarus uit die dood opstaan

33 Toe Jesus sien dat Maria huil en dat
die Jode wat saam met haar gekom het, ook
huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy
aangedaan. 34 Hy vra toe: “Waar het julle
hom begrawe?”
Hulle het vir Hom gesê: “Here, kom kyk.”
35 Jesus het gehuil. 36 Die Jode sê toe:
“Kyk hoe lief het hy hom gehad!”
37 Party van hulle het ook gesê: “Kon hy
wat die oë van die blinde man genees het,
nie ook gemaak het dat hierdie man nie
sterwe nie?”
38 Jesus se gemoed het weer vol geskiet
toe Hy by die graf kom. Dit was ’n rotsgraf,
en daar was ’n klip voor die ingang gerol.
39 Jesus sê toe: “Rol die klip weg.”
Maar Marta, die suster van die oorledene,
sê vir Hom: “Here, hy ruik al, want dit is al
die vierde dag.”
40 Jesus sê toe vir haar: “Het Ek nie vir
jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van
die wonderbaarlike mag van God sien nie?”

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

41 Hulle het toe die klip weggerol. Jesus
het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek
dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet
dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter
wille van die mense wat hier rondom staan,
sodat hulle kan glo dat U My gestuur het."
43 Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n
harde stem: "Lasarus, kom uit!"
44 Die oorledene het uitgekom. Sy
hande en sy voete was nog toegedraai met
grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n
kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak
hom los dat hy kan huis toe gaan."

### Die Joodse Raad besluit om Jesus dood te maak

(Matt. 26:1-5; Mark. 14:1-2; Luk. 22:1-2)

45 Baie van die Jode wat na Maria toe
gekom en gesien het wat Jesus gedoen het,
het tot geloof in Hom gekom.
46 Maar party van hulle het na die Fariseërs
toe gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen
het. 47 Die priesterhoofde en die Fariseërs het
toe die Joodse Raad bymekaargeroep en gesê:
"Wat gaan ons doen? Hierdie man doen baie
wondertekens. 48 As ons hom so laat aangaan,
sal al die mense in hom glo, en dan kom
verwoes die Romeine hierdie heilige plek en
maak ons nasie tot niet."
49 Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat
daardie jaar hoëpriester was, het egter vir
hulle gesê: "Julle verstaan niks, 50 en julle
besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat
een man vir die volk sterwe en nie die hele
nasie verlore gaan nie."
51 Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar
omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het
hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou
sterwe. 52 En Hy sou nie net vir die nasie
sterwe nie, maar ook om die kinders van
God wat oor die hele aarde versprei is, tot
een volk bymekaar te bring.
53 Van daardie dag af was hulle vasbeslote
om Jesus dood te maak. 54 Daarom het
Jesus nie meer in die openbaar onder die
Jode rondgegaan nie, maar daarvandaan
weggegaan na die streek naby die woestyn,
na 'n dorp met die naam Efraim. Daar het
Hy met sy dissipels 'n rukkie gebly.
55 Die paasfees van die Jode was naby.
Baie mense het voor die paasfees van die
platteland af na Jerusalem toe gegaan om
hulle te reinig. 56 Hulle het daar na Jesus
gesoek en waar hulle in die tempel gestaan
het, vir mekaar gesê: "Hoe dink julle? Hy
sal seker nie fees toe kom nie, of hoe?"
57 Die priesterhoofde en die Fariseërs het
toe al klaar opdrag gegee dat as iemand
weet waar Hy is, hy dit moet aangee sodat
hulle Hom gevange kan neem.

### Jesus word in Betanië met nardusolie gesalf

(Matt. 26:6-13; Mark. 14:3-9)

12 Ses dae voor die paasfees het Jesus
na Betanië toe gekom, waar Lasarus
wat Hy uit die dood opgewek het, gewoon het.
2 Daar het hulle vir Jesus 'n ete gegee. Marta
het bedien, en Lasarus was een van dié wat
saam met Hom aan tafel was. 3 Toe het Maria
'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring
en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete
met haar hare afgedroog. Die hele huis is
deurtrek met die geur van die reukolie.
4 Judas Iskariot, een van sy dissipels, die
een wat Hom sou verraai, sê toe: 5 "Waarom
is hierdie reukolie nie vir drie honderd
silwermuntstukke verkoop en die geld vir
die armes gegee nie?"
6 Dit het hy gesê, nie omdat hy hom oor
die armes bekommer het nie, maar omdat
hy 'n dief was. Hy het die beursie gehad en
het van die bydraes gevat.
7 Toe sê Jesus: "Laat staan haar. Sy moes
dit hou vir hierdie dag om My te salf vir my
begrafnis. 8 Die armes het julle tog altyd by
julle, maar vir My het julle nie altyd nie."

### Die besluit om Lasarus ook dood te maak

9 Baie van die Jode het verneem dat
Jesus daar is en het daarheen gekom, nie
net ter wille van Jesus nie, maar ook om
vir Lasarus te sien wat Hy uit die dood
opgewek het. 10 Die priesterhoofde het toe
besluit om ook vir Lasarus dood te maak,
11 omdat baie van die Jode deur hom na
Jesus toe oorgeloop en in Hom geglo het.

### Die intog van Jesus in Jerusalem

(Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-40)

12 Die volgende dag het die groot menigte
mense wat na die fees toe gekom het,

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom.
13 Hulle het palmtakke gevat en Hom
tegemoet gegaan en uitgeroep:

“Prys Hom!
Loof Hom wat in die Naam
van die Here kom!”[k]

en:

“Die Koning van Israel!”

14 Jesus het toe op ’n jong donkie geklim
wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe
staan:

15 “Moenie bang wees nie, Sion!
Kyk, jou Koning kom,
en Hy ry op ’n donkie.”[l]

16 Jesus se dissipels het hierdie dinge eers
nie verstaan nie, maar nadat Hy verheerlik
is, het hulle daaraan gedink dat wat daar
geskrywe staan, op Hom betrekking gehad
het en dat dit met Hom gebeur het.
17 Die mense wat by Jesus was toe Hy
vir Lasarus uit die graf geroep en hom uit
die dood opgewek het, het gedurig daaroor
gepraat. 18 Daarom het die menigte vir
Jesus tegemoet gegaan: hulle het gehoor
dat Hy hierdie wonderteken gedoen het.
19 Die Fariseërs het toe vir mekaar gesê:
“Sien julle, julle rig niks uit nie! Kyk, die
hele wêreld gaan agter hom aan!”

**Die tyd van sy verheerliking het gekom**

20 Daar was ook ’n aantal Grieke onder
die mense wat fees toe gekom het om te
aanbid. 21 Hulle het na Filippus, wat van
Betsaida in Galilea afkomstig was, gegaan
en vir hom gevra: “Meneer, ons wil Jesus
graag ontmoet.”
22 Filippus het gegaan en dit vir Andreas
vertel. Andreas en Filippus gaan toe en sê
dit vir Jesus. 23 Daarop sê Jesus vir hulle:
“Die tyd het gekom dat die Seun van die
mens verheerlik moet word. 24 Dít verseker
Ek julle: As ’n koringkorrel nie in die grond
val en sterwe nie, bly hy net een; maar as
hy sterwe, bring hy ’n groot oes in. 25 Wie
sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie
sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet
nie, sal dit vir die ewige lewe behou. 26 As
iemand My wil dien, moet hy My volg; en
waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees.
As iemand My dien, sal die Vader hom eer.
27 “Nou is Ek diep ontsteld. En wat
moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My
uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek
gekom, vir hierdie uur. 28 Vader, verheerlik
u Naam!”
Toe het daar ’n stem uit die hemel gekom:
“Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit
weer verheerlik.”
29 Die mense wat daar gestaan en dit
gehoor het, het gesê dat daar ’n donderslag
was. Ander het gesê: “’n Engel het met hom
gepraat.”
30 Toe sê Jesus: “Hierdie stem het nie
om my ontwil gekom nie, maar om julle
ontwil. 31 Nou kom die oordeel oor hierdie
wêreld; nou sal die owerste van hierdie
wêreld uitgegooi word buitentoe. 32 En as
Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal
na My toe trek.”
33 Dit het Hy gesê en daarmee ook
aangedui op watter manier Hy sou sterwe.
34 Die mense sê toe vir Hom: “Ons het uit
die Skrif geleer dat die Christus vir ewig
gaan bly. Hoe sê u nou dat die Seun van die
mens verhoog moet word? En hierdie Seun
van die mens, wie is hy?”
35 Toe sê Jesus vir hulle: “Nog net ’n
kort tydjie is die lig by julle. Lewe in die
lig terwyl julle dit het sodat die duisternis
julle nie oorval nie. Wie in die duisternis
lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie.
36 Terwyl julle die lig het, moet julle in
die lig glo, sodat julle mense van die lig
kan wees.”
Dit het Jesus gesê en daarna van hulle af
weggegaan en Hom skuil gehou.

**Die gevolg van Jesus se optrede**

37 Alhoewel Jesus so baie wondertekens
voor die mense gedoen het, het hulle
tog nie in Hom geglo nie. 38 So moes die
woorde van die profeet Jesaja vervul word:

**k** Vgl. Ps. 118:26 **l** Vgl. Sag. 9:9

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

“Here, wie het geglo
wat ons gehoor het?
En aan wie is die mag van die Here
geopenbaar?”[m]

39 Waarom hulle nie kon glo nie, sê Jesaja
ook elders:

40 “God het hulle oë blind gemaak
en hulle verstand laat afstomp
sodat hulle nie met hulle oë kan sien
en met hulle verstand kan verstaan
en hulle bekeer
en Ek hulle gesond maak nie.”[n]

41 Jesaja het dit gesê omdat hy die
heerlikheid van die Here gesien en oor
Hom gepraat het.
42 Nietemin het selfs baie van die lede van
die Joodse Raad tog ook tot geloof in Hom
gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het
hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle
nie uit die sinagoge geban sou word nie;
43 want hulle het verkies om liewer deur
mense geëer te word as deur God.
44 Toe het Jesus uitgeroep: “Wie in My
glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom
wat My gestuur het. 45 En wie My sien, sien
ook Hom wat My gestuur het. 46 Ek het as
die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié
wat in My glo, nie in die duisternis sou bly
nie. 47 En as iemand na my woorde luister
en hom nie daaraan steur nie, veroordeel
Ek hom nie, want Ek het nie gekom om
die wêreld te veroordeel nie, maar om die
wêreld te red. 48 Wie My verwerp en nie my
woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom
veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het,
sal hom op die laaste dag veroordeel. 49 Ek
het nie uit my eie gepraat nie, maar juis die
Vader wat My gestuur het, het My opgedra
wat Ek moet sê en wat Ek moet praat.
50 En Ek weet dat sy opdrag die ewige lewe
beteken. Wat Ek sê, sê Ek presies net soos
die Vader dit vir My gesê het.”

### Jesus was die voete van sy dissipels

**13** Voor die viering van die paasfees
het Jesus reeds geweet dat die tyd
vir Hom gekom het om van hierdie wêreld
af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie
mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy
het hulle tot die uiterste toe liefgehad.
2 Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die
duiwel het toe al klaar vir Judas seun van
Simon Iskariot op die gedagte gebring om
Jesus te verraai. 3 Jesus het geweet dat die
Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy
van God gekom het en na God teruggaan.
4 Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy
bokleed uitgetrek en ’n handdoek gevat
en om Hom vasgemaak. 5 Daarna het Hy
water in ’n wasskottel gegooi en begin
om sy dissipels se voete te was en dit dan
af te droog met die handdoek wat Hy
omgehad het.
6 Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié
vir Hom: “Here, gaan Ú mý voete was?”
7 En Jesus antwoord hom: “Wat Ek doen,
begryp jy nie nóú nie, maar later sal jy dit
verstaan.”
8 Maar Petrus sê vir Hom: “U sal in alle
ewigheid nooit my voete was nie!”
Daarop sê Jesus vir hom: “As Ek jou nie
was nie, het jy nie deel aan My nie.”
9 Simon Petrus sê toe vir Hom: “Here, dan
nie net my voete nie, maar ook my hande
en my gesig.”
10 En Jesus sê vir hom: “Hy wat klaar
gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later
niks meer as sy voete te was nie. En julle is
nou skoon, maar nie almal nie.”
11 Jesus het geweet wie Hom sou verraai;
daarom het Hy gesê: “Julle is nie almal
skoon nie.”
12 Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy
bokleed aangetrek het en weer aangesit
het, sê Hy vir hulle: “Verstaan julle wat
Ek vir julle gedoen het? 13 Julle noem My
julle Leermeester en Here, en julle is reg,
want Ek is dit. 14 As Ek, wat julle Here en
julle Leermeester is, dan julle voete gewas
het, behoort julle ook mekaar se voete te
was. 15 Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel,
en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle
ook doen. 16 Dít verseker Ek julle: ’n Slaaf
is nie belangriker as sy eienaar nie, en ’n
gesant ook nie belangriker as die een wat

**m** Vgl. Jes. 53:1 **n** Vgl. Jes. 6:10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

hom gestuur het nie. 17 Julle weet dit nou;
gelukkig is julle as julle dit ook doen."

### Jesus wys sy verraaier aan

(Matt. 26:21-25; Mark. 14:18-21; Luk. 22:21-23)

18 "Ek praat nie van julle almal nie; Ek
weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif
moet vervul word: 'Hy wat van my brood
eet, het My in die rug gesteek.'[o] 19 Ek sê dit
nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat
wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek
is wat Ek is. 20 Dit verseker Ek julle: Wie
iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My;
en wie My ontvang, ontvang Hom wat My
gestuur het."

21 Na hierdie woorde het Jesus hewig
ontsteld geword en openlik verklaar: "Dit
verseker Ek julle: Een van julle sal My
verraai."

22 Die dissipels het verslae na mekaar
gekyk en nie geweet wie Hy bedoel nie.
23 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was,
het net langs Hom aan tafel gesit. 24 Simon
Petrus beduie toe vir hom dat hy moet vra
wie dit is wat Jesus bedoel. 25 Hy leun toe
oor na Jesus se kant en vra vir Hom: "Here,
wie is dit?"

26 Jesus het geantwoord: "Dit is die een
vir wie Ek 'n stukkie brood wat Ek in die
sous ingesteek het, sal gee."

Hy vat toe 'n stukkie brood, steek dit
in die sous en gee dit vir Judas seun van
Simon Iskariot. 27 En nadat Judas die
stukkie brood gevat het, het die Satan in
hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom: "Wat
jy wil doen, moet jy baie gou doen!"

28 Niemand van die ander wat aan tafel
was, het geweet waarom Hy dit vir hom
gesê het nie. 29 Omdat Judas die beursie
gehad het, het party van hulle gedink dat
Jesus vir hom sê: "Gaan koop wat ons vir
die paasfees nodig het," of dat hy iets vir
die armes moes gaan gee.

30 Nadat Judas dan die stukkie brood gevat
het, het hy dadelik uitgegaan. Dit was nag.

### Jesus se heengaan is naby

31 Toe Judas uit is, sê Jesus: "Nou word
die Seun van die mens verheerlik, en God
word deur Hom verheerlik. 32 En aangesien
God deur Hom verheerlik word, sal God
self Hom ook verheerlik; en Hy sal Hom
binnekort verheerlik. 33 My kinders, Ek is
nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal
julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê
het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen
gaan, kan julle nie kom nie. 34 Ek gee julle
'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê.
Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook
liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal
weet dat julle dissipels van My is."

### Petrus sal Jesus verloën

(Matt. 26:31-35; Mark. 14:27-31; Luk. 22:31-34)

36 Simon Petrus vra toe vir Hom: "Here,
waarheen gaan U?"

Jesus het hom geantwoord: "Waarheen
Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar
later sal jy My volg."

37 Toe sê Petrus vir Hom: "Here, hoekom
kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe
vir U aflê."

38 "Sal jy jou lewe vir My aflê?" vra
Jesus. "Dít verseker Ek jou: Nog voor die
haan kraai, sal jy My drie keer verloën."

### Jesus gaan na sy Vader toe

**14** "Julle moet nie ontsteld wees nie.
Glo in God; glo ook in My. 2 In die
huis van my Vader is daar baie woonplek.
As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle
gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed
te maak nie. 3 En as Ek gegaan het en vir
julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug
en sal julle na My toe neem, sodat julle ook
kan wees waar Ek is. 4 En julle ken die weg
na die plek waarheen Ek gaan."

5 Tomas sê toe vir Hom: "Here, ons weet
nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan
die weg daarheen ken?"

6 Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg
en die waarheid en die lewe. Niemand kom
na die Vader toe behalwe deur My nie.
7 As julle My ken, sal julle my Vader ook
ken. En van nou af ken julle Hom en sien
julle Hom."

8 Toe sê Filippus vir Hom: "Here, wys vir
ons die Vader, en dit is vir ons genoeg."

**o** Vgl. Ps. 41:10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

9 En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank
by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie
My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê:
'Wys vir ons die Vader'? 10 Glo jy nie dat Ek
in die Vader is en die Vader in My nie? Die
woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie
uit my eie nie; maar dit kom van die Vader
wat in My bly en sy werke doen. 11 Glo in
My omdat Ek in die Vader is en die Vader
in My; of anders, glo op grond van die
werke self.
12 "Dít verseker Ek julle: Wie in My glo,
sal ook die dinge doen wat Ek doen; en
hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat
Ek na die Vader toe gaan. 13 Wat julle ook
al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die
Vader deur die Seun verheerlik kan word.
14 As julle My iets in my Naam vra, sal Ek
dit doen."

**Die Heilige Gees sal by julle bly**

15 "As julle My liefhet, sal julle my
opdragte uitvoer. 16 Ek sal die Vader vra, en
Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur
om vir ewig by julle te wees, 17 naamlik
die Gees van die waarheid. Die wêreld kan
Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom
nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle
ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle
sal wees.
18 "Ek sal julle nie as weeskinders
agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
19 Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die
wêreld My nie meer nie, maar julle sien My,
omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20 Daardie
dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en
julle in My en Ek in julle.
21 "Wie my opdragte het en dit uitvoer –
dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet,
hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook
liefhê en My aan hom openbaar."
22 Judas, nie Judas Iskariot nie, vra
toe vir Hom: "Here, hoe kom dit dat U
U aan ons gaan openbaar en nie aan die
wêreld nie?"
23 Jesus antwoord hom: "As iemand My
liefhet, sal hy my woorde ter harte neem;
en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na
hom toe kom en by hom woon. 24 Wie My
nie liefhet nie, neem my woorde nie ter
harte nie; en die woorde wat julle hoor, is
nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My
gestuur het.
25 "Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog
by julle bly; 26 en wanneer die Vader in
my Naam die Voorspraak, die Heilige
Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle
herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
27 "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee
Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee,
is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle
moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie
bang wees nie. 28 Julle het gehoor dat Ek vir
julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom
weer na julle toe. As julle My liefgehad het,
sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader
toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is.
29 En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur,
sodat julle kan glo wanneer dit gebeur. 30 Ek
sal nie meer lank met julle kan praat nie, want
die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy
het geen mag oor My nie, 31 maar die wêreld
moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom
doen wat die Vader My beveel het.
"Staan op, laat ons hiervandaan weggaan."

**Die ware wingerdstok**

**15** "Ek is die ware wingerdstok en my
Vader is die boer. 2 Elke loot aan
My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar
elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit
nog meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds
reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle
gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle.
'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie
aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook
nie as julle nie in My bly nie.
5 "Ek is die wingerdstok, julle die lote.
Wie in My bly en Ek in hom, dra baie
vrugte, want sonder My kan julle niks doen
nie. 6 As iemand nie in My bly nie, word hy
weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die
mense maak sulke lote bymekaar en gooi
dit in die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in
My bly en my woorde in julle, vra dan net
wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8 My
Vader word juis daardeur verheerlik dat
julle baie vrugte dra en my dissipels is."

**Julle moet mekaar liefhê**

9 "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle
ook lief. Julle moet in my liefde bly. 10 As

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

julle my opdragte uitvoer, sal julle in my
liefde bly, net soos Ek die opdragte van my
Vader uitvoer en in sy liefde bly.
11 "Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap
in julle kan wees en julle blydskap volkome
kan wees. 12 Dit is my opdrag: Julle
moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.
13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat
hy sy lewe vir sy vriende aflê. 14 Julle is my
vriende as julle doen wat Ek julle beveel.
15 Ek noem julle nie meer ondergeskiktes
nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy
baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende,
omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor
het, aan julle bekend gemaak het. 16 Julle
het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle
uitgekies en julle aangestel om uit te gaan
en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal
die Vader aan julle gee wat julle ook al in
my Naam vra. 17 Dit beveel Ek julle: Julle
moet mekaar liefhê!"

### Die wêreld sal julle haat

18 "As die wêreld julle haat, onthou: Hy
het My voor julle gehaat. 19 As julle aan die
wêreld behoort het, sou die wêreld julle as
sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter
nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek
julle uit die wêreld uitgekies het, daarom
haat die wêreld julle. 20 Onthou wat Ek vir
julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as
sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal
hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde
ter harte geneem het, sal hulle julle s'n
ook ter harte neem. 21 Maar hulle sal dit
alles aan julle doen omdat julle my Naam
bely en hulle Hom nie ken wat My gestuur
het nie.
22 "As Ek nie gekom en met hulle gepraat
het nie, sou hulle nie skuldig gewees het
nie; maar nou het hulle geen verskoning vir
hulle sonde nie. 23 Wie My haat, haat ook
my Vader. 24 As Ek nie by hulle die werke
gedoen het wat niemand anders gedoen het
nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie;
maar nou sien hulle dit, en tog haat hulle
My en my Vader. 25 Maar die woorde wat
in die Skrif geskrywe staan, moet vervul
word: 'Hulle het My sonder rede gehaat.'[p]
26 "Wanneer die Voorspraak kom wat
Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die
Gees van die waarheid, wat van die Vader
uitgaan, sal Hy oor My getuig. 27 En julle
moet getuig, want julle is van die begin af
by My."

### Julle moet nie van My afvallig word nie

16 "Hierdie dinge sê Ek vir julle sodat
julle nie afvallig word nie. 2 Die
mense sal julle uit die sinagoges ban. Daar
kom selfs 'n tyd dat elkeen wat een van
julle doodmaak, sal dink dat hy 'n diens
aan God bewys. 3 En dit sal hulle doen,
omdat hulle die Vader nie ken nie en My
ook nie. 4 Maar Ek sê dit nou vir julle, sodat
wanneer die tyd daarvoor aanbreek, julle
daaraan moet dink dat Ek dit vir julle gesê
het. Ek het dit egter nie van die begin af vir
julle gesê nie, omdat Ek nog by julle was."

### Die werk van die Heilige Gees

5 "Nou gaan Ek na Hom toe wat My
gestuur het, en tog vra niemand van julle
vir My: 'Waar gaan U heen?' nie. 6 Maar
omdat Ek dit vir julle sê, is julle harte
vol droefheid. 7 Tog sê Ek vir julle die
waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek
weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal
die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na
julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek
Hom na julle toe stuur. 8 En wanneer Hy
kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is
aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en
dat die oordeel al gekom het. 9 Die wêreld
is skuldig aan sonde, want die wêreld glo
nie in My nie; 10 die reg is aan my kant,
want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal
My nie meer sien nie; 11 die oordeel het
al gekom, want die owerste van hierdie
wêreld is klaar veroordeel.
12 "Ek het nog baie dinge om vir julle te
sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp
nie. 13 Wanneer Hy kom, die Gees van die
waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid
lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself
kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en
Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle
verkondig. 14 Hy sal My verheerlik, want

**p** Vgl. Ps. 35:19; 69:5

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle
verkondig. 15 Alles wat aan die Vader
behoort, behoort ook aan My; daarom dat
Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal
Hy aan julle verkondig."

**Julle droefheid sal in blydskap verander**

16 "Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My
nie meer nie; en weer 'n klein rukkie, dan
sal julle My weer sien."
17 Party van sy dissipels het toe vir
mekaar gevra: "Wat beteken dit dat Hy
vir ons sê: 'Nog 'n klein rukkie, dan sien
julle My nie; en weer 'n klein rukkie, dan
sal julle My weer sien' en: 'Ek gaan na
die Vader toe'? 18 Hierdie 'klein rukkie'
waarvan Hy praat, wat beteken dit? Ons
weet nie wat Hy bedoel nie," het hulle gesê.
19 Jesus het gemerk dat hulle dit vir Hom
wou vra, en Hy sê toe vir hulle: "Praat julle
met mekaar daaroor dat Ek gesê het: Nog 'n
klein rukkie, dan sien julle My nie; en weer
'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien?
20 Dit verseker Ek julle: Julle sal huil en
treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle
sal bedroef word, maar julle droefheid
sal in blydskap verander. 21 'n Vrou kry
swaar wanneer haar tyd gekom het en haar
kindjie gebore word. Maar wanneer die
kindjie gebore is, dink sy nie meer aan die
pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in
die wêreld gekom het. 22 Net so is julle ook
nou bedroef, maar as Ek julle weer sien, sal
julle harte vol blydskap wees, en niemand
kan julle blydskap van julle af wegneem
nie. 23 Daardie dag sal julle nie meer vrae
aan My stel nie.
"Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader
ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle
gee. 24 Tot nou toe het julle nog nie in my
Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang,
sodat julle blydskap volkome kan wees."

**Ek het die wêreld oorwin**

25 "Dit het Ek deur beeldspraak vir julle
gesê. Daar kom 'n tyd wanneer Ek nie meer
deur beeldspraak met julle sal praat nie
maar julle reguit van die Vader sal vertel.
26 Van daardie dag af sal julle in my Naam
bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die
Vader te wees nie, 27 want die Vader self het
julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat
Ek van God gekom het. 28 Ek het van die
Vader gekom en Ek is hier in die wêreld.
Nou verlaat Ek weer die wêreld en Ek gaan
na die Vader toe."
29 Sy dissipels sê toe: "Kyk, nou praat
U reguit en gebruik nie beeldspraak nie.
30 Nou weet ons dat U alles weet, en
niemand hoef U verder uit te vra nie. Ons
glo nou dat U van God gekom het."
31 Daarop sê Jesus vir hulle: "Glo julle
nou? 32 Kyk, daar kom 'n tyd, en dit is
nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal
word, elkeen sy eie koers in, en dat julle
My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen
nie, omdat die Vader by My is. 33 Dit sê Ek
vir julle, sodat julle vrede kan vind in My.
In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar
hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."

**Jesus bid vir sy dissipels**

**17** Nadat Jesus dit gesê het, het Hy
na die hemel toe opgekyk en gesê:
"Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u
Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.
2 U het Hom immers die volmag oor die
hele mensdom gegee om aan almal wat U
Hom gegee het, die ewige lewe te gee. 3 En
dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die
enigste ware God, en Jesus Christus, wat
deur U gestuur is. 4 Ek het U op die aarde
verheerlik deur die werk te volbring wat U
My gegee het om te doen. 5 Verheerlik U My
nou ook by U, Vader, met die heerlikheid
wat Ek by U gehad het voordat die wêreld
bestaan het.
6 "Ek het u Naam bekend gemaak aan die
mense wat U My uit die wêreld gegee het.
Hulle het aan U behoort, en U het hulle
aan My gegee, en hulle het u woord ter
harte geneem. 7 Nou weet hulle dat alles
wat U My gegee het, van U kom; 8 want die
woorde wat U My gegee het, het Ek aan
hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot
die oortuiging gekom dat Ek waarlik van
U gekom het, en hulle het geglo dat U My
gestuur het.
9 "Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die
wêreld nie maar vir dié wat U My gegee
het, omdat hulle aan U behoort. 10 Almal
wat aan My behoort, behoort aan U; en

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek
word deur hulle verheerlik. 11 Ek bly nie
langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog
in die wêreld. Ek kom na U toe.

"Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam,
die Naam wat U My gegee het, sodat hulle
net soos Ons een kan wees. 12 Toe Ek by
hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar,
die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle
beskerm, en nie een van hulle het verlore
gegaan nie, behalwe die een wat verlore
moet gaan sodat die Skrif vervul kan word.

13 "Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê
dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat
hulle my blydskap in al sy volheid in hulle
kan hê. 14 Ek het u woord aan hulle gegee,
en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie
tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook
nie tot die wêreld behoort nie. 15 Ek bid nie
dat U hulle uit die wêreld moet wegneem
nie, maar dat U hulle van die Bose moet
bewaar. 16 Hulle behoort nie tot die wêreld
nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld
behoort nie. 17 Laat hulle aan U toegewy
wees deur die waarheid. U woord is die
waarheid. 18 Soos U My na die wêreld toe
gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld
toe gestuur; 19 en ter wille van hulle wy
Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die
waarheid aan U toegewy kan wees.

20 "Ek bid egter nie net vir hulle nie,
maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot
geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat hulle
almal een mag wees, net soos U, Vader,
in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons
mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U
My gestuur het. 22 Die heerlikheid wat U
My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee,
sodat hulle een kan wees net soos Ons een
is: 23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle
volkome een kan wees, sodat die wêreld
kan weet dat U My gestuur het en hulle
liefhet net soos U My liefhet.

24 "Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is,
hulle wat U My gegee het, ook by My moet
wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien,
die heerlikheid wat U My gegee het omdat
U My al voor die skepping van die wêreld
liefgehad het.

25 "Regverdige Vader, die wêreld ken U
nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat
U My gestuur het. 26 Ek het u Naam aan
hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder
bekend maak, sodat die liefde wat U aan
My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook
in hulle."

### Jesus word gevange geneem

(Matt. 26:47-56; Mark. 14:43-50; Luk. 22:47-53)

**18** Nadat Jesus dit gesê het, het Hy
met sy dissipels oor Kedronspruit
gegaan. Daar was 'n tuin, en Hy en sy
dissipels het daar ingegaan. 2 Judas,
sy verraaier, het ook die plek geken,
omdat Jesus en sy dissipels dikwels daar
gekom het.

3 Judas het toe die afdeling soldate
gevat en die wagte in diens van die
priesterhoofde en die Fariseërs en hulle het
daar aangekom met lanterns en fakkels en
wapens. 4 Omdat Jesus geweet het van alles
wat oor Hom gaan kom, het Hy vorentoe
gekom en vir hulle gevra: "Vir wie soek
julle?"

5 "Jesus van Nasaret," antwoord
hulle Hom.

"Dit is Ek!" sê Hy toe vir hulle.

Judas, sy verraaier, het ook daar by hulle
gestaan. 6 Toe Jesus dan vir hulle sê: "Dit is
Ek!" het hulle teruggedeins en op die grond
neergeval.

7 Hy vra hulle toe weer: "Vir wie soek
julle?"

En hulle sê: "Jesus van Nasaret."

8 Toe sê Jesus: "Ek het vir julle gesê dit is
Ek. As julle My soek, laat die mense hier by
My dan toe om weg te gaan."

9 So sou vervul word wat Hy voorheen
gesê het: "Van dié wat U My gegee het, het
Ek niemand verlore laat gaan nie."

10 Simon Petrus het 'n swaard by hom
gehad. Hy ruk dit toe uit, slaan daarmee
na die slaaf van die hoëpriester en kap sy
regteroor af. Die slaaf se naam was Malgus.
11 Toe sê Jesus vir Petrus: "Sit die swaard
in sy skede terug. Moet Ek dan nie die
lydensbeker drink wat die Vader My gegee
het nie?"

### Jesus voor Annas

12 Toe het die afdeling soldate onder die
kommandant saam met die wagte in diens

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

van die Joodse Raad vir Jesus gevange
geneem en Hom geboei. 13 Hulle het Hom
eers na Annas toe gebring. Hy was die
skoonvader van Kajafas, wat daardie jaar
hoëpriester was. 14 Dit was Kajafas wat
vir die Jode die raad gegee het dat dit tot
hulle voordeel is dat een man vir die volk
sterwe.

### Petrus verloën Jesus die eerste keer

(Matt. 26:69-70; Mark. 14:66-68; Luk. 22:55-57)

15 Simon Petrus en 'n ander dissipel het
agter Jesus aangegaan. Daardie ander
dissipel was aan die hoëpriester bekend
en het saam met Jesus in die hoëpriester
se woning 16 ingegaan, maar Petrus het
buite by die deur bly staan. Toe het daardie
ander dissipel wat aan die hoëpriester
bekend was, uitgegaan en met die
deurwagter gepraat en vir Petrus ingebring.
17 Die diensmeisie wat deurwagter was, sê
toe vir Petrus: "Jy is tog nie ook een van
hierdie man se dissipels nie?"
"Nee, ek is nie!" antwoord hy.
18 Die slawe en die wagte het hulle
gestaan en warm maak by die vuur wat
hulle gemaak het omdat dit koud was. En
Petrus het hom ook saam met hulle gestaan
en warm maak.

### Annas en Kajafas verhoor Jesus

(Matt. 26:59-66; 27:1; Mark. 14:55-64;
15:1; Luk. 22:66-71)

19 Die hoëpriester het Jesus toe ondervra
oor sy dissipels en oor sy leer. 20 Jesus het
hom geantwoord: "Ek het in die openbaar
met die mense gepraat. Ek het hulle altyd
in die sinagoges en in die tempel geleer,
waar al die Jode bymekaar kom; en Ek het
niks in die geheim gesê nie. 21 Waarom
ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor
het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet
wat Ek gesê het."
22 Toe Jesus dit sê, het een van die wagte
wat daarby gestaan het, Hom geklap en
gesê: "Antwoord jy die hoëpriester so?"
23 Jesus sê toe vir hom: "As wat Ek gesê
het, verkeerd was, sê dan wat was verkeerd;
maar as dit reg was, waarom slaan jy My?"
24 Annas het Hom toe geboei na die
hoëpriester Kajafas toe gestuur.

### Petrus verloën Jesus weer

(Matt. 26:71-75; Mark. 14:69-72; Luk. 22:58-62)

25 Simon Petrus het hom nog gestaan en
warm maak. Die mense by die vuur vra
toe vir hom: "Jy is tog nie ook een van sy
dissipels nie?"
Hy het dit ontken en gesê: "Nee, ek is nie!"
26 Een van die hoëpriester se slawe wat
familie was van die een wie se oor Petrus
afgekap het, vra toe: "Het ek jou dan nie in
die tuin by hom gesien nie?"
27 Petrus het dit weer ontken, en net
daarna het daar 'n haan gekraai.

### Jesus voor Pilatus

(Matt. 27:2,11-21; Mark. 15:1-11;
Luk. 23:1-5,13-19)

28 Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af
na die ampswoning van die goewerneur toe
gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het
self nie in die ampswoning ingegaan nie,
sodat hulle nie onrein sou word nie maar die
paasmaaltyd sou kon eet. 29 Pilatus het buite
na hulle toe uitgegaan en gevra: "Watter
aanklag bring julle teen hierdie man in?"
30 Hulle het hom geantwoord: "As hy nie
'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan
u uitgelewer het nie."
31 Pilatus sê toe vir hulle: "Vat julle hom
en veroordeel hom volgens julle wet."
Maar die Jode sê vir hom: "Ons mag nie
iemand teregstel nie."
32 Dit het gebeur sodat die woorde van
Jesus vervul kon word wat Hy gesê het toe Hy
aangedui het op watter manier Hy sou sterwe.
33 Pilatus het toe weer in sy ampswoning
ingegaan en Jesus geroep en vir Hom
gevra: "Is jý die koning van die Jode?"
34 Jesus het hom toe gevra: "Vra u dit uit
u eie, of het ander dit vir u van My gesê?"
35 "Ek is mos nie 'n Jood nie!"
antwoord Pilatus. "Dit is jou volk en jou
priesterhoofde wat jou aan my uitgelewer
het. Wat het jy gedoen?"
36 "My koninkryk is nie van hierdie
wêreld nie," antwoord Jesus. "As my
koninkryk van hierdie wêreld was, sou my
onderdane geveg het sodat Ek nie aan die
Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is
my koninkryk nie van hier nie."

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

37 “Dan is jy tog wel ’n koning?” vra
Pilatus.
“Dit is soos u sê: Ek is ’n koning,” antwoord
Jesus. “Ek moet oor die waarheid getuienis
aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het
Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan
die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.”
38 “Wat is waarheid?” sê Pilatus toe
vir Hom.
En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na
die Jode toe en sê vir hulle: “Ek vind geen
skuld in hom nie. 39 Maar julle is gewoond
dat ek vir julle gedurende die paasfees
iemand loslaat. Wil julle hê ek moet die
koning van die Jode vir julle loslaat?”
40 Hulle skreeu toe terug: “Nie vir hom
nie, maar vir Barabbas!” En Barabbas was
’n rower.

### Jesus word oorgelewer om gekruisig te word

(Matt. 27:22-31; Mark. 15:12-20; Luk. 23:20-25)

**19** Toe het Pilatus vir Jesus geneem en
Hom laat gesel. 2 Die soldate het ’n
doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit.
Hulle het vir Hom ’n pers mantel aangetrek
3 en herhaaldelik nader na Hom toe gekom
en gesê: “Ons groet u, Koning van die
Jode!” En elke keer het hulle Hom geklap.
4 Pilatus het toe weer buitentoe gekom en
vir die Jode gesê: “Kyk, ek bring hom vir
julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek
geen skuld in hom vind nie.”
5 Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met
die doringkroon op en die pers mantel aan.
Pilatus sê toe vir hulle: “Dit is die mens!”
6 Toe die priesterhoofde en die wagte Hom
sien, skreeu hulle: “Kruisig hom! Kruisig hom!”
“Vat júlle hom en kruisig hom,” sê Pilatus
daarop vir hulle, “want ék vind geen skuld
in hom nie.”
7 Die Jode sê toe vir hom: “Ons het ’n wet,
en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy
hom as die Seun van God voorgedoen het.”
8 Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger
geword. 9 Hy het weer in sy ampswoning
ingegaan en vir Jesus gevra: “Waar kom jy
vandaan?”
Jesus het hom egter nie geantwoord nie.
10 Pilatus sê toe vir Hom: “Praat jy nie met
my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om
jou los te laat en ook die mag om jou te
kruisig nie?”
11 En Jesus antwoord hom: “U sou geen
gesag oor My gehad het as dit nie van Bo
aan u gegee was nie. Daarom het hy wat
My aan u uitgelewer het, groter skuld.”
12 Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom
los te laat; maar die Jode het geskreeu: “As
u hom loslaat, is u nie ’n vriend van die
keiser nie. Elkeen wat homself as koning
voordoen, is in verset teen die keiser.”
13 Toe Pilatus dit alles hoor, het hy vir
Jesus buitentoe gebring en op die regbank
gaan sit op die plek wat Klipterras genoem
word, in Hebreeus Gabbata. 14 Dit was die
voorbereiding vir die paasfees, en dit was
omtrent twaalfuur die middag. Hy sê toe
vir die Jode: “Hier is julle koning!”
15 Maar hulle skreeu: “Vat hom weg! Vat
hom weg! Kruisig hom!”
Toe vra Pilatus vir hulle: “Moet ek julle
koning kruisig?”
Die priesterhoofde antwoord: “Ons het
nie ’n koning nie; ons het net die keiser.”
16 Toe het hy Hom op hulle versoek
oorgelewer om gekruisig te word, en hulle
het Jesus weggeneem.

### Jesus word gekruisig

(Matt. 27:32-44; Mark. 15:21-32; Luk. 23:26-43)

17 Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan
na Kopbeenplek toe, soos dit genoem is, in
Hebreeus Golgota. 18 Daar het hulle Hom
gekruisig en saam met Hom twee ander, een
aan elke kant, met Jesus in die middel.
19 Pilatus het ook ’n opskrif geskrywe en
dit aan die kruis gesit. Daar het geskrywe
gestaan: “Jesus van Nasaret, die Koning van
die Jode.” 20 Baie van die Jode het hierdie
opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus
gekruisig is, naby die stad was. Die opskrif
was in Hebreeus, Latyn en Grieks. 21 Die
priesterhoofde van die Jode het toe vir
Pilatus gesê: “Moenie skrywe: ‘Die Koning
van die Jode’ nie, maar skrywe: Hy het
gesê: Ek is die Koning van die Jode.”
22 Pilatus het vir hulle gesê: “Wat ek
geskrywe het, het ek geskrywe.”
23 Toe die soldate Jesus dan gekruisig
het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier
dele verdeel, vir elke soldaat ’n deel. Hulle

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder
naat van bo af in een stuk geweef. 24 Hulle
sê toe vir mekaar: “Ons moet dit nie skeur
nie. Kom ons loot wie dit moet kry.”
Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan
word waar dit sê:

“Hulle het my klere
onder mekaar verdeel,
en vir my kleed het hulle geloot.”[q]

Dit is wat die soldate gedoen het.
25 By die kruis van Jesus het ook nog sy
moeder en sy moeder se suster en Maria,
die vrou van Klopas, en Maria Magdalena
gestaan. 26 Toe Jesus sy moeder sien en die
dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by
haar staan, sê Hy vir haar: “Daar is u seun.”
27 Daarna sê Hy vir die dissipel: “Daar is
jou moeder.”
Van daardie oomblik af het die dissipel
haar in sy huis geneem.

### Jesus sterwe

(Matt. 27:45-56; Mark. 15:33-41; Luk. 23:44-49)

28 Hierna het Jesus, met die wete dat
alles klaar volbring is en sodat die Skrif
vervul kan word, gesê: “Ek is dors.”[r]
29 Daar het ’n kan vol suur wyn gestaan.
Die soldate het toe ’n spons vol suur wyn
op ’n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond
gehou. 30 Nadat Jesus die suur wyn gekry
het, het Hy gesê: “Dit is volbring!”
Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die
laaste asem uitgeblaas.
31 Dit was Vrydag, en die Jode wou nie
hê dat die liggame op die sabbatdag aan die
kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag
was ’n groot dag. Daarom het hulle vir
Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig
is, se bene gebreek en die liggame weggevat
moes word. 32 Toe het die soldate gekom en
die bene van die eerste een gebreek en ook
dié van die tweede een wat saam met Jesus
gekruisig is. 33 Toe hulle egter by Jesus kom
en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie
sy bene gebreek nie. 34 Maar een van die
soldate het met ’n spies in sy sy gesteek, en
daar het dadelik bloed en water uitgekom.
35 Hy wat dit gesien het, lê daarvan
getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy
weet dat hy die waarheid praat, sodat julle
ook kan glo. 36 Dit het gebeur sodat die
Skrif vervul kan word: “Geen been van
Hom sal gebreek word nie.”[s] 37 En verder sê
die Skrif op ’n ander plek: “Hulle sal Hom
sien vir wie hulle deurboor het.”[t]

### Jesus word begrawe

(Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56)

38 Hierna het Josef van Arimatea, wat ’n
dissipel van Jesus was maar in die geheim,
omdat hy vir die Jode bang was, vir Pilatus
gevra of hy die liggaam van Jesus mag neem.
Pilatus het sy toestemming gegee. Josef
het toe gegaan en sy liggaam weggeneem.
39 Nikodemus, wat ’n keer in die nag na Jesus
toe gekom het, het ook gekom en ’n mengsel
van omtrent vyftig liter mirre en aalwyn
gebring. 40 Hulle het die liggaam van Jesus
geneem en dit met die geurolie behandel en in
doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die
Jode was om iemand vir die begrafnis uit te lê.
41 By die plek waar Jesus gekruisig is,
was daar ’n tuin en in die tuin ’n nuwe graf
waarin daar nog niemand begrawe was nie.
42 Daar het hulle Jesus begrawe, omdat die
sabbatdag vir die Jode al amper aangebreek
het en die graf daar naby was.

### Die leë graf

(Matt. 28:1-8; Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12)

**20** Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog
donker was, kom Maria Magdalena
by die graf en sien dat die klip van die graf
af weggerol is. 2 Sy hardloop toe en gaan na
Simon Petrus en na die ander dissipel toe
vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle:
“Hulle het die Here uit die graf weggevat,
en ons weet nie waar hulle Hom nou
begrawe het nie.”
3 Petrus en die ander dissipel het toe
uitgekom en na die graf toe gegaan. 4 Die
twee het saam begin hardloop, maar
die ander dissipel het vinniger as Petrus
gehardloop en eerste by die graf gekom.
5 Toe hy vooroor buk, sien hy die doeke lê,
maar hy het nie ingegaan nie. 6 Ná hom het

**q** Vgl. Ps. 22:19 **r** Vgl. Ps. 69:22 **s** Vgl. Ps. 34:21 **t** Sag. 12:10

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het
in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke
daar lê, 7 ook die doek wat om Jesus se kop
was. Dié doek het nie by die ander doeke
gelê nie, maar was eenkant afsonderlik
opgerol. 8 Daarna het die ander dissipel, wat
eerste by die graf gekom het, ook ingegaan,
en hy het dit ook gesien en geglo.
9 Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat
Jesus uit die dood moet opstaan nie.
10 Daarna het die dissipels weer huis toe
gegaan.

#### Jesus verskyn aan Maria Magdalena

(Matt. 28:9-10; Mark. 16:9-11)

11 Maar Maria het buite by die graf
bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy
vooroor gebuk om in die graf in te kyk.
12 Toe sien sy twee engele met wit klere
aan daar sit waar die liggaam van Jesus
gelê het, een waar die kop en een waar
die voete was. 13 Hulle vra toe vir haar:
"Mevrou, waarom huil jy?"
Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my
Here weggevat het en ek nie weet waar
hulle Hom nou begrawe het nie."
14 Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai
en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie
geweet dat dit Hy is nie. 15 Jesus vra haar toe:
"Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?"
Sy het gedink dit is die tuinopsigter,
en sy het vir hom gesê: "Meneer, as u
Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom
begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal."
16 Jesus het vir haar gesê: "Maria!"
Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir
Hom: "Rabboeni!" Dit beteken leermeester.
17 Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie
vashou nie, want Ek het nog nie na die
Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my
broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na
my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my
God, wat ook julle God is.' "
18 Maria Magdalena het toe vir die
dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!"
En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.

#### Jesus verskyn aan sy dissipels

(Matt. 28:16-20; Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49)

19 Daardie Sondagaand was die dissipels
bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was
omdat hulle bang was vir die Jode, het
Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en
vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"
20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy
hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was
baie bly toe hulle die Here sien.
21 "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle.
"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek
julle ook."
22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle
en sê: "Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle
vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle
deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie,
word dit nie deur God vergewe nie."
24 Tomas, wat ook Didimus genoem is, een
van die twaalf, was nie by die dissipels toe
Jesus gekom het nie. 25 Die ander dissipels
sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!"
Maar hy sê vir hulle: "As ek nie die merke
van die spykers in sy hande sien en my vinger
in die merke van die spykers steek en my
hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

#### Jesus en Tomas

26 Ag dae later was Jesus se dissipels
weer bymekaar, en Tomas was by hulle.
Hoewel die deure gesluit was, het Jesus
gekom en tussen hulle gaan staan en gesê:
"Vrede vir julle!"
27 Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou
vinger hier en kyk na my hande; en bring jou
hand en steek hom in my sy; en moenie langer
ongelowig wees nie, maar wees gelowig."
28 En Tomas sê vir Hom: "My Here en
my God!"
29 Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou
omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie
gesien het nie en tog glo."
30 Jesus het nog baie ander wondertekens,
wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy
dissipels gedoen. 31 Maar hierdie wondertekens
is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die
Christus is, die Seun van God, en sodat julle
deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

#### Jesus verskyn nog 'n keer aan sy dissipels

21 Daarna het Jesus weer aan sy
dissipels verskyn, by die See van
Tiberias. Dit het só gebeur:
2 Simon Petrus en Tomas, wat ook Didimus
genoem is, Natanael van Kana in Galilea,

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014

die seuns van Sebedeus en nog twee ander
dissipels was daar saam. 3 Simon Petrus sê
toe vir hulle: "Ek gaan visvang."
"Ons gaan ook saam met jou," sê hulle
vir hom.
Hulle het gegaan en in die skuit geklim,
maar daardie nag het hulle niks gevang nie.
4 Toe dit al lig was, het Jesus daar op die
strand gestaan, maar die dissipels het nie
geweet dat dit Hy is nie. 5 Jesus vra toe vir
hulle: "Mense, het julle nie iets gevang om
te eet nie?"
"Nee," antwoord hulle Hom.
6 Hy sê toe vir hulle: "Gooi die net aan
die regterkant van die skuit uit, dan sal
julle iets kry."
Hulle het die net toe daar uitgegooi, en
vanweë die groot klomp vis kon hulle hom
nie weer intrek nie.
7 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was,
sê toe vir Petrus: "Dit is die Here!"
Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is,
het hy sy hemp aangetrek – want sy bolyf
was kaal – en in die water gespring. 8 Hulle
was nie ver van die land af nie, net omtrent
honderd tree. Die ander dissipels het met
die skuitjie gekom en die net met die visse
gesleep. 9 Toe hulle aan land kom, sien
hulle 'n vuur brand en 'n stuk vis daarop
lê. Daar was brood ook. 10 Jesus sê toe vir
hulle: "Bring van die vis wat julle nou net
gevang het."
11 Simon Petrus het toe in die skuit
geklim en die net op die land getrek. Dit
was vol groot visse, honderd drie en vyftig,
en alhoewel daar so baie was, het die net
nie geskeur nie.
12 Toe sê Jesus vir hulle: "Kom eet."
Nie een van die dissipels het sover gekom
om vir Hom te vra: "Wie is U?" nie. Hulle
het geweet dat dit die Here is. 13 Jesus kom
toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en
net so ook die vis.
14 Dit was al die derde keer dat Jesus aan
sy dissipels verskyn het nadat Hy uit die
dood opgewek is.

### Petrus kry opnuut sy opdrag

15 Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir
Simon Petrus: "Simon seun van Johannes,
het jy My baie lief, meer as hulle hier?"
"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet
dat ek U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Laat my
lammers wei."
16 Jesus vra hom weer 'n tweede keer:
"Simon seun van Johannes, het jy My
baie lief?"
"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet
dat ek U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Pas my skape op."
17 Jesus vra hom die derde keer: "Simon
seun van Johannes, het jy My lief?"
Petrus het bedroef geword omdat Jesus
hom die derde keer gevra het: "Het jy My
lief?", en hy antwoord Hom: "Here, U weet
alles. U weet dat ek U liefhet."
Hy sê toe vir hom: "Laat my skape wei.
18 Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was,
het jy self jou klere vasgemaak en gegaan
waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy
jou hande uitsteek, en iemand anders sal
jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil
wees nie."
19 Dit het Jesus gesê en daarmee
aangedui deur watter soort dood Petrus
God sou verheerlik.
Daarna sê Hy vir hom: "Volg My!"

### Die dissipel vir wie Jesus baie lief was

20 Toe Petrus omdraai, sien hy die
dissipel volg vir wie Jesus baie lief was,
wat ook by die maaltyd na Jesus se kant
toe oorgeleun en gevra het: "Here, wie is u
verraaier?" 21 Toe Petrus hom dan sien, vra
Petrus vir Jesus: "Here, en wat van hom?"
22 Jesus antwoord hom: "As Ek wil hê
dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer
kom, is dit nie jou saak nie. Volg jy My!"
23 Die gerug het toe onder die broers
versprei dat daardie dissipel nie sal
sterwe nie. Jesus het egter nie vir Petrus gesê
dat daardie dissipel nie sal sterwe nie, maar:
"As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly
totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie."
24 Dit is die dissipel wat oor al hierdie
dinge getuienis aflê en dit beskrywe het, en
ons weet dat sy getuienis waar is.
25 Daar is nog baie ander dinge wat
Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een
beskrywe moet word, dink ek, sou die hele
wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie.

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2014